# CALVYN vir vandag

## DAGSTUKKE

*Saamgestel en vertaal deur prof. F. J. M. Potgieter*

Eerste uitgawe 1980
ISBN 0 86997 063 1

Opgedra aan my vrou

Want ons wysheid moet niks anders wees nie as om met ootmoedige leersaamheid alles wat in die Skrif oorgelewer is, sonder uitsondering te aanvaar - Inst. I, 18, 4

## Woord vooraf

Calvyn is ons geestelike vader. En tog het die meeste van ons nog min gelees wat hy self geskryf het. Hierdie dagstukke is 'n keur uit sy skriftelike nalatenskap. Die oorgrote meerderheid kom uit die *Institusie* (oftewel die *Onderwysing in die Christelike godsdiens).* Hy het die vrug van al sy Skrifondersoek daarin saamgevat. In die *Woord Vooraf* aan die koning van Frankryk sê hy dat hy hierdie werk hoofsaaklik aangepak het ter wille van sy landgenote, die Franse. Hy het gesien dat so "baie van hulle na Christus gehonger en gedors het".

Die waarheid verouder nie. En omdat Calvyn niks anders wou doen nie as om oor die geopenbaarde waarheid na te dink, het hy ook vir 'n tyd soos dié waarin ons leef, beslis 'n boodskap. Die dagstukke is geen parafrase nie, maar die hervormer word self aan die woord gestel - daar word so na as moontlik aan die oorspronklike teks gehou, maar om Calvyn terselfdertyd in lewende Afrikaans te laat praat, is nie maklik nie. Ek wil my opregte dank betuig aan mej. Berta Smit en mnr. J. D. Froneman van die N.G. Kerk-Uitgewers wat in dié verband onontbeerlike dienste gelewer het.

Van beskikbare vertaling en ander hulpmiddels is met erkentlikheid gebruik gemaak. Om te voorkom dat die werk reeds met sy verskyning verouder is, word uit die Nuwe Testament en die Psalms (1979-vertaling) aangehaal. Waar die verband dit eis, is 'n paar gevalle van die ouer gangbare vertaling gebruik gemaak, of is Calvyn se Latynse vertaling van die oorspronklike weergegee.

Op enkele plekke is van vierkantige hakies gebruik gemaak waar die vertaler die teks wou verhelder. Deurgaans is drie puntjies (...) gebruik om aan te dui waar dele van die oorspronklike teks uitgelaat is - iets wat noodwendig gedoen moes word.

'n Werk soos hierdie moet uit die aard van die saak 'n meditatiewe inslag hê. Daar is egter ook gepoog om 'n geheelbeeld van Calvyn se insigte te gee. Aan altyd aktuele sake soos die predestinasie, kinderdoop en gebed word baie ruimte afgestaan. Maar sake soos kleredrag, die reg van verset en God se voorsienigheid kom ook aan die orde. 'n Register van onderwerpe verskyn agter in die boek.

Mag die Drie-enige God, vir wie Calvyn van harte wou eer en dien, vir leser en hoorder 'n groter werklikheid word: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees ..."

**F.J.M.P.**

**STELLENBOSCH**

**OKTOBER 1980**

## Lewenskets van Calvyn

Jean Cauvin (Johannes Calvyn) is op 10 Julie 1509 in Noyon, Pikardië, gebore. Sy moeder, Jeanne Lefranc, was baie godsdienstig en het hom volgens die Roomse leer van die tyd grootgemaak. Na sy eerste skooljare in sy geboorteplek is die talentvolle Jean deur sy vader na Parys gestuur; in hierdie stadium wou hy hê dat sy seun in die teologie moes studeer.

In die Franse hoofstad was Calvyn onder meer 'n student van die beroemde opvoedkundige van dié tyd, Mathurin Cordier. Aan hom het Calvyn sy deeglike kennis van Latyn en Frans te danke.

God het dit so beskik dat Calvyn - ondanks sy Rooms-Katolieke agtergrond - reeds gedurende sy jeugjare in aanraking sou kom met mense wat die weg vir die Hervorming help baan het. Hier dink mens aan iemand soos Le Fèvre.

Sy vader het intussen van gedagte verander oor sy seun se toekoms - hy het gemeen dat Jean as regsgeleerde gou roem en rykdom sou verwerf. Veral in die lig hiervan het die negentienjarige Calvyn nie meer in die teologie gaan studeer nie.

Calvyn is gevolglik na Orléans om in die regte te studeer, 'n Doktorsgraad word enkele jare later aan dié briljante student toegeken. Hierdie studies het uit die aard van die saak sy natuurlike sin vir logika en orde besonder opgeskerp.

Dit is moeilik om presies vas te stel op watter tydstip hy die "plotselinge bekering" - soos hy dit self later beskryf - beleef het. Dit was nietemin kort na sy regstudies, d.w.s. vroeg in sy twintigerjare. Wat die aard daarvan betref, sê Calvyn, is hy uit die bodemlose slyk van die pouslike bygelowigheid verlos. In sy verklaring van Jer. 31:18 sê hy dat die bekering "'n vernuwing van die verstand en die hart" is.

Vir hom was die geloof nie bloot 'n saak van die verstand nie, maar gee hy ruim plek aan die warm mistiek van die hart. Hy had gevolglik 'n afkeer van die sieldodende haarklowery van die Middeleeuse teologie.

Met sy terugkeer na Parys studeer Calvyn nie aan die Rooms-Katolieke Sorbonne nie. Wel laat hy hom inskryf by die pasgestigte College de France waar die dosente baie simpatiek was jeens die opkomende Protestantisme.

In 1532 verskyn sy kommentaar op die Romeinse wysgeer Seneca se *De dementia* (Aangaande die sagmoedigheid). Hieruit blyk die jong Calvyn se verbasende belesenheid en geleerdheid.

Nie net sy insigte nie, maar ook sy geestelike lewe het merkwaardig verdiep. Eers in hierdie stadium het hy met die kerk van sy vaders gebreek. 'n Tydperk van vervolging het nou aangebreek - ook vir Calvyn. Toe dit duidelik word dat sy lewe op die spel staan, was hy verplig om sy vaderland te verlaat.

Hy het aan die begin van 1535 in Basel aangekom en ongeveer 'n jaar vertoef. Hier verskyn in 1536 die eerste uitgawe van sy *Institusie* in Latyn. Calvyn was toe 26 jaar oud.

Sy kenbron was die Heilige Skrif wat hy onvoorwaardelik as die onfeilbare Woord van God aanvaar het. Hy het hom in die Skrif verdiep en kommentare gelewer op die meeste Bybelboeke. En namate hy die waarheid verder daaruit opgediep het, het hy die *Institusie* uitgebou. Die laaste uitgawe hiervan (wat in 1559 verskyn het) beslaan sowat 1 750 bladsye.

Die merkwaardige aspek van die *Institusie* is dat die grondgedagtes van die eerste uitgawe nog net so in die laaste voorkom. Omdat Calvyn so Skrifgebonde in sy besinning was, kon hy net konsekwent op die grondslae van die eerste uitgawe voortbou.

Na die verskyning van die *Institusie* verlaat Calvyn Basel. Hy reis o.m. deur Genève waar hy net wou oornag. Willem Farel, 'n hervormer van die kerk in Frans-Switserland, het verneem dat Calvyn daar was en soek hom nog laat die nag op. Hy het by Calvyn aangedring om daar te bly en hom te help om die Reformasie te bevorder.

Toe Calvyn allerlei verskonings maak, spreek Farel sy gedenkwaardige woorde uit: "U praat van u studies en rus. Nou ja, ek sê nou vir u in die Naam van die almagtige God dat as u weier om ons te help terwyl die kerk in so 'n groot nood is, en uself meer soek as vir Jesus Christus, God u studies en rus sal vervloek." Calvyn het nie verder gereis nie.

Maar in 1538 word hy uit Genève verban nadat hy die sosiale misstande daar met groot vasberadenheid bestry het. Hy is toe na Straatsburg waar hy die predikant van die Franse vlugtelingegemeente geword het.

In die loop van 1538 verskyn die eerste Psalmboek waarvan Calvyn 'n medewerker was. En in die volgende jaar trou hy met Idelette van Bure.

Intussen het die sedelike toestande in Genève so versleg dat die

stadsvaders Calvyn versoek het om na die stad terug te keer. Sy voorwaarde was dat 'n kerkorde ingestel moes word. Hieraan word voldoen en voortaan is die kerklike tug daadwerklik gehandhaaf.

Soos wat te wagte kan wees, was daar verset hierteen. Veral die meer vrysinniges en die aristokrasie het Calvyn teëgestaan, maar mettertyd het sy invloed toegeneem.

In hierdie tyd is Servet aan godslastering skuldig bevind deur sowel die Roomse Kerk as die Switserse Protestantse kerke. Nadat hy uit die gevangenis in Vienne ontsnap het, het die Roomse sy beeltenis en van sy boeke verbrand.

In Genève is Servet weliswaar op 'n wenk van Calvyn gevange geneem; Calvyn het ook saamgestem dat hierdie lasteraar die dood skuldig was. Maar Calvyn het hom nie (soos wat soms nog geglo word) laat verbrand nie - Servet is volgens landswet tot die brandstapel veroordeel. Calvyn het in der waarheid alles in sy vermoë gedoen om dit te verhoed. Dit blyk onteenseglik uit twee van sy briewe aan Farel (vgl. die dagstuk vir 30 Desember). Voorts moet onthou word dat Calvyn se aanhangers op dié tydstip 'n minderheidsparty in die stadsraad van Genève was.

Sy invloed het nou hand oor hand toegeneem en in 1555 word sy aanhangers die meerderheidsparty in die stadsraad. Kort hierna (in 1559) bereik Calvyn se loopbaan 'n hoogtepunt met die publikasie van die finale uitgawe van sy *Institusie*. Hierdie werk is in verskeie tale oorgesit en is die "stamboek" van ons eie belydenisskrifte.

Gedurende dieselfde jaar word een van Calvyn se hartewense vervul: 'n universiteit op Christelike grondslag is in Genève geopen. Negehonderd studente - veral uit Frankryk, Engeland en Nederland - het hulle laat inskryf. En deur hierdie manne is die Skrifwaarhede in hul onderskeie vaderlande uitgedra.

Calvyn se skriftelike nalatenskap in Latyn en Frans beslaan ruim 60000 bladsye. 'n Paar duisend van sy briewe is ook in die *Opera Omnia* (sy versamelde werke) opgeneem. Daarbenewens het hy sy kategismusse en 'n groot aantal vlugskrifte gelewer (soos sy beroemde antwoord aan kardinaal Sadoletus).

Hy was ook voortdurend by belangrike kerklik-teologiese samesprekinge betrokke. 'n Mens staan ten einde laas verbaas oor wat Calvyn in 'n betreklik kort lewe van 55 jaar verrig het. Hiervoor is daar net een verklaring: God het deur sy Heilige Gees sy liefde op 'n besondere wyse in Calvyn se hart uitgestort (Rom. 5:5).

Theodor Beza sê in sy lewensbeskrywing van Calvyn dat hy van nature ernstig was - ook in wat hy geskryf het. "Maar tog was daar niemand wat in die gewone omgang aangenamer was as hy nie."

Johannes Calvyn is op 27 Mei 1564 oorlede. En daarvan sê Beza: "Op dié dag, toe die son onder gaan, is hierdie skitterende lig van ons weggeneem."

## 1 Januarie

*Luk. 10:16-24*

SATAN BEVEG DIE WOORD

> *"Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val."- Luk. 10:18*

Waar die Woord van God hom laat geld, daar sluimer of slaap Satan nie. Dit is die sekerste en betroubaarste waarmerk waardeur die Woord hom van die valse leer onderskei. Hierdie valse leringe verraai hulle ware aard daardeur dat hulle deur almal welwillend aangehoor en deur 'n toejuigende wêreld verwelkom word.

Toe alles in die duisternis versink het, was byna alle mense bespotlik en vir etlike eeue die god van hierdie wêreld se speelbal. Want wat anders sou hy doen as om te lag en hom te vermaak, terwyl hy rustig en sonder bedreiging in besit van sy ryk was? Maar toe lig van bo die duisternis in 'n mate verdryf en toe die sterk Man (Luk. 11:22) sy ryk beroer en versteur, het Satan inderdaad sy gewone traagheid begin afskud en na die wapens begin gryp. Eers het hy die strydmagte van die mense opgeroep om daardeur die dagende skynsel van die waarheid gewelddadig te onderdruk. Maar toe hy daardeur niks bereik nie, het hy uitoorlêery en geskille probeer... om op dié manier die waarheid te verdoesel en uiteindelik uit te wis.

En vandag gebruik hy nog steeds hierdie twee kunsgrepe om die waarheid te beveg. Hy probeer om deur die mag van menslike geweld die ware saad uit te ruk. Waar hy kan, probeer hy dit met sy onkruid verstik sodat dit nie kan groei en vrugte dra nie. Maar hy sal nie slaag nie - as ons maar wil luister na God se waarskuwing. Lank tevore het Hy die duiwel se planne aan ons geopenbaar, sodat hy ons nie onverhoeds sou vang nie. Teen al sy liste het God ons ten volle bewapen.

Inst., "Woord vooraf" aan die Koning van Frankryk

*Here, ons dank U op hierdie Nuwejaarsdag dat U die Satan bind en ons teen sy aanslae beskerm.*

## 2 Januarie

*Spr. 2:1-9*

DIE KENNIS VAN GOD

> *My seun, as jy my woorde aanneem... dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind ... - Spr. 2:1, 5*

Byna al ons wysheid - dis te sê *ware* wysheid - bestaan uit twee dele: die kennis van God en die kennis van onsself. Dit is nie maklik om uit te maak watter kennis eerste kom nie, want alles is in mekaar vervleg. Niemand kan homself sien nie, of hy dink aan God, in wie ons lewe, beweeg en bestaan (Hand. 17:28) . . .

Die goeie dinge, wat soos druppels uit die hemel op ons neerdaal, lei ons soos; stroompies na die bron. Verder blyk uit ons armoede des te beter die oneindige rykdom wat daar in God is. Dit is veral ons jammerlike gevalle toestand wat ons boontoe laat kyk. En ons kan nie in erns na Hom gaan voor ons nie met onsself ontevrede begin word het nie. So word elkeen deur kennis van homself nie alleen aangespoor om God te soek nie, maar ook as 't ware aan die hand gelei om Hom te vind.

Daarteenoor staan dit vas dat die mens nooit 'n suiwer kennis van homself kan bekom nie. Hy moet as 't ware eers God se aangesig aanskou en dan afdaal om homself te aanskou. Want deur die hoogmoed wat ons almal ingebore is, lyk ons altyd vir onsself regskape, wys en heilig. Dit is die geval tensy ons deur duidelike bewyse oortuig word van ons ongeregtigheid, verdorwenheid, dwaasheid en onreinheid. Hiervan word ons egter nie oortuig as ons net op onsself let, en nie ook op die Here nie. Hy is die enigste maatstaf waarvolgens dié oordeel kan geskied. Want aangesien ons almal van nature tot huigelary geneig is, is ons doodtevrede met 'n leë dop in plaas van met die geregtigheid self.

Inst. I, 1, 1 en 2

*O Here, om U te ken is om onsself te leer ken as sondaars - verloste sondaars.*

## 3 Januarie

*Ps. 25:1-5*

DIE VROME VERTROU OP SY HEMELSE VADER

*. . . my God, op U vertrou ek - Ps. 25:2*

Jy kan God nie suiwer leer ken nie, tensy jy Hom erken as die Bron en Oorsprong van alles wat goed is. Daaruit sou die verlange om getrou aan Hom te wees en op Hom te vertrou, gebore kon word. Maar deur sy eie verdorwenheid het die mens van die regte spoor afgedwaal. In die Paradys het die mens nie vir hom die een of ander god versin nie. Hy het slegs opgesien na die Enigste en Waaragtige. Hy het nie vir hom 'n voorstelling van God volgens sy eie goeddunke gemaak nie, maar was tevrede om Hom te aanvaar soos Hy Hom openbaar. Met die grootste nougesetheid was hy steeds op sy hoede om nie met brutale onbesonnenheid buite God se wil te beweeg en op die verkeerde spoor af te dwaal nie. Hy het homself toevertrou aan sy Beskermer en Bewaarder wat hy as sodanig geken het, omdat hy begryp het dat Hy alle dinge bestuur. En daarom het hy hom heeltemal aan sy trou oorgegee. Die vrome weet dat God die Bewerker is van alle goeie dinge. Daarom stel hy hom onmiddellik onder sy beskerming sodra iets hom hinder of ontbreek. Omdat hy oortuig is van sy goedheid en barmhartigheid, leun hy met vaste vertroue op Hom. Hy twyfel nie dat daar vir alle kwaad wat hom oorkom, altyd in sy goedertierenheid 'n geneesmiddel sal wees nie. Omdat hy Hom erken as Here en Vader, ag hy Hom ook so hoog dat hy in alles op sy gesag let. Hy eerbiedig sy majesteit. Hy strewe daarna om Hom te verheerlik en sy gebooie te gehoorsaam . . .

Hy weerhou hom daarvan om te sondig, maar nie alleen uit vrees vir straf nie. Wel omdat hy God as sy Vader liefhet en eer en as sy Here eerbiedig en dien, huiwer hy om Hom enige aanstoot te gee.

Inst. I, 2, 2

*Vader, ek wil U vrees en dien omdat ek U liefhet.*

## 4 Januarie

*Ps. 19:1-7*

ALLES WAT IS, VERKONDIG DIE HEERLIKHEID VAN GOD

> *Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend. - Ps. 19:2*

Die hoogste doel van 'n gelukkige lewe is die kennis van God. Daarom het Hy die saad van die godsdiens in mense se harte gele. Dit het Hy gedoen sodat die toegang tot geluk vir niemand gesluit sou wees nie. Daarom het Hy ook Homself in sy handewerk, die ganse skepping, geopenbaar. En Hy toon Homself daagliks ook so duidelik daarin dat die mens sy oë nie kan oopmaak sonder om gedwing te word om Hom raak te sien nie . . .

Tog straal soveel brandende lampe in God se handewerk tevergeefs hul lig na ons toe uit om vir ons die heerlikheid van die Maker te toon. Al bestraal hulle ons so van alle kante, kan hulle op hul eie ons hoegenaamd nie op die regte weg lei nie. Ongetwyfeld laat hulle 'n paar vonke spat, maar hulle word uitgedoof voordat hulle 'n voller glans versprei. Daarom voeg die apostel by dat ons deur die geloof verstaan dat hulle deur die Woord van God geskape is. Dit sê hy in dieselfde Skrifgedeelte waar hy die tydelike dinge afbeeldings van die onsienlike dinge noem (Hebr. 11:3). Die onsienlike Godheid kan dus wel deur sulke sienlike dinge kenbaar gemaak word. Ons het egter geen oë om dit raak te sien nie, tensy hulle deur middel van die geloof deur 'n innerlike openbaring van God verlig word.

En as Paulus leer (Rom. 1:19) dat 'n mens uit die werke van God duidelik kan aflei dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat die mens nie met die oog kan sien nie, toon hy eerder aan dat hierdie openbaring niks meer doen as om te verseker dat hulle nie te verontskuldig sou wees nie.

Inst. I, 5, 1 en 14

*O Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!*

## 5 Januarie

*Ps. 93:1-5*

DIE BYBEL IS 'N BRIL OM DIE SKEPPING MEE TE LEES

> *Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is. - Ps. 19:8.*

Omdat almal die glans aan die hemeltrans en op aarde kan sien, is daar hoegenaamd geen verskoning vir die mens se ondankbaarheid nie. Aan almal, sonder uitsondering, hou God ook in die skepping 'n afbeelding van sy Godheid voor sodat die hele menslike geslag ewe skuldig voor Hom sal staan. Nogtans is 'n ander en beter hulpmiddel nodig wat ons doeltreffend na die ware Skepper van die wêreld sal lei. Dit is dus nie sonder rede nie dat Hy ook die lig van die Woord vir ons gee. Daardeur leer ons Hom tot ons heil ken.

Al word ook die mooiste boek voor 'n ou mens of iemand met swak oë gehou, sal so iemand ter nouernood twee woorde agtermekaar kan ontsyfer. Maar wanneer so iemand 'n bril opsit, kan hy duidelik sien wat daar geskrywe staan. Net so verskerp die Skrif vir ons die beeld van die kennis van God, wat anders vir ons duister is. Dit verdryf dan ook die duisternis en toon ons duidelik die ware God.

Dit is dus 'n besondere genadegawe: om sy kerk te onderrig, gebruik God nie net stom leermeesters nie - Hy praat ook self met ons. Hy verkondig nie alleen dat daar 'n God is wat gedien moet word nie - Hy verklaar ook dat Hy self daardie God is.

Inst. I, 6, 1

*Leer ons deur u Woord al hoe meer om die skepping reg te lees.*

## 6 Januarie

*Johannes 16:7-14*

DIE GEES GETUIG: DIE BYBEL IS DIE WOORD VAN GOD

> *"Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor . . ."- Joh. 16:13*

Die getuienis van die Heilige Gees is voortrefliker as enige verstandelike beredenering. God alleen is in sy Woord 'n voldoende getuie aangaande Homself. Net so sal die Woord ook nie in die mense se harte aanvaar word, voordat dit deur die innerlike getuienis van die Gees beseël is nie.

Dus, dieselfde Gees wat by monde van die profete gespreek het, moet tot in ons harte deurdring om ons te oortuig dat hulle getrou verkondig het wat God hulle beveel het. En hierdie skakel word baie paslik deur Jesaja uitgedruk in hierdie woorde: "My gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gele het en in die mond van jou kroos, sal in ewigheid nie wyk nie" (Jes. 59:21).

Dit moet dus vas bly staan dat hulle wat deur die Heilige Gees geleer is, volkome rus vind in die Skrif en dat dié Skrif sonder twyfel sy geloofwaardigheid in homself het. Dit mag nie aan bewysvoering en redenering onderwerp word nie.

Nogtans verkry dit die sekerheid wat dit onder ons verdien deur die getuienis van die Gees. Want al verwerf die Skrif ook deur sy eie majesteit vir homself eerbied, werk dit tog eers ernstig op ons in wanneer dit deur die Gees in ons harte beseël is.

Verlig deur sy krag, glo ons nie meer op grond van ons eie of ander se oordeel dat die Skrif van God af kom nie. Verhewe bo menslike oordeel, stel ons wel bo alle twyfel vas dat dit, deur die diens van mense, uit God se eie mond na ons gekom het. Dit is asof ons daar die Godheid van God aanskou.

Inst. I, 7, 4 en 5

*O Gees van God, ons bid dat u die Woord vir ons 'n steeds wonderliker openbaring wil maak.*

## 7 Januarie

*Hebr. 4:1-13*

DIE HEILIGE SKRIF GEEN DOOIE LETTER NIE (1)

> *Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vos glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Hulle kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. - 2 Tim. 3:14, 15*

Daar is mense wat die Skrif minag; hulle meen dat hulle langs 'n geheimsinnige weg na God kan gaan. Van hierdie mense kan gesê word dat hulle nie soseer op 'n dwaalspoor is nie, maar eerder dat hulle deur waansin voortgedryf word. In die jongste tyd het sekere warhoofde hul verskyning gemaak wat hooghartig beweer dat dit nie eens nodig is om die Skrif te lees nie. Volgens hulle sou dit dan genoeg wees om deur die Gees geleer te word. Hulle dryf ook die spot met die eenvoudigheid van hulle wat nog steeds aan die dooie en dodende letter, soos hulle dit noem, vashou.

Maar ek sou graag van hulle wil weet wat vir 'n gees dit is, deur wie se inblasing hulle tot so 'n hoogte opgevoer word dat hulle die leer van die Skrif as kinderagtig en sonder betekenis durf minag. Want as hulle antwoord dat dit die Gees van Christus is, dan is so 'n selfversekerdheid baie lagwekkend: hulle sal toegee, so veronderstel ek, dat Christus se apostels en die ander gelowiges in die vroeë kerk, deur geen ander Gees verlig was nie. En tog het dié Gees geeneen van hulle geleer om die Woord te minag nie. Inteendeel. Hy het elkeen van hulle eerder met groter eerbied daarvoor vervul, soos hulle geskrifte baie duidelik getuig ... Hoewel Paulus tot in die derde hemel opgetrek is, het hy nie daarvan afgesien om vordering te maak in die lering van die Wet en die Profete nie. So vermaan hy ook vir Timoteüs, 'n leraar van besondere voortreflikheid, dat hy moet aanhou met lees (1 Tim. 4:13).

Insiggewend is dan ook in dié verband sy lofspraak op die Skrif (2 Tim. 3:16). Hy sê dat dit nuttig is tot lering, tot vermaning en tot weerlegging, sodat die diensknegte van God volmaak mag word.

Inst. I, 9, 1

*Here, maak ons lewend deur u Woord én Gees.*

## 8 Januarie

*2 Kor. 3:2-9*

DIE SKRIF GEEN DOOIE LETTER NIE (2)

> *Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. - Ef. 6:17*

Om te verhoed dat die gees van Satan onder sy Naam insluip, wil die Heilige Gees deur ons herken word in die beeld wat Hy van Homself in die Skrifte afgedruk het. Hy is die Outeur van die Skrifte. Anders en verskillend kan Hy nie wees nie. Soos Hy hom daar eenmaal geopenbaar het, so moet Hy altyd bly . . .

As mense nou spottenderwys sê dat ons vashou aan die letter wat doodmaak, sal hulle gestraf word vir hierdie minagting van die Skrif. Want dit is heeltemal duidelik dat Paulus hom in 2 Kor. 3:6 net uitspreek en versit teen die valse apostels wat die Wet sonder Christus aanprys, en daardeur die volk die weldaad van die nuwe verbond ontsê. Deur dié weldaad verbind die Here Hom om sy Wet in die binneste van die gelowiges in te graveer, en dit in hul harte te skryf. Daarom is die letter dood en maak die Wet van die Here - wanneer dit losgeruk word van die genade van Christus en in die ore klink sonder dat dit die hart raak - diegene wat dit lees dood. Maar wanneer dit kragdadig deur die Gees in die hart ingeprent word en wanneer dit Christus vertoon, is dit 'n woord van die lewe. Dan bekeer dit siele en gee aan die eenvoudiges wysheid.

Ja, op dieselfde plek (2 Kor. 3:8) noem die apostel selfs sy prediking 'n bediening van die Gees. Hier stel hy dit onteenseglik dat die Heilige Gees verbonde is aan sy waarheid wat Hy in die Skrif aan ons gee. Hy is daar so vas aan dat sy krag eers dan tot openbaring kom wanneer die Woord sy regmatige ontsag en eerbetoon ontvang.

Inst. I, 9, 2 en 3

*Here, leer ons om die swaard van die Gees te hanteer.*

## 9 Januarie

*Deut. 4:12-19*

GEEN BEELDE OF SKILDERYE VAN GOD NIE

> *By wie wil julle God dan vergelyk ? Of watter gelykenis naas Hom stel ? - Jes. 40:18*

God alleen is 'n voldoende Getuie aangaande Homself. .. Maar nou het hierdie dwase gedagte van die hele wêreld besit geneem: mense wil sigbare gedaantes van God hê. Uit hout, klip, goud, silwer en ander verganklike stof het hulle dus vir hul gode gemaak. Daarom moet ons aan hierdie beginsel vashou: elke keer as daar aan God 'n sigbare gedaante gegee word, word sy eer deur 'n goddelose leuen aangetas ...

Van die profete is dit Jesaja wat hom hieroor die dringendste uitspreek. Wat hy sê, is al genoeg om ons te leer dat enige ongepaste en ongerymde versinsel die majesteit van God skend. Dit gebeur wanneer Hy wat onliggaamlik is, aan liggaamlike stof gelyk gemaak word; Hy wat onsigbaar is, aan 'n sigbare beeld; Hy wat Gees is, aan 'n siellose voorwerp; Hy wat onmeetlik is, aan 'n stukkie hout, klip of goud.

Die Heilige Gees het in die gedaante van 'n duif verskyn (Matt. 3:16). Maar aangesien Hy onmiddellik weer verdwyn het, is dit vir elkeen duidelik dat die gelowiges deur dié teken, wat slegs 'n oomblik geduur het, vermaan word dat hulle moet glo dat die Gees onsigbaar is. Hulle moet met sy krag en genade tevrede wees en na geen uiterlike vergestalting verlang nie . . .

Dit was een van die kerkvaders wat gesê het dit is 'n vreeslike gruwel om in die Christene se kerke 'n geskilderde afbeelding van Christus of van die een of ander heilige te sien. En dit is nie net een man wat dit gesê het nie. 'n Kerklike konsilie het ook verorden dat wat vereer moet word, nie op die mure geskilder mag word nie.

Inst., Woord vooraf aan die koning van Frankryk en Inst. I, 11, 1, 2 en 3

*Ons bid om die genade om U steeds in gees en waarheid te aanbid.*

## 10 Januarie

*Matt. 28:16-20*

DIE HEILIGE DRIE-EENHEID

> *Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met julle almal wees. - 2 Kor. 13:13*

Ons moet nie deur oormoedige nuuskierigheid probeer om die Wese van God te deurvors nie. Dit gaan hier om aanbidding eerder as om 'n angsvallige ondersoek . . .

God wil ons nederig en ingetoë hou; sy Wese kom dus selde in die openbaring ter sprake. Tog weet ons dat Hy oneindig en geestelik is en dit weerhou ons daarvan om oormoedig te wees en vir ons allerhande uiterlik waarneembare voorstellings van Hom te maak . . .

God leer ons dat Hy uniek is deurdat Hy Hom openbaar as bestaande in drie onderskeie Persone. Indien ons nie hieraan vashou nie, fladder daar in ons brein net 'n blote en sinlose naam van God rond sonder die ware kennis van God . . .

Die drie Selfstandighede, Vader, Seun en Heilige Gees, staan in betrekking tot mekaar. Tog word elkeen van die ander onderskei deur sy eie besondere eienskappe. Wanneer daar net van God gepraat word, slaan dié Naam nie minder op die Seun en die Gees as op die Vader nie. Sodra die Vader egter met die Seun vergelyk word, word hulle elkeen deur hul bepaalde eienskappe van mekaar onderskei. Verder is dit my oortuiging dat die eienskappe van elke persoon afsonderlik nie aan die ander persone mededeelbaar is nie. Niks wat die Vader as onderskeidingsteken het, kan op die Seun van toepassing gemaak of oorgedra word nie.

Inst. I, 5, 9 en I, 13, 1, 2 en 6

*Drie-enige God, ons verstand duisel, maar tog aanbid ons U met die hart.*

## 11 Januarie

*Hebr. 1:7-14*

DIE ENGELE

> *Is hulle dan nie almal geeste in diens van God, wat Hy uitstuur om dié te dien wat die saligheid gaan beërf nie? - Hebr. 1:14*

Dit kan nie betwis word nie dat die engele inderdaad deur God geskape is. Immers, hulle is sy dienaars wat aangestel is om sy bevele uit te voer... Hulle is dienende geeste aan wie dit opgedra is om ons saligheid te versorg... Die Skrif leer ons dat hulle die uitdelers en bedienaars is van die Goddelike weldadigheid jeens ons. En daarom sê die Skrif dat hulle waak oor ons heil, ons beskerming op hulle neem, ons weë rig en sorg dra dat geen kwaad oor ons kom nie.

Van meer algemene strekking is die uitsprake wat in die eerste plek op Christus, die Hoof van die kerk, en vervolgens op alle gelowiges betrekking het. "Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan. Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie" (Ps. 91:11, 12). En net so in Ps. 34:8: "Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom dié wat die Here dien, en red hulle." Deur hierdie woorde toon God dat Hy die beskerming van hulle, wie se bewaring Hy op Hom geneem het, aan engele opgedra het.

Om dan dié amp van beskerming te vervul, stry engele teen die duiwel en al ons vyande, en oefen die wraak van God uit teen hulle wat ons vyandig is . . .

Dit was God se wil om die engele daarvoor verantwoordelik te stel om ons saligheid te versorg. Daarom kom hulle in die heilige byeenkomste, en die kerk is vir hulle 'n plek van waarneming (1 Pet. 1:12). Hier bewonder hulle die verskeidenheid en veelvuldigheid van Sy wysheid.

Inst. I, 14, 4 en 6; III, 20, 23

*Here, ons dank U vir u dienaars, die engele wat oor ons heil waak.*

## 12 Januarie

*Joh. 8:42-47*

DIE DUIWELS

> *"Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie." - Joh. 8:44*

Hoewel die duiwel deur God geskape is, moet ons onthou dat die boosheid van sy natuur nie uit die skepping kom nie, maar uit die verdorwenheid ... Daarom sê Christus (Joh. 8:44) dat wanneer Satan leuentaal praat, Hy uit sy eie praat. En Hy gee die rede aan, naamlik dat hy nie in die waarheid staande gebly het nie . . .

Sommige mense kla omdat die Skrif nie in die juiste volgorde op meer plekke 'n duidelike uiteensetting gee van die engele se val, en van die oorsaak, wyse, tyd en aard daarvan nie. Maar omdat hierdie dinge ons nie aangaan nie, was dit beter - as dit dan nie heeltemal verswyg word nie - om dit tog in elk geval net aan te roer. Want dit sou die Heilige Gees ook nie waardig gewees het om ons nuuskierigheid met ydele, nuttelose geskiedenisse te voed nie.

En ons sien dat dit God se voorneme was om niks in sy heilige Godsprake mee te deel wat nie vir ons tot geestelike stigting sou wees nie. Ons moet dus ook nie ons tyd verspil op dinge wat nie vir ons noodsaaklik is om te weet nie. Omtrent die natuur van die duiwels is dit genoeg om te weet: in die begin is hulle as engele van God geskape. Maar hulle het ontaard en daardeur het hulle hulself ten gronde gerig en vir ander tot werktuie van die verderf geword.

Omdat dit nuttig was om te weet, word dit duidelik deur Petrus en Judas geleer (2 Petr. 2:4; Jud. 6). God het (so sê hulle) die engele nie gespaar wat gesondig het en hulle eie herkoms nie in ag geneem het nie, maar hul eie woonplek verlaat het. En as Paulus van uitverkore engele praat (1 Tim. 5:21), stel hy, by implikasie, sonder twyfel die verworpe engele daarteenoor.

Inst. I, 14, 16

*Here, lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.*

## 13 Januarie

*1 Petr. 5:1-9*

ONS STRYD TEEN EN TRIOMF OOR DIE DUIWELS

> *God wat vrede gee, sal die Satan spoedig onder julle wete verpletter. - Rom. 16:20*

God gebruik die onreine geeste soos dit Hom behaag. Hy laat hulle toe om die gelowiges te bestry, want daardeur word hulle geoefen. Hy laat die onreine geeste toe om die gelowiges met liste te oorval, met aanvalle te skok, deur aanslae benoud te maak, hulle dikwels uit te put, in verwarring te bring, te verskrik en soms te verwond. Maar nooit sal Hy toelaat dat hulle oorweldig of oorwin word nie. Die bose geeste onderwerp egter die goddelose en voer hulle mee, voer heerskappy in hul liggame en siele, en misbruik hulle as hul slawe om allerhande skandelike dinge te doen.

Wat die gelowiges betref: omdat hulle deur sulke vyande verontrus word, verneem hulle hierdie wekroepe: "Moenie die duiwel vatkans gee nie" (Ef. 4:27); "Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu op soek na iemand om te verslind. Bly standvastig in die geloof en staan hom teë", (1 Petr. 5:8). Daar is nog sulke voorbeelde.

Paulus erken dat ook hy nie aan hierdie soort stryd ontkom het nie. In 2 Kor. 12:7 skryf hy dat, as middel om sy hoogmoed te bedwing, 'n trawant van Satan aan hom gegee is om hom te verneder. Alle kinders van God ervaar dus dié beproewing. Maar, omdat die belofte aangaande die vermorseling van die slang se kop (Gen. 3:15) op Christus en al sy lede gemeenskaplik betrekking het, ontken ek dat die gelowiges ooit deur hom oorwin of oorweldig kan word. Hulle word wel dikwels beangs, maar nie so ontwrig dat hulle hul nie weer regruk nie. Hulle val neer onder die geweld van die houe, maar daarna word hulle weer opgetel; hulle word gewond, maar nie dodelik nie. Kortom, hulle voltooi hulle hele moeitevolle loopbaan so dat hulle aan die einde die oorwinning behaal.

Inst. I, 14, 18

*Ons dank U dat ons in Christus meer as oorwinnaars is.*

## 14 Januarie

*Matt. 6:25-34*

GOD SE VADERLIKE SORG

> *Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. - 1 Petr. 5:7*

Die Here skep alles ter wille van die mens. Dit het Hy deur die orde van die skepping self aangetoon... Want dit is nie sonder betekenis nie dat Hy die bou van die wêreld oor ses dae versprei het. Hy kon net sowel die hele skeppingswerk in een oomblik voltooi het. Maar Hy het dit geleidelik gedoen. Hieruit wou Hy sy Vaderlike voorsienigheid en sorg jeens ons laat blyk - dat Hy eers alles heeltemal gereedgemaak het wat vir die mens nuttig en heilsaam sou wees, voordat Hy die mens sou maak.

Hoe ondankbaar sou dit nou wees om te twyfel of ons 'n voorwerp van sorg van hierdie algoeie Vader is - dié Vader wat, soos ons merk, Hom oor ons bekommer het voordat ons gebore is! Hoe goddeloos sou dit wees om vol wantroue bang te wees dat sy goedertierenheid ons te eniger tyd in ons nood in die steek sou laat! Ons sien dat wat goed is reeds voor ons geboorte oorvloedig aan ons betoon is.

Bowendien verneem ons uit Genesis (1:28 en 9:2) dat deur God se goedgunstigheid alles op die hele aarde tot ons beskikking is. Dit staan vas dat Hy dit nie gedoen het om ons met 'n skyngawe om die bos te lei nie. Dus sal daar vir ons nooit iets ontbreek, in soverre dit tot ons heil kan dien nie.

Inst. I, 14, 22

*Loof die Here, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!*

## 15 Januarie

*Gen. 1:26-31*

DIE MENS IS GESKAPE NA DIE BEELD VAN GOD

*En God het die mens geskape na sy beeld ... - Gen. 1:27*

Dat die mens uit die siel en liggaam bestaan, kan nie betwis word nie. En onder die woord siel verstaan ek 'n wese wat onsterflik is, maar nogtans geskape is. Dit is die edelste deel van die mens.

Soms word die siel gees genoem. Want hoewel hierdie begrippe, (as hulle saam gebruik word), verskillende betekenisse het, beteken die woord gees (as dit afsonderlik voorkom) siel. Dit is die geval waar Salomo oor die dood praat en dan sê dat die gees tot God, wat dit gegee het, terugkeer (Pred. 12:7). En wanneer Christus sy gees in die hande van die Vader oorgee (Luk. 23:46), en ook Stefanus syne in Christus se hande lê (Hand. 7:59), dan verstaan hulle daardeur niks anders as dit nie: dat wanneer die siel uit die slawehuis van die verdorwe liggaam verlos is, God die voortdurende Bewaarder daarvan is . . .

Dit is inderdaad waar dat mense afgestomp raak wanneer hulle te veel aan die aarde vaskleef. Ja, omdat hulle vervreem is van die Vader van die ligte, is hulle deur die duisternis verblind. En dan dink hulle nie daaraan dat hulle na die dood sal bly voortleef nie . . .

Indien die siel nie iets wesenliks was wat van die liggaam onderskei is nie, sou die Skrif nie leer dat ons in kleihuise woon en deur die dood uit die tentwoning van die liggaam verhuis nie. Dit sou ook nie geleer het nie dat ons die verderflike aflê om uiteindelik op die jongste dag ons loon te kry, volgens elkeen se gedrag in hierdie liggaam. Want ongetwyfeld maak hierdie - en dergelike bewysplekke wat 'n mens oral aantref- 'n baie duidelike onderskeid tussen die siel en die liggaam. En as die benaming siel ook vir mens gebruik word, is dit duidelik dat dit die vernaamste deel is.

Inst. I, 15, 2

*Here, ons aanbid U as ons Skepper. In u hande is ons na siel en liggaam veilig.*

## 16 Januarie

*Ps. 147:1-9*

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD (1)

*Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. - Hebr. 1:3*

Indien ons nie vorder tot by die voorsienigheid nie, verstaan ons nie behoorlik wat dit beteken dat God die Skepper is nie... 'n Mens moet weet dat die voorsienigheid, soos dit in die Skrif geleer word, téénoor die toeval en toevallige gebeurtenisse staan . . .

Wat die lewelose dinge betref, moet ons weet dat elkeen afsonderlik sy eie aard ontvang het. Maar tog openbaar hulle hul krag alleen vir sover as hulle deur die aanwesige hand van God bestuur word . . .

Niks is natuurliker as dat die lente gereeld op die winter, die somer op die lente en die herfs op die somer volg nie. En tog word in hierdie reeks so 'n groot en ongelyke verskeidenheid gesien. Dit is daarom baie duidelik dat die afsonderlike jare, maande en dae deur 'n nuwe en besondere voorsienigheid van God gereël word . . .

Mense wat die voorsienigheid van God binne eng grense insluit, beroof God van sy eer en hulleself van 'n allernuttigste waarheid. Volgens hulle sou Hy toelaat dat alles sonder beheer, volgens 'n ewige natuurwet verloop. Niks sou ellendiger as die mens wees, indien hy aan alle moontlike bewegings van hemel, lug, aarde en waters blootgestel sou gewees het nie . . .

Die lesers moet dus in die eerste plek daarop let dat wat ons met voorsienigheid bedoel, nie daarop neerkom dat God passief uit die hemel aanskou wat daar op die aarde plaasvind nie. Nee, Hy staan as 't ware aan die roer van alle gebeurtenisse . . .

Inst. I, 16, 1, 2, 3 en 4

*Ons dank U, ons hemelse Vader, dat alles onder u alwyse bestel gebeur.*

## 17 Januarie

*Hand. 17:22-28*

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD (2)

*... want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons. - Hand. 17:28*

Niks is natuurliker as dat ons onsself met brood voed nie. En tog leer die Gees ons nie net dat die opbrengs van die aardse die besondere gawe van God is nie - ook dat die mens nie van brood alleen sal lewe nie (Deut. 8:3). Dit wil sê: dit is nie die liggaamlike versadiging wat hulle krag gee nie. Die krag kom van God se verborge seën. Aan die ander kant waarsku Hy dat Hy hulle hul brood sal ontneem (Jes. 3:1). En inderdaad sou die bede om daaglikse brood nie in erns op die lippe geneem kon word as God ons nie die voedsel met Vaderlike hand aangebied het nie. Ten einde die gelowiges te oortuig dat God die taak van 'n alleruitnemendste Vader vervul deur hulle te spysig, herinner die profeet hulle dat Hy voedsel gee aan al wat lewe (Ps. 136:25) . . .

Verder sal uit 'n merkwaardige voorbeeld blyk hoe God sy voorsienigheid as 't ware as 'n toom gebruik. Daarmee stuur Hy alle gebeurtenisse in watter rigting Hy ook al wil. Dawid word in die woestyn Maon omsingel - en op dieselfde tydstip val die Filistyne die land binne. Saul word dus gedwing om weg te trek (1 Sam. 23:26, 27). As God, met die doel om die lewe van sy kneg te beskerm, hierdie struikelblok in Saul se weg gele het, sal ons tog nie kan sê dit het toevallig gebeur nie - al het die Filistyne hier plotseling, buite elke menslike verwagting om, na hul wapens gegryp. Wat vir ons na toeval lyk, sal die geloof erken as die verborge beskikking van God. Waarom bepaalde dinge gebeur, kan nie altyd so maklik gesê word nie. Maar een ding staan vas: alle wisselinge in die lotgevalle van mense kom voort uit die verborge werking van God se hand.

Inst. I, 16, 7 en 9

*O Here, ons aanbid U omdat U so wonderlik vir ons sorg.*

## 18 Januarie

*Jes. 40:27-31*

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD (3)

> *Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet. - Deut. 29:29*

Die voorsienigheid van God werk nou deur middels, dan weer sonder middels, en dan téén alle middels in. En so toon God dat die hele menslike geslag 'n voorwerp van sy sorg is; maar Hy hou veral die wag oor die regering van die kerk. Hy ag dit meer besondere toesig waardig .. .

Die Vaderlike guns en die weldadigheid van God, of die strengheid van sy oordeel, blyk duidelik uit die hele loop van die voorsienigheid. Tog weet ons nie altyd waarom dinge plaasvind nie. En dan is die mens dalk geneig om te dink menslike omstandighede word deur die blinde krag van die toeval gestuur. Of sy verdorwe natuur bring hom selfs daartoe om in opstand te kom omdat dit vir hom lyk asof God daar 'n spel van maak om mense soos balie heen en weer te gooi.

Indien ons egter met 'n rustige en kalm gemoed bereid is om te leer, sal ons uiteindelik sien dat God die Uitnemendste regverdiging het vir wat Hy in sy Raad doen. Hy wil of sy kinders geduld leer, of hul slegte neigings verbeter en hul ongebondenheid beteuel. Hy wil hulle ook dwing tot selfverloëning of hulle uit hul laksheid opwek. Aan die ander kant wil Hy die hoogmoediges neerwerp. Hy wil die listigheid van die goddelose vernietig en hul planne verydel.

Al bly die oorsake ook al vir ons onbekend, al ontwyk dit ons dikwels, kan ons met sekerheid aanvaar dat God die Alwyse is. Daarom kan ons met Dawid uitroep: "Here, my God, U het baie wonderlike dinge gedoen; U dink altyd aan ons; daar is niemand soos U nie. Ek sou daarvan wou vertel en daaroor praat, maar dit is te veel om op te noem" (Ps. 40:6).

Inst. I, 17, 1

*Leer my om my in u alwyse bestel te verbly, al verstaan ek nie.*

## 19 Januarie

*Jes. 38:1-5 en 21*

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD (4)

> *Maak jou klaar en gaan aan die werk, en mag die HERE met jou wees! - 1 Kron. 22:16*

Hy wat ons lewe binne bepaalde grense vasgestel het, het terselfdertyd die sorg daarvoor aan ons toevertrou. Hy het aan ons die middels en ondersteuning voorsien om dit te bewaar en ons vooruit gewaarsku omtrent dreigende gevaar. En om te voorkom dat ons onverhoeds oorval sou word, het Hy voorsorgmaatreëls en middels beskik.

Nou is dit duidelik wat ons plig is: as God aan ons ons lewe geskenk het om dit te beskerm, dan moet ons dit ook beskerm. As Hy middels daarvoor aanbied, dan moet ons daarvan gebruik maak. As Hy vooraf ons oë vir die gevare open, moet ons ons nie roekeloos daarin begeef nie. As Hy geneesmiddels verskaf, moet ons hulle nie veronagsaam nie...

Die dwaas hou nie rekening met wat voor oë is nie: die kuns van oorlegpleging en versigtigheid is deur God aan die mens geskenk. As ons dit dus gebruik om ons lewens te bewaar, staan dit in diens van sy voorsienigheid. Aan die ander kant: dié mense wat nalatig en laks is, haal daardeur hulself die swaar las op die hals wat Hy hulle oplê.

Want hoe gebeur dit dat 'n man wat versigtig is en vir sy lewe sorg, vry kom uit dreigende gevare? En hoe gebeur dit dat 'n dwaas deur onbesonne roekeloosheid omkom? Dit gebeur juis omdat sowel dwaasheid as wysheid in albei gevalle werktuie van die goddelike beskikking is.

Daarom het dit God behaag om alle toekomstige dinge vir ons verborge te hou. Vir ons bly die toekoms nou die onsekere. Ons sal dus nie ophou om die beskikbare middels daarteen aan te wend nie - totdat hulle óf self oorwin is, óf ons alle kommer oorwin het.

Inst. I, 17, 4

*Ons dank U dat ons gesonde verstand en lewensomstandighede in diens van u voorsienigheid staan.*

## 20 Januarie

*1 Petr. 5:6-11*

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD (5)

> *Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. - 1 Petr. 5:7*

Terwyl die Christen ten volle daarvan oortuig is dat alles deur die beskikking van God geskied en dat niks per toeval plaasvind nie, sal hy altyd sy oë slaan op Hom, die grondoorsaak van alle dinge. Maar tog sal hy ook let op die mindere oorsake, elkeen op sy eie vlak . . .

Daar is talryke, baie duidelike beloftes wat getuig dat die besondere voorsienigheid van God oor die saligheid van die gelowiges die wag hou: "Laat jou sorge aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg; Hy sal die regverdige nie in die steek laat nie" (Ps. 55:23); ".. . want Hy sorg vir julle . . ." (1 Petr. 5:7); "Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind, en die beskerming van die Almagtige geniet..." (Ps. 91:1); "... wie julle aanraak, raak my oogappel aan" (Sag. 2:8); "Ek sal jou skild wees, 'n metaalmuur. Ek sal weerstaan wie jou weerstaan" (Jes. 26:1). Ook indien 'n moeder haar kinders sou vergeet, sal Ek jou nogtans nie vergeet nie (Jes. 49:15). Ja, die vernaamste doel van die Bybelse geskiedenisse is om ons te leer dat die weë van die heiliges met soveel sorg deur die Here bewaak word dat hulle selfs nie eens hul voet teen 'n klip stamp nie . . .

Christus het gesê (Matt. 10:29 e.v.) selfs die waardeloosste mossie val nie op die aarde sonder die wil van die Vader nie. Dan maak Hy onmiddellik die toepassing dat na verhouding ons meer werd is as baie mossies. Daarom moet ons weet dat God met des te meer sorg na ons omsien. Dié sorg brei Hy so ver uit dat ons verseker kan wees dat die hare op ons kop almal getel is.

Inst. I, 17, 6

*O, Here, dit is net die Liefde wat so vir sy kinders kan sorg!*

## 21 Januarie

*2 Sam. 17:7-14*

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD (6)

> *Neem 'n besluit, en dit sal verydel word; maak 'n afspraak, en dit sal nie tot stand kom nie; want God is met ons! - Jes. 8:10*

Gesterk deur hierdie beloftes en voorbeelde, sal 'n dienskneg van God dié getuienisse daar by voeg wat leer dat alle mense onder sy mag staan: of dit nou ook is om hulle tot inkeer te bring, of om die kwaad te bedwing sodat dit nie skade doen nie.

Want dit is die Here wat ons genade skenk, nie alleen by hulle wat ons goedgesind is nie, maar ook in die oë van die Egiptenaars. Hy weet inderdaad om die bose planne van ons vyande op verskillende maniere te fnuik. Soms ontneem Hy hulle die verstand sodat hulle niks wat gesond en verantwoord is, kan begryp nie.

So stuur Hy Satan om die mond van alle profete met leuentaal te vul sodat Agab daardeur verlei sou word (1 Kon. 22:22). Hy verdwaas Rehabeam deur die raad van die jongmanne, sodat hy deur sy eie dwaasheid van die koninkryk beroof sou word (1 Kon. 12:10, 15). Wanneer Hy hulle die verstand laat behou, verskrik en beangs Hy hulle soms so dat hulle nóg die wilskrag, nog die daadkrag het om hulle planne uit te voer. Wanneer Hy hulle toegelaat het om die dinge aan te durf waartoe lus en woede hulle aangepor het, demp Hy hulle opwelling op die kritieke oomblik en laat nie toe dat hulle hul doel bereik nie. So het Hy die raad van Agitofel, wat vir Dawid rampspoedig sou gewees het, vooraf vernietig (2 Sam. 17:7, 14). So dra Hy daarvoor sorg om alle skepsels ten goede en tot heil van sy kinders te bestuur. Dit geld ook van die duiwel self, wat - soos ons sien - niks teen Job kon doen sonder God se verlof en bevel nie (Job 1:12).

Inst. I, 17, 7

*Vader, watter diepe troos om te weet dat geen kwaad ons sonder u wil kan oorval nie.*

## 22 Januarie

*2 Sam. 16:5-10*

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD (7)

> *Ek kla nie, ek maak my mond nie oop nie, want U het dit oor my gebring. - Ps. 39:10*

Wanneer 'n gelowige teëspoed ondervind, sal hy nog altyd dadelik sy gees ophef tot Hom wie se hand baie magtig is om geduld en kalmte in ons binneste te werk. Indien Josef bly tob het oor sy broers se troueloosheid sou hy nooit 'n broederlike gesindheid jeens hulle gekoester het nie. Maar aangesien hy hom tot die Here gewend het, het hy die onreg vergeet en was hy geneë tot sagmoedigheid en vergewensgesindheid. Gevolglik het hy selfs sy broers getroos en gesê: "Dit is nie julle wat my na Egipte verkoop het nie, maar deur die wil van God is ek voor julle uit gestuur, om julle aan die lewe te hou. Julle het wel kwaad teen my versin, maar die Here het dit in die goeie verander" (Gen. 45:5, 7).

As Job in opstand gekom het teen die Chaldeërs wat hom so geteister het, sou hy onmiddellik wou wraak neem. Maar omdat hy terselfdertyd die werk van God herken, troos hy homself met daardie pragwoord: "Die HERE het gegee, die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!" (Job 1:21).

As Dawid net na die mens gekyk het toe Simeï hom met skelwoorde en klippe aangerand het, sou hy sy manskappe tot vergelding aangewakker het. Maar, omdat hy begryp het dat Simeï nie handel buite die Here se wil nie, kalmeer hy hulle eerder met die woorde: "Laat hom vloek want die Here het hom beveel: Vloek Dawid!" (2 Sam. 16:10).

Inst. I, 17, 8

*Ons dank U vir die wete dat u almag ook die kwaad oorheers.*

## 23 Januarie

*2 Sam. 10:6-13*

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD (8)

> *Wees sterk en laat ons ons sterk hou vir ons volk en vir die stede van onse God. Mag die Here dan doen wat goed is in sy oë - 2 Sam. 10:12*

Die vroom man sal nie skroom of traag wees om die hulp te vra van mense wat hom kan help nie. Hy sal in elk geval weet dat alles wat mense hom kan gee, deur die Here daargestel is. Hy sal dus van dié skepsele gebruik maak as wettige middels van die Goddelike voorsienigheid. En hoewel hy onseker is hoe sy sake sal afloop (behalwe dat hy weet dat die Here in alles vir hom ten goede sal voorsien), sal hy ywerig verlang na wat, volgens sy mening, vir hom nuttig is... Nogtans sal hy in wat hy ook al besluit, hom nie deur sy eie sin laat wegvoer nie. Hy sal homself opdra en toevertrou aan God se wysheid sodat hy deur dié leiding op die regte doel gerig kan word.

Hy sal ook nie so op uiterlike hulpmiddele staatmaak dat hy sy vertroue volledig daarin stel nie - dit is, indien dit beskikbaar is. En as dit nie daar is nie, sal hy nie so beangs wees asof hy in die steek gelaat is nie. Hy sal sy gees altyd net laat vashou aan God se voorsienigheid. Hy sal hom nie deur omstandighede laat mislei en onwrikbaar daarop vertrou nie.

So het Joab, ofskoon hy erken dat God oor die veldslag beslis en dat dit in sy hande is, hom nie oorgegee aan traagheid nie. Hy het sy roeping aktief volbring. Aan die Here laat hy dit egter oor om die uitkoms te bepaal.

Inst. I, 17, 9

*Here, gee ons steeds genade om u Naam aan te roep, maar ook ons plig te doen.*

## 24 Januarie

*Ps. 91:1-9*

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD (9)

*Al sou 'n leer teen my stelling inneem, sal ek nie bang word nie. Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds vertroue hê. - Ps. 27:3*

Wanneer die lig van die Goddelike voorsienigheid eenmaal die vroom mens omstraal het, word hy nie net verlos van die uiterste angs en vrees wat hom voorheen oorweldig het nie. Hy word ook van elke sorg bevry. Soos hy tereg sidder by die gedagte aan toeval, so kan hy hom onbekommerd aan God toevertrou. Dit is sy troos dat hy begryp die hemelse Vader het alles so onder sy mag, dat Hy so deur sy heerskappy en bevel regeer, en so deur sy wysheid bestuur, dat niks gebeur behalwe volgens sy beskikking nie.

Dit is verder ook sy troos dat hy onder die beskerming van God is, aan die sorg van engele toevertrou is en dat hy nie getref kan word deur die ramp van water of vuur of yster nie - behalwe in soverre dit God, die Regeerder, behaag om dit toe te laat. Want so lui die Psalm 91:3 e.v.: "Dit is Hy wat jou uit die voëlvanger se wip hou en jou bewaar van dodelike siekte. Hy beskut jou onder sy vleuels en is vir jou 'n veilige skuilplek. Sy trou beskerm jou aan alle kante. Jy hoef nie bang te wees vir gevaar in die nag of vir die aanvalle oordag, vir pes wat in die donker toeslaan of vir siekte wat helder oordag verwoesting saai nie."

Daaruit word ook in die heiliges die vertroue gebore om te roem: "Die Here is my Helper; ek sal nie bang wees vir wat die mens aan my doen nie. Die Here is my Beskermer; wat sal ek vrees? Al neem 'n leer stelling teen my in, al wandel ek midde in die skaduwee van die dood, ek sou nie ophou om die goeie te hoop nie" (Ps. 118:6; 27:3; 56:5 e.a.).

Inst. I, 17, 11

*O Here, U is my toevlug, my bergvesting, my God op wie ek vertrou.*

## 25 Januarie

Ps. 31:15-20

DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD (10)

> *God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie... - 1 Kor. 10:13*

Ek vra jou: hoekom verloor die vromes nooit hul gerustheid nie? Omdat hulle weet dat die Here oral werksaam is, hoewel die wêreld oënskynlik toevallig voortwentel. En hulle vertrou dat sy werk vir hulle tot heil sal wees.

Verder, indien hulle heil of deur die duiwel of deur slegte mense bedreig word, sou hulle inderdaad onmiddellik moes beswyk, was dit nie dat hulle versterk word deur die herinnering aan en die oordenking van die voorsienigheid nie.

Hulle onthou altyd dat die duiwel en die hele bende goddeloses in alle opsigte deur die hand van God bedwing word asof met 'n toom. Daarom kan hulle geen enkele misdaad teen ons beplan nie. En as hulle nog so 'n misdaad beoog, kan hulle dit nie aanpak nie. Al pak hulle dit ook aan, sal hulle geen vinger kan verroer om dit uit te voer nie -behalwe vir sover Hy dit toelaat; ja, behalwe vir sover Hy dit beveel. Die vromes weet dat die duiwel en die goddelose met sy boeie gebind is en vasgehou word. Sy toom dwing hulle ook om gehoorsaamheid te betoon. En as hulle oor alles nadink, het hulle oorvloedige rede tot vertroosting.

Want dit kom van die Here om die duiwel en sy trawante se woede te laat opvlam, te rig en aan te wend soos dit Hom behaag. Dit kom Hom egter ook toe om daar paal en perk aan te stel, sodat hulle nie volgens hulle drif al te buitensporig sou te kere gaan nie ... Paulus sê byvoorbeeld ook dat sy reis deur Satan verhinder is; maar elders ook dat dit van God afgehang het (1 Tess. 2:18; 1 Kor. 16:7)... So toon hy aan dat Satan niks kan bereik behalwe deur die toelating van God nie.

Inst. I, 17, 11

*Ons dank U vir die wete dat u ook oor Satan regeer.*

## 26 Januarie

*1 Sam. 15:20-29*

GOD SE BEROU IS NET VERMENIGVULDIGING VAN SY GENADE (1)

> *God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie, - Num. 23:19*

Daar is 'n paar Skriftuurplekke wat die indruk kan wek dat die Raad van God nie vas en bestendig is nie, maar veranderlik volgens die aardse orde van dinge . . .: dat dit Hom berou het dat Hy die mens geskep het (Gen. 6:6), dat hy Saul koning gemaak het (1 Sam. 15:11); dat Hy - sodra Hy enige tekens van bekering merk - berou sou hê oor die kwaad wat Hy sy volk wou aandoen (Jer. 18:8).

Verder word daar ook gepraat van die opheffing van etlike Raadsbesluite wat Hy geneem het. Deur Jona het Hy aan die Nineviete bekend gemaak dat Ninevé na verloop van veertig dae sou vergaan. En tog is Hy spoedig deur hul berou tot 'n sagter oordeel beweeg (Jona 3:4 en 10). Aan Hiskia het Hy deur die mond van Jesaja die dood aangekondig. Maar deur die koning se trane en gebede is Hy daartoe gebring om dit uit te stel (Jes. 38:1, 5; 2 Kon. 20:1, 5).

Op grond hiervan word daar nou beweer dat God die menslike lotgevalle nie deur 'n ewige Raadsbesluit vasgestel het nie. Hy sou dan volgens verdienste, of volgens sy billike en regte oordeel, elke jaar, dag en uur, sus of so besluit. Ons moet so daaroor dink: net so min as wat jy onkunde, dwaling of onmag aan God kan toeskryf, net so min kan berou aan Hom toegeskryf word.

Niemand laat hom willens en wetens in so 'n situasie beland waar hy berou moet hê nie. Hoe kan ons dan aan God berou toeskryf sonder dat ons daarmee sê dat Hy of onkundig is omtrent die toekoms, óf dat Hy dit nie kan ontwyk nie, of dat Hy onoordeelkundig en onbesonne in 'n besluit instorm (waaroor Hy onmiddellik berou het). Dit is egter glad nie die Heilige Gees se bedoeling nie. Hy wil juis in sy vermelding van berou ontken dat God Hom deur berou laat lei . . .

Inst. I, 17, 12

*O Here, ons aanbid U as die onveranderlike en getroue Verbondsgod.*

## 27 Januarie

*Rom. 8:24-30*

GOD SE BEROU IS NET 'N VERMENIGVULDIGING VAN SY GENADE (2)

> *As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie. - Rom. 11:29*

Ons moet daarop let dat die uitdrukkings: God het berou gekry, en Hy kan nie berou hê nie, in dieselfde Skrifgedeelte so saam gebruik word dat daar geen sprake van teenstrydigheid kan wees nie. As daar staan dit het God berou dat Hy Saul koning gemaak het, moet dié verandering figuurlik verstaan word. 'n Bietjie verderaan staan daar: "Hy wat die Sterkte van Israel is, sal nie lieg en Hom nie deur berou laat buig nie; want Hy is geen mens dat Hy sou berou hê oor iets nie" (1 Sam. 15:29). Hier word sy onveranderlikheid direk en sonder enige figuurlike taal gestel...

Wat moet ons dan onder berou verstaan? Dit moet gesien word net soos al die ander uitdrukkings wat - ter wille van ons - God op 'n menslike manier beskryf... As die mens iets wil regstel wat hy verkeerd gedoen het, kom hierdie verandering in optrede by hom voort uit berou. Nou word hierdie woord ook gebruik om 'n verandering in God se werk aan te dui. Maar wat Hy van ewigheid af voorsien, goedgekeur en besluit het, dit voer Hy konsekwent uit - al lyk dit ook in die oë van die mense na 'n skielike verandering . . .

Want waarom het die Here Jona na die Nineviete gestuur om hulle die ondergang van die stad aan te sê? Waarom het God deur Jesaja vir Hiskia laat weet dat hy gaan sterf? Hy kon hulle immers sonder waarskuwing laat omkom het... Sy bedoeling was ongetwyfeld dat Hy hulle nie wou uitdelg nie; wel dat hulle hul sou verbeter, sodat hulle nie sou vergaan nie.

Inst. I, 17, 12, 13 en 14

*Here, ons dank U dat hulle wat op U vertrou, op 'n rots gebou het.*

## 28 Januarie

*Jak. 4:1-7*

MOENIE STEUN OP JOU EIE KRAG NIE

> *"God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade." - Jak. 4:6*

As dit dan 'n duiwelse influistering is wat veroorsaak dat die mens homself verhef, moet ons nie daaraan plek gee nie - tensy ons graag van die vyand raad wil kry! Die verdorwe mens hou daarvan om in homself soveel krag te hê dat hy selfgenoegsaam is. Ons moet ons nie tot so 'n ydele selfvertroue laat verlei nie. Daarom is daar talle ernstige uitsprake om ons af te skrik - uitsprake waardeur ons hard neergegooi word. Soos: "Vervloek is hy wat op 'n mens vertrou, en vlees sy arm maak..." (Jer. 17:5). En: "Die Here het niks aan die krag van 'n perd of die liggaamskrag van 'n soldaat nie, maar Hy stel prys op dié wat Hom dien, dié wat hulle hoop vestig op sy trou" (Ps. 147:10, 11).

Die doel van al hierdie woorde is dat ons nie moet steun op die allergeringste dunk omtrent ons eie krag nie. As ons God se guns wil geniet, mag dit nie gebeur nie - Hy weerstaan hoogmoediges, maar gee genade aan nederiges (Jak. 4:6). Dan moet ons onsself weer aan hierdie beloftes herinner: "... Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond" (Jes. 44:3). So ook: "Almal wat dors het, kom na die waters" (Jes. 55:1).

Hierdie beloftes getuig dat niemand toegelaat word om God se seëninge te ontvang nie, behalwe hulle wat verdwyn onder die besef van hulle eie armoede, 'n Mens moet ook nie sulke beloftes, soos hierdie by Jesaja, verbygaan nie: "Die son sal vir jou nie meer wees tot 'n lig gedurende die dag en die maan tot 'n lig gedurende nag nie; maar die Here sal vir jou wees tot 'n ewige lig" (Jes. 60:16).

Inst. II, 2, 10

*Here, laat ons van U leer dat U nederig van hart is. Dan sal ons rus vind vir ons siele.*

## 29 Januarie

*1 Petr. 5:1-6*

WEES OOTMOEDIG

> *"God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."- 1 Petr. 5:5*

"As u my sou vra wat die voorskrifte van die Christelike godsdiens is, sou ek wil antwoord: in die eerste, tweede en derde plek, en nogmaals ootmoed," sê Augustinus. En dan verstaan hy nie onder ootmoed dat, wanneer iemand bewus is van enige voortreflikheid, hy hom van hoogmoed en trots sal weerhou nie. Wel dat hy waarlik besef hy is iemand wat geen ander toevlug as nederigheid het nie. So verklaar hy ook elders: "Laat niemand homself vlei nie: dat hy 'n satan is, het hy van homself; wat hom gelukkig maak, het hy slegs van God ontvang. Want wat het jy van jouself behalwe sonde? Neem die sonde vir jou: dit behoort aan jou. Want die geregtigheid is van God." Asook: "Wat verwag jy soveel van die natuur se moontlikhede? Dit is gewond, vermink, mishandel en verdorwe. Wat nodig is, is ware belydenis. Nie 'n valse verdediging nie." En ook: "Wanneer iemand besef hy is self niks nie en van homself geen hulp kry nie, dan is die wapens in hom verbreek en die oorlog beëindig. En dit is nodig dat alle wapens van die goddeloosheid verbrysel, verbreek en verbrand word. Jy moet ongewapen bly, in jouself geen hulp vind nie. Hoe swakker jy in jouself is, des te meer ondersteun die Here jou"... Laat ons dus hier nie oor ons reg met God twis nie (asof wat aan Hom toegeken word, afbreuk sou doen aan ons saligheid) . . .

Maar ek wil hê dat die mens, na aflegging van die siekte van eieliefde en valse ambisie (waardeur hy verblind is en meer van homself dink as wat paslik is), in die betroubare spieël van die Skrif homself herken soos hy werklik is.

Inst. II, 2, 11

*Here, skryf met groot letters in my hart: "WEES NEDERIG"!*

## 30 Januarie

*Filip. 3:12-18*

ALLES, ALLES IS GENADE

> *Met eerbied en ontsag moet julle voortwerk aan julle verlossing, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer. - Filip. 2:12, 13*

Die volharding is 'n genadegawe van God. Hieraan moet glad nie getwyfel word nie. Maar nou het daar 'n verderflike dwaling ingang gevind. En dié dwaling is dat die volharding geskenk word volgens die verdienste van mense, na gelang elkeen hom dankbaar betoon het vir die aanvanklike genade wat hy ontvang het. . . Ek erken wel dat die gelowiges hierdie seën van God mag verwag, naamlik dat na gelang hulle van die vroeëre genadegawes gebruik gemaak het, hulle ook later des te oorvloediger genade sal ontvang. Maar ek sê dat ook daardie gebruikmaak van die Here is en dat dié beloning uit sy genadige welwillendheid voortkom . . .

Augustinus sê God voltooi deur medewerking wat Hy werkende begin het, en dat dit dieselfde genade is. Maar dit ontvang sy naam volgens die verskillende werkwyses. En daaruit volg dat hy nie 'n werksindeling maak tussen God en ons nie, so asof God se werksaamheid en ons s'n, op dieselfde vlak sou lê. Maar wat hy wel doen, is om te wys op die vermenigvuldiging van die genade. En dit slaan op wat hy elders sê, naamlik dat baie van God se gawes aan die mens se goeie wil voorafgaan, en dat die goeie wil self 'n gawe is. Daaruit volg dat hy niks oorlaat wat die wil homself sou kon aanmatig nie.

Dit het Paulus ook met name vermeld (Filip. 2:13). Want wanneer hy sê dat God in ons werk óm te wil en óm te werk, voeg hy onmiddellik by: Hy doen beide na sy welbehae.

As daar mense is wat beweer dat die mens uit homself medewerker van God se genade kan wees, dwaal hulle op 'n allerverderflikste wyse.

Inst. II, 3, 11

*Here, ons roem in u genade en in u genade alleen.*

## 31 Januarie

2 Kor. 4:1-6

DIE DUIWEL AS RUITER VAN DIE WIL

*Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is ... - 2 Kor. 4:4*

Êrens vergelyk Augustinus die menslike wil met 'n perd wat ag gee op die wenk van die ruiter. En hy vergelyk God en die duiwel met die ruiters. "As God," so sê hy, "die ruiter is, dan bestuur Hy op rustige wyse die wil soos 'n kalm en ervare man. Hy wakker dit aan as daar traagheid is; sy alte haastigheid beteuel Hy; sy oormoedigheid en praalsug bedwing Hy; sy halsstarrigheid hou Hy in toom; Hy hou hom op die regte pad. Maar wanneer die duiwel in sy saai sit, jaag hy soos 'n dom en dol ruiter met hom waar daar geen pad is nie; hy dwing hom in kuile in, laat hom by afgronde afrol, vuur hom aan tot koppigheid en strydlustigheid."

Wanneer dan gesê word die natuurlike mens se wil is aan die heerskappy van die duiwel onderwerp om daardeur voortgedryf te word, wil dit nie sê die wil word teësinnig en steeks tot gedienstigheid gedwing nie. Dit is nie daarmee soos met onwillige slawe wat ons met gesag kan dwing om ons bevele uit te voer nie. Maar, bekoor deur Satan se oëverblindery, is die wil altyd gehoorsaam aan sy leiding. Want as iemand dit benede hom ag om aan die leiding van die Gees onderworpe te wees, gee Hy hom deur sy regverdige oordeel aan die werking van Satan oor.

Daarvan sê die apostel dat die god van hierdie wêreld die verstand van die ongelowiges wat vir die verderf bestem is, verblind het (2 Kor. 4:4) sodat hulle die lig van die evangelie nie sou sien nie.

Inst. II, 4, 1

*Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.*

## 1 Februarie

*Job 1:9-17*

HOE GOD IN DIE GODDELOSE WERK

> *Selfs die oorlogsugtige Edom sal U prys, die oorblyfsel van Hamat sal U huldig. - Ps. 76:11*

God werk in goddelose mense heeltemal anders as die duiwel. Laat ons die ramp wat deur die Chaldeërs oor die heilige Job gebring is, as voorbeeld neem. Dit sal dan vir ons duideliker wees. Nadat die Chaldeërs sy herders om die lewe gebring het, roof hulle sy kudde vyandiglik. Hulle goddelose daad is duidelik. En hierin is Satan nie sonder aandeel nie, Inteendeel, dit is alles deur hom beplan. Hiervan getuig die geskiedenis.

Job self het egter die werk van die Here daarin herken: hy sê dat God weggeneem het wat die Chaldeërs van hom gesteel het. Hoe moet ons dan dieselfde werk aan God, Satan en die mens toeskryf, sonder om of Satan vry te spreek (aangesien hy met God saamgewerk het), óf om God die bewerker van die kwaad te maak?

Dit is maklik verklaarbaar as ons eers op die doel van die werk let en dan op die manier waarop dit gebeur. God se oogmerk is om sy kneg se geduld deur rampspoed te oefen. Satan stel alles in die werk om Job tot wanhoop te dryf. die Chaldeërs beywer hulle om onregverdig en onbillik uit 'n ander se besittings wins te maak. Hierdie uiteenlopende doelstellings dui reeds sonder twyfel die verskil aan.

Daar is ook 'n verskil in die manier van doen. Die Here laat Satan toe om sy kneg te tref. Hy gee die Chaldeërs, wat Hy as dienaars gekies het om dit te doen, aan Satan oor. En hy por hulle aan ... Ook van God word gesê dat Hy op sy manier werk. Satan moet immers as werktuig van God se toorn . . . daarby inval om die regverdige oordeel uit te voer.

Inst. II, 4, 2

*O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!*

## 2 Februarie

Filip. 2:12-18

ROEM IN DIE HERE

> *Daarom, soos daar geskrywe staan: "Dié wat wil roem, moet in die Here roem." - 1 Kor. 1:31*

Die profeet sê: "Ek lê my daarop toe om u voorskrifte altyd uit te voer ..." (Ps. 119:112). Hiermee sê hy dat hy homself graag met 'n vrolike toegeneentheid aan God oorgee. En tog roem hy nie daarop dat hy hierdie neiging self bewerk het nie. In dieselfde psalm erken hy dat dit 'n gawe van God is. Daarom moet Paulus se vermaning ter harte geneem word wanneer hy die gelowiges beveel om met eerbied en ontsag aan hulle verlossing voort te werk (Filip. 2:12). Want dit is God wat ons in staat stel om te wil sowel as om te werk.

Hy gee hulle wel die opdrag om te werk, sodat hulle nie in die traagheid van die ou natuur verval nie. Maar deur hulle te beveel om dit met eerbied en ontsag te doen, vermaan hy hulle tot nederigheid. Hy wil hulle daaraan herinner dat juis dit wat hulle as opdrag kry om te doen, eintlik God se werk is. En daardeur gee hy duidelik te kenne dat die gelowiges passief werk - as ek my so mag uitdruk. Dit is so in soverre die vermoë uit die hemel aan hulle gegee word. Dan sal hulle hulself absoluut niks aanmatig nie.

As Petrus ons dan vermaan (2 Petr. 1:5) dat ons deug by die geloof moet voeg, gee hy nie aan ons 'n tweede rol, asof ons uit eie beweging iets kan doen nie. Hy skud net ons trae, ou natuur wakker wat die geloof meestal versmoor.

Dié woorde van Paulus het dieselfde bedoeling: "Moenie die Heilige Gees teenstaan nie .. ." (1 Tess. 5:19). Want, as dit nie verhoed word nie, word die gelowige telkens traag . .. Ons word ook dikwels beveel om ons van alle vuilheid te reinig, hoewel die Gees net vir Homself die werk van heiligmaking voorbehou.

Inst. II, 5, 11

*O Here, hoe dankbaar is ons dat ons saligheid net van U afhang.*

## 3 Februarie

*Rom. 7:4-7*

DIE WET LEER ONS ONSSELF KEN

*. . . deur die wet leer 'n mens wat sonde is. - Rom. 3:20*

Die mens wat blind en dronk van liefde vir homself is, moet daartoe gebring word om sy eie swakheid en verdorwenheid te ken en te bely. As sy ydelheid nie duidelik aan die kaak gestel word nie, is hy verwaand met 'n dwase vertroue op sy eie krag. Hy sal ook nooit besef hoe gering sy eie krag is solank as wat hy dit met sy eie maatstaf meet nie. Maar sodra hy dit aan die eise van die Wet toets, het hy iets om sy verwaandheid mee aan bande te lê.

Want al dink hy ook dat hy baie sterk is, kom hy tog gou agter dat hy onder so 'n groot gewig hyg. Hy wankel, struikel en eindelik val hy dood neer. Hy wat so onderrig is in die skool van die Wet, los hierdie aanmatigende houding wat hom vroeër verblind het. Net so moet hy genees word van die ander siekte: hoogmoed.

Solank hy toegelaat word om hom op sy eie oordeel te verlaat, sien hy huigelary vir geregtigheid aan. Hy is selftevrede en beroem hom op sekere van sy eie gewaande geregtighede. En so verhef hy hom bo God se genade. Maar wanneer hy gedwing word om sy lewe te toets op die weegskaal van die Wet, laat vaar hy enige gedagte aan eie geregtigheid. Dan sien hy in dat hy oneindig ver van heiligheid af is. Inteendeel, hy besef nou dat hy vol ontelbare sondes is wat hy vroeër nie raakgesien het nie . . .

As die Wet nie die begeerlikheid uit sy wegkruipplekke haal nie, laat dit die ongelukkige mens in die geheim ten gronde gaan - nog voor sy dodelike aanvalswapen opgemerk word.

Inst. II, 7, 6

*Ons dank U vir die spieël van u Woord waarin ons ons hart kan sien soos hy is.*

## 4 Februarie

*Gal. 3:21-27*

**DIE WET LAAT ONS OM GENADE ROEP**

*Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom, sodat ons deur die geloof die geregtigheid sou verkry. - Gal. 3:24*

Die Wet kan baie help om ons te laat besef dat ons genade nodig het. Dit skryf Augustinus op baie plekke. Aan Hilarius sê hy byvoorbeeld: "Die Wet gee ons bepaalde opdragte sodat ons moet erken ons het die hulp van die genade nodig. Ons probeer immers eers om dit self na te kom en val dan swak en uitgeput neer."

In dieselfde trant skryf Augustinus aan Asellius: "Die nut van die Wet is daarin geleë dat dit die mens van sy swakheid oortuig. Dit dryf hom in die noute sodat hy smeek om die geneesmiddel van die genade wat daar in Christus is."

Net so aan Innocentius in Rome: "Die Wet gebied; die genade skenk die krag om te doen."

En so ook aan Valentinus: "God beveel dinge wat ons nie kan doen nie, sodat ons kan weet wat ons van Hom moet vra." Verder: "Die Wet is gegee om jou skuldig te maak. En om te vrees wanneer jy skuldig gemaak is. Al vresende vra jy dan vergewing en maak nie op jou eie kragte staat nie." En ook: "Die Wet is vir hierdie doel gegee: dat dit jou wat so groot is, klein kan maak. Dit is gegee sodat dit jou kan wys jy het uit jouself geen krag tot geregtigheid nie; dat jy in jou armoed, onwaardigheid en behoeftigheid jou toevlug tot die genade moet neem."

Hy praat dan met God: "Doen so, Here. Doen so in u barmhartigheid: beveel wat nie gedoen kan word nie. Ja, beveel wat nie sonder u genade gedoen kan word nie. Want dan sal die mense stil en nederig wees omdat hulle dit nie in eie krag kan doen nie. Laat almal klein en die hele wêreld voor God skuldig wees."

Inst. II, 7, 9

*O Here, wek in ons 'n onweerstaanbare dors na die bron van genade.*

## 5 Februarie

*Ps. 119:65-72*

DIE WET SPOOR ONS AAN

> *Ek verkeer in doodsgevaar, gee my nuwe lewe soos U in u woord beloof het. - Ps. 119:25*

Die Wet het veral betrekking op gelowiges in wie se harte God se Gees reeds kragtig werk en heers. Dit hou minder direkte verband met die Wet se eintlike doel. Die Wet is in die gelowiges se harte deur die vinger van God geskryf en ingegraveer. Dit beteken dat hulle onder die leiding van die Gees staan, en daardeur besiel word. En nou wil hulle God graag gehoorsaam.

Verder vind hulle op twee maniere baat by die Wet. Want dit is vir hulle 'n uitstekende middel om gaandeweg die Here se wil met hulle beter en duideliker te leer ken. Dit is daarmee soos met 'n werknemer wat reeds met sy hele hart bereid is om sy werkgewer te plesier. En tog ag hy dit nodig om noukeurig te let op sy baas se gewoontes. Hy kan hom dan daarby aanpas. Niemand van ons mag hom verbeel dat dit nie vir hom noodsaaklik is nie.

Ons het nie net lesse nodig nie, maar ook aansporing. Iemand wat God dien, sal dan ook dié nut in die Wet vind: deur dit baie te oordink sal hy aangespoor word om dit te gehoorsaam, daarin versterk word en van die glibberige pad van sonde teruggebring word. Op dié manier moet die heiliges hulself dissiplineer. Want hoe ywerig hulle ook al, wat die gees betref, na God se geregtigheid streef, hou die traagheid van die sondige natuur hulle altyd terug. Hulle kan gevolglik nie flink genoeg voortgaan nie. Vir dié natuur is die Wet 'n sweep. En soos met 'n trae en lui donkie word dit daardeur gedurig gedwing om te werk.

Inst. II, 7, 12

*O Here, kom tog ons swak geloof en ons traagheid te hulp!*

## 6 Februarie

*Ps. 119:105-112*

DIE WET GETUIG DUIDELIK

> *Stuur u lig en u waarheid dat dié my lei. . . - Ps. 43:3*

Ons moet ophou om so baie van ons eie krag te dink. Dit het ons, met betrekking tot die kennis van onsself, vooropgestel. Ons moet ook afsien van vertroue op ons eie geregtigheid. Eerder moet ons bewus wees van ons eie ellendigheid en gebroke in die stof lê. So leer ons ware ootmoed en selfvernedering.

Die Here werk albei hierdie gesindhede deur sy Wet. Eers sê Hy vir ons dat Hy die wettige mag het om te beveel. Dan roep Hy ons op tot eerbied vir sy Goddelike Majesteit en skryf Hy voor waarin dit geleë is en bestaan. Verder, wanneer Hy die maatstaf van sy regverdigheid bekend gemaak het. . . maak hy ons onvermoë en ongeregtigheid vir ons duidelik.

Maar die mens is omgewe van 'n stikdonker nag van dwaling. Die Wet is wel in sy hart geskryf, maar hy verstaan skaars iets van die diens wat vir God aanneemlik is. Hy is sonder twyfel ver verwyder van die regte manier om God te dien.

Bowendien is hy vol verwaandheid en eersug, en sy selfliefde verblind hom. Gevolglik kan hy homself nie sien soos hy is nie. Hy kan as 't ware nie in homself afdaal sodat hy kan leer om homself te verootmoedig en te verneder, en sy eie ellende te erken nie. Daarom het die Here aan ons 'n geskrewe Wet gegee. Dit is 'n noodsaaklike middel teen ons stompsinnigheid en ons hooghartigheid. Dit getuig met groter sekerheid van die dinge wat in die natuurlike wet te onduidelik was. Dit suiwer alle luiheid uit en maak 'n dieper indruk op ons verstand en geheue.

Inst. II, 8, 1

*Here, spreek ons so sterk deur u Wet aan dat ons na U vlug.*

## 7 Februarie

*Gal. 4:1-7*

DIE WET LAAT ONS WANHOOP AAN ONSSELF

*Ek, ellendige mens! - Rom. 7:24*

Wanneer ons onder die leiding van die Wet so ver gevorder het, dan moet ons deur die lering van dieselfde Wet onsself ondersoek. Ons sal dan uiteindelik tot twee gevolgtrekkings kom. Ten eerste, as ons die geregtigheid van die Wet met ons lewe vergelyk, merk ons hoe ver ons daarvan is om aan God se Wet te beantwoord. Daarom is ons onwaardig om onder sy skepsels ons plek vol te staan. En nog veel minder om by sy kinders gereken te word. Ten tweede blyk dit dat ons krag - as ons dit bereken - geheel en al ontoereikend is om die Wet te vervul. Meer nog: dat dit geheel en al niks werd is nie.

Ons kan dus nie anders as om ons eie krag te wantrou nie. Ook kry ons 'n angs en vrees in ons binneste. Sodra die gewete die las van die ongeregtigheid voel, staar God se oordeel jou in die gesig. En die oordeel van God kan nie waargeneem word sonder dat dit die doodsangs inboesem nie.

Net so kan die gewete, wanneer hy onder die besef van sy onvermoë gekom het, nie anders nie as om dadelik te wanhoop aan sy eie kragte.

Dit alles bring ootmoed en nederigheid voort. So gebeur dit dat die mens eindelik, verskrik deur die besef van die ewige dood . . . hom alleen na God se barmhartigheid wend. Dit is die enigste hawe van saligheid. Hy besef hy kan nie betaal wat hy aan die Wet verskuldig is nie, en wanhoop aan homself. Maar dan skep hy weer asem omdat hy elders hulp kan kry.

Inst. II, 8, 3

*Wie sal my verlos . . .? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!*

## 8 Februarie

*1 Joh. 2:3-11*

DIE WET HET BETREKKING OP DIE GESINDHEID VAN DIE HART

> *As iemand sê: "Ek het God lief", en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar... - 1 Joh. 4:20*

'n Koning sou deur 'n proklamasie sy onderdane kon verbied om ontug te pleeg, te moor ofte steel. Maar dan sal dié een - ek gee dit toe - wat slegs die begeerte in sy hart koester om ontug te pleeg, ofte moor ofte steel, maar wat die dinge nie werklik doen nie, nie strafbaar wees nie...

Maar God, vir wie se oog niks weggesteek is nie, let nie soseer op die uiterlike skyn nie. Hy kyk na die reinheid van die hart. Daarom sluit Hy ook die verdorwe begeertes, toorn, haat, hebsug, bedrog en dergelike in onder die verbod op ontug, doodslag en diefstal.

Omdat die hemelse Wet veral ook vir ons geestelike lewe geld is dit vir 'n juiste onderhouding van die Wet ten eerste noodsaaklik dat dit onder sy tug geplaas word.

Die meeste mense maak asof hulle nie die Wet wil verag nie. Hulle skik hul oë, voete, hande en alle dele van die liggaam om die Wet op 'n sekere manier te onderhou. Maar intussen is hulle harte glad nie gehoorsaam nie. Hulle verbeel hulle dat hulle skotvry is wanneer hulle behendig vir die mense wegsteek wat hulle voor God se alsiende oog doen.

Hulle hoor: jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie egbreek nie, jy mag nie steel nie. En hulle doen dit: hulle trek nie die swaard om te moor nie; hulle het geen liggaamlike gemeenskap met hoere nie; en hulle vat nie ander mense se goed nie. Tot hiertoe is dit alles goed en wel. Maar met hul hele hart blaas hulle moord, brand hulle van wellus, kyk hulle na ander se goed met begerige oë en verslind dit met hulle begeerte. En so kom die vernaamste doel van die Wet by hulle juis nie tot sy reg nie.

Inst. II, 8, 6

*Ons weet, Here, dat die mens sien wat voor oë is; maar U let op die hart.*

## 9 Februarie

*Jes. 45:17-22*

**WAT** WIL **DIE EERSTE** GEBOD **AAN** ONS SÊ?

*Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. - Ex. 20:3*

Die doel van hierdie gebod is dat die Here alléén grootgemaak wil wees onder sy volk en sy reg ten volle wil handhaaf. Daarom beveel Hy dat elke vorm van goddeloosheid en bygeloof, waardeur die eer van sy Godheid verminder of verduister word, verre van ons moet wees. Om dieselfde rede gebied Hy dat ons Hom met die ware ywer van vroomheid moet vereer en aanbid . . . Ons kan God nie aanbid sonder om terselfdertyd te aanvaar wat eie aan Hom is nie. Deur ons te verbied om vreemde gode te hê, dui Hy dus aan dat ons nie iets wat aan Hom eie is, aan 'n ander mag oordra nie.

Hoewel die dinge wat ons aan Hom verskuldig is, ontelbaar is, kan hulle tog onder vier hoofde tuisgebring word. Die eerste is: aanbidding. Hierby kom die geestelike gehoorsaamheid van die gewete. Die tweede: vertroue, die derde: die aanroep van die Here, en die vierde: danksegging.

*Aanbidding* noem ek die eerbied en die verering wat elkeen van ons aan Hom toebring wanneer ons onsself aan sy grootheid onderwerp. Hieronder stel ek dus ook die onderwerping van ons gewetens aan sy Wet.

*Vertroue* is die gevoel van veiligheid wat by mens opkom uit die ervaring van Sy krag, en waardeur ons in Hom rus vind. Dit is die geval wanneer ons aan Hom alle wysheid, geregtigheid, mag, waarheid en goedheid toeskryf en ons onsself alleen gelukkig ag deur gemeenskap met hom.

Om God *aan te roep* beteken om so dikwels as wat daar enige dringende rede is, van harte toevlug te neem tot sy trou en hulp as die enigste beskerming.

*Danksegging* is die dankbaarheid waardeur die lof vir alle goeie dinge aan Hom toegebring word.

Inst. II, 8, 16

*Here, aan U en U alleen kom toe die lof en die aanbidding tot in ewigheid.*

## 10 Februarie

*Jes. 44:6, 9, 13-15*

WAT WIL DIE TWEEDE GEBOD SÊ?

> *Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie ... - Ex. 20:4 en 5*

In die vorige gebod het die Here verklaar dat Hy die enigste God is. Ook dat daar buiten Hom geen ander gode bedink of bely mag word nie. Nou stel Hy dit duideliker hoedanig Hy is en deur watter soort diens Hy geëer moet word. Hy doen dit sodat ons dit nie sal waag om Hom waarneembaar voor te stel nie.

Die bedoeling van die gebod is dus dat Hy nie wil hê dat bygelowige seremonies die regte aanbidding van Hom sal ontheilig nie.

Daarom is dit die hoofsaak dat Hy ons onvoorwaardelik terugroep en wegtrek van ydele pligplegings, wat ons dwase verstand gewoond is om uit te dink. Die verstand doen dit wanneer hy in sy stompsinnigheid vir homself 'n voorstelling van God maak. God onderwerp ons dan aan sy wettige aanbidding, 'n geestelike aanbidding wat Hy self ingestel het. Hier wys Hy dan die grofste sonde aan wat mens in dié verband kan begaan: uiterlike beeldediens.

Die gebod het twee dele: Die eerste hou ons ongebondenheid in bedwang. Dit beteken dat ons dit nie durf waag om die onbegryplike God aan ons sintuie te onderwerp nie. Ook om Hom nie deur enige gestalte voor te stel nie. Die tweede verbied ons om enige beeld uit godsdienstige oorwegings te aanbid ...

Die strafbepaling wat bygevoeg word behoort nie min daartoe by te dra om ons laksheid teen te gaan nie.

Inst. II, 8, 17 en 18

*Here, leer ons om U altyd in gees en waarheid te aanbid.*

## 11 Februarie

*Lev. 24:10-16*

DIE DERDE GEBOD

> *Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraflaat bly nie. -Ex. 20:7*

Die bedoeling van dié gebod is dat die Here wil hê dat die majesteit van sy Naam vir ons heilig moet wees. Die hoofinhoud is dus dat ons dit nie mag ontheilig deur dit met veragting en oneerbiedigheid te bejeën nie. Hierdie verbod veronderstel 'n ooreenkomstige gebod. Dit is dat ons ons daarop moet toelê en daarvoor moet sorg dra dat ons sy heilige Naam godsdienstig vereer.

Daarom pas dit ons om ons gedagtes en tonge so in toom te hou dat ons nooit anders oor God en sy verborgenhede sal dink of praat nie as met eerbied en groot nugterheid. Ook wanneer ons oor sy werke nadink moet dit vir ons net om sy eer gaan.

Die volgende drie sake, meen ek, moet ons met alle ywer bekyk. Ten eerste: elke gedagte wat ons oor Hom het, en wat ons ook al sê, moet met sy hoogheid strook en beantwoord aan die verhewenheid van sy heilige Naam. Kortom, dit moet geskik wees om sy grootheid te roem.

Ten tweede: ons moet nie sy heilige Woord en aanbiddelike verborgenhede ligsinnig en verkeerd gebruik met die oog op eie eer, geldgierigheid of vir ons grappies nie. Maar omdat hulle gestempel is met die waardigheid van sy Naam, moet ons altyd agting vir hulle hê en hulle eer.

Ten slotte: ons moet nie sy werke teëspreek of afbreuk daaraan doen nie. Niksnutte is daaraan gewoond om dit op 'n beledigende manier te doen. Maar ons moet elke daad wat ons aan Hom toeskryf met grootmaking van sy wysheid, geregtigheid en goedheid verkondig. Dit is wat dit beteken om die Naam van God te heilig.

Inst. II, 8, 22

*Here, leer ons om groot eerbied vir U en u Woord te hê.*

## 12 Februarie

*Exod. 20:8-11*

DIE VIERDE GEBOD

*Op die dag van die Here is ek deur die Gees meegevoer... - Openb. 1:10*

Op baie plekke in die Skrif word ons geleer dat die vernaamste funksie van die Sabbat (onder die Ou Bedeling) die afskaduwing van die geestelike rus is. Die Here het van byna geen ander gebod strenger gehoorsaamheid geëis nie. Wanneer Hy deur die profete sê die hele godsdiens is ondergrawe, kla Hy dat sy Sabbatte besoedel en geskend is, en nie onderhou of geheilig is nie. As die mens hierin ongehoorsaam is, lyk dit asof daar niks meer oorbly waarin Hy geëer kan word nie... Jy merk hoe van al die gebooie van die Wet dié een 'n besondere waardigheid het. . .

Maar dit is duidelik: wat hier seremonieel was, is met Christus se koms afgeskaf. Want Hy is die Waarheid deur wie se teenwoordigheid al die skadubeelde verdwyn. As ons Hom werklik sien, verdwyn die skaduwees. Ek sê Hy is die ware vervulling van die Sabbat.

Daarom skryf die apostel elders dat die Sabbat die skaduwee was van iets wat sou kom (Kol. 2:16, 17). Hy sê dat die liggaam - dit is die volle wese van die waarheid - in Christus geopenbaar word. Hy het dit in hierdie gedeelte uitgelê. Die Waarheid is nie tevrede met een dag nie, maar alleen met die hele lewe. Ons moet onsself heeltemal afsterf en met die lewe van God vervul word. Daarom moet Christene nie bygelowig dae onderhou nie... Ons vier nie die dag met groot nougesetheid as 'n seremonie waardeur ons dan kamtig 'n geestelike geheim sou afbeeld nie. Maar wel aanvaar ons dit as 'n noodsaaklike middel om orde in die kerk te bewaar.

Inst. II, 8, 29, 31 en 33

*Leer ons om U in gees en waarheid te aanbid.*

## 13 Februarie

*Kol. 2:13-17*

MEER OOR DIE VIERDE GEBOD

*Alles moet egter gepas en ordelik geskied. - 1 Kor. 14:40*

"Waarom kom ons nie liewer elke dag byeen nie?" sal jy vra. So kan die onderskeiding tussen dae tog verval. Was ons maar so bevoorreg! Inderdaad is dit die moeite werd om ter wille van geestelike wysheid daagliks 'n tydjie daarvoor af te sonder. Maar omdat baie mense swak is, kan daar nie elke dag byeenkomste gehou word nie. Bowendien, die liefde laat nie toe dat ons meer van hulle eis nie. Waarom sal ons dan nie gehoorsaam wees aan die reëling wat. soos ons sien, deur God se wil aan ons opgelê is nie? . . .

Teen die verkeerde onderskeiding van dae maak die apostel beswaar, sê ek. Hy versit hom nie teen die wettige keuse wat die vrede in die Christelike gemeente dien nie ... Die godsdienstige dag van die Jode is afgeskaf, omdat dit bygeloof in die hand gewerk het. En omdat dit nodig was vir die behoud van betaamlikheid, orde en vrede in die kerk, is die ander dag (die Christelike Sondag) vir dié doel ingestel . . .

Die Sabbat is dan afgeskaf. Maar nogtans moet ons nog altyd op bepaalde dae saamkom om te luister na die Woord, om Nagmaalsbrood te breek en om openbare gebede te doen. Die bediendes en dié wat met hul hande werk, moet ook nog steeds kans kry om te rus . . . God het elke sewende dag vir rus afgesonder, sodat sy eie voorbeeld vir alle tye mag geld.

Die kerklike samekomste word ons deur God se Woord beveel. En dat hulle nodig is, leer ons uit lewenservaring. Hoe sou hulle dan gehou kon word as hulle nie vir sekere dae bepaal was nie? Soos die apostel sê, alle dinge moet welvoeglik en ordelik onder ons geskied (1 Kor. 14:40) ... 'n Totale verwarring en verwoesting sou inderdaad die kerk bedreig indien dié reëling sou verval.

Inst. II, 8, 32, 33; en kommentaar op Gen. 2:3

*Leer ons om U ook as die God van orde te ken en te aanbid.*

## 14 Februarie

*Ef. 6:1-4*

DIE VYFDE GEBOD

> *Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee. - Ex. 20:12*

God eis die onderhouding van hierdie gebod onverbiddelik. Hy beveel ons hier dat gesagdraers se waardigheid nie deur ons geskend mag word nie.

Die hoofinhoud van hierdie gebod is dus dat ons moet opsien na hulle wat die Here oor ons gestel het; ook dat ons hulle met eerbied, gehoorsaamheid en dankbaarheid moet bejeën.

En daaruit volg dat ons verbied word om aan hulle waardigheid afbreuk te doen, hetsy deur veragting of deur koppigheid of deur ondankbaarheid. Want dit is wat die Skrif alles met die woord eer bedoel. . .

Die gebod om jou te onderwerp, druis egter lynreg in teen die mens se verdorwe natuur. Aangesien sy strewe na roem hom verwaand maak, laat hy hom moeilik onderwerp. Daarom is as voorbeeld die verhouding gegee wat die liefdevolste is en die minste ergernis wek - dié van mindere tot meerdere. So kan ons harte makliker sag word en die gewoonte aanleer om onderdanig te wees.

Die Here begin dus by dié onderworpenheid wat die maklikste is om te verdra, en maak ons geleidelik aan alle wettige vorme daarvan gewoond. Dieselfde grondgedagte geld vir almal.

Inst. II, 8, 35

*O Here, ons dank U vir ouers en bid vir die genade om hulle steeds te eer.*

## 15 Februarie

*Kol. 3:18-25*

MEER OOR DIE VYFDE GEBOD

*"God het tog gesê: 'Eer jou vader en moeder . . .'" - Matt. 15:4*

Hy laat hulle, vir wie Hy hoë posisies gegee het, deel hê aan sy Naam in soverre dit vir die handhawing van hul waardigheid nodig is. Maar op Hom alleen is die name van Vader, God en Here van toepassing. Derhalwe, so dikwels as ons een van dié name hoor, moet ons bewus raak van sy majesteit. Hulle wat dus aan sy name deel het, versier Hy met 'n vonk van luister. Dit gebeur sodat elkeen, volgens status, geëer kan word. Dit betaam ons om iets Goddeliks in ons vader te sien: hy dra die Goddelike titel nie sonder rede nie. En wie 'n vors is of gesag het, het deel aan God se eer.

Daarom moet dit duidelik wees dat God hier 'n algemene reël neerlê: elkeen wat na ons wete deur God se beskikking oor ons gestel is, moet ons met eerbied, gehoorsaamheid en dankbaarheid bejeën, en diens aan hom lewer. Dit kom nie daarop aan of hulle waardig of onwaardig is nie: die eer moet hulle bewys word. Want dié posisies het hulle nie sonder God se voorsienigheid bereik nie . . .

Hy het egter spesifiek 'n gebod gegee aangaande die eerbied jeens die ouers wat ons in hierdie lewe gebring het. Die natuur self behoort ons al hierdie eerbied te leer. Dit is monsters - nie mense nie - wat die vaderlike gesag verswak met hul veragting of koppigheid.

Inst. II, 8, 35 en 36

*Here, ons bid dat die ouerlike gesag en die piëteit altyd by ons in ere gehou sal word.*

## 16 Februarie

*Gen. 9:1-6*

DIE SESDE GEBOD

*Jy mag nie doodslaan nie. - Ex. 20:13*

Elke mens moet die behoud van almal op die hart dra. Dit is die bedoeling van dié gebod. Dit volg daaruit dat die Here die mensdom tot 'n sekere eenheid saamgesnoer het.

In hoofsaak word elke geweldpleging en wederregtelike handeling teenoor ons naaste verbied. Dit geld in die algemeen van elke kwaad wat die liggaam kan tref. En daarom word ons beveel om - indien ons daartoe in staat is - die lewe te beskerm. Ons moet dit getrou doen en sorg dat almal gerusgestel word. Ons moet ook daarop bedag wees om kwaad van hulle af te weer en om 'n helpende hand aan te bied as hulle in enige gevaar verkeer.

As jy daaraan dink dat God, die Wetgewer, so praat, moet jy terselfdertyd daaraan dink dat Hy deur dié reël jou hart wil lei. Want dit sou belaglik wees as Hy, wat jou hart se gedagtes ken - en veral daarop let -net die liggaam in die ware geregtigheid sou onderrig. Om met die hart moord te pleeg, word dus ook deur dié gebod verbied. Die innerlike verlange om die broer se lewe in stand te hou, word geëis. Die hand veroorsaak wel die moord, maar die hart wat deur haat en woede oorheers word, beweeg dit. Kyk maar of jy vir jou broer kwaad kan wees sonder om hom graag skade te wil berokken.

As jy nie vir hom kwaad kan wees nie, kan jy hom ook nie haat nie... En as jy steeds probeer ontglip, die Gees het reeds gesê elkeen wat sy broer in sy hart haat, is 'n moordenaar (1 Joh. 3:15).

Inst. II, 8, 39

*Here, gee tog dat ons ons naaste waarlik van harte sal liefhê.*

## 17 Februarie

*Matt. 22:34-40*

MEER OOR DIE SESDE GEBOD

> *As iemand sê: "Ek het God lief", en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. - 1 Joh. 4:20*

Die Skrif wys daarop dat hierdie gebod op 'n tweeledige basis rus: die mens is die beeld van God, en ook een van ons. As ons die beeld van God dan nie geweld wil aandoen nie, moet ons die mens as onskendbaar beskou. En as ons nie alle menslikheid wil misken nie, moet ons omsien na ons eie natuur.

Die Here wil hê dat ons twee sake in die mens moet opmerk wat van nature daar is. Dit is om ons te oorreed om die mens se behoud na te streef. Ons moet naamlik eerbied hê vir sy beeld wat in die mens ingestempel is, en ons moet ons eie natuur liefhê.

Hy wat hom dus van bloedvergieting weerhou, is nog nie onskuldig aan moord nie. As jy iets mettertyd bewerk of probeer om iets kwaads te beraam, of as jy iets wens of bedink wat 'n ander se veiligheid in gevaar mag stel, is jy skuldig aan moord.

En as jy, andersyds, nie jou bes doen om na jou vermoë en geleenthede sy veiligheid te beskerm nie, oortree jy ook deur dié onmenslikheid die Wet.

Maar as daar soveel geywer word vir die liggaam se behoud, laat ons aflei hoeveel sorg en inspanning ons aan die siel se heil behoort te bestee. Die siel is tog in God se oë oneindig méér werd.

Inst. II, 8, 40

*Ag Here, laat liefde die plek inneem van alle haat wat daar in my, sondaar, is.*

## 18 Februarie

*1 Kor. 6:12-20*

DIE SEWENDE GEBOD

> *Jy mag nie egbreek nie. - Ex. 20:14*

Die bedoeling van hierdie gebod is dat ons alle onreinheid moet vermy. Want God het kuisheid en reinheid lief. Die hoofinhoud is dus dat ons ons nie met enige van die sondige natuur se vuilheid of wellustige onmatigheid mag besoedel nie. Daaraan beantwoord die positiewe gebod dat ons alle aspekte van ons lewe kuis en met selfbeheersing moet bewaar.

God verbied spesifiek hoerery - dit waarop alle lus afstuur. Die gedagte is dat die vuilheid daarvan ons moet oorreed om elke vorm van wellus te verfoei. Hoerery is growwer en tasbaarder, omdat dit ook die liggaam besmet.

Die mens is geskape onder hierdie lewenswet dat hy nie 'n eensame bestaan sou voer nie. Hy sou die vreugde ervaar van 'n hulp wat by hom pas. Weens die vloek van die sonde is hy soveel te meer aan hierdie noodsaaklikheid onderworpe. Daarom het die Here - vir sover dit nodig is - ons hierin gehelp toe hy die huwelik ingestel het. Die huweliksomgang het op sy gesag ontstaan; deur sy seën het Hy dit ook geheilig.

Elke ander vorm van saamleef buite die huwelik is dus in sy oë vervloek. Dit is ook duidelik dat die huweliksgemeenskap as 'n noodsaaklike middel ingestel is, sodat ons ons nie aan onbeheerste lus sou oorgee nie.

Laat ons onsself dus nie mislei nie waar ons hoor dat 'n man nie sonder die vloek van God buite die huwelik met 'n vrou gemeenskap mag hê nie.

Inst. II, 8, 41

*Here Jesus, in en deur U bestaan ons reinheid van hart en in U aanskou ons die heilige God.*

## 19 Februarie

*Matt. 19:9-12*

MEER OOR DIE SEWENDE GEBOD

> *Eintlik wens ek dat alle mense kon wees soos ek is. Maar elkeen het van God sy besondere gawe ontvang, die een dit en die ander iets anders. - 1 Kor. 7:7*

Weens ons natuurlike gevoel en die begeerte wat deur die sondeval ontvlam, het ons die huweliksband dubbeld nodig. Dit geld egter nie vir hulle wat deur God met 'n besondere gawe (die gawe van onthouding) daarvan uitgesonder is nie. Daarom moet elkeen vasstel of hy dié gawe het of nie.

Ek erken dat onthouding 'n deug is wat nie gering geskat moet word nie. Maar party het dit nie en ander het dit net 'n tyd lank. Daar is hulle wat in die stryd die onderspit delf, omdat hulle deur hul gebrek aan selfbeheersing versoek word. Daarom moet hulle die ondersteuning van die huwelik kry. Dit sal hulle kuisheid bevorder na gelang van hul eie roeping. Daar is hulle wat dié voorskrif nie snap nie (dit wil sê nie die gawe van onthouding het nie). As hulle nie deur die voorgestelde en geoorloofde middel (die huwelik) hul onmatigheid bedwing nie, verset hulle hul teen God en weerstaan sy ordinansie.

En nou moet niemand my oormoedig in die rede val nie - soos baie vandag wil doen - en beweer dat hy met die hulp van God tot alles in staat is. Die hulp van God is tog alleen vir hulle wat in sy weë, dit is volgens sy roeping, wandel. Diegene wat God se hulpmiddels ignoreer en tevergeefs en onbesonne probeer om hulle natuurlike drange te oorwin, onttrek hulself aan sy roeping. Die Here bevestig dat die onthouding 'n buitengewone gawe is (Matt. 19:12). Dit is 'n soort gawe wat nie sonder onderskeid en in die algemeen aan die liggaam van die kerk gegee is nie. Wel aan enkele lede.

Inst. II, 8, 42

*Here, gee ons dié wysheid om ooreenkomstig ons roeping voor U in kuisheid te wandel.*

## 20 Februarie

*1 Kor. 3:16-23*

NOG MEER OOR DIE SEWENDE GEBOD

| |
|---|
| *God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe. -1 Tess. 4:7* |

Indien die getroudes merk dat hul huwelik deur God geseën is, word hulle daardeur vermaan om dit nie deur onmatige en ongebonde lus te besoedel nie. Want al bedek die eerbaarheid van die huwelik ook die skande van ongebondenheid, mag dit daarom nog nie 'n prikkel daartoe wees nie. Derhalwe moet die getroudes in ag neem dat nie alle dinge vir hulle geoorloof is nie. Maar elke man moet hom in matigheid gedra teenoor sy vrou; ook die vrou teenoor haar man. Hulle moet so optree dat hulle geheel en al niks toelaat wat die eerbaarheid en selfbeheersing van die huwelik onwaardig is nie. Want so moet die huwelik, wat in die Naam van die Here gesluit is, tot gematigdheid en selfbeheersing gevoer word, en nie oorspoel tot die uiterste losbandigheid nie. Ambrosius het hierdie buitensporigheid met 'n streng maar gepaste woord geskets. Hy het die man wat hom in die gemeenskap binne die huwelik nie oor skaamte of eerbaarheid bekommer nie, beskryf as iemand wat in owerspel met sy vrou lewe.

Die Here verbied ons ook om ons medemens tot onkuisheid te verlei deur prikkelende versiering van die liggaam, suggestiewe gebare en vuil gesprekke . . . Tereg het iemand aan 'n jongeling wat verwyfd en uitspattig gekleed was gesê: dit is nie ter sake in watter opsig jy 'n wellusteling is nie . . . God verfoei alle onreinheid, hoe dit ook al tot uiting kom.

Daarom .. . moet jou hart hier binne nie brand van slegte begeerte nie. Jou oë moet nie wellustig aanleiding word tot verdorwe begeertes nie; jou liggaam moet nie opgesmuk word as lokmiddel nie; jou tong moet nie deur smerige woorde jou gees tot dergelike gedagtes verlei nie; jou keel moet jou gedagtes nie deur oordadigheid laat vlam vat nie.

Inst. II, 8, 44

*Here, skerp dit by ons in dat ons sonder heiligmaking U nie sal sien nie.*

## 21 Februarie

*Rom. 13:8-14*

DIE AGSTE GEBOD

*Jy mag nie steel nie. - Ex. 20:15*

Die bedoeling van hierdie gebod is dat aan elkeen gegee word wat hom toekom. Want onregverdigheid is vir God 'n gruwel. Die hoofinhoud is dus dat ons verbied word om ander mense se goed te begeer. Gevolglik word ons gebied om alles in ons vermoë toe doen om elke medemens se goed te beskerm. Want 'n mens moet daarop let dat dit nie deur 'n toevallige lot is dat elkeen besit wat hy het nie, maar deurdat die soewereine Heer van alle dinge dit verdeel. Derhalwe kan jy niemand se goed deur skelmstreke in besit kry sonder om te sondig teen die uitdeling van God nie.

Daar is baie soorte diefstal. Die een bestaan in geweldpleging, soos wanneer 'n ander se goed gewelddadig geroof word en onbeskaamd weggedra word. 'n Ander bestaan in kwaadwillige bedrog, soos wanneer die medemens se goed op bedrieglike wyse onderskep word. Nog een - meer bedek en geslepe - is wanneer die goed onder die skyn van reg afgepers word. 'n Ander weer in vleiery, soos wanneer dit onder die voorwendsel van skenking afgebedel word.

Ons kan nie alle soorte diefstal hier opnoem nie. Maar ons moet weet dat alle kunsgrepe waardeur ons ander se besittings bekom, as diefstal beskou moet word. Ons bedoel dié kunsgrepe wat die begeerte om te bedrieg in die plek stel van die opregte liefde, of wat op enige ander manier skade wil berokken. Al handhaaf sulke mense hulle ook voor die regbank, gee God tog 'n ander uitspraak. Hy sien die lang reeks vangnette waardeur 'n sluwe mens 'n eenvoudige gees algaande verstrik totdat hy hom uiteindelik in sy vangnet het. Hy sien die harde en onmenslike wette waarmee dié wat sterker is, die geringes verdruk en vertrap. Hy sien die lokmiddels waarmee die slimmes die niksvermoedende aan 'n hoek vang.

Inst. II, 8, 45

*Here, leer ons om steeds as in u teenwoordigheid ons naaste se goed te hanteer.*

## 22 Februarie

*Jak. 5:1-6*

**MEER OMTRENT** DIE AGSTE **GEBOD**

> *Slawe, wees gehoorsaam aan julle base hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is. Moenie net werk om deur julle base raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie ... - Ef. 6:5, 6*

Die verbreking van hierdie gebod vind nie net plaas ten opsigte van geld, handelsware of landerye nie. Dit het ook betrekking op elke vorm van reg. Want ons ontneem ons naaste hul goed as ons diens aan hulle weier wat ons aan hulle verskuldig is. Dit is ook die geval as 'n bestuurder, of 'n lui opsigter, sy baas se goed verkwis of nie omsien na sy besittings nie . . . Verder ook as 'n dienskneg ... sy baas se geheime verklap of op enige manier sy lewe sowel as sy goed verraderlik uitlewer.

Maar as 'n baas sy mense wreed mishandel, is hy weer voor God aan diefstal skuldig. Hy wat nie aan ander gee wat hulle na behore toekom nie, hou die ander se goed terug en lê daarop beslag.

Ons sal dus die gebod na behore gehoorsaam indien ons: tevrede met ons lot geen ander wins probeer behaal behalwe eerlike wins nie; indien ons nie begeer om met onreg ryk te word nie, en ook nie planne beraam om ons naaste van sy vermoë te beroof met die doel om ons eie te laat aangroei nie; indien ons nie daarna streef nie om wrede rykdomme, wat uit ander se bloed gepers is, op te stapel, en indien ons nie onbeheers van alle kante - deur reg en onreg - besittings saamraap om daardeur ons hebsug te versadig of ons verkwistingsdrang te bevredig.

Laat ons ons eerder daarop toelê om almal soveel moontlik met raad en daad by te staan sodat hulle kan behou wat aan hulle behoort. En indien ons te doen het met die troueloses en bedrieërs, moet ons liewer gewillig wees om iets af te gee as om met hulle te twis.

Inst. II, 8, 45 en 46

*Here, leer ons om met selfverloëning ons naaste lief te hê.*

## 23 Februarie

*Kol. 3:9-17*

DIE NEGENDE GEBOD

*Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. - Ex. 20:16*

Die doel van hierdie gebod is dat die waarheid sonder valse skyn by ons 'n ereplek moet hê. Die rede hiervoor is dat God, wat die Waarheid is, die leuen verfoei. Die hoofinhoud van die gebod is dus dat ons nie deur laster en valse beskuldigings iemand se naam mag skend of hom met leuens skade berokken nie. Ook nog: dat ons niemand deur beswaddering en bespotting moet seermaak nie . . .

Dit lyk of die Here die betekenis van sy gebod met hierdie woorde nader wou verklaar (Ex. 23:1): "Jy mag geen valse gerug rondstrooi nie. Verbind jou nie met die skuldige om 'n kwaadwillige getuie te wees nie." En ook (vers 7): "Hou jou ver van die leuen af. . ."

Dit kom nie daarop aan of jy meen dat hier sprake is van 'n plegtige getuienis voor die regbank, of van 'n gewone getuienis in private gesprekke nie . . .

Dit is verbasend dat mense met soveel rustige selfversekerdheid kan skinder. Daar is maar min wat nie aan dié siekte ly nie. Ons vind met 'n soort venynige behaaglikheid daarin plesier om ons naaste se gebreke uit te snuffel en ten toon te stel . . .

Ja, die gebod sluit ook dit in: dat ons ons nie op 'n gekunstelde wyse op skerts wat van bittere skimp deurtrek is, moet toelê nie. Hierdeur word ander se foute dan onder die dekmantel van skerts bytend gehekel. Hulle staan kamtig bekend vir hul geestigheid, maar intussen laat hulle ander van verleentheid bloos en sug . . .

Ons moet daaraan dink dat ook die gretigheid om na 'n onbeskaamde geskinder te luister, verbied word.

Inst. II, 8, 47 en 48

*O Here, wees my genadig en tem U my tong.*

## 24 Februarie

*Rom. 7:4-7*

DIE TIENDE GEBOD

> *Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. - Ex. 20:17*

Die doel van dié gebod is dat alle begeerte wat in stryd is met die liefde, uit ons harte verban moet word. Want God se wil is dat die hele siel vol moet wees van die gesindheid van liefde. Die hoofinhoud is dus dat geen gedagte by ons mag insluip wat ons sou kan ontstig met 'n begeerte wat skadelik is en ander benadeel nie. Hiermee strook die gebod: dat wat ons ook al uitdink of oorweeg, wil en oordink, vir ons naaste goed en voordelig moet wees.

God gebied dus 'n wonderlike gloed van liefde. Hy wil nie dat dit selfs met die geringste sprankies van begeerte belemmer word nie. Hy wil 'n hart hê wat wonderlik saamgestel is. Hy wil nie hê dat dit selfs deur die geringste prikkels teen die Wet van liefde beweeg word nie.

Augustinus het die eerste dié pad vir my oopgemaak. Moet dus nie dink dat dit nie kragtig gerugsteun word nie. Dit was wel die Here se bedoeling om elke slegte begeerte te verbied. Maar Hy het net die dinge wat ons meestal bekoor, as voorbeeld gestel. Hy wil die begeerte in geen opsig vrye teuels gee nie: Hy trek die aandag af van die dinge waarop die begeerte versot is en waarin die begeerte hom verlustig.

Inst. II, 8, 49 en 50

*O Here, leer ons tog al hoe meer insien dat die begeerte sonde voortbring en sonde die dood.*

## 25 Februarie

*Matt. 22:34-40*

OM LIEF TE HÊ IS OM DIE WET TE ONDERHOU

> *Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. - 1 Joh. 5:2*

Die strekking van die hele Wet is om in alle opsigte te doen wat reg is. Dit is nie moeilik om dit vas te stel nie. Die doel hiervan is om die mens se lewe te vorm na die voorbeeld van die Goddelike volmaaktheid. God het sy natuur so daarin geteken dat jy sy beeld in 'n mate in jou lewe tot uitdrukking kan bring. Dit wil sê, indien jy wat daarin beveel word, uitleef.

Toe Moses die Israeliete aan die hoofinhoud van die Wet wou herinner, het hy gesê: "En nou, Israel, wat eis die HERE jou God van jou as net om die HERE te vrees, in sy weë te wandel, en om Hom lief te hê en te dien met jou hele hart en met jou hele siel, en om sy gebooie te bewaar?" (Deut. 10:12).

En telkens as die Wet se doel aangetoon moes word, het hy nie nagelaat om dit vir hulle te herhaal nie. Die inhoud van die Wet is dus hierop toegespits: om die mens deur lewensheiligheid aan sy God te verbind, en - soos Moses elders sê - om te sorg dat hy God aanhang.

Die vervolmaking van hierdie heiligheid is in twee hoofsake geleë wat reeds vermeld is. Om mee te begin: ons moet die Here onse God liefhê met ons hele hart, met ons hele siel en met al ons kragte. En ook ons naaste soos onsself. Ons siel moet allereers vol wees van God se liefde. Daaruit sal die liefde dan dadelik na die naaste oorvloei ...

Daar is mense wat net die droë en dorre basiese gedagtegang ondersoek - asof die Wet net dit as die wil van God wil voorhou.

Hulle begryp niks van sy bedoeling nie.

Inst. II, 8, 51

*O Gees van God, vervul ons harte met u liefde, sodat óns ook waarlik lief kan hê.*

## 26 Februarie

*Luk. 10:25-37*

DIE NAASTELIEFDE

*(Die liefde) soek nie sy eie belang nie ... - 1 Kor. 13:5*

Wanneer ons lewe in alle opsigte die meeste vir ons broers beteken, beantwoord dit die beste aan God se wil en die voorskrifte van sy Wet. Laat ons hieraan vashou. In die hele Wet staan egter geen enkele lettergreep wat die mens tot voordeel van sy eie verdorwe natuur moet doen of laat nie . . .

Hieruit is dit duidelik dat... hy wat so min as moontlik vir homself leef en ywer, die beste en die heiligste leef. Dit blyk ook dat niemand slegter en sondiger leef as hy wat net vir homself leef en ywer en net aan sy eie voordeel dink en dit nastreef nie. Ja, die Here het selfs die naasteliefde volgens ons eieliefde laat bepaal. Hy het dit gedoen om nog sterker te beklemtoon hoe gretig ons moet wees om ons tot naasteliefde te laat oorreed. Hy kon inderdaad geen hartstogteliker en kragtiger emosie noem nie.

Daar is verder geen rede om die gebod van die liefde net tot ons familielede te beperk nie. Ons lei dit af uit Christus se gelykenis van die Samaritaan (Luk. 10:27 e.v.). Hy het daarin aangetoon dat onder die woord "naaste" elkeen - ook 'n totale vreemdeling - ingesluit word. Ek ontken egter nie dat namate iemand nouer aan ons verbind is, hy deur ons optrede soveel intiemer bygestaan moet word nie . . .

Maar ek sê dat die ganse mensdom, sonder uitsondering, deur 'n gesindheid van liefde omarm moet word. Ek sê verder dat hier geen onderskeid is tussen barbaar of Griek, waardige of onwaardige, vriend of vyand is nie. Hulle moet immers in God, en nie in hulself nie, beskou word ...

Dit is die grondbeginsel: ons moet die mens liefhê wie hy ook al is. Want ons het God lief.

Inst. II, 9, 54 en 55

*Ons bid om die gesindheid van die barmhartige Samaritaan.*

## 27 Februarie

*Gen. 22:6-14*

ABRAHAM SE GELOOF GETOETS

> *Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. - Hebr. 11:17*

Kyk ons na sy geloof, moet Abraham vir ons gelykstaande wees aan 'n honderdduisend ander. Sy geloof word ook vir ons as 'n model voorgehou. En ook ons sal tot sy geslag gereken word as ons God se kinders is

Wat sy lewenservaringe betref: hy is skaars deur God se bevel geroep, of hy word van sy vaderland, ouers en vriende losgeskeur - asof die Here hom volgens 'n bepaalde plan van alle lewensgenot wou beroof. . . Onmiddellik nadat hy die land waar hy beveel was om te woon, binnegetrek het, dryf hongersnood hom daaruit . . .

Oral waar hy gaan, tref hy bure aan wat vreeslik wreed is. Hulle laat hom selfs nie toe om water te drink uit die putte wat hy met groot inspanning gegrawe het nie . . .

En dan, wanneer hy so oud is dat hy onvrugbaar is, besef hy dat hy met kinderloosheid gestraf is. Dit is die onaangenaamste en bitterste ervaring van sy lewe. Totdat hy onverwags Ismael verwek. Ismael se geboorte kom hom egter duur te staan; hy word deur Sara se verwyte vermoei. Sy beskuldig hom as 't ware dat hy - deur die slavin se hardkoppigheid aan te moedig - sélf die oorsaak van die huislike moeilikhede was.

Uiteindelik word Isak gebore. Maar dit is ten koste van Ismael, die eersgeborene, wat uitgejaag en verlaat word, byna soos 'n vyand verdryf word. Net Isak bly oor en die afgematte, goeie ou man vind troos in hom. Maar kort daarna word hy beveel om hom te offer... Kortom, in sy hele lewensloop is hy so rondgegooi en geteister, dat as iemand 'n lewe vol beproewings sou wil skilder, hy nie 'n geskikter voorbeeld sou kon vind nie.

Inst. II, 10, 11

*Here, vorm ons tot kindskap van Abraham, die vader van die gelowiges.*

## 28 Februarie

*Gen. 7:7-10*

JAKOB WORD GELOUTER

| *U sal trou bewys aan Jakob ... - Miga 7:20* |
|---|

Jakob is inderdaad niks anders nie as 'n merkwaardige voorbeeld van uiterste ongelukkigheid. Sy kinderjare bring hy deur in 'n huis vol onrus onder die geniepsigheid en skrikbewind van sy ouer broer. Uiteindelik word hy gedwing om die wyk te neem. Dit is vir hom bitter om as voortvlugtige weg van sy ouers en geboortegrond af in ballingskap te leef. Bowendien ontvang sy oom Laban hom nie vriendelik en menslik nie . . .

Wanneer hy (met sy terugreis) sy broer tegemoetgaan, staar soveel dode hom in die gesig as wat maar deur 'n wrede en vyandige mens bedink kan word.

Boonop word Ragel - die vrou vir wie hy so buitengewoon lief was -van hom weggeneem toe hy sy vaderland binnekom. Later hoor hy dat sy seun, vir wie hy liewer was as sy ander kinders omdat *sy* hom in die lewe gebring het, deur 'n wilde dier verskeur is. Jakob sê self hoeveel droefheid sy seun se dood hom besorg het. Na baie gehuil, weier hy hardnekkig om getroos te word. Hy laat vir homself geen ander keuse nie as om met smart na sy seun in die graf neer te daal. . .

En wanneer hy, teen die end van sy lewe tydens 'n hongersnood vir hom en sy mense hulp soek, skok die berig van 'n nuwe ramp hom. Hy hoor dat 'n ander seun aangehou word. En om hom terug te kry, is hy verplig om Benjamin, sy enigste troos, aan ander se sorg toe te vertrou...

Hy kan die beste oor homself getuig en het Farao verseker sy beste dae op aarde was min en vol teëspoed . . .

Indien sy versekering waar was, dan volg daaruit dat hy sy hoop nie op aardse dinge gevestig het nie.

Inst. II, 10, 12

*Getroue God, in die grootste teëspoed bly U ons troos en verwagting.*

## 29 Februarie

*Jak. 4:13-17*

AS DIE HERE WIL

> *Julle moet eerder sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen." - Jak. 4:15.*

Jakobus veroordeel hier 'n ander soort hoogmoed: baie, wat op die voorsienige leiding van God moes vertrou het, het vol selfvertroue besluit wat hulle sou doen. Lank vooruit het hulle hul planne gemaak, asof hulle baie jare in hul eie hand gehad het. Hulle het egter nie eens oor een oomblik sekerheid gehad nie. Salomo het hierdie soort belaglike grootpratery gevat gehekel waar hy sê: "Die planne van die hart is van die mens, maar die antwoord van die tong kom van die Here" (Spr. 16:1). Dit is immers baie onsinnig om te onderneem om uit te voer wat ons nie eens op ons lippe mag hê nie.

Jakobus het dit nie soseer teen die spreekwyse nie. Hy het dit teen die domastrantheid wat meebring dat mense hul eie broosheid vergeet en hulle so oormoedig uitlaat. Die vromes ag hulleself gering en erken dat hul voetstappe deur die wil van God gerig word. Tog sê hulle onnadenkend dat hulle dit of dat sal doen. Dit is seker reg en belangrik om, indien ons iets met betrekking tot die toekoms beloof, ons daaraan gewoond te maak om hierdie uitdrukkings te gebruik: "As dit God behaag" of: "As God dit toelaat".

Weliswaar bestaan godsdiens nie in iets wat bygesleep moet word nie, asof dit sonde is om die woorde weg te laat. Immers, oral in die Skrifte lees ons tog dat die heilige diensknegte van God sonder toevoeging van dié bepaling oor die toekoms gepraat het. Maar hulle het dit wel as iets onomstootliks in die binneste bewaar dat hulle niks sonder die toelating van God kan doen nie.

Kommentaar op Jak. 4:13. Opera LV, col. 421

*Here, leer ons om altyd in alle nederigheid u voorsienige leiding te erken.*

## 1 Maart

*1 Tim. 2:1-7*

DIE MIDDELAAR

*Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. - Joh. 1:14*

As gesê word (Joh. 1:14) die Woord het mens geword, moet dit nie so verstaan word dat Hy of in 'n mens verander is, of geheel en al met menswees vermeng is nie. Dit word so gestel omdat die Woord die maagd se skoot vir Hom as 'n tempel gekies het om in te woon.

Hy wat die Seun van God was, het die Seun van die mens geword nie deur vermenging van die wese van God en die wese van die mens nie, maar omdat Hy een Persoon het. Trouens, ons sê die Godheid is so met die mensheid verbind en verenig, dat Hy elkeen van die twee nature wat aan Hom eie is, volledig behou het. Die een Christus word tog uit die twee tot stand gebring.

As iets onder menslike sake gevind kan word wat enigsins hiermee vergelykbaar is, is dit die mens. Soos ons sien, bestaan hy uit twee wesenhede. Maar nie een is so met die ander vermeng dat hy nie die kenmerkende van sy eie behou nie. trouens, die siel is nie die liggaam nie; en die liggaam ook nie die siel nie. En daarom word dinge oor die siel gesê wat glad nie op die liggaam van toepassing is nie. Aan die ander kant word dinge omtrent die liggaam vermeld wat glad nie van die siel geld nie. Oor die hele liggaam word dinge gesê wat, sonder om dwaas te wees, nog van die siel nog van die liggaam aanvaar kan word.

Ten slotte: die eienskappe van die siel word op die liggaam oorgedra, en die liggaam se eienskappe op die siel. En tog is hy wat uit dié twee bestaan, net één mens - nie meer nie.

Inst. II, 14, 1

*Wonderlike Heiland, ons val in aanbidding voor U neer!*

## 2 Maart

*Hebr. 12:22-29*

MEER OOR DIE MIDDELAAR

*Daarom is Hy ook die Middelaar van 'n nuwe verbond. - Hebr. 9:15*

Die aandag is daarop gevestig dat daar in die mens net een persoon is. Dit is uit twee wesenhede saamgestel wat onderling verbind is. Verder: dat daar twee verskillende nature is wat hierdie persoon vorm. En so praat die Skrif ook oor Christus. Dit skryf soms dinge aan Hom toe wat in die besonder op sy mensheid betrekking het; soms dinge wat spesiaal by sy Godheid pas; soms dinge wat albei nature insluit - maar tog nie by enigeen afsonderlik pas nie.

Paulus sê van Hom iets wat nie by sy mensheid pas nie. Dit is naamlik dat Hy die Eerste is, verhewe bo die hele skepping (Kol. 1:15), wat voor alles rééds daar was en in wie alles in stand bly (Kol. 1:17). Wat Hy van Homself sê (Joh. 17:5) pas ook nie by sy mensheid nie. Dit is naamlik dat Hy reeds vóór die wêreld bestaan het, die Vader se heerlikheid gehad het. Ook dat Hy saam met die Vader werk (Joh. 5:17). Dit is dus seker dat hierdie en dergelike dinge spesiaal aan sy Godheid toegeken word.

Maar dat Hy die dienskneg van die Vader genoem word (Jes. 42:1 en ander plekke), dat van Hom gesê word dat Hy verstandelik en liggaamlik gegroei het; ook by God en die mense al hoe meer in guns was (Luk. 2:52), dit geld geheel en al net van sy mensheid. En ook: dat van Hom gesê word dat Hy nie sy eie eer soek nie (Joh. 8:50); nie weet wanneer dit die laaste dag sal wees nie (Mark. 13:32); nie uit sy eie gepraat of sy eie wil gedoen het nie (Joh. 14:10; 6:38), en dat Hy gesien en betas is (Luk. 24:39).

Trouens, as God kan Hy in niks toeneem nie. En Hy doen alles ter wille van Homself. As God is niks vir Hom weggesteek nie; Hy doen alles na sy eie, vrye wil, en is onsienlik en ontasbaar.

Inst. II, 14, 1 en 2

*Ons dank U vir die nuwe verbond wat ons mede-erfgename van U maak.*

## 3 Maart

*Matt. 16:13-18*

DIE KERK RUS OP DIE ROTS VAN DIE EEUE

> *"...en Hy sal as koning oor die huis van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie." - Luk. 1:33*

So dikwels as ons verneem dat Christus met ewige mag toegerus word, moet ons onsself daaraan herinner dat die ewige bestaan van die kerk op hierdie steunpunt rus. Gevolglik bly die kerk behoue te midde van die stormagtige beroeringe waardeur hy voortdurend geteister word. Te midde van die swaar en geweldige woelinge wat hom met tallose onheile bedreig, bly hy bewaar.

So ook wanneer Dawid (Ps. 2:2 e.v.) lag oor die vermetelheid van die vyande wat probeer om die juk van God en sy Gesalfde van hulle af te gooi. Hy sê die konings en volke is tevergeefs rumoerig, omdat Hy wat in die hemel woon, sterk genoeg is om hulle aanvalle af te slaan. Terwyl God die vromes so verseker van die voortdurende bewaring van die kerk, bemoedig Hy hulle om die goeie te hoop, so dikwels as wat hulle verdruk word.

Elders sê Dawid (Ps. 110:1) in die Persoon van God: "Kom sit aan my regterhand, en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp." So wys hy daarop dat baie magtige vyande se kragte nie genoeg is om iets teen die onveranderlike besluit van God te vermag nie. Daarmee bedoel hy die besluit waardeur Hy sy Seun tot 'n ewige Koning gestel het. Dit is die geval al span hulle ook saam om die kerk te bestry. Daaruit volg dat dit onmoontlik is vir die duiwel, met al die wêreldse werktuie, om die kerk wat op die ewige heerskappy van Christus gegrondves is, te kan vernietig.

Wat die besondere seën vir elkeen betref: die gedagte dat daar 'n ewigheid is, moet ons ophef tot die hoop op 'n geluksalige onsterflikheid. Want ons merk dat alles wat aards en van die wêreld is, tydelik en selfs verganklik is.

Inst. II, 15, 3

*Here, laat ons tog verstaan dat u koninkryk van die ewige orde is.*

## 4 Maart

*Matt. 6:19-26*

DIE WÊRELD GAAN VERBY

*"Julle kan nie God én Mammon dien nie." - Matt. 6:24*

Ons moet weet dat al die geluk wat ons in Christus beloof word, eie aan die hemelse lewe is. Dit bestaan nie in uiterlike voordele nie, naamlik dat ons 'n vrolike en gelukkige lewe sal lei, in rykdom gedy, veilig is teen alle skade en ons baai in die genietinge wat die sondige natuur begeer...

Daar is diegene wat meer as wat betaamlik is tot die aarde geneig is. Die Here het hulle beveel om hul gewetens te ondersoek: "Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van geregtigheid, vrede en vreugde, wat die heilige Gees ons gee" (Rom. 14:17). Die rede hiervoor is dat hulle nie soos dwase vasgevang sou word in uiterlike vertoon nie.

Hier word ons bondig geleer wat die koninkryk van Christus inhou. Want dit is geestelik - nie aards of wêrelds en gevolglik aan verdorwenheid onderhewig nie. Daarom hef dit ons op na die ewige lewe. Ons kan dan hierdie lewe met sy kommer, honger, koue, beskimping en ander onaangenaamhede geduldig voer. Één ding maak ons egter baie gelukkig. En dit is dat ons Koning ons nooit in die steek sal laat nie, maar ons in ons nood sal help. So sal dit wees totdat ons krygsdiens agter die rug is. Daarna sal ons tot oorwinning geroep word. Want sy regering is so dat Hy ons laat deel in alles wat Hy van die Vader ontvang het.

Omdat Hy ons met sy mag bewapen en toerus, met eer en heerlikheid versier en met skatte verryk, het ons oorvloedige rede om God te prys. Ons word ook vertroue ingeboesem om onverskrokke teen die duiwel, die sonde en die dood te stry.

Inst. II, 15, 4

*Here, ons bid vir genade om ons oog op Jesus te rig, die Leidsman en die Voleinder van die geloof.*

## 5 Maart

*Ef. 3:14-21*

UIT SY OORVLOED

*Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang. - Joh. 1:16*

Christus se koninklike salwing was nie met olie of salf wat lekker ruik nie. Hy word eerder die Christus of Gesalfde van God genoem omdat die Gees van wysheid, van verstand, van raad, van sterkte en die vrees van God altyd op Hom gerus het (Jes. 11:12). Dit, volgens Psalm 45:8, is die vreugde-olie waarmee Hy bo sy tydgenote gesalf is. Want indien in Hom nie so 'n voortreflikheid was nie, was ons almal arm en hongerig. Trouens, die Skrif sê ook dat Hy nie vir Homself verryk is nie, maar sodat Hy die hongeriges en dorstiges met sy oorvloed sou vul. Daar word gesê dat die Vader die Gees sonder enige beperking aan die Seun gegee het (Joh. 3:34). Die rede daarvoor is dat ons almal uit sy oorvloed ook genade op genade ontvang (Joh. 1:16). En uit dié bron stroom die oorvloed waarvan Paulus praat (Ef. 4:7). Uit dié oorvloed kry gelowiges genadegawes volgens die mate waarin Christus die gawes uitdeel.

Dit is voldoende bevestiging vir wat ek gesê het: dat die koninkryk van Christus geestelik is. Dit bestaan nie in aardse genietinge of weelde nie. Daarom moet ons van die wêreld afskeid neem sodat ons aan dié ryk kan deel hê.

Wat die hemelse lewe betref, ons het hoegenaamd geen krag nie behalwe wat die Heilige Gees aan ons gee. Hy werk vanuit Christus. En so stroom die hemelse rykdomme waaraan ons so arm is, oorvloedig van Hom oor ons uit.

Inst. II, 15, 5

*Gee dat ons vervul mag word volgens u genadige beskikking.*

## 6 Maart

*2 Kor. 5:14-21*

MET GOD VERSOEN

*. . . deur die dood van sy Seun met God versoen ... - Rom. 5:10*

Ons moet ook kortliks let op die doel en voordeel van Christus se priesterskap. Dit kom hierop neer dat Hy 'n Middelaar sonder enige smet is, wat deur sy heiligheid God met ons versoen. Die regverdige vloek versper die weg na God. Hy is kragtens sy amp as Regter toornig op ons. Daarom is 'n versoenende offer noodsaaklik; so verwerf Christus as Priester vir ons guns met die doel om God se toorn te stil. Om hierdie amp vir ons te vervul, moes Christus met 'n offer kom om versoening te bewerk. Want ook onder die wet van die priesterskap kon die heiligdom nie sonder bloed binnegegaan word nie.

Die priester het wel as voorbidder tussen God en die volk opgetree. Maar die gelowiges moes weet dat God tog nie gunstig gestem kon word nie, tensy die sondes vergewe is. In die brief aan die Hebreërs word dit uitvoerig bespreek (hoofstukke 7-10). In hoofsaak kom dit hierop neer: dat die eer van die priesterskap alleen Christus toekom; en dat Hy deur die offerande van sy dood ons skuld uitgedelg en vir ons sondes betaal het.

Ons word aan die uiterste belangrikheid van hierdie saak herinner deur daardie plegtige eed van God, wat Hy sonder berou uitgespreek het: "Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek" (Ps. 110:4).

Want Hy wou ongetwyfeld daardie punt beklemtoon wat Hy geweet het die kern van ons saligheid is. Soos trouens gesê is: vir ons en ons gebede is die toegang tot God geslote. Daarvoor moet Christus as Priester ons eers deur die afwassing van ons sondes heilig. Daarvoor moet Hy ook vir ons die genade verwerf waarvan die onreinheid van ons misdade en sondes ons weghou.

Inst. II, 15, 6

Here Jesus, dat U ons met God versoen het, sal ons loflied vir ewig bly.

## 7 Maart

*Openb. 5:11-14*

GEEN ANDER NAAM

> *". ..en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hul sondes sal verlos."- Matt. 1:21*

Ons wat in onsself vervloek, dood en verlore is, soek in Hom die geregtigheid, die verlossing, die lewe en die saligheid. Dit leer Petrus se merkwaardige woorde ons: dat geen ander Naam op die aarde aan die mense gegee is waardeur ons verlos moet word nie (Hand. 4:12).

Die naam Jesus is ook waarlik nie sonder rede, of per toeval, of deur die wil van mense aan Hom gegee nie. 'n Engel uit die hemel, 'n boodskapper van die Allerhoogste se besluit, het dit gebring. Die rede word ook gegee: Hy is gestuur om sy volk van hul sondes te verlos (Matt. 1:21; Luk. 1:31). En uit dié woorde blyk dat die amp van Verlosser aan Hom opgedra is sodat Hy ons Saligmaker kan wees.

Maar die verlossing sou tog gebrekkig wees as Hy ons nie steeds voortlei na die einddoel van ons saligheid nie. Die saligheid, wat in Hom gesetel is, verdwyn daarom sodra ons in die minste van Hom afwyk. Dus: almal wat nie in Hom tot rus kom nie, beroof hulself- uit eie beweging - van alle genade.

In dié verband is Bernard van Clairveaux se woorde van belang, naamlik dat die naam Jesus nie alleen lig is nie, maar ook voedsel. Dit is ook olie, waarsonder die siel se voedsel droog sou wees. Dit is sout, waarsonder alles wat voorgesit word, smakeloos is. Dit is, ten slotte, heuning in die mond, musiek in die ore, 'n jubeltoon in die hart, en terselfdertyd medisyne. As sy naam nie daarin gehoor word nie, is alle redenasies onsinnig.

Inst. II, 16, 1

*Nooit volprese Heiland, na wie toe anders sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe.*

## 8 Maart

*Rom. 5:5-11*

LOSGEKOOP VAN DIE VLOEK EN DIE EWIGE DOOD

> *Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. - Gal. 3:13*

Die Skrif leer ons dat die mens deur die sonde van God vervreem is. Hy het 'n erfgenaam van die toorn geword. Die Skrif sê ook dat hy onder die vloek van die ewige dood staan. En hy is uitgesluit van alle hoop op saligheid en het geen deel aan enige seën van God nie. Volgens die Bybel is hy 'n slaaf van Satan, gevange onder die juk van die sonde, en bestem vir 'n vreeslike uiteinde waarin hy reeds verstrik is.

Maar die Skrif leer ook dat Christus hier as Voorspraak ingetree het; Hy het die straf op Hom geneem en daarvoor betaal. Die straf het volgens God se regverdige oordeel oor die koppe van sondaars gehang. Vir die slegte dinge waaroor God hulle gehaat het, het Christus met sy bloed die offer gebring. Deur hierdie offer is God die Vader tevrede gestel en is Hy versoen. Deur dié Borg is God se toorn gestil. Op dié fondament rus die vrede wat God met die mense het. Deur dié band wys Hy dat Hy welwillend is. Sal die mens dan nie deur dit alles -namate dit lewendiger aan hom voorgestel word - beter besef uit watter ellende hy verlos is nie?

Kortom, ons siel kan die lewe wat ons deur die barmhartigheid van God verkry, nie met genoeg verlange aangryp nie. Hy kan dit ook nie met die paslike dankbaarheid ontvang nie. Dit kan alleen gebeur indien hy eers deur die vrees vir God se toorn en die verskriklikheid van die ewige dood oorweldig en verskrik is. Daarom word ons so deur die Skrif onderrig. So besef ons dan dat God sónder Christus in 'n sekere sin vyandig teenoor ons staan. En dat sy hand vir ons ondergang gewapen is.

Inst. II, 16, 2

*O Here, ons dank U dat U ons oorweldig en verskrik met die doel om ons te behou.*

## 9 Maart

*Ef. 1:1-6*

DIE EWIGE LIEFDE VAN GOD

> *Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. - Rom. 5:8*

Paulus sê die liefde waarmee God ons vóór die skepping van die wêreld liefgehad het (Ef. 1:4) is in Christus gevestig en gefundeer. Dit is duidelik en ooreenkomstig die Skrif. En dit laat twee Skrifgedeeltes pragtig klop. Die een plek is Joh. 3:16 waar gesê word dat God sy liefde vir ons daarin betoon dat Hy sy enigste Seun tot in die dood gegee het. Die ander plek is Rom. 5:10. Hier sê Hy dat Hy ons vyand was voordat Hy deur Christus se dood versoen is.

Augustinus getuig: "God se liefde is onbegryplik en onveranderlik. Want Hy het ons nie eers begin liefhê nadat ons deur die bloed van sy Seun versoen is nie. Inteendeel. Hy het ons reeds vóór die grondlegging van die wêreld liefgehad... dit is nie asof die Seun ons met God versoen het sodat Hy sou begin om dié wat Hy gehaat het lief te hê nie. Ons is eerder met Hom versoen - met wie ons weens die sonde in vyandskap was - terwyl Hy ons rééds liefgehad het. Laat die apostel getuig of ek die waarheid praat: God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Rom. 5:8). Hy het ons dus op wonderbare en Goddelike wyse liefgehad - ook toe Hy ons gehaat het. Want Hy het ons gehaat in so verre ons was soos Hy ons nie gemaak het nie. Ons ongeregtigheid het egter nie sy werk in alle opsigte vernietig nie. Daarom het Hy geweet om terselfdertyd dit in elkeen van ons te haat wat deur onsself gemaak is; en andersyds om lief te hê wat Hy gemaak het."

Inst. II, 16, 4

*Here, ons aanbid U in u wonderlike en onveranderlike liefde en trou.*

## 10 Maart

*Jes. 53:1-7*

DIE ONSKULDIGE VRYWILLIG VEROORDEEL

> *Soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoor saamheid van die een Mens geregverdig word. - Rom. 5:19*

Christus se vrywillige onderwerping is die belangrikste aspek van sy gehoorsaamheid. Want sy offerande sou vir ons saligheid niks beteken het indien dit nie vrywillig gebring is nie. Wanneer die Here getuig dat Hy sy lewe vir sy skape aflê, voeg Hy derhalwe ook uitdruklik by: "Niemand neem dit van My af nie" (Joh. 10:18). En in dié sin sê Jesaja dat Hy stom was soos 'n lam voor sy skeerders (Jes. 53:7). Die geskiedenis, volgens die Evangelies, vertel ook dat Hy die soldate tegemoetgegaan het, en sonder om Homself te verdedig voor Pilatus gestaan het om veroordeel te word. Dit het egter nie sonder stryd geskied nie, want Hy het ons swakhede op Hom geneem.

Bowendien moes die gehoorsaamheid - wat Hy sy Vader betoon het - op dié manier bewys word. En dit was geen gewone voorbeeld van sy onvergelyklike liefde vir ons nie. Hy het naamlik met verskriklike vrees geworstel en onder gruwelike folteringe sy eie sorg verontagsaam om vir ons te sorg. Ons moet daaraan vashou dat God net op een manier behoorlik versoen kon word: Christus moes van sy eie gevoelens afstand doen, Hom aan sy Vader se oordeel onderwerp, en geheel en al oorgee . . .

Hy het onder Pontius Pilatus gely. So is Hy deur 'n amptelike uitspraak van die heerser onder die kwaaddoeners gereken. En tog verklaar dieselfde regter Hom terselfdertyd regverdig. Pilatus het immers bevestig dat hy geen skuld in Hom vind nie (Joh. 18:38). Dit is ons vryspraak: dat dit wat ons strafwaardig gemaak het, op die Seun van God se hoof oorgedra is.

Inst. II, 16, 5

*Ons dank U dat die straf wat vir ons die vrede aanbring deur U, die Onskuldige, gedra is.*

## 11 Maart

*Kol. 1:18-23*

GENOEGDOENING DEUR DIE KRUISDOOD

> *Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is." - Gal. 3:13*

Die wyse waarop Christus dood is, hou ook 'n besondere verborgenheid in. Die kruis was nie net volgens menslike opvatting vervloek nie, maar ook volgens die besluit van die Goddelike Wet (Deut. 21:23). Waar Christus dus aan die kruis gehang word, stel Hy Hom onder die vloek. En so moes dit gebeur - sodat ons van alle vervloeking verlos kon word, deurdat dit op Hom oorgedra is. Ons bedoel dié vervloeking wat vanweë ons ongeregtighede ons deel was, of liewer: ons neergedruk het . . .

Hy het dus sy lewe as 'n offer gegee vir die strafeisende geregtigheid vanweë die sonde (soos die profeet sê, Jes. 53:5, 11). Daarop is die smet en straf as 't ware gele en word ons nie langer daarvoor verantwoordelik gehou nie. Hieroor getuig die apostel duideliker. Hy leer dat Hy, wat sonder sonde was, deur die Vader sonde gemaak is vir ons (2 Kor. 5:21). So kon ons - deur ons eenheid met Christus - deur God vrygespreek word. Want die Seun van God, wat geheel en al rein van sonde is, het tog die skande en smaad van ons ongeregtighede op Hom geneem en ons met sy reinheid bedek . . .

Daarom gryp die geloof die vryspraak aan wat in Christus se veroordeling verkry word. Ook die seëninge wat uit sy vervloeking voortvloei. En daarom roem Paulus nie sonder rede nie in die triomf wat Christus vir hom aan die kruis verwerf het. Hy doen dit asof die kruis, wat oorlaai was met smaad, in 'n sege-wa verander is! Want, sê hy (Kol. 2:14), die skuldbewys teen ons is aan die kruis vasgespyker, en die owerhede is ontwapen en in die openbaar vertoon. Trouens, die bloed van Christus wat vergiet is, was nie slegs daartoe in staat om te versoen nie. Dit het ook gedien as bad om ons sondes af te was.

Inst. II, 16, 6

*Ons dank U dat U vir ons 'n vloek geword het, en dat U ons deur u bloed gereinig het.*

## 12 Maart

*Rom. 6:1-6*

DOOD EN BEGRAWE

> *Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig. - Hebr. 2:14*

Christus het ook gesterf en is begrawe. Daarin is dit weer duidelik hoe Hy Homself oral in ons plek gestel het om die prys van verlossing te betaal. Die dood het ons onder sy juk gehou; Christus het Hom in ons plek aan hierdie mag oorgegee om ons daaruit te verlos. Dit bedoel die apostel wanneer hy skryf (Hebr. 2:9): Hy het die dood vir ons almal gesmaak. Want deur te sterf het Hy bewerk dat ons nie sou sterf nie. Of - en dit kom op dieselfde neer - deur sy dood het Hy die lewe vir ons teruggekoop.

Maar hierin het Hy van ons verskil: Hy het toegelaat dat die dood Hom verslind - nie om deur die dieptes daarvan verswelg te word nie -maar om dit self te verswelg. Ons bedoel: die dood waardeur ons meteens verswelg moes word. Ook hierin verskil Hy van ons dat Hy hom deur die dood laat onderwerp het. Maar dit was nie om deur sy mag onderwerp te word nie, maar eerder om dit neer te werp. Die dood het ons wat onder sy mag was, bedreig en uitgetart. Kortom, Christus se doel was om die duiwel, wat mag oor die dood gehad het (Hebr. 2:14), deur sy dood te vernietig; ook om hulle te verlos wat in vrees vir die dood, hulle hele lewe lank aan die slawerny onderworpe was. Dit is die eerste vrug wat sy dood vir ons voortgebring het.

Die ander is dat Hy - deur ons deel hê aan Hom - inderdaad ons aardse ledemate doodmaak. Voortaan doen hulle nie meer wat hulle vroeër gedoen het nie. Hy maak die ou mens dood, sodat hy dan nie meer krag het om vrugte te dra nie.

Sy begrafnis dien ook hiertoe: as deelgenote daaraan - ook wat die sonde betref - is ons begrawe.

Inst. II, 16, 7

*Here, gee dat ons al hoe meer mag word wat ons reeds in Christus is: dood vir die sonde.*

## 13 Maart

*Filip. 3:7-11*

DIE OPSTANDING

> *Deur Hom glo julle in God wat Hom uit die dood opgewek en aan Hom heerlikheid gegee het. Daarom is julle geloof en hoop op God gerig. – 1 Petr. 1:21*

Dan volg die opstanding uit die dode. Hiersonder sou dit wat ons tot dusver gesê het, onvolkome wees .. . Ons het in sy dood die volkome vervulling van die saligheid. Dit is die geval omdat ons daardeur met God versoen is, daar aan sy geregtigheid voldoen is, die vloek weggeneem is, en die straf betaal is.

Maar tog word aan ons gesê dat ons nie deur sy dood nie, maar deur sy opstanding wedergebore is tot 'n lewende hoop (1 Petr. 1:3). Want soos Hy oorwinnaar oor die dood geword het deur op te staan, so is die oorwinning van ons geloof eers in sy opstanding geleë.

Die aard daarvan word beter deur Paulus gestel. Want hy sê Christus het weens ons sondes gesterf (Rom. 4:25) en is opgewek sodat ons geregverdig kan word. Dit is asof hy wou sê dat die sonde deur sy dood weggeneem is en dat die geregtigheid deur sy opstanding nuut gemaak en herstel is . . .

Deur sy dood is die sonde vernietig en die dood verdelg; deur sy opstanding is die geregtigheid herstel en is die lewe opnuut gegee.

Dit gebeur op so 'n manier dat die krag en effek van sy dood deur die weldaad van sy opstanding ons toekom.

Daarom sê Paulus dat Christus deur die opstanding (Rom. 1:4) as Seun van God verklaar is. Hy het tóé eers sy hemelse mag getoon. Dit is sowel 'n helder spieël van sy Godheid as 'n vaste steunpunt vir ons geloof.

Inst. II, 16, 13

*Here, gee dat ek Hom kan ken en ook die krag van sy opstanding.*

## 14 Maart

*Hand. 1:6-11*

DIE HEMELVAART

> *"Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur." - Joh. 16:7*

Christus het wel deur sy opstanding begin om aan sy glorie en krag voller glans te verleen ... Maar Hy het tog eers met sy hemelvaart sy Koningsheerskappy begin. Hierop wys die apostel wanneer hy leer dat Hy opgevaar het om alles te besit (Ef. 4:10). Hier herinner hy ons dat daar heerlike harmonie is onder dit wat skynbaar teenstrydig is. Christus het so van ons weggegaan dat sy vertrek nuttiger as sy teenwoordigheid was. Dit is die geval omdat dié teenwoordigheid - solank as Hy op aarde vertoef het - tot die nederige woning van die liggaam beperk was.

Wanneer Johannes die heerlike uitnodiging rig: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom," ensovoorts (Joh. 7:37), voeg hy om dié rede by: dat die Gees toe nog nie aan die gelowiges gegee was nie. Dit was so omdat Jesus nog nie verheerlik was nie. Die Here het dit ook self aan sy dissipels gesê (Joh. 16:7): "Dit is tot julle voordeel dat ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Heilige Gees nie na julle toe kom nie" . . .

Waar Hy dan in die hemel opgeneem is, kon sy liggaam nie meer waargeneem word nie. In dié sin het Hy opgehou om naby die gelowiges te wees wat nog vreemdelinge op aarde is; wel regeer Hy met 'n teenwoordiger krag die hemel en aarde . . .

Augustinus sê: "Wat hierdie teenwoordigheid van sy majesteit betref, het ons Christus altyd. Wat sy teenwoordigheid na die liggaam betref, is tereg aan die dissipels gesê: 'Julle sal My egter nie altyd hê nie.'"

Inst. II, 16, 14

*Here, verhelder ons geloofsoë sodat ons U daarmee kan sien en elke oomblik kan leef asof in u teenwoordigheid.*

## 15 Maart

*Hand. 2:29-35*

AAN DIE REGTERHAND VAN GOD

*"U troon, o God, staan vir ewig vas, met u koninklike septer laat u reg geskied." - Hebr. 1:8*

Christus sit aan die regterhand van die Vader. Hier word 'n vergelyking getref met vorste. Hulle het kommissarisse aan wie hulle die taak opdra om te regeer en te beveel. Die Vader wil in Christus verhef word en deur sy hand wil Hy regeer. Van Hom (Christus) word dus gesê dat Hy aan die regterhand van die Vader gaan sit het (Mark. 16:19; Hebr. 1:3)... 'n Mens sou kon sê dat Hy die uitvoerende mag wat aan Hom toevertrou is, plegtig aanvaar het. En aan Hom is nie net maar eenmaal toegang verleen nie, maar Hy bly daar totdat Hy neerdaal om te oordeel. . .

So dikwels as die apostels van hierdie plek aan die regterhand melding maak (Hand. 2:30 e.v.; 3:21; Hebr. 1:8), bedoel hulle niks anders nie as om te sê dat alles aan sy wil oorgelaat is . . .

Christus het in ons natuur - as 't ware in ons naam - in die hemelse koninkryk ingegaan. Daaruit volg wat die apostel sê (Ef. 2:6), naamlik dat ons in sekere sin reeds saam met Hom in die hemel sit. Ons verwag die hemel nie net deur blote hoop nie, maar in ons Hoof besit ons dit.

Verder weet die geloof dat Christus se setel by die Vader nie sonder groot voordeel vir ons is nie. Want Hy het in die heiligdom ingegaan wat nie met hande gemaak is nie. En daar verskyn Hy in die Vader se teenwoordigheid vir ons as volhardende Advokaat en Voorbidder (Hebr. 7:25; 9:11; vgl. Rom. 8:34). Hy rig die Vader se oë so op sy geregtigheid, dat Hy (die Vader) wegkyk van ons sondes . . .

Die geloof gryp ook sy mag aan, waarin ons sterkte, krag, rykdom en roem teen die hel geleë is. Want toe Hy na die hemel opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem (Ef. 4:8).

Inst. II, 16, 15 en 16

*Here, maak ons oë tog oop om U te sien, U wat ook op die aarde oor alle mag beskik.*

## 16 Maart

*Matt. 24:29-35*

DIE WEDERKOMS EN DIE OORDEEL

> *"Self veroordeel die Vader niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgelaat." - Joh. 5:22*

Christus sal sigbaar van die hemel neerdaal, net soos Hy met sy hemelvaart gesien is (Hand. 1:11; Matt. 24:30). Hy sal voor almal verskyn met die onuitspreekbare majesteit van sy koninkryk. Hy sal voor almal verskyn met die glans van onsterflikheid met die onmeetlike mag van Goddelikheid, onder die begeleiding van die engele.

Daarom word ons beveel om Hom as Verlosser te verwag op daardie dag wanneer Hy die skape van die bokke sal skei, die uitverkorenes van die verworpenes (Matt. 25:31 e.v.; 1 Tess. 4:16). En daar sal niemand wees - lewendes of dooies - wat vir sy oordeel sal kan wegvlug nie. Want van die uithoeke van die aarde sal die klank van die basuin duidelik gehoor word. Daardeur sal almal voor sy regterstoel gedaag word. Dit geld vir sowel dié wat op daardie dag lewendig is as vir hulle wat reeds dood is.

Dit is seker dat almal nie sal sterf nie, maar almal sal verander word (1 Kor. 15:51). Maar wat beteken dit? Hulle sterflike liggaam sal in 'n oomblik ophou om te bestaan en verswelg word; dit sal in 'n heeltemal nuwe natuur verander word . . .

Dié wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal diegene wat nog lewe saam met hulle weggevoer word om die Here tegemoet te gaan in die lug (1 Tess. 4:16, 17).

Daar is vir ons 'n besondere vertroosting: ons hoor dat die oordeel by Hom berus. En Hy het dit reeds so beskik dat ons sal deel in die eer om saam met Hom as regters op te tree (Matt. 19:28). Hoe ver is dit dan tog nie van Hom verwyderd om op die regterstoel te klim om óns te veroordeel nie!

Inst. II, 16, 17 en 18

*O Here, watter troos is dit om te weet dat ons Regter ook ons Verlosser is!*

## 17 Maart

*Kol. 2:6-12*

DIE VOLHEID IN CHRISTUS

*God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon - Kol. 1:19*

Ons bemerk dat ons ganse saligheid - ook elke onderdeel daarvan - in Christus geleë is. Daarom moet ons op ons hoede wees om selfs nie die geringste deeltjie daarvan op iemand anders oor te dra nie.

As ons saligheid soek, dan word ons deur die naam Jesus ("Saligmaker") self geleer om dit by Hom te vind. As ons enige ander gawes van die Gees begeer- in Jesus se salwing sal dit gevind word. So ook sterkte - in sy heerskappy. Reinheid - in sy ontvangenis. Genade - in sy geboorte, waardeur Hy ons in alles gelyk gemaak is sodat Hy waarlik met ons medelye kon hê.

As ons verlossing soek - in sy lyde is dit te vinde. So ook vryspraak -in sy veroordeling. Kwytskelding van die vloek - in sy kruis. Genoegdoening - in sy offerande. Reiniging - in sy bloed. Versoening - in sy neerdaling na die hel. Doding van die liggaam - in sy graf. 'n Nuwe lewe - in sy opstanding. Beërwing van sy hemelse koninkryk - in sy hemelvaart. Beskerming, geborgenheid, oorvloed en rykdom van alles wat goed is - in sy ryk. 'n Rustige afwag van die oordeel - in die mag wat aan Hom gegee is om te oordeel.

Kortom, terwyl daar in Hom die skatte is van alles wat goed is, moet hulle volop van Hom verkry word - nie van elders nie. Want diegene wat met Hom alleen nie tevrede is nie, maar hot en haar na verskillende verwagtinge gevoer word, hou tog nie koers nie. Dit is die geval al slaan hulle ook die oog op Hom, want hul aandag is verdeel. Hierdie gebrek aan vertroue kan egter nie insluip waar die oorvloed van sy goeie gawes eenmaal wérklik beleef is nie.

Inst. II, 16, 19

*Vervul ons met al die volheid van God se weldade in Christus.*

## 18 Maart

*Ef 1:1-6*

MET GOD IN CHRISTUS VERSOEN

> *Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. - 1 Joh. 4:10*

Uit hierdie woorde is dit duidelik dat God bepaal het dat Christus ons moet versoen. Hy het dit gedoen sodat niks in die weg van sy liefde vir ons sou staan nie. En groot gewig het die woord versoening: God was, terwyl Hy ons liefgehad het, terselfdertyd op onuitspreeklike wyse toornig op ons, totdat Hy in Christus versoen is.

Daarop het al hierdie woorde betrekking: "Hy is die versoening vir ons sondes" (1 Joh. 2:2); so ook: God het besluit om deur Christus alles met Homself te versoen, nadat Hy deur Hom vrede herstel het deur die bloed van sy kruis, ensovoorts (Kol. 1:19, 20). So ook: "God het die wêreld met Homself versoen deur die mense hul oortredinge nie toe te reken nie" (2 Kor. 5:19). Ook: "Hy het ons begenadig in die Geliefde" (Ef. 1:6). En: "Sodat Hy albei met God kon versoen en tot een liggaam kon verenig deur die kruis" (Ef. 2:16).

Die rede vir dié verborgenheid moet in die eerste hoofstuk van die brief aan die Efesiërs gevind word. Daar leer Paulus ons dat ons in Christus uitverkies is. Hy voeg daaraan toe dat ons ook in Hom genade verkry het. Hoe het God begin om diegene wat Hy vóór die grondlegging van die wêreld liefgehad het, met sy guns te omhels? Alleen deurdat Hy sy liefde betoon het toe Hy versoen is deur die bloed van Christus. Want omdat God die bron van alle geregtigheid is, het die mens, solank as hy sondaar is, Hom noodwendig as vyand en regter. Daarom is die beginsel van die liefde geregtigheid, soos dit deur Paulus beskryf word (2 Kor. 5:21): "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."

Inst. II, 17, 2

*Ons Vader, watter oorweldigende liefde dat U u Seun vir ons gegee het!*

## 19 Maart

*Hebr. 9:22-25*

GEREINIG DEUR SY BLOED

> *... en reinig die bloed van Jesus, sy Seun,... ons van elke sonde.*
> *-1 Joh. 1:7*

Deur die verdienste van Christus is die genade vir ons verwerf. Hieronder verstaan ons: dat ons deur sy bloed gereinig is, en dat sy dood die versoening vir ons sondes was. Sy bloed reinig ons van elke sonde (1 Joh. 1:7). Dit is dié bloed wat tot vergewing van sondes uitgestort is (Luk. 22:30). As dit die uitwerking is van sy bloed wat gestort is - dat ons sondes ons nie toegereken word nie - dan volg daaruit dat deur hierdie losprys aan God se oordeel voldoen is.

Die woord van die Doper het daarop betrekking: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Joh. 1:29). Want hy stel Christus teenoor alle offerande van die Wet. Dit is om ons te leer dat in Hom alleen vervul is wat deur hierdie sinnebeelde voorgestel is. En ons weet wat Moses oral sê: die ongeregtigheid sal versoen word, en die sonde sal uitgewis en vergewe word. Kortom, in die ou sinnebeelde word ons baie goed onderrig oor wat die krag en uitwerking van Christus se dood is.

En in die brief aan die Hebreërs (9:22) lê die apostel hierdie saak uit. Tereg gaan hy van die beginsel uit dat daar geen vergewing van sondes sonder bloedstorting plaasvind nie. Daaruit lei hy af dat Christus eenmaal verskyn het om die sonde deur sy offer te vernietig. Ook dat Hy geoffer is om baie se sonde weg te neem (vers 12). Hy het tog vantevore gesê dat Hy nie deur die bloed van bokke of kalwers nie, maar deur sy eie bloed eenmaal die heiligdom ingegaan en 'n ewige verlossing bewerk het.

Inst. II, 17, 4

*Here, U het die Satan deur die bloed van die Lam oorwin!*

## 20 Maart

*Joh. 16:7-14*

CHRISTUS IS ONS DEEL DEUR DIE GEES

> *Soos God die Vader dit vooraf bestem het, het Hy julle uitverkies en deur die Gees afgesonder om aan Hom gehoorsaam te wees en besprinkel te word met die bloed van Jesus Christus. - 1 Petr. 1:2*

Nou moet ons sien hoe ons deel kry aan die goeie dinge wat die Vader aan sy enigste Seun toevertrou het. Ek bedoel die dinge wat Hy aan Hom gegee het, nie vir sy persoonlike gebruik nie, maar met die doel om die armes en behoeftiges ryk te maak. So baie het Christus ter wille van die menslike geslag se saligheid gely en gedoen. En dit moet ons nou goed verstaan: dit is alles tog vir ons sonder nut en betekenis solank Christus buite ons is en ons van Hom geskei is. Dus moet Hy ons s'n word en in ons woon om te kan gee wat Hy van die Vader ontvang het.

Daarom word Hy die Hoof en die Eerste onder die baie broers genoem (Ef. 4:15; Rom. 8:29). Aan die ander kant word van ons gesê dat ons in Hom geënt word. En dat ons onsself met Hom beklee (Rom. 11:17; Gal. 3:27). Soos ek gesê het: alles wat Hy besit, het nie betrekking op ons nie *totdat* ons met Hom tot één saamgegroei het.

Dit is wel waar dat ons dit deur die geloof verkry. Ons merk egter dat nie almal - sonder onderskeid - deel het aan die gemeenskap met Christus wat deur die evangelie aangebied word nie. Ons gesonde verstand leer ons dus om hoer te styg en ondersoek in te stel na die verborge werking van die Gees. Daardeur geniet ons Christus en al sy weldade.

Inst. III, 1, 1

*O Gees van God, maak die reiniging deur die bloed van Christus 'n groter werklikheid in my lewe.*

## 21 Maart

*Rom. 8:11-17*

DIE NAME VAN DIE GEES

> *Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge. - Jes. 44:3*

Dit is gepas om hier die beskrywende name te noem wat die Skrif aan die Gees toeken. Hier is sprake van die begin, trouens, van die hele vernuwing van ons saligheid.

In die eerste plek word Hy die Gees van aanneming tot kinders genoem (Rom. 8:15; Gal. 4:6). Dit is so omdat Hy vir ons 'n Getuie is van God se genade. Deur dié genade het God die Vader ons in sy geliefde en enigste Seun omarm. So word Hy vir ons 'n Vader en kry ons die vrymoedigheid om te bid. Die Gees sê ons self die woorde voor sodat ons sonder om bang te wees kan roep: "Abba!" (Vader!).

Om dieselfde rede word Hy 'n waarborg en seël van ons erfenis genoem (2 Kor. 1:22): Hy maak ons, wat pelgrims in die wêreld en soos dooies is, lewendig. Hy doen dit so uit die hemel dat ons seker is dat ons saligheid onder die bewaring van die getroue God veilig is. Daarom word Hy ook op grond van die regverdiging *lewe* genoem (Rom. 8:10).

En omdat Hy ons deur sy verborge besproeiing vrugbaar maak om spruite van geregtigheid voort te bring, word Hy meermale *water* genoem. Dit is die geval in Jes. 55:1: "O almal wat dors het, kom na die water!" So ook in Jes. 44:3: "Ek sal my Gees giet op die dorstige en strome op die dorsland." En daarmee stem hierdie woorde van Christus ooreen: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom!" (Joh. 7:37).

Trouens, Hy word soms ook so genoem weens sy krag om te reinig en te suiwer (soos in Eseg. 36:25). Daar beloof die Here skoon water om sy volk van hul onreinhede te suiwer.

Inst. III, 1, 3

*O Gees van God, versier ons lewe met die wonderlike deugde waarvan u Name getuig.*

## 22 Maart

*Hand. 2:1-4*

NOG NAME VAN DIE GEES

*Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop. - Luk. 3:17*

Die Heilige Gees kry ook die name van *olie* en *salwing* (1 Joh. 2:20, 27). Die rede hiervoor is dat Hy diegene op wie Hy strome van genade gegiet het, tot die volle lewenskrag herstel en onderhou.

Hy word ook *vuur* genoem (Luk. 3:17). Dit is so omdat Hy voortdurend ons sondige begeertes uitsuiwer en uitbrand; en omdat Hy ook ons harte aan die brand steek om God lief te hê en werklik vroom te wees.

En eindelik word Hy vir ons beskryf as die *fontein* (Joh. 4:14) waaruit alle hemelse skatte na ons toe stroom. Of Hy word beskryf as die *hand van* God, waardeur Hy sy mag uitoefen (Hand. 11:21). Want Hy blaas sy krag in ons in en besiel ons so met die Goddelike lewe dat ons nie meer deur onsself beweeg word nie. Nee, ons word deur sy optrede en aandrang geregeer. Gevolglik is dit wat goed is in ons, die vrugte van sy genade. Ons eie gawes is inderdaad sonder Hom duisternis van die verstand en verdorwenheid van die hart.

Dit is trouens reeds duidelik uiteengesit: dat Christus in sekere sin werkloos bly totdat ons harte op die Gees ingestel is. Want tot dan staan ons koud teenoor Christus, is Hy buite ons en daarom ook ver van ons af.

Ons weet tog dat Hy net betekenis het vir hulle van wie Hy die Hoof en die Eersgeborene onder die broers is. Kortom, vir hulle wat hulself met Hom beklee het (Rom. 13:14). Wat ons betref, alleen hierdie verbintenis maak dat Hy nie tevergeefs met die naam van Saligmaker gekom het nie. Dit is die doel van hierdie heilige huwelik, waardeur ons vlees van sy vlees en been van sy been word (Ef. 5:30). En in dié mate is ons een met Hom. Nogtans verenig Hy ons met Hom alleen deur die Gees.

Inst. III, 1, 3

*O Gees van God, maak Christus 'n groter werklikheid in my lewe.*

## 23 Maart

*Joh. 14:12-17*

DIE HEILIGE GEES SLUIT DIE SKATTE OOP

> *Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. - 1 Joh. 4:13*

Die geloof is die Gees se vernaamste werk. Daarom het so baie wat 'n mens oral van sy krag en werking lees, grootliks daarop betrekking. Want alleen deur die geloof lei Hy ons tot die lig van die evangelie. Hieroor sê Johannes die Doper: net aan diegene wat in Christus glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word - hulle wat nie uit vlees en bloed nie, maar uit God gebore is (Joh. 1:12, 13)... Hy praat van diegene wat andersyds in hul ongeloof sou gebly het. En daarmee stem Christus se antwoord aan Petrus ooreen (Matt. 16:17): "'n Mens het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is..."

Daarmee stem ook Paulus se woord ooreen dat die Efesiërs beseël is met die Gees wat belowe is (Ef. 1:13). Want Hy toon aan dat Hy 'n innerlike Leermeester is: deur sy werksaamheid dring die belofte van die saligheid deur tot in ons harte. Anders sou dié belofte slegs die lug of ons ore tref. Wanneer hy sê dat die Tessalonisense deur God verkies en gered is deurdat die Gees hulle vir Hom afgesonder het en deurdat hulle die waarheid glo, kom dit op dieselfde neer. Deur hierdie teksverband wys hy met min woorde daarop dat die geloof self van nêrens elders as van die Gees kom nie . . .

Omdat die dissipels nie die hemelse waarheid sou kon begryp nie, het Christus hulle die Gees van die waarheid beloof - dié Gees wat die wêreld nie kan ontvang nie (Joh. 14:17)... Die lig sou tevergeefs op die blindes val as die Gees van insig nie die oë van die verstand open nie. Jy kan Hom dus tereg die sleutel noem waarmee die skatte van die hemelse koninkryk ontsluit word . . .

Inst. III, 1, 4

*O Gees van God, maak die belofte van die saligheid ook vir my 'n werklikheid.*

## 24 Maart

*Mark. 4:35-41*

ONS ONVOLKOME GELOOF

*Toe sê Jesus vir hulle: "Waar is julle geloof dan?" - Luk. 8:25*

Ons erken dat solank ons hier op aarde pelgrims is, die geloof nog nie suiwer is nie. Daar is nie alleen baie dinge wat vir ons verborge is nie, maar baie newels van dwalinge omring ons en ons begryp nie alles nie. Die hoogste wysheid van selfs die allervolmaakste mens is om voort te gaan en in kalm leergierigheid verder te ontwikkel. Daarom gee Paulus aan die gelowiges die raad om - in geval van onderlinge verskille - te wag totdat God meer insig gee (Fil. 3:15).

En dit leer die ondervinding ons: dat solank ons in hierdie liggaam is, ons minder bereik as wat wenslik is. En daagliks lees ons baie dinge in die Bybel wat vir ons duister is en ons van ons onkunde bewus hou. Deur hierdie teuel hou God ons beskeie. Hy ken aan elkeen die mate van geloof (Rom. 12:3) toe, wat selfs die beste leermeester bereid sal maak om nog te leer.

Merkwaardige voorbeelde van hierdie onheldere geloof bemerk ons by Christus se dissipels voordat hulle ten volle verlig is. Ons sien hoe moeilik hulle iets van die grondwaarhede self ervaar. In die nietigste dinge bly hulle onseker. En hoewel hulle die Meester gedurig hoor, maak hulle geen noemenswaardige vordering nie. Selfs wanneer hulle op aandrang van die vroue na die graf hardloop, is die Meester se opstanding vir hulle soos 'n droom . . .

Hulle het geweet Hy is waaragtig. En hulle het sy woorde geglo. Maar tog het die onkunde wat hulle verstand nog benewel het, hulle geloof in die duister gehou... Hiervoor is nie 'n beter verklaring te soek as dit nie: by almal is die geloof met ongeloof vermeng.

Inst. III. 2, 4

*Here Jesus, reinig ook ons geloof al hoe meer deur u bloed- tot u eer.*

## 25 Maart

*Rom. 10:11-17*

DIE EVANGELIE IS 'N VOLLER OPENBARING VAN CHRISTUS

> *Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy, as die enigste Seun, van die Vader het, vol genade en waarheid. - Joh. 1:14*

Dit is die ware kennis van Christus: om Hom, beklee met die evangelie, aan te neem. So het die Vader Hom aangebied ... En waarlik, daar word die skatte van die genade aan ons geopen . . . Omdat 'n voller openbaring van Christus in die evangelie gegee is, noem Paulus dit tereg die leer van die geloof (1 Tim. 4:6). En daarom sê hy ook elders (Rom. 10:4), dat die Wet deur die koms van die geloof opsygesit is. Onder die woord *geloof* verstaan hy 'n nuwe, ongewone manier om iets te leer. Daardeur verklaar Christus, as Meester, die Vader se barmhartigheid duideliker. En Hy gee sterker getuienis omtrent ons saligheid ...

Die geloof staan in 'n voortdurende verhouding tot die Woord. Dit kan net so min daarvan losgeruk word as die strale van hul oorsprong, die son. Daarom roep God in Jesaja 55:3: "Luister na My en julle siel sal lewe." Johannes wys dieselfde bron van geloof aan met dié woorde: "Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo..." (Joh. 20:31). . .

As die geloof ook maar die minste van sy doel afdwaal, behou hy nie sy natuur nie. Dan word dit 'n onsekere liggelowigheid en 'n afwykende dwaling van die verstand. Dieselfde Woord is die grondslag waardeur die geloof gestut en regop gehou word. Neem dus die Woord weg, en daar bly geen geloof meer oor nie. Die Woord self- hoe dit ook al na ons kom - is soos 'n spieël waarin die geloof na God kyk... Daarom sê Paulus dit is 'n gehoorsaamheid aan die evangelie (Rom. 1:5).

Inst. III, 2, 6

*Ons dank U vir die heerliker strale van die Son van geregtigheid.*

## 26 Maart

*Ps. 36:6-11*

DIE BARMHARTIGHEID KWEEK GELOOF

> *Ek wil na u heilige tempel toe huig en u Naam roem om u liefde en trou... - Ps. 138:2*

Ons ontken nie dat dit die geloof se taak is om die waarheid van God te onderskryf nie. En dit moet gebeur so dikwels as Hy spreek en op watter wyse Hy ook al spreek. Maar ons vra bloot net wat die geloof in die Here se Woord vind waarop dit kan steun en rus. As ons gewete net verontwaardiging en wraak sien, hoe sal dit dan nie sidder en beef nie? ... En tog moet die geloof God soek en nie vir Hom weghardloop nie...

Ons word gelok om God te soek nadat ons geleer het dat ons saligheid by Hom weggelê is. En hiervan word ons verseker wanneer Hy verklaar dat Hy besondere sorg en aandag aan ons heil gee. Daarom is die belofte van genade nodig. Hy betuig daardeur dat Hy 'n goedgesinde Vader is. Daar is geen ander manier waardeur ons tot Hom kan nader nie. Die mens se hart kan net op genade steun.

Daarom word hierdie twee, naamlik barmhartigheid en waarheid, op baie plekke in die Psalms saamgevoeg. Hulle hoort inderdaad ook bymekaar. Want dit sou ons niks help om te weet dat God waaragtig is, as Hy ons nie ontfermend na Hom toe trek nie. Ons sou ook nie sy barmhartigheid kon aanneem as Hy dit nie deur sy Woord aangebied het nie "U liefde reik tot in die hemel, U trou tot in die wolke ..." (Ps. 36:6) . . .

Die geloof is 'n vaste en seker kennis van God se welwillendheid teenoor ons. Ek praat van dié kennis wat gegrond is op die waarheid van sy genadige belofte in Christus. Deur die Heilige Gees word dit aan ons verstand geopenbaar en in ons hart ingeprent.

Inst. III 2, 7

*O Here, laat my geloof groei onder die genadige strale van die Son van geregtigheid.*

## 27 Maart

*Jak. 1:2-8*

TWYFEL - DIE GROOT FOUT

> *Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie... - Rom. 4:20*

Die ongeloof is inderdaad diep in ons harte gewortel. Ons is so sterk daartoe geneig. Gevolglik oortuig niemand homself sonder heftige stryd van dit wat almal met die lippe bely nie: naamlik dat God getrou is. Veral in 'n krisis, wanneer mense wankel, kom die bedekte swakheid aan die lig.

En nie sonder rede nie bevestig die Heilige Gees met besondere lofprysings die gesag van God se Woord. So wil Hy die siekte (van ongeloof) genees, sodat God die volle geloof in sy beloftes by ons kan wakker roep . . . byna die hele Ps. 119 word aan dié saak gewy . . . Ongetwyfeld betig God ons sydelings oor ons ongelowigheid elke keer as Hy sy Woord so by ons aanprys. Hy beoog niks anders nie as om verdorwe twyfel uit ons harte te verwyder.

Daar is ook baie mense wat God se barmhartigheid so vir hulleself voorstel dat hulle die minste troos daaruit put. Want hulle word terselfdertyd deur 'n nare angsgevoel gekwel deurdat hulle twyfel of Hy barmhartig sal wees. Juis dié goedheid - waarvan hulle meen dat hulle heeltemal oortuig is - perk hulle te veel in. Immers, hulle dink so by hulself: hierdie goedheid is groot en oorvloedig. Dit is oor baie uitgestort en vir almal beskikbaar en kan deur hulle toegeëien word. Maar dit is onseker of dit hulle ook toekom. Liewer: of hulle deel daaraan sal hê. Terwyl hierdie gedagte halfpad vassteek, is dit halfslagtig. So 'n gedagte versterk nie die gees met sorgvrye kalmte nie, maar teister dit wel met twyfel . . . Daar is geen opregte geloof nie tensy ons onsself vrymoedig, met 'n rustige gemoed, voor God stel.

Inst. III, 2, 15

*Here, géé ons geloof want dan sal ons waarlik glo.*

## 28 Maart

*Ef 1:15-23*

DIE GEMOEDSRUS VAN DIE GELOOF

> *Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here. - Rom. 8:38, 39*

Die eintlike spil waarom die geloof draai is dit: ons moenie meen dat hierdie beloftes van barmhartigheid wat die Here ons aanbied, slegs búíte ons waar is, en nie ook in ons is nie. Ons moet hulle liewers ons eie maak deur hulle innerlik te aanvaar. Alleen hieruit word die vertroue gebore wat dieselfde apostel elders vrede noem (Rom. 5:1)... En dit is dié vertroue wat die gewete onder die dreigende oordeel van God weer opvrolik. Daarsonder moet dit deur 'n onruswekkende angs geteister en omtrent verskeur word.

Dit kan ook gebeur dat die gewete God en homself 'n oomblik lank vergeet en insluimer. Maar dit sal net 'n oomblik wees. Want dit geniet dié ellendige vergeetagtigheid nie vir lank nie. Dit word naamlik deur die herhaalde herinnering aan die Goddelike oordeel baie pynlik deurpriem.

Kortom, net hy wat diep daarvan oortuig is dat God vir hom 'n versoenende en welwillende Vader is, is waarlik gelowig. Alleen hy wat alles van God se goedheid verwag. Alleen hy wat vertrou op die beloftes van Goddelike genade vir hom en onwrikbaar die saligheid verwag. Die apostel stel dit so: "Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons begin het" (Hebr. 3:14). Hy bedoel dat slegs dié een wat vol vertroue roem dat hy 'n erfgenaam van die koninkryk van die hemel is, werklik op die Here hoop. 'n Gelowige, sê ek, is slegs hy wat op die sekerheid van sy saligheid steun, en in die dood vol vertroue oor die duiwel triomfeer.

Inst. III. 2, 16

*O Here, hoe soet is die rus en die vrede van die geloof.*

## 29 Maart

*Ps. 43:1-5*

DIE GELOWIGE KEN TWYFEL, MAAR VERVAL NIE

> *Mens, waarom so in vertwyfeling en waarom kerm jy so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my helper en my God! - Ps. 43:5*

Baie mense sal sê gelowiges het 'n heeltemal ander ervaring: hulle word dikwels - as hulle oor God se genade nadink - deur onrus geteister. Soms word hulle ook deur die hewigste angs aangegryp - so heftig is die versoekings wat hul hart omkrap. En dit lyk nie juis of so iets met die sekerheid van die geloof klop nie.

Daarom moet dié probleem opgelos word as ons wil handhaaf dat die geloof vas staan. As ons dit wil leer, stel ons sekerlik nie vir ons 'n sekerheid voor wat deur geen enkele twyfel geraak word nie. Dit is ook nie 'n onbesorgdheid wat nie deur ongerustheid aangeval word nie. Ons sê selfs die gelowiges het 'n voortdurende stryd teen hul eie gebrek aan vertroue.

Verre sy dit van ons om hul gewetens af te sonder in 'n doodse stilte sonder enige steurnis. Andersyds ontken ons egter dat hulle afvallig word en nie meer vas vertrou op God se barmhartigheid nie - op watter manier hulle ook al geteister word.

Die Skrif hou geen merkwaardiger, of meer noemenswaardige, voorbeeld van geloof as dié van Dawid aan ons voor nie. Dit is veral die geval as ons op sy hele lewe let. Maar tog gee hy deur talle klagtes te kenne dat hy nie altyd gemoedsrus gehad het nie . . .

Wanneer hy verwytend sy siel oor sy onrus aanspreek, wat doen hy dan anders as om teen sy eie ongeloof te velde te trek? Hy sê by voorbeeld: "Mens, waarom is jy in vertwyfeling en waarom kerm jy so? Vertrou op God" (Ps. 42:6; 43:5).

Inst. III, 2, 17

*Here, red my, soos U eenmaal die kleingelowige Petrus op die golwe gered het.*

## 30 Maart

*Ps. 116:1-7*

OORWINNAAR IN DIE STRYD

*Mens, kom tog nou tot rus, die Here het goed aan jou gedoen. - Ps. 116:7*

Hy wat teen sy eie swakhede stry en in sy angs hom na sy geloof wend, is reeds in 'n groot mate oorwinnaar. Dit kan mens uit hierdie en soortgelyke uitsprake aflei: "Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!" (Ps. 27:14). Hy beskuldig homself van bangheid; en waar hy dit twee maal sê, erken hy dat hy af en toe baie ontsteld raak.

Intussen is hy nie net met homself ontevrede oor hierdie gebreke nie. Hy doen ook alles in sy vermoë om homself te verbeter. Ons sal sonder twyfel 'n groot verskil opmerk as ons hom noukeurig met Agas vergelyk. Jesaja word gestuur (Jes. 7:4, e.v.) om dié goddelose en valse koning te bemoedig met hierdie woorde: "Moet jou nie ontstel nie en wees gerus; moenie bang wees nie," ens. Maar wat doen Agas? Sy hart het gebewe soos die bome van die bos wat deur die wind beweeg word. En nou bly hy bang, hoewel hy die belofte gehoor het.

Dit is dus die gepaste loon en straf vir die ongeloof dat die betrokke mens so sidder wanneer hy tydens beproewing van God afdwaal. . . Daarenteen staan die gelowiges - wat deur die las van die beproewing geboë en byna terneergedruk word - altyd weer op. Hulle doen dit al is dit nie sonder moeite en inspanning nie.

Inst. III, 2, 17

*O Here, ons dank U vir die genade wat die gelowiges steeds laat volhard.*

## 31 Maart

*Rom. 7:18-26*

DIE SONDIGE NATUUR STRY TEEN DIE GEES

> *Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie. Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. - Rom. 8:8, 9*

Die stryd tussen die ou en nuwe mens is hier ter sprake. Die gelowige bemerk 'n tweespalt in homself. .. Enersyds word hy met lieflikheid vervul omdat hy van God se goedheid weet. Andersyds is hy baie ontsteld omdat hy sy verdorwenheid besef. Enersyds vertrou hy op die belofte van die evangelie. Andersyds is hy ontsteld omdat hy sy ongeregtigheid sien. Enersyds is hy verheug oor die lewe se vooruitsigte. Andersyds is hy bang vir die dood.

Die geweifel word veroorsaak deur die geloof se onvolkomenheid. Dit gaan in die loop van hierdie lewe nooit so goed met ons dat ons heeltemal genees word van die siekte van ongeloof nie. Ons word nooit so geheel en al met geloof vervul en daardeur in beslag geneem nie.

Vandaar die botsings: daar is die ongeloof wat vasklou aan die ou natuur se oorblyfsels . . .

Maar indien die sekerheid in 'n gelowige hart met twyfel vermeng is, sit ons dan nie altyd in die knyp nie? Beteken dit dan nie dat die geloof nie bestaan in 'n vaste en helder kennis nie, maar in 'n duister en verwarde kennis van God se wil jeens ons? Glad nie. Want al word ons ook al deur verskillende oorwegings heen en weer geslinger, word ons om dié rede nog nie meteen van die geloof losgeruk nie. En al word ons deur die werking van die ongeloof op en af gegooi, word ons nog nie daarom van ons plek in die koninkryk gestoot nie. Dié stryd se uiteinde is altyd dieselfde: dat die geloof dié moeilikhede oorwin waardeur dit omring en oënskynlik bedreig word.

Inst. III, 2, 18

*Ek dank U dat u Gees met my gees roep: "Abba, Vader!"*

## 1 April

*Matt. 17:14-21*

GELOOF SOOS 'N MOSTERDSAADJIE

> *Maar die Here antwoord: "As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: 'Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see,' en hy sou julle gehoorsaam." - Luk. 17:6*

Laat dit die hoofsaak wees: sodra maar die kleinste bietjie geloof in ons harte gedrup is, sien ons reeds God se vriendelike, vredeliewende en gunstig gesinde aangesig. Ons sien dit wel uit die verte, maar tog duidelik genoeg sodat ons weet dit is nie maar verbeelding nie.

Namate ons hierin vorder - soos ons voortdurend behoort te doen -sien ons gaandeweg van nader en dus ook duideliker. En dié blik word 'n groter werklikheid soos ons naderkom.

Ons bemerk dat die hart wat deur die kennis van God verlig is, aanvanklik in die greep van baie onkunde is. Dit verdwyn egter mettertyd. Die hart weet sommige dinge nie en dit wat hy wel sien, sien hy onduidelik. Tog word die hart nie verhinder om 'n duidelike kennis van God se wil te hê nie. Hierdie kennis speel die eerste en vernaamste rol in die geloof.

Stel jou iemand voor wat in die tronk opgesluit is en skuinsweg deur 'n venstertjie die son se strale as 't ware op halwe sterkte sien skyn. So iemand is wel beroof daarvan om vry na die son te kyk. Maar tog vang sy oë die glans op waarvan die oorsprong seker is. En hy vind baat daarby. So gaan dit ook met ons as gelowiges: ons is gebind deur die slaweblokke van die aardse liggaam, en onsekerheid omring ons van alle kante. Tog is ons voldoende verlig om heeltemal veilig en seker te voel, al bestraal God se lig ons net 'n bietjie sodat ons sy barmhartigheid kan sien.

Inst. III, 2, 19

*Here, laat ons vandag ook weer 'n tree nader aan U kom sodat ons U duideliker kan sien.*

## 2 April

*1 Kor. 13:8-13*

DIE LIG SKYN IN DIE DUISTERNIS

> *Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood - Rom. 1:16*

In 1 Kor. 13:9, 12 sê Paulus: "Want ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar gedeeltelik ... Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld." Daarmee dui hy aan watter klein deeltjie van die ware Goddelike wysheid in dié lewe aan ons gegee word... Met ons klein, beperkte vermoëns kan die onmeetlike nie gepeil word nie. Dit maak Paulus op die hele kerk van toepassing . . .

Selfs deur 'n druppeltjie geloof laat God ons 'n seker en baie egte voorsmaak van Hom beleef. Dit sê die apostel wanneer hy verseker dat ons deur die evangelie God se heerlikheid met 'n ontsluierde gesig sien. Dit gebeur so kragdadig dat ons van gedaante "verander om aan die beeld van Christus gelyk te word" (2 Kor. 3:18).

In so 'n omhulsel van onkunde moet tegelykertyd baie twyfel en vrees toegedraai wees. Dit is die geval waar ons hart deur 'n sekere natuurlike neiging tot ongeloof oorhel.

Daarby kom die ontelbare verskillende versoekings wat ons telkens weer met groot krag as 't ware bespring. Maar in die besonder druk die las van die sonde die gewete self sodat hy in eensaamheid kla en sug. Nou beskuldig hy homself, dan mor hy in stilte en dan bars hy weer openlik uit. Of teenspoed nou God se toorn te voorskyn bring, en of die gewete in homself die grond en rede vind, die ongeloof kry hiervandaan sy wapens en werktuie om die geloof mee te vernietig. Hulle word dan voortdurend gebruik om ons te laat dink dat God ons vyandig is. Gevolglik verwag ons geen hulp van Hom nie. En ons vrees Hom as 'n doods vy and.

Inst. III, 2, 20

*Maak ons - diep verdorwe soos ons is - al hoe meer deur u Woord en Gees aan u beeld gelyk.*

## 3 April

*Luk. 22:31-34*

DIE WARE GELOOF STERF NOOIT

> *En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. - 1 Joh. 5:4*

Om die aanslae waarvan ons gepraat het te weerstaan, bewapen en beskerm die geloof hom met die Here se Woord. Die geloof word wel aangeval deur die versoeking dat God ons vyand is omdat Hy ons kasty. Maar hierop antwoord die geloof dat Hy óók barmhartig is wanneer Hy kasty. Want die kastyding is eerder uit liefde as uit toorn.

Die geloof word ook getref deur die gedagte dat God 'n wreker van die ongeregtighede is. Hierteenoor stel die geloof dat daar vir alle sondes vergifnis is, so dikwels as die sondaar hom tot die Here se genade keer. So kom die vroom hart uiteindelik tog alle moeilikhede te bowe - op watter sonderlinge maniere hy ook al verontrus en ontstel word. Hy laat ook nooit toe dat die vertroue op God se genade van hom weggeneem word nie. Ja, selfs alle versoekings wat hom verontrus en vermoei, loop uit op die sekerheid van hierdie vertroue.

'n Bewys hiervan is dat wanneer dit vir die heiliges lyk of hulle die meeste deur God se wraak bedreig word, hulle tog hul klagtes voor Hom neerlê. En wanneer dit lyk of hulle die minste verhoor sal word, roep hulle God nogtans aan . . .

Die vlam van geloof word dus nooit so uitgedoof of gesmoor dat dit nie ten minste, as 't ware, onder die as verskuil bly nie. Hieruit blyk dit dat die Woord, wat 'n onverderflike saad is, vrugte wat soos hy lyk, voortbring: die lewenskiem daarvan verdor en vergaan nooit heeltemal nie. Die apostel sê in 1 Joh. 5:4 dat die geloof nie slegs teen een of 'n paar aanslae, of teen bespotting, sal seëvier nie. Dit sal die héle wêreld oorwin, al word dit 'n duisend keer aangeval.

Inst. III, 2, 21

*Here, ons dank U dat die saad van geloof wat deur U geplant is, nie kan sterf nie.*

## 4 April

*Ps. 8:4-10*

DIE MENS IS SONDER GOD NIKS

> *Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê. - Gal. 2:20*

Bernard van Clairvaux laat hom so uit: "Wanneer ek soms deur God se genade oor die siel peins, lyk dit vir my of ek twee dinge vind wat mekaar weerspreek. As ek dit beskou soos dit op sigself is, kan ek daaroor niks sê wat nader aan die waarheid is nie as dat dit heeltemal nietig geword het.

"Waarom is dit nodig om die siel se ellendes een vir een op te noem? -hoe dit met sondes belaai is, oordek met duisternis, verstrik deur verleiding en wellustigheid; hoe dit ook die prooi is van hartstogte en bedrog, altyd geneig tot die kwaad, geneig tot alles wat verkeerd is. Ook hoe dit, ten slotte, vol skande en verwarring is.

"In die lig van die waarheid is selfs die siel se geregtigheid soos 'n besoedelde doek bevind. Hoe sal sy ongeregtigheid dan nie wees nie! As die lig in ons donker is, hoe groot sal die donkerte self nie wees nie? (Matt. 6:23).

"Wat sal ons dan sê? Die mens het ongetwyfeld gelyk geword aan die verganklikheid. Die mens is tot niks herlei. Die mens is niks nie.

"Maar hoe is hy, die mens wat God verheerlik, dan geheel en al niks nie? Hoe is hy, tot wie God se hart aangetrokke is, niks nie? Laat ons weer asem skep, broers. Al is ons ook niks in ons harte nie, kan daar in God se hart iets oor ons verborge lê.

"O Vader van alle barmhartighede, o Vader van alle ellendiges, hoe neig u hart na ons! Want u hart is waar u skat is."

Inst. III, 2, 25

*Ek, ellendige mens, maar kind van God deur ons Here Jesus Christus!*

## 5 April

*Matt. 6:19-24*

ONS SKAT IS IN DIE HEMEL

> *. . . laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. - Hebr. 12:1, 2*

Die geloof beloof homself nie die sekerheid van 'n lang lewe of die eer en skatte van hierdie lewe nie. Dit is nie die Here se wil dat iets van hierdie dinge vir ons gewaarborg sou wees nie.

Maar die geloof is tevrede met hierdie sekerheid dat God nooit afwesig sal wees nie. Dit bly waar al ontbreek daar ook baie dinge wat ons in hierdie lewe onderskraag.

Die geloof se vernaamste gerusstelling lê egter in die verwagting van die toekomstige lewe. Dit word deur die Woord van God bo alle twyfel gestel. Allerhande ellendes en rampe kan weliswaar hulle vir wie God lief is, tref. Dit kan egter nie verhinder dat sy genade die volle seën inhou nie. Daarom het ons, toe ons die hoogste geluk in 'n enkele woord wou uitdruk, dit so uitgedruk: die *genade* van God. Uit hierdie fontein vloei alles wat goed is na ons. En ons bemerk ook op baie plekke in die Skrif dat ons telkens na God se liefde teruggeroep word. Dit gebeur nie net wanneer daar oor ons ewige heil gehandel word nie, maar ook oor alles wat vir ons goed is.

Daarom sing Dawid (Ps. 63:4) dat wanneer God se goedheid in 'n vroom hart beleef word, dit liefliker en aangenamer as die lewe self is (Ps. 63:4). Kortom, ons geluk sou vervloek en gevolglik beklaenswaardig wees as ons onseker is van God se liefde of haat. Dit sou selfs die geval wees as alles volgens ons wens na ons sou stroom. Maar indien ons in die Vaderlike teenwoordigheid van God is, sal selfs die ellendes vir ons seëninge wees. Want dan sal hulle verander word in hulpmiddels tot saligheid.

Inst. III, 2, 28

*O Here laat ons harte steeds op U, die hoogste goed, gerig bly.*

## 6 April

*Rom. 10:9-17*

DIE EVANGELIE DIE FONDAMENT VAN DIE GELOOF

> *En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig. - Rom. 10:8*

Ons sê die genadebeloftes is die fondament van die geloof, want daarop rus die geloof eintlik. Die geloof hou vol dat God in alles betroubaar is. Dit is die geval of Hy nou beveel of verbied, beloof of dreig. Die geloof voer God se bevele gehoorsaam uit. Dit slaan ag op wat Hy verbied en op sy dreigemente. Maar eintlik begin dit steeds met die belofte, dit gaan daarin voort en eindig daarin. Dit is so omdat dit die lewe in God soek. Dié lewe word nie gevind in gebooie of in aankondigings van strawwe nie, maar in die belofte van barmhartigheid. En hierdie belofte moet uit genade waar word. 'n Belofte met voorwaardes, wat ons teruggooi op ons werke, belowe die lewe net as dit in óns sou geleë wees.

Dus, as ons nie wil hê dat die geloof moet sidder en wankel nie, moet ons dit deur die belofte van die saligheid ondersteun . . .

Daarom getuig die apostel dat die evangelie die boodskap van geloof is (Rom. 10:8). Dié krag ontsê hy die gebooie en die beloftes van die Wet. Niks kan die geloof stut nie behalwe daardie welwillende boodskap waardeur God die wêreld met Homself versoen. Daarom noem die apostel by herhaling die evangelie en belofte in een asem. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer hy leer dat die bediening van die evangelie aan hom toevertrou is om mense tot geloofsgehoorsaamheid te bring. Dit gebeur ook wanneer hy sê dat die evangelie 'n krag van God is tot redding vir elkeen wat glo. Dit is ook die geval as hy skryf dat dit juis in die evangelie tot openbaring kom dat die geregtigheid wat God skenk, van begin tot end 'n geloofsaak is. (Rom. 5:16 e.v.).

Inst. III, 2, 29

*Here, ons erken dat alles, alles genade is. Daarvoor dank ons U.*

## 7 April

*Rom. 5:15-21*

GOD, DIE ALMAGTIGE, BEWAAR MY

> *... ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom in stand te hou. - 2 Tim. 1:12*

Geloof het die Woord nie minder nodig as wat die vrug behoefte het aan die lewende wortel van die boom nie. Want, soos Dawid getuig (Ps. 9:11), geen ander mense kan op God hoop nie as hulle wat sy Naam ken. Hierdie kennis bloei nie voort uit jou verbeelding nie, maar uit die getuienis wat God self van sy goedheid gee. Dieselfde profeet bevestig dit elders: "... red my volgens u belofte" (Ps. 119:41). So ook: "Ek stel my vertroue in u woord; verlos my" (Ps. 119:147).

Hier moet gelet word op die verhouding van die Woord tot die geloof, en dan op die saligheid. Maar ons sluit intussen nie God se mag uit nie. Indien die geloof hom nie deur dié mag staande hou nie, sal dit nooit aan God die eer gee nie.

In Rom. 4:21 vertel Paulus skynbaar iets onbeduidends en gewoons omtrent Abraham. Hy sê naamlik dat Abraham geglo het dat God, wat hom die geseënde saad beloof het, magtig is . . . Maar diegene wat sy mag na waarde loof, het nie min in die geloof gevorder nie. Dit sal elkeen geredelik erken wanneer hy nagaan hoeveel vertwyfeling oor God se mag hom herhaaldelik bekruip.

Wel sal ons almal erken dat God magtig is om te doen wat Hy wil. Maar die geringste beproewing maak ons bang en verskrik. Dit is hieruit duidelik dat ons God se mag onderskat. Ons slaan daarop minder ag as op Satan se dreigemente teen God se beloftes.

Inst. III, 2, 31

*Maak ons tog meer bewus van u almag; ook die almag van u liefde en genade.*

## 8 April

*Ps. 119:25-32*

DIE WOORD HOU DIE GELOOF IN STAND

> *Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus. - Rom. 10:17*

Daar is geen geloof sonder die lig van God se getuienis op ons pad nie. Maar nou sal ons kan vra hoe ons oor Sara en Rebekka moet oordeel. Hoewel dit lyk of albei deur geloofsywer gedring is, het hulle tog buite die grense van die Woord gegaan.

Toe Sara verteer is deur die verlange na die beloofde kroos, het sy haar bediende aan haar man gegee. Dat sy op baie maniere gesondig het, kan nie ontken word nie. Nou praat ek egter net van hierdie sonde: dat sy deur haar begeertes meegevoer is en haar nie binne die perke van Gods Woord gehou het nie. Maar tog is dit seker dat dié verlange uit die geloof gekom het.

Rebekka het deur 'n voorspelling gehoor van haar seun se verkiesing. Sy het toe deur 'n slenterslag gesorg dat hy geseën word. Sy bedrieg haar man, die getuie en bedienaar van God se genade. Sy dwing haar seun om leuens te vertel. Met 'n klomp bedrog en skelmstreke tas sy die waarheid van God aan. Kortom, deur sy belofte bespotlik te maak, doen sy alles in haar vermoë om dit kragteloos te maak. En tog: hoe sondig en laakbaar dié optrede ook al was, was dit nie sonder geloof nie. Sy moes immers baie besware oorwin voordat sy wat so vol moeilikhede en gevare was, so sterk begeer het. En boonop was dit sonder aardse voordeel . . .

Hierdie voorbeelde leer sonder twyfel dat dwalings dikwels met geloof vermeng is. Die ware geloof voer egter altyd die botoon ... Die geval van Rebekka het nietemin gewys hoe maklik die mens se gees afgly as hy hom selfs net die kleinste toegewings veroorloof.

Inst. III, 2, 31

*Ek glo, Here. Hou my lewend deur u Woord.*

## 9 April

*Hand. 4:8-13*

ALLE BELOFTES IN CHRISTUS STAAN VAS

> *Hy is die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Hom dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê. - 2 Kor. 1:20*

God het niemand buite om Christus lief nie. Hieroor is daar geen twyfel nie. Hy is die geliefde Seun vir wie God blywend lief is (Matt. 3:17; 17:5). En van Hom afvloei die liefde oor ons. Paulus sê ons het die genade in die Geliefde verkry (Ef. 1:6) .. .

Hieruit volg dat ons na Hom moet opsien telkens as ons iets belowe word. Paulus leer tereg dat God se beloftes in Christus bevestig en vervul word (Rom. 15:8).

Maar daar is sekere gevalle wat dit weerspreek, sal iemand sê. Neem byvoorbeeld Naäman, die Siriër. Hy het die profeet gevra hoe hy God reg kan dien. En tog kan 'n mens nie aanneem dat hy van die Middelaar geweet het nie. Nogtans word sy vroomheid geroem.

Kornelius, 'n Romeinse heiden, kon beswaarlik geweet het wat selfs nie alle Jode geweet het nie. En dan het selfs hulle net vaagweg geweet, Maar tog was sy aalmoese en gebede vir die Here goed (Hand. 10:31). Ook is Naäman se offers deur die profeet se antwoord goedgekeur (2 Kon. 5:17 e.v.). Sonder die geloof kon hulle dit nie bereik nie . . .

Kornelius het egter terwyl hy lank in Judea gewoon het, die Joodse godsdiens aanvaar. Hy kon toe nie anders nie as om die eerste beginsels van die ware leer te verneem nie.

Dit sou ook bra ongerymd gewees het as Elisa al die klein dingetjies aan Naäman vertel het, maar oor die hoofsaak geswyg het.

Inst. III, 2, 32

*Here, ons dank U vir die wonderlike beloftes wat in Christus ons deel geword het.*

## 10 April

*Ef. 2:4-10*

DIE GELOOF IS 'N SPESIALE GA WE VAN GOD

> *Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak. - 2 Tess. 1:11*

Die geloof is God se werk, sê Paulus in 2 Tess. 1:11... Hiermee sê hy dat die mens dit nie sommer vanself het nie. Maar hy is nie tevrede om net dit te sê nie: dit is 'n bewys van God se krag, voeg hy by.

God ag nie almal die geloof waardig nie, maar Hy deel dit as 'n besondere voorreg uit aan wie Hy wil. Deur so 'n besondere gawe beklemtoon God sy vrymag. Daarvan het ons reeds vroeër bewyse aangehaal.

As getroue uitlêer hiervan, roep Augustinus uit: "Die Saligmaker leer dat óók die geloof self 'n gawe is. Dit is geen verdienste nie. Daarvan sê Hy: 'Niemand kan na My toe kom tensy my Vader hom getrek en dit aan hom gegee het nie' (Joh. 6:44). Dit is 'n wonder dat twee hoor: die een verwerp dit, en die ander neem dit aan. Laat hom wat dit verwerp, self die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar; laat hy wat dit aanneem, homself nie aanmatig nie."

Op 'n ander plek sê Augustinus: "Waarom is die geloof aan een gegee en nie aan 'n ander nie? Ek erken reguit: dit is een van die diep dinge van die kruis. Uit die onpeilbare dieptes van God se besluite kom alles waartoe ons in staat is. En dit is iets wat ons nie kan deurgrond nie. Wat ek kan doen, sien ek. Maar hoekom ek dit kan doen, sien ek nie. Al wat ek wel sien, is dat dit van God is. Maar waarom hierdie een en nie daardie een nie? Dit is vir my te veel. Dit is onpeilbaar, 'n diepte van die kruis. Ek kan in bewondering uitroep, maar nie met beredenering die bewys lewer nie."

Inst. III, 2, 35

*O Here, ons dank U dat ons geloof van U afhanklik is, en daarom gewaarborg is.*

## 11 April

*Rom. 10:9-15*

DIE GELOOF IS 'N SAAK VAN DIE HART

> *As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. - Rom. 10:9*

Dit is dan nou nodig: dat wat in die verstand opgeneem is, ook na die hart self oorgedra moet word. Want die Woord van God is nie in die geloof aangeneem solank dit bo in die verstand rondfladder nie. Dit is eers die geval wanneer dit diep in die hart wortel geskiet het. So word dit 'n onoorwinlike vesting wat alle werktuie van versoeking weerstaan en terugdryf.

As dit waar is dat die verligting deur die Gees die ware insig aan die verstand verleen, is sy funksie deur dié geloofsversekering baie duideliker. Dit is die geval in soverre die hart se wantroue groter is as die blindheid van die verstand. Dit is ook moeiliker om die hart gerus te stel as om die verstand met kennis toe te rus.

Die Gees gee ons eers in ons verstand sekerheid oor bepaalde beloftes. Dan beseël Hy juis dié beloftes in ons harte. Hy tree ook op as 'n waarborg om hierdie beloftes te bevestig en te bestendig. Die apostel sê: "In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het" (Ef. 1:13 en 14).

Sien u hoe Paulus ons hier leer dat die gelowiges se harte beseël word deur die Heilige Gees? Merk u ook op hoe hy praat van die Gees wat belowe is? - Hy wat die evangelie aan ons bekragtig het.

Net so sê hy ook aan die Korintiërs: "Hy het ons vir Hom afgesonder, ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as 'n waarborg van wat ons nog sal ontvang" (2 Kor. 1:21 en 22).

Inst. III, 2, 36

*O Gees van God, ons kan alleen waarlik glo as U in ons harte getuig.*

## 12 April

*Ps. 46:1-8*

DIE GEMOEDSRUS VAN DIE GELOOF

| *"Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!" - Mark. 5:36* |
|---|

Ons word voortdurend hieraan herinner: dat die geloof aan verskillende vertwyfelinge onderhewig is. Gevolglik is die vromes se harte selde kalm. Hulle geniet dus nie altyd 'n toestand van rus nie. Maar op watter sluwe manier hulle ook al geteister word, kom hulle óf weer op uit die maalstroom van versoeking, of hulle bly vas staan.

Inderdaad is dit net hierdie veiligheid - soos blyk uit Psalm 46:2 en 3 - wat ons koester en beskerm: "God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om ons te help in nood. Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see." Oor hierdie heerlike rus word ook elders geroem (Ps. 3:6): "As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my."

Nie dat Dawid altyd in 'n vrolike stemming was nie. Maar hy roem dat hy alles wat sy innerlike vrede sou kon versteur, onverskrokke verag. Dit is die geval vir sover hy, na die mate van sy geloof, God se genade ondervind het. Wanneer ons dan tot geloof opgewerk word, gebied die Skrif ons om rustig te wees. In Jesaja 30:15 lees ons: "... in stil-wees en vertroue bestaan julle krag." En in Psalm 37:7: "Daarom moet julle in stilte op die Here vertrou ..." Hiermee stem die apostel se woorde aan die Hebreërs ooreen: "Volharding is wat julle nodig het..." (Hebr. 10:36).

Inst. III, 2, 37

*Here, gee dat ons geloof sy rus en hoogste goed in U sal vind.*

## 13 April

*Luk. 24:25-32*

GELOOF LAAT DIE HART WARM KLOP

> *"Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?" - Luk. 24:32*

Paulus noem die geloof 'n teken of 'n bewys. (Of soos Augustinus dit dikwels vertaal het: dit is 'n oortuiging van die dinge wat nie aanwesig is nie) ... Paulus praat hier asof geloof 'n klaarblyklike openbaring is van die dinge wat onsigbaar is. Dit is 'n sien van dinge wat nie sigbaar is nie, 'n duidelikheid van wat duister is, 'n aanwesigheid van wat afwesig is, 'n tentoonstelling van wat verborge is. Tot die verborgenhede van God behoort alles wat ons saligheid bevorder. Hulle kan na hulle wese en . . . aard nie gesien word nie - ons sien hulle slegs in sy Woord. En van dié Woord se waarheid moet ons so oortuig wees dat ons sal aanvaar dat alles reeds vervul is.

En hoe sal die hart so 'n voorsmakie van God se goedheid kan proe sonder om tegelykertyd in wederliefde vir God aan die brand te slaan? Vir hulle wat Hom vrees, het Hy 'n oorvloedige lieflikheid weggelê. Die lieflikheid kan nie werklik geken word nie sonder dat ons daardeur emosioneel betrokke raak. Hy wat eenmaal dié belewenis ondervind, word nader getrek en meegevoer. Dit is geen wonder dat 'n verkeerde en verdraaide hart hierdie emosie nooit ondervind nie. Daardeur word ons na die hemel self gebring en tot God se mees verborge skatte toegelaat. Ons verkry ook toegang tot die allerheiligste plekke van sy koninkryk. En dit mag nie deur die binnekom van 'n onrein hart ontheilig word nie.

Inst. III, 2, 41

*O Here, ons bid vir 'n hart waarin geloof en liefde saam 'n loflied sing.*

## 14 April

*2 Petrus 3:3-9*

GELOOF EN HOOP

Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. - Rom. 8:24

Oral waar die lewende geloof is, het dit noodwendig die hoop op die ewige saligheid as 'n onafskeidbare metgesel. Of liewer: die geloof moet uit homself die hoop voortbring en daarstel. Want indien die hoop ontbreek, weet ons daar is geen geloof nie - hoe welsprekend en mooi ons ook al daaroor praat . . . Die hoop is niks anders nie as die verwagting van dié dinge wat die geloof weet God waarlik belowe het.

So glo die *geloof* dat God waaragtig is - die *hoop* verwag dat Hy te gelegener tyd sy waaragtigheid sal toon. Die *geloof* glo dat Hy vir ons 'n Vader is - die *hoop* verwag dat Hy homself as Vader aan ons sal toon. Die *geloof* glo dat die ewige lewe aan ons gegee is - die *hoop* verwag dat dit eenmaal geopenbaar sal word. Die *geloof* is die grondslag waarop die hoop rus - die *hoop* voed en ondersteun die geloof.

Niemand kan iets van God verwag nie, tensy hy eers God se beloftes geglo het. Andersyds moet ons geloof se swakheid ondersteun en gekoester word deur geduldig te hoop en te verwag. (Dit kan andersins van vermoeidheid beswyk.) Daarom bou Paulus tereg ons saligheid op die hoop (Rom. 8:24). Want wanneer die hoop in stilte op die Here wag, hou dit die geloof in bedwang om nie alte haastig te wees nie. Dit versterk die geloof sodat dit nie onseker word oor die beloftes van God of aan die waarheid daarvan begin twyfel nie. Dit verkwik die geloof sodat dit nie moeg word nie. Die hoop laat die geloof volhou tot by die wenpaal, en keer dat dit nie halfpad, of selfs aan die begin, doodgaan nie.

Inst. III, 2, 42

*O Here, ons bid vir 'n hoop wat leef en 'n geloof wat nooit twyfel nie.*

## 15 April

*Jeremia 4:1-4*

BEROU

*Braak vir julle 'n braakland en saai nie onder die dorings nie. – Jer. 4:3*

Wanneer ons sê berou is om jou na God te wend, dink ons aan 'n verandering - nie net van die uiterlike nie, maar ook in die siel self...

Daar is geen plek waar 'n mens die ware aard van berou beter kan leer ken nie as in Jeremia 4:1 e.v.: "As jy jou bekeer, Israel, spreek die HERE, bekeer jou tot My .. . Braak vir julle 'n braakland en saai nie onder die dorings nie. Besny julle vir die HERE en verwyder die onbesnedenheid uit julle hart." Let daarop hoe hy aankondig: dat hulle ywer vir geregtigheid op niks sal uitloop nie, tensy die goddeloosheid eers uit die dieptes van die hart verwyder is. En om hulle in die hart te tref, waarsku hy hulle dat hulle met God te doen het. By Hom rig jy niks uit deur jou mantel te draai nie, want Hy haat dubbelhartigheid.

Daarom spot Jesaja met die huigelaars se agterstevoor probeerslae (Jes. 58:6): hulle is wel ywerig om die uiterlike seremonies in ere te herstel. Maar intussen maak hulle nie die bande wat die armes bind los nie. Hiermee toon hy op voortreflike wyse aan waarin die werklike berou geleë is.

Verder kan ons sê dat die berou voortkom uit 'n ware vrees van die Here. Want voordat die sondaar se hart tot inkeer neig, moet hy deur die gedagte aan God se oordeel wakker geskud word . . .

God tree dus met dreigende strengheid teen ons op weens ons natuur se verdorwenheid. Hy sou tevergeefs met vriendelikheid 'n beroep doen op dié wat slaap.

Inst. III, 3, 6 en 7

*O Here, gee dat elke onbekeerde opregte berou sal hé en nie onder die doringsbossies probeer saai nie.*

## 16 April

*Hebreërs 12:12-15*

HEILIGMAKING

> *Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir 'n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie. - Hebr. 12:14*

As ons waarlik deel het aan Christus se dood, word ons ou mens deur sy krag gekruisig en word ons sondige bestaan beëindig. Gevolglik ontplooi die verdorwenheid van ons oorspronklike natuur nooit weer in sy volle krag nie.

As ons in sy opstanding deel, word ons daardeur opgewek tot die nuwe lewe wat beantwoord aan God se geregtigheid.

Kortom, ek verstaan onder berou 'n geestelike geboorte wat geen ander doel het nie as om die beeld van God in ons te herstel. Ek bedoel die beeld wat deur die oortreding van Adam besoedel is en so byna uitgewis is. So leer die apostel wanneer hy sê: "Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mens wat na die beeld van God in ware geregtigheid en heiligheid geskep is" (Ef. 4:23).

Daarom word ons weens Christus se weldaad tot die geregtigheid van God - waarvan ons deur Adam afvallig geword het - hernuwe. Dit gebeur deur die wedergeboorte in breër sin. Dit behaag die Here om diegene wat Hy verkies het om die lewe te beërwe, op dié wyse tot hul vorige toestand te herstel.

Die vernuwing word egter nie in een oomblik, dag of jaar afgehandel nie: God wis deur voortdurende, soms langsame vordering die verdorwenheid uit sy uitverkorenes se natuur. Hy reinig hulle van hul vuilheid en heilig hulle om tempels vir Hom te wees. Hy vernuwe al hul gedagtes tot ware reinheid, sodat hulle hul hele lewe lank berouvol mag wees. En hulle moet ook besef dat hierdie krygsdiens net deur die dood beëindig word.

Inst. III, 3, 9

*Here, was ons elke dag skoner deur die bloed van die Lam en hou ons getrou.*

## 17 April

*Filippense 3:7-14*

NOG NIE VOLMAAK NIE

> *... want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen sonder om te sondig nie. - Pred. 7:20*

So word God se kinders deur die wedergeboorte (in die ruim sin van heiligmaking) bevry van die slawerny van die sonde. Dit gebeur nie asof hulle reeds in volle besit van die vryheid is en dus nie meer las van hul sondige natuur het nie. Daar bly vir hulle voortdurend aanleiding tot die stryd. Daardeur word hulle geoefen. En hulle word nie net geoefen nie, maar leer ook hul swakheid beter ken . . .

Alle skrywers van gesonde oordeel stem saam dat daar in die wedergebore mens nog 'n fontein van kwaad oorbly. Daaruit kom onophoudelik begeertes op wat hom verlei en prikkel om te sondig.

Hulle erken ook dat die vromes nog deur die hartstog van die begeerte verstrik is. Dit is soseer die geval dat hulle nie kan verhinder nie dat hulle van tyd tot tyd tot of onreinheid, geldgierigheid, eersug of ander sondes aangevuur en geprikkel word . . .

Ons beskou dit juis as sonde dat die mens deur die een of ander begeerte teen die Wet van God aangevuur word. Ja, ons hou vol dat die slegtheid wat sulke begeertes in ons aanwakker, self sonde is. Ons leer dus dat die heiliges altyd sonde in hulle het totdat hulle die sterflike liggaam aflê. Want in hul liggame is die slegte begeerte wat teen die goeie stry. Augustinus skryf: "Wat die heiliges betref, verloor die sonde sy heerskappy op aarde. En in die hemel verdwyn dit."

Inst. III, 3, 10

*Laat ons al hoe meer wees wat ons reeds as geroepe heiliges in U is.*

## 18 April

*Romeine 6:8-14*

DIE SONDE HEERS NIE OOR ONS NIE

*Die sonde moet nie meer oor julle baas wees nie ... - Rom. 6:14*

Wanneer God diegene herskep wat aan Hom behoort, sorg Hy daarvoor dat die heerskappy van die sonde in hulle vernietig word. Hy gee aan hulle die krag van die Gees sodat hulle die oorhand behou en as oorwinnaars uit die stryd tree. Die sonde hou egter nie op om in hulle te woon nie - wel hou dit op om oor hulle te heers. Daarom sê ons dat die ou mens op so 'n wyse gekruisig is in God se kinders en die wet van die sonde op so 'n wyse in hulle tot niet gemaak is, dat daar tog nog oorblyfsels is. Die oorblyfsels is nie daar om te heers nie, maar om sy kinders nederig te hou deurdat hulle bewus bly van hul swakheid.

Ook Augustinus skryf dat die wet van die sonde in die heiliges is, en dat net die skuld weggeneem word... "As jy met die sondige natuur die wet van die sonde dien," sê Augustinus, "doen dan wat die apostel self sê: 'Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie'" (Rom. 6:12).

Die Gees reinig ons so deur die heiligmaking dat ons tog nog deur baie gebreke en swakhede gekniehalter word. Dit is die geval solank ons aan die beperkinge van hierdie liggaam onderworpe is. So gebeur dit dat ons - ver verwyder van die volmaaktheid - dit noodsaaklik ag om steeds te vorder. Ook dat ons, verstrik in die sonde, daagliks daarteen moet stry ... Tensy ons in die waan verkeer dat ons geestelik meer gevorder het as die apostel. Hy is immers deur 'n boodskapper van Satan aangeval, sodat die krag van God in swakheid volbring mag word (2 Kor. 12:9). Hy gee ook in sy eie geval nie 'n denkbeeldige voorbeeld nie, maar 'n egte voorbeeld van die stryd tussen die Gees en die sondige natuur (2 Kor. 12:7, 9; Rom. 7:7 e.v.).

Inst. III, 3, 11-14

*O Here, hoe dank ons U dat die sonde nie oor ons heerskappy voer nie.*

## 19 April

*Matteüs 11:25-30*

LAAT DIE BEROU JOU NIE OORWELDIG NIE

> *As ons gewete ons veroordeel - God is groter as ons gewete, en Hy weet alles. - 1 Joh. 3:20*

Die siel kan oorweldig word deur die skrik vir die Goddelike oordeel. Dan kan dit ook nie anders wees nie as dat die siel homself te heftig bestraf . . . Maar laat ons matig wees, sodat die droefheid ons nie verteer nie. Want beangste gewetens wil niks anders doen nie as om in wanhoop te verval. En dit is 'n kunsgreep van Satan. Daardeur dompel hy diegene wat uit angs vir God verbyster is, al hoe dieper die afgrond van neerslagtigheid in. Sy plan is dat hulle nooit weer daaruit sal kom nie . . .

'n Mens moet, volgens die bevel van die apostel (Hebr. 12:3), oppas dat jy as berouvolle sondaar nie onder alte grote vrees beswyk nie. Op dié manier vlug 'n mens van God af weg. En dit is juis Hy wat ons deur berou na Hom terugroep.

Met betrekking tot dié saak is ook Bernard van Clairvaux se waarskuwing nuttig: "Die droefheid oor die sonde is noodsaaklik, maar dit moenie onafgebroke aanhou nie. Ek raai julle aan om somtyds terug te keer van die herinneringe aan julle optrede wat julle terneergedruk en beangs maak. Ek beveel aan: ontvlugting na die rustige gedagte aan God se weldade. Dit is soos 'n oop veld. Laat ons dan die wilde-als met heuning meng. Die heilsame bitterheid, versoet met heuning, sal gesondheid skenk as dit gedrink word. En as julle gevoelig is vir julle eie nederigheid, wees dan ook gevoelig vir die goedheid van die Here."

Inst. III, 3, 15

*O Here, ons dank U dat ons 'n Vader het wat weet.*

## 20 April

*Jakobus 4:1-8*

SKEUR JOU HART

> *En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil. - Joel 2:13*

Die vrugte van berou is vroomheid jeens God en liefde vir die medemens. En voeg hierby heiligheid en suiwerheid van die hele lewe. Kortom, met hoe meer getrouheid iemand sy lewe toets aan die maatstaf van God se Wet, des te sekerder is sy tekens van berou. Wanneer die Gees ons aanspoor tot berou, roep Hy ons dikwels na elke afsonderlike gebod, dan weer na die pligte van die tweede tafel. Op ander plekke veroordeel Hy eers die onreinheid van die bron, dit wil sê die hart. Daarna kom Hy by kenbare tekens wat wys dat die berou eg is . . .

Ek sal nie die profete se getuienisse opstapel waarin hulle die dwaasheid bespot van diegene wat daarna streef om deur hul seremonies versoening met God te bewerk nie. Die profete toon aan dat dit louter sotterny is. Met dié getuienisse leer hulle die betrokke mense dat die uiterlike suiwerheid van die lewe nie die wese van die berou is nie. Want God sien die hart aan. Wanneer jy dan met God te doen het, bereik jy niks as jy nie met die innerlike gesindheid van die hart begin nie. Dit weet elkeen wat maar enigsins iets van die Skrif weet - sonder dat ander hom daarop hoef te wys.

En hierdie plek in Joel (2:13) sal nie min help nie om ander plekke te verstaan: "Skeur julle harte en nie julle klere nie!" Dié twee aspekte word ook bondig in Jakobus se woorde uitgedruk. "Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars ..." (Jak. 4:8). Die verborge vuilighede moet weggeneem word, sodat 'n altaar vir God opgerig kan word.

Inst. III, 3, 16

*O Here, ek smeek U dat ek die ootmoed en opregtheid van 'n oopgeskeurde hart sal hê.*

## 21 April

*Psalm 51:1-8*

BELYDENIS VAN SONDE VOOR GOD IS NOODSAAKLIK

> *Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. - Ps. 51:6*

Ek wil daarop wys dat wanneer die woord *berou* gebruik word vir . .. iets uitwendigs soos vas, dit nie reg gebruik word nie. Daar word dan van die regte betekenis afgewyk ... Want sulke optrede is nie soseer 'n toekeer tot God nie, as wat dit 'n openbare belydenis van skuld is. Dit word gedoen met die doel om kwytskelding van straf en skuld te verkry. So is boete doen in sak en as niks anders nie as om te wys hoe ontevrede ons met onsself is wanneer God toornig op ons is weens groot sondes. Dit is 'n openbare vorm van belydenis, waardeur ons onsself voor die engele en die wêreld veroordeel, en die oordeel van God voorkom. Want wanneer Paulus wys op die traagheid van hulle wat aan hulle sondes toegee, sê hy: "As ons onsself vooraf reg ondersoek het, sou ons nie onder die oordeel gekom het nie" (1 Kor. 11:31).

Maar dit is nie altyd noodsaaklik om almal openlik te vertel en hul getuies van ons inkeer te maak nie. Daarenteen is dit wel deel van die ware berou om persoonlik aan God te bely. Dit is nie iets wat nagelaat mag word nie.

Want niks is meer ongerymd nie as dat God dié sondes sal vergewe waaroor ons onsself vlei nie. Ek bedoel dié sondes wat ons skynheilig onder 'n dekmantel hou in die waan dat God hulle nie aan die lig sal bring nie.

En ons moet nie net die sondes bely wat ons daagliks doen nie, maar die swaarder misdrywe moet ons verder voer: hulle moet ons herinner aan dié sondes wat oënskynlik lankal begrawe is. Dit skryf Dawid ons as 't ware deur sy voorbeeld voor (Ps. 51:6).

Inst. III, 3, 18

*Ons bely ons sonde voor U, die heilige God, wat 'n gebroke en verslae hart nie verag nie.*

## 22 April

*Mattheüs 12:22-32*

DIE SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES

> *"As iemand iets teen die Seun van die mens sê, kan dit hom vergewe word; maar as iemand iets teen die Heilige Gees sê, kan dit hom nie vergewe word nie, nie in hierdie bedeling nie en ook nie in die toekomstige nie." - Matt. 12:32*

Die Meester verseker ons dat alle sonde en lastering vergewe sal word, buiten dié teen die Heilige Gees. Dit sal nog in hierdie bedeling, nog in die toekomstige vergewe word ... En daaruit volg dat aan geen sonde vergewing ontsê word nie - behalwe één. Hierdie sonde kom voort uit wanhopige waansin en kan nie aan swakheid toegeskryf word nie. Klaarblyklik toon dit dat dié mens van die duiwel besete is . . .

Dit is paslik om hier vas te stel watter sonde so verskriklik is dat dit geen vergewing sal ontvang nie . . .

My mening is dat hulle wat die Goddelike waarheid doelbewus weerstaan, teen die Heilige Gees sondig.

Ek bedoel dié waarheid wat hulle so deur sy glans tref dat hulle nie kan sê hulle het nie geweet nie. Want wanneer Christus uitlê wat Hy gesê het, voeg Hy onmiddellik by: Wie iets teen die Seun van die mens sê, sal vergewe word. Maar wie teen die Gees laster, dit sal hom nie vergewe word nie (Matt. 12:31; Mark. 3:28; Luk. 12:10) .. .

Hoe kan iemand teen die Seun kwaad spreek sonder om hom tegelykertyd teen die Gees te keer? Op dié manier: deur onwetend die waarheid van God - wat vir hulle onbekend is - te bestry. Hulle is dan diegene wat Christus onwetend belaster. Dit is mense wat as die waarheid maar net aan hulle geopenbaar sou wees, dit nie sou wil uitblus nie. Hulle sou Hom - van wie hulle sou weet dat Hy die Seun van die Here is - nie met een woord wou seermaak nie. Sulke mense sondig teen die Vader en die Seun.

Inst. III, 3, 21 en 22

*O Gees van God, gee vir my die kinderlike liefde wat dit vir my onmoontlik sal maak om te laster.*

## 23 April

*Handelinge 6:10-15*

MEER OOR DIE SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES

> *"Julle hardkoppiges! Julle is heidens in julle harte. Julle is doof vir die woord van God. Julle weerstaan altyd die Heilige Gees." - Hand. 7:51*

So is daar vandag baie mense wat die leer van die evangelie met die grootste vloeke verwens. As hulle egter net geweet het dat dit waarlik die leer van die evangelie was, sou hulle bereid wees om dit met hul hele hart te eerbiedig. Maar nou is daar diegene wat in hulle gewete oortuig is dat dit die Woord van God is. Tog hou hulle nie op om dit te verag en aan te val nie. Dit is hulle van wie gesê word dat hulle teen die Gees laster, aangesien hulle in verset kom teen die verligting - dit wat die werk van die Heilige Gees is. So was sommige van die Jode: hulle kon die Gees wat *deur* Stefanus gepraat het, nie weerstaan nie. Maar hulle het hulself tog ingespan om Hom te weerstaan (Hand. 6:10).

Dit ly geen twyfel nie dat baie van hulle deur die ywer vir die Wet daartoe gedryf is. Maar dit blyk ook dat daar ander was wat deur 'n kwaadwillige goddeloosheid teen God self in opstand gekom het. Dit wil sê, hulle het teen die leer te kere gegaan, hoewel hulle baie goed geweet het dat dit van God was. Onder dié was ook die Fariseërs self, wat deur die Here bestraf is. Dit is dus die gees van lastering: wanneer die mens domastrant en beledigend instorm om die Naam van God te benadeel.

Paulus se woorde in 1 Tim. 1:13 slaan op hierdie hele aangeleentheid. Hy sê hy het barmhartigheid verkry omdat hy onwetend in ongeloof opgetree het. Anders sou hy tereg die genade van God onwaardig gewees het. As onkunde saam met ongeloof gemaak het dat hy vergifnis kon kry, dan volg hieruit dat daar geen ruimte vir vergifnis is wanneer kennis met ongeloof gepaard gaan nie.

Inst. III, 3, 22

*O Gees van God, ons bid om daardie opregtheid van gees om U te ken én lief te hê.*

## 24 April

*Hebreërs 6:4-9*

'N ALGEMENE TOESTAND VAN VERHARDING

> *Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie. - Hebr. 10:26*

As u noukeurig ag gee, sal u begryp dat die apostel nie praat van een of twee bepaalde misstappe nie, maar van 'n algemene afvalligheid. Deur hierdie afvalligheid wys die verworpenes die saligheid af. Dit is geen wonder nie dat hierdie mense ondervind dat God onversoenlik is. In sy brief verseker Johannes dat hulle wat die uitverkorenes die rug toegekeer het, in elk geval nie tot hulle behoort het nie (1 Joh. 2:19)... Hy sê dit is volkome waar dat die terugkeer tot die gemeenskap met Christus nie oopstaan vir diegene wat dit willens en wetens verwerp het nie. Die verwerpers van hierdie gemeenskap is egter nie slegs hulle wat deur losbandigheid die Woord van God oortree nie. Nee, dit is diegene wat sy hele leer opsetlik verwerp.

In Hebr. 6 word gepraat van hulle wat afvalliges is, nadat hulle eenmaal verlig is... Onder hulle tel diegene wat die lig van die Gees met opsetlike goddeloosheid uitblus. Ook diegene wat die smaak van die hemelse gawe as 't ware uitspoeg. Hulle het hulself daardeur aan die heiligmaking deur die Gees onttrek, en Gods Woord en die kragte van die toekomstige wêreld vertrap.

Die woord *opsetlik* is later op 'n ander plek (Hebr. 10) bygevoeg om die vaste besluit om goddeloos te wees, des te beter uit te druk. Hy sê geen offer vir die sonde bly meer oor vir hulle wat willens sondig nadat hulle die kennis van die waarheid ontvang het nie. Daarmee ontken hy nie dat Christus 'n voortdurende offerande is om die heiliges se ongeregtighede te versoen nie ... Hy sê net dat daar geen offerande oorbly wanneer jy hierdie een verwerp nie. En dit word verwerp wanneer die waarheid van die evangelie met opset geloën word.

Inst. III, 3, 23

*Ons dank U vir die bevrydende woord: "Maar, geliefdes, ons is aangaande julle van beter dinge oortuig."*

## 25 April

*Efesiërs 2:4-10*

BEROU IS NOODSAAKLIK, MAAR HET GEEN VERDIENSTE NIE

> *Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die HERE my God. – Jer. 31:18*

Ons het êrens gesê dat jy sonder berou nooit vergewing van sondes kan kry nie. Alleen hulle wat verslae is en deur die bewussyn van sonde gewond is, kan opreg om God se genade smeek. Maar ons het terselfdertyd bygevoeg dat die berou nie die oorsaak van sondevergifnis kan wees nie En ons het ook daardie foltering van siele uit die weg geruim, naamlik dat daar skuld is wat deur hulle gedelg móét word. Ons het gesê dat die sondaar hom nie op sy verbryseling of op sy trane moet verlaat nie. Hy moet albei sy oë net op die Here se genade vestig.

Ons het net beklemtoon dat dié wat vermoeid en belas is, deur Christus geroep word: Hy is gestuur om die evangelie aan die armes te verkondig, om die gebrokenes van hart te verbind, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep, om geboeides uit te lei en om treurendes te troos (Matt. 11:5, 28; Jes. 61:1; Luk. 4:18). Gevolglik sou die Fariseërs uitgesluit word. Hulle is deur hulle eie geregtigheid versadig en erken nie hul armoede nie. Want sulkes is nie vermoeid of belas nie, nie gebroke van hart nie, en nie geboeid en in die gevangenis nie.

Maar hier is sake wat baie van mekaar verskil - afhangende daarvan wat jou onderrig inhou. Jy kan sê dat die vergewing van sondes verdien word deur 'n volkome en hartgrondige berou - iets wat die sondaar nooit kan bereik nie. Of jy kan hom leer om te honger en dors na die barmhartigheid van God. Deur die kennis van sy ellende, sy oorweldigende onrus, sy afgematheid en sy gevangenskap, toon jy aan hom waar hy lafenis, rus en vryheid moet soek.

Inst. III, 4, 3

*Nie op my berou nie, Here, maar alleen op u genade vertrou ek.*

## 26 April

*Psalm 51:3-8*

BELY JOU SONDE VOOR GOD

> *As 'n man of vrou enige menslike sonde doen, sodat ontrou teen die HERE gehandel word, en dié sielskuldig word, dan moet hulle hul sonde wat hulle gedoen het, bely ... - Num. 5:6, 7*

Chrysostomus sê uitdruklik: "Noem jou sondes op, sodat jy hulle kan vernietig. As jy skaam is om aan iemand te sê watter sondes jy gedoen -het, noem hulle dan daagliks vir jouself op. Ek sê nie dat jy hulle aan jou medemens - wat jou sou kon verwyt - moet vertel nie. Noem jou sondes op voor God - Hy genees dit. Bely jou sondes as jy op jou bed lê, sodat jou gewete daar daagliks sy gebreke kan erken."

Hy sê ook: "Dit is nou egter nie nodig om ook in die teenwoordigheid van getuies te bely nie. Laat die ondersoek van jou sondes in jou eie gedagtes geskied. Laat hierdie beoordeling sonder getuie plaasvind ..." So ook: "Ek lei jou ook nie om in die openbaar aan jou medemens ten toon gestel te word nie. Ek dwing jou nie om jou sondes vir mense bloot te lê nie. Herondersoek jou gewete voor God en vou dit oop voor God. Toon jou wonde aan die Here, die Uitnemendste Geneesheer. En vra van Hom die geneesmiddel. Toon jou wonde aan Hom wat nie verwyt nie, maar met die meeste ontferming genees ..."

Later laat hy God die volgende aan ons sê: "Ek dwing jou nie om in die middel van 'n openbare plek te verskyn en om baie getuies by te hê nie. Vertel jou sondes privaat aan My alleen, sodat Ek jou wonde kan genees"... Chrysostomus durf nie iets eis as hy weet dit is glad nie deur die Woord van God voorgeskryf nie.

Inst. III, 4, 8

*Here, ek erken en bely dat ek as skuldige voor U staan.*

## 27 April

*2 Samuel 12:7-14*

WANNEER MOET ONS VOOR MENSE BELY?

*En Dawid sê vir Natan: Ek het gesondig teen die Here! - 2 Sam. 12:13*

Aan wie moet ons bely? Natuurlik aan God - dit is, indien ons met 'n terneergedrukte en vernederde hart voor Hom neerval . . . Wie van harte en voor God so gesind is, sal sonder twyfel sy tong en belydenis gereed hê. Ek bedoel: hy sal gereed wees om so dikwels as wat dit nodig is, God se barmhartigheid voor die mense te verkondig. Hy sal bereid wees om nie maar die geheim van sy hart eenmaal aan een persoon - en dan nog in die oor - te fluister nie (soos die Rooms-Katolieke leer). Inteendeel. Hy sal meermale openlik, terwyl die hele wêreld luister, openhartig sy eie eerloosheid en die heerlikheid en eer van God verkondig.

Op hierdie manier het Dawid sy sonde voor God en die mense bely. Dit het gebeur toe hy deur Natan beskuldig en deur die angel van sy gewete getref is. Hy sê: "Ek het gesondig teen die HERE!" (2 Sam. 12:13). Dit is: ek verontskuldig my nie. Ek probeer nie daarvan wegkom dat alle mense my as 'n sondaar beskou nie. Ek probeer ook nie verhoed dat wat ek vir die Here verborge wou hou, ook aan die mense bekend word nie.

Op die verborge belydenis aan God volg dus 'n vrywillige belydenis voor die mense - so dikwels as wat Gods eer of ons selfvernedering dit verg. Daarom het die Here dit destyds by Israel ingestel (Lev. 16:21): terwyl die priester die woorde voorgesê het, moes die volk openlik sy ongeregtighede in die tempel bely ... so sou iedereen des te beter tot ware selfkennis gelei word. Dit is dan passend dat ons ook onder mekaar en voor die hele wêreld sal getuig van ons ellende. En van die goedheid en barmhartigheid van ons God.

Inst. III, 4, 9 en 10

*Here, gee my die nodige wysheid om te weet waar en wanneer ek my sondes moet bely.*

## 28 April

*1 Konings 8:44-50*

OOK DIE VOLK MOET SY SONDES BELY

> *En die afstammelinge van Israel het hulle afgesonder van al die uitlanders, en hulle het gaan staan en belydenis gedoen van hulle sondes en die ongeregtighede van hulle vaders. - Neh. 9:2*

Sodanige belydenis behoort gereeld in die kerk plaas te vind. Daar moet ook onder buitengewone omstandighede op besondere wyse belydenis gedoen word, indien dit ooit gebeur dat die volk in 'n gemeenskaplike sonde verstrik raak. Van hierdie tweede soort het ons 'n voorbeeld: daardie plegtige belydenis wat die hele volk op las van Esra en Nehemia aflê.

Die langdurige ballingskap, die verwoesting van die stad en die tempel, en die onderdrukking van hul godsdiens was die gemeenskaplike straf op almal se afval. Gevolglik kon hulle die weldaad van bevryding nie na behore erken nie, tensy hulle vantevore skuld sou beken. Dit kom nie daarop aan of daar soms 'n klompie onskuldiges in 'n gemeente is nie. Hulle is tog lede van 'n afgematte en siek liggaam en kan hulle dus nie beroem op gesondheid nie . . .

Daarom, so dikwels as ons deur pes, oorlog of misoeste, of enige ander onheil getref word, moet die belydenis self nie nagelaat word nie. Daarvan hang alles af. Dit is ons plig om ons toevlug te neem tot rou, vas en ander tekens van skuld. Geen regskape mens sal die gewone belydenis durf afkeur as hy die nut daarvan oorweeg nie. Bowendien word dit deur die mond van God aangeprys. In alle heilige samekomste stel ons ons voor die aangesig van God en sy engele. Hoe anders kan ons begin as om ons onwaardigheid te erken . . .?

As jy oorweeg hoe groot ons sorgeloosheid, slaperigheid of traak-my-nie-agtigheid is, sal jy met my saamstem: dit is 'n heilsame instelling indien Christene deur 'n plegtige gebruik van sondebelydenis geoefen word tot verootmoediging.

Inst. III, 4, 11

*Gee ook aan ons as gelowiges genade om steeds ons sondes te bely en ons voor U te verneder.*

## 29 April

*Jakobus 5:13-18*

PERSOONLIKE BELYDENISSE

> *"As jy dus jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe." - Matt. 5:23, 24*

Die Skrif keur ook twee ander soorte persoonlike belydenis goed. Die een geskied ter wille van onsself. Daarop slaan die woorde van Jakobus (5:16) dat ons ons misdade aan mekaar moet bely. Hy bedoel dat wanneer ons vir mekaar ons swakhede blootlê, ons mekaar met raad en wedersydse vertroosting ondersteun.

Die tweede soort belydenis moet ter wille van die naaste gedoen word. Dit moet geskied met die doel om hom gunstig te stem en ons met hom te versoen, as hy in enige opsig deur ons fout seergemaak is.

Wat die eerste soort betref, wys Jakobus niemand met name aan voor wie ons ons hart kan uitstort nie. So laat hy aan ons die keuse vry om te bely aan enige lidmaat van die kerk vir wie ons die geskikste ag. Tog sal ons liefs die herders moet uitkies omdat hulle meestal bokant ander geskik beskou moet word. En ek noem hulle meer geskik as ander omdat die Here hulle juis deur die roeping tot die bediening vir ons aangewys het. Deur hulle mond word ons onderrig om die sonde aan bande te lê en reg te stel. Ook om vertroosting te ontvang uit die hoop op vergiffenis (Matt. 16:19; Matt. 18:18; Joh. 20:23) . . .

Maar hier moet altyd perke gestel word. Want waar God geen definitiewe voorskrif gee nie, moet ons gewetens nie deur 'n juk gedwing word nie. Hieruit volg dat so 'n belydenis vrywillig moet wees, sodat dit nie van almal geëis mag word nie. Dit moet slegs aanbeveel word vir hulle wat weet dat hulle daaraan behoefte het. Bowendien moet ook hulle wat dit uit noodsaak gebruik, nie deur enige voorskrif verplig word om alle sondes op te noem nie.

Oor die ander soort belydenis praat Jesus in Matt. 5:23 ... Want so moet die liefde - wat deur ons skuld verbreek is - herstel word, deurdat ons ons skuldige daad erken ...

Inst. III, 4, 12 en 13

*Here, ons bid om die genade en moed om ons sondes te erken. En om dit reg te stel.*

## 30 April

*Ps. 38:1-10*

DIE ROOMSE BIEGVADER EIS 'N LYS VAN ALLE SONDES

> *Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes... Al sy oortredinge wat hy begaan het, sal hom nie toegereken word nie... - Eseg. 18:21, 22*

Moet alle sondes opgenoem word? Nee. Want Dawid, wat myns insiens goed nagedink het oor die belydenis van sondes, roep uit: "Wie sien sy eie dwalinge raak? Moet my tog nie straf vir sulke onwetende oortredinge nie" (Ps. 19:13). En elders sê hy (Ps. 38:5): "Ja, my ongeregtighede het my oorweldig soos 'n las wat vir my te swaar is."

Ongetwyfeld het hy verstaan hoe diep die afgrond van ons sondes is. Hy het geweet hoeveel soorte sondes daar is, hoeveel koppe dié slang het en hoe lank die stert is wat hy sleep. Hy het dus nie gaan sit om 'n lys op te stel nie, maar het uit die diepte van sy ellende tot die Here geroep: "Ek is bedolwe, begrawe en versmoor. Die poorte van die hel het my ingesluit. Mag u hand my optrek - ek wat in 'n diep put weggesink het, ek, wat beswyk en sterwend is." Wie sou nou oorweeg om sy sondes op te tel, waar hy merk dat Dawid die getal van syne nie kan bereken nie? Deur hierdie foltering is die siele van hulle wat enigsins 'n besef van God gehad het, op die wreedste manier verskeur . . . Steeds kwel die vreeslike stem en klink in die ore: "Bely *al* jou sondes!"

Laat die lesers hier bedink in hoeverre dit moontlik sou wees om die dade van een hele jaar voor die gees te roep en na te gaan waarin en hoeveel hulle elke dag gesondig het. Die ervaring oortuig tog iedereen dat wanneer die sondes van net een dag in die aand nagegaan moet word, jou geheue jou in die steek laat... so 'n voorskrif is eenvoudig onmoontlik. Gevolglik kan dit nie anders as om te verderf, verdoem, en tot ondergang en wanhoop te voer nie.

Inst. IV, 16, 17 en 18

*Gee dat die Satan ons aandag nooit van die hoofsaak, die opregte belydenis van ons sonde, mag aflei nie.*

## 1 Mei

*Miga 7:14-20*

GEEN STRAF VIR DIE GELOWIGE NIE

*Want U het al my sondes agter u rug gewerp. - Jesaja 38:17*

Dit is die nuwe verbond wat God in sy Gesalfde met ons gemaak het: dat Hy nie aan ons ongeregtighede sal dink nie (Jer. 31:31, 34).. .

Dit word elders (Jes. 38:17; 44:22; Miga 7:19; Ps. 32:1) genoem: om die sondes agter die rug te werp; om hulle te laat verdwyn soos 'n wolk; om hulle in die dieptes van die see te werp; om hulle nie toe te reken nie en hulle bedek te hou.

Deur Hom so uit te druk, het die Heilige Gees sy bedoeling aan ons verduidelik - as ons maar ore het om na Hom te luister. God reken sonder twyfel die sondes toe as Hy dit straf. As Hy wraak neem, bring Hy dit in herinnering. As Hy tot verantwoording roep, bedek Hy dit nie. As Hy ondersoek instel, draai Hy nie sy rug daarvoor nie. As Hy in oënskou neem, laat Hy dit nie soos 'n wolk verdwyn nie. En as Hy dit openbaar, gooi Hy dit nie in die dieptes van die see nie.

Op hierdie manier lê Augustinus dit met duidelike woorde uit: "Indien God die sondes bedek, wou Hy dit nie waarneem nie. As Hy dit nie wou waarneem nie, wou Hy nie daarop let nie. En as Hy nie daarop wou let nie, wou Hy dit nie straf nie. Hy wou dit nie nader leer ken nie, maar wou dit liewer vergewe. Waarom het Hy dan gesê dat die sondes bedek is? Sodat hulle nie gesien sou word nie. Want wat sou dit, naamlik dat God die sondes sien, anders beteken as dat Hy dit straf?"

En laat ons ook op 'n ander plek (Jes. 1:18) van die profeet verneem hoe genadig die Here is as Hy die sondes vergewe: "Al was jou sondes soos skarlaken", sê hy, "dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol." Hy laat dus alle vergelding vaar.

Inst. III, 4, 29

*Barmhartige en genadige God, ons dank U dat U die straf in seën verander het.*

## 2 Mei

*Jesaja 53:1-5*

CHRISTUS HET DIE STRAF GEDRA

*Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. - 1 Petrus 2:24*

Wat, vra ek jou, het Christus vir ons gedoen indien daar nog straf vir ons sondes geëis word? Ons sê dat Hy al ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra het (1 Petr. 2:24). Daarmee gee ons niks anders te kenne nie as dat Hy die straf en die wraak, wat aan ons sondes te wyte was, volledig gedra het. Jesaja het dit duideliker verklaar, wanneer hy sê (Jes. 53:5) dat die kastyding (of die straf) ter wille van ons vrede op Hom was. En wat is die straf vir ons vrede anders as die straf wat ons sondes verdien het en deur ons betaal moes word? Ek bedoel: as Christus Hom nie in ons plek gestel het nie, sou dit deur ons betaal moes word voordat ons met God versoen kon word. Jy sien dus duidelik dat Christus die straf van die sondes gedra het om dié wat aan Hom behoort, daarvan te verlos.

En so dikwels as Paulus melding maak van die verlossing wat deur Hom bewerkstellig is, is dit sy gewoonte om dit 'n *soenoffer* te noem (Rom. 3:24; 1 Kor. 1:30; Ef. 1:7; Kol. 1:14). Hiermee bedoel hy nie eenvoudig 'n verlossing soos dit gewoonlik verstaan word nie. Hy gee daarmee die losprys self en die voldoening vir die sonde te kenne. Daarom skryf hy ook dat Christus Homself as 'n losprys vir ons gegee het (1 Tim. 2:6). "Wat behalwe 'n offerande geld by die Here as 'n versoening? En watter ander offerande is daar as dié een wat vir ons geoffer is in Christus se dood?" vra Augustinus . . .

Inst. III, 4, 30

*Verhoogde Heiland, ons dank U dat die straf wat vir ons die vrede aanbring, op U was.*

## 3 Mei

*Jesaja 35:2-8*

DOEN WAT REG IS

*So sê die HERE: Bewaar die reg en doen geregtigheid ... - Jes. 56:1*

Wat die Skrif ons hier wil leer, bestaan uit twee dele. Die eerste is dat die liefde vir wat reg is, in ons harte ingedrup en gewek moet word. Ons is van nature allermins daartoe geneig! Die tweede is dat 'n gedragsreël vir ons voorgeskryf moet word sodat ons nie in ons strewe om reg te doen, sal afdwaal nie . . .

Van watter ander grondslag sou die Skrif kon uitgaan as om ons te vermaan om heilig te wees, omdat ons *God* heilig is (Lev. 19:1 e.v.; 1 Petr. 1:16)? Ons is verstrooi soos uiteengejaagde skape en het dwarsdeur die doolhof van die wêreld gedwaal. Maar God het ons weer bymekaargemaak om sy kudde te wees.

Wanneer ons praat van ons verhouding tot God, moet ons besef dat dit heiligheid is wat ons aan Hom verbind. Maar ons kom nie deur die verdienste van ons heiligheid in die regte verhouding tot Hom nie. Ons moet Hom eers aanneem. En dan - deurdrenk van sy heiligheid - sal ons Hom volg waarheen Hy ons ook al roep. Sy eer bring mee dat Hy glad nie gemeenskap met die ongeregtigheid en met die onreinheid het nie.

Daarom leer die Skrif ook dat dit die doel van ons roeping is. En daarop moet ons steeds let - as ons die roepende God wil antwoord. Ons is uit die ongeregtigheid en die besoedeling van die wêreld bevry waarin ons weggesink was. Watter sin sou dit dan hê as ons toelaat dat ons ons lewe lank daarin rondrol?

Bowendien vermaan die Skrif ons ook (Jes. 35:8 en elders) dat om tot die volk van God gereken te word, ons heilig moet leef.

Inst. III, 6, 2

*Here, laat dit deur ons heilige lewe duidelik blyk dat ons deur die geloof in Christus geregverdig is.*

## 4 Mei

*Mattheüs 7:16-23*

NAAMCHRISTENE

> *"Nie elkeen wat vir my sê: 'Here, Here', sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is."- Matt. 7:21*

Hier is dan die plek om diegene aan te spreek wat niks van Christus het nie behalwe die naam. En tog wil hulle Christene genoem word. Met watter skaamteloosheid misbruik hulle nie eintlik sy heilige Naam nie? Want net hulle wat die ware kennis van Hom uit die woord van die evangelie ontvang het, het gemeenskap met Christus.

Die apostel skryf dat ons wat deur die sondige begeertes verteer word, met die ou mens moet breek (Ef. 4:22). Hy sê dat niemand wat dit nie geleer het nie, Christus reg leer ken het nie. En hy dring daarop aan dat sulke mense hulle met Hom moet beklee.

Dit blyk dus dat hulle valslik en ten onregte voorgee om Christus te ken - hoe welsprekend en vloeiend hulle ook al intussen oor die evangelie praat. Die leer waaroor dit hier gaan, is nie net iets van die tong nie, maar van die lewe. Dit word nie slegs deur die verstand en die geheue begryp soos ander wetenskappe nie. Dit is eers jou eie as dit op jou hele siel beslag lê, en sy rusplek vind in die diepste van die hart.

Laat hulle dus óf ophou om tot oneer van God te roem oor wat hulle nie is nie, óf toon dat hulle nie onwaardige dissipels van Christus, hul Meester, is nie.

Ons het die eerste plek gegee aan die leer waarin ons godsdiens vervat is. Want daar het ons saligheid begin. Maar dit moet na ons hart oorgedra word en in ons lewenswandel beslag kry. Dit moet ons so beïnvloed dat dit nie sonder betekenis vir ons bly nie.

Inst. III, 6, 4

*Here, gee dat die belydenis van u Naam uit ons wedergebore hart mag opkom.*

## 5 Mei

*Filippense 3:13-17*

JAAG NA DIE DOEL

> *Nie dat ek dit al bereik het of dat ek al volmaak is nie, maar ek jaag daarna om dit te gryp omdat ek deur Christus Jesus gegryp is. - Filip. 3:12*

Ek stel nie die eis dat die lewe van 'n Christen net die volmaakte evangelie sal uitstraal nie. Tog moet ons daarna verlang en is dit noodsaaklik om daarna te streef. Ek eis nie evangeliese volkomenheid so streng dat ek hom wat dit nog nie bereik het nie, nie as Christen sou erken nie. Want so sou almal van die kerk uitgesluit word. Daar is immers niemand wat nie deur 'n groot afstand van hierdie volmaaktheid geskei is nie. Baie wat inderdaad nog maar weinig vordering gemaak het, sou dan ook ten onregte verwerp word.

Wat beoog ek dan? Dat die doel van volmaaktheid - waarheen ons steeds koers moet hou - voor oë gehou word . . . Want dit is nie geoorloof nie om so met God te onderhandel dat jy 'n deel van wat in sy Woord voorgeskryf word aanvaar, maar 'n deel na jou goeddunke veronagsaam. Want in die eerste plek prys God oral die opregtheid aan as die vernaamste deel in die verering van Hom. DAäronder verstaan Hy eerlike eenvoud van hart sonder opgesmuktheid en geveinsdheid. Dit wil sê: die teenoorgestelde van dubbelhartigheid . . .

Elkeen van ons moet na gelang van sy geringe kragte vorder en die ingeslane weg voortsit. Niemand sal soveel teëspoed hê dat hy nie daagliks ten minste 'n entjie van die pad aflê nie. En laat ons nie wanhoop oor die klein mate van sukses nie . . .

Laat ons alleen met opregte eenvoud die oog vestig op ons doel en dink aan die wenstreep. Laat ons nie onsself vlei of streel nie. Ook nie toegee aan ons swakhede nie. Maar laat ons steeds daarna strewe om beter te word as wat ons is. Laat ons dit doen totdat ons by die goedheid self gekom het. . . nadat ons die swakheid van die sondige natuur afgelê het.

Inst. III, 6, 5

*Here, ons weet en bely dat ons volharding tot die einde toe net uit genade moontlik is.*

## 6 Mei

*Romeine 12:1-8*

'N WELGEVALLIGE OFFER AAN GOD

> *En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. - Rom. 12:1*

Die Wet van dié Here bevat 'n baie goeie en uiters geskikte gedragskode vir die lewe. Tog wou die hemelse Leermeester die gelowiges op 'n nog noukeuriger manier vorm, volgens die reël wat Hy in die Wet voorgeskryf het. En die beginsel hiervan is: dit is die plig van die gelowiges om hulself aan God te gee as 'n lewende, heilige en aanneemlike offer. Daarmee dien ons Hom werklik (Rom. 12:1). Daaruit kom die dringende oproep (tot die gelowiges) om nie by die wêreld aan te pas nie, maar om verander te word deur die vernuwing van hul denke. Dit sal daartoe lei dat hulle proefondervindelik God se wil leer ken.

Dit is dan die groot saak: ons is aan God toegewy en oorgegee sodat ons daarna niks oordink, praat, oorpeins of doen, tensy dit tot sy eer strek nie. Want wat geheilig is, kan nie onheilig gebruik word sonder om Hom daardeur te beledig nie.

As ons nie aan onsself behoort nie, maar aan die Here, dan is dit duidelik watter afdwaling vermy moet word. Dit is dan ook duidelik waarop al ons optrede gerig moet word.

Ons behoort nie aan onsself nie: laat dus nóg ons rede, nog ons wil in ons beraadslagings en dade baasspeel. Ons behoort nie aan onsself nie: laat ons ons derhalwe nie ten doel stel om te soek na wat hier op aarde vir ons voordelig is nie. Ons behoort nie aan onsself nie: laat ons dus, vir sover as dit moontlik is, onsself en ons eie belange vergeet.

Inst. III, 7, 1

*Here, gee ons die liefde vir U wat ons onsself laat vergeet.*

## 7 Mei

*Efesiërs 4:20-27*

ONS BEHOORT AAN DIE HERE

> *As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. - Rom. 14:8*

Ons behoort aan God: laat ons derhalwe vir Hom leef en sterf. Ons behoort aan God: laat sy wysheid en wil dus alles wat ons doen oorheers. Ons behoort aan God: laat ons hele lewe dus op Hom gerig wees - die enigste *regte* doel van ons lewe.

O, watter vordering het hy nie gemaak wat geleer het dat hy nie aan homself behoort nie! So 'n man het die heerskappy en baasskap oor homself van sy eie verstand weggeneem met die doel om dit aan God oor te gee. Om na onsself te luister is die gevaarlikste mensvernietigende epidemie. Daarenteen is die enigste hawe van heil om nie eiewys te wees of self iets te wil nie, maar om slegs die Here te volg - waar Hy ook al lei.

Dit moet dan die eerste stap wees: om van jouself afskeid te neem sodat jy jou hele denkkrag in gehoorsaamheid aan die Here kan inspan. Ek praat van die gehoorsaamheid aan die Woord - maar nie net dit nie. Ek bedoel ook die gehoorsaamheid waardeur die mens se hart - leeg van sy begeertes - hom geheel en al bekeer om die wil van God se Gees te volbring. Dit is die verandering wat Paulus die vernuwing van julle gees en gedagtes noem (Ef. 4:23). Daarvan weet al die filosowe, sonder uitsondering, niks nie... Hulle stel die rede voor as die enigste rigsnoer vir die mens ... Kortom, hulle hou slegs dit as maatstaf vir die sedelike lewe voor. Maar die Christelike wysbegeerte beveel die rede om pad te gee en om hom te onderwerp en onderdanig te wees aan die Heilige Gees. Dit moet daartoe lei dat die mens self nie meer leef nie, maar dat hy *Christus* in hom laat leef en regeer (Gal. 2:20).

Inst. III, 7, 1

*O Here, ons bid om die hoogste wysheid: om ons aan U oor te gee.*

## 8 Mei

*Mattheüs 16:24-28*

WAT SELFVERLOËNING BETEKEN

> *"As iemand agter My wil aankom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg ..." - Mark. 8:34*

Daar is ook die ander beginsel: dat ons nie ons eie voordeel moet soek nie, maar wat volgens die Here se wil is. En wat strek tot bevordering van sy eer. Ons het groot vordering gemaak as ons onsself so te sê vergeet. Ons moet in elk geval ons eie rede op die agtergrond skuif en ons getrou daarop probeer toelê om God en sy gebooie te gehoorsaam.

Die Skrif beveel ons om eiebelang buite rekening te laat. Daarmee verwyder dit die begeerte uit ons harte om meer te besit. Ook die sug na mag en strewe om by mense gereken te wees. So roei dit alle eersug uit -ook alle begeerte na roem by mense en ander dieper verborge besmettings.

Die Christen behoort inderdaad so gesind en voorberei te wees: hy moet in gedagte hou dat hy in sy ganse lewe met God te make het... Want wie geleer het om in alles wat hy doen, die oog op God te hou, is terselfdertyd teen alle ydele gedagtes gevrywaar.

Dit is die selfverloëning waarop Christus so sterk by sy dissipels aangedring het nadat Hy hulle touwys gemaak het. Dit laat geen ruimte vir hoogmoed, hooghartigheid en grootdoenery nie - sodra dit eenmaal 'n plek in die hart verower het. Daar is dan ook geen plek vir gierigheid, wellus, sug na weelde, verwyfdheid en ander sondes wat uit selfliefde voortkom nie.

Daarenteen dring selfs die vuilste sondes sonder skaamte oral deur waar selfverloëning nie heers nie. Of, as daar enige teken van deug is, word dit deur 'n slegte eergierigheid bederf. Bring vir my 'n mens (as jy kan) wat spontaan die goeie najaag tensy hy volgens God se bevel van homself afsien ... Waarlik, in die mens se siel is 'n wêreld van sondes verborge.

Inst. III, 7, 2

*Here, laat ons besef dat ons net op U voetspore onsself verloën en verloor . . . om U dan te vind.*

## 9 Mei

*Psalm 15:1-5*

DIE WARE CHRISTELIKE LEWE

> *"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand ...Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."- Matt. 22:37, 39*

Elders behandel Paulus duidelik - hoewel kort en bondig - alle aspekte van 'n goed geordende lewe: "Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn. Hy het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en ons van sonde te reinig, sodat ons sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen" (Titus 2:11-14). Hy beklemtoon die genade van God om ons te bemoedig en om vir ons die weg te baan na die ware diens van God.

Dan verwyder hy twee struikelblokke wat die hinderlikste is. Dit is goddeloosheid (waartoe ons van nature maar alte geneig is), en wêreldse begeertes (wat nóg meer voorkom). Onder goddeloosheid verstaan hy nie net by geloof nie, maar hy sluit ook alles in wat strydig is met die ware vrees van God. Wêreldse begeertes is dieselfde as wellus. So gebied hy ons om, wat albei tafels van die Wet betref, ons eie insig prys te gee. En ons moet afstand doen van alles wat ons verstand en wil ons beveel.

Verder beperk hy alle lewensdade tot dié drie dinge: matigheid, regverdigheid en godvresendheid. Matigheid beteken ongetwyfeld sowel reinheid en selfbeheersing as die suiwer en spaarsamige gebruik van tydelike gawes en die aanvaarding van armoede. Regverdigheid behels alle pligte van billikheid, dit wil sê dat aan elkeen gegee word wat hom toekom. Dan volg godvresendheid. Dit skei ons af van die wêreld se besoedelings en laat ons ook deur die ware heiligheid met God gemeenskap hê.

Inst. III, 7, 3

*Aanbiddelike Meester, ons kan maar net vra dat U in ons gestalte sal kry.*

## 10 Mei

*Romeine 12:9-18*

OM DIE ANDER HOER TE AG AS JOUSELF

> *Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoer ag as homself. - Filip. 2:3*

Die Skrif beveel ons om ons so teenoor ons naaste te gedra dat ons die ander hoer as onsself ag (Rom. 12:10; Filip. 2:3). Dit leer ons ook om ons volledig en getrou daarop toe te lê om hulle belange te behartig. Ons kan sulke gebooie egter glad nie nakom nie tensy ons eers van ons verdorwe gesindheid ontslae raak. Ons storm almal blindelings af op liefde vir onsself. En so versin elkeen dan 'n goeie rede om homself te verhef en alle ander mense, in vergelyking met homself, te verag. Indien God iets moois aan ons gegee het, steun ons onmiddellik daarop en word hoogmoedig. Ons raak nie net opgeblase nie, maar ons bars byna van trotsheid.

Ons steek die gebreke wat ons in oorvloed besit, opsetlik weg vir ander. Vleiend maak ons onsself wys dat hulle klein en gering is. Soms vertroetel ons hulle selfs asof hulle deugde is.

As ander dieselfde talente het as wat ons in onsself bewonder, of selfs nog groter gawes, takel ons dit kwaadwillig af en spot daarmee. Ons wil nie gedwing word om ons minderwaardigheid te erken nie.

As hulle gebreke het, is ons nie daarmee tevrede om hulle net met 'n streng en skerp opmerksaamheid dop te hou nie. Ons vergroot dit nog op 'n haatlike manier.

Vandaar die vermetelheid waarmee elkeen van ons onsself bokant die ander wil verhef- asof die algemene reël nie vir *ons* geld nie. Elkeen minag so selfversekerd en hoogmoedig alle ander mense - of sien ten minste neer op hulle as minderes.

Inst. III, 7, 4

*Ag Here, gee tog dat ek sal besef hoe nietig ek is.*

## 11 Mei

*Matteüs 11:25-30*

DIE EIE EK

> *Wie maak jou so belangrik? En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie? As jy dit dan ontvang het, waarom stel jy jou so aan asof jy dit nie ontvang het nie? - 1 Kor. 4:7*

Die armes gee pad voor die rykes en die gewone mense voor die edeles. Die bediendes voor die base en die ongeletterdes voor die geletterdes. Maar daar is niemand wat nie in sy binneste iets dink van sy eie voortreflikhede nie. So rig elkeen - deur homself te vlei - 'n soort koninkryk in sy hart op.

Dié wat hulself aanmatig en behae daarin skep, oefen kritiek uit op ander se aanleg en gedrag. En as daar twis ontstaan, spuit die gif eenvoudig uit. Want baie loop wel te koop met 'n sekere sagsinnigheid - solank as alles vriendelik en goed gaan. Maar hoeveel bly beskeie wanneer hulle gekrenk en kwaad gemaak word? Daar is geen ander geneesmiddel nie as om hierdie kwaadaardige siekteverskynsel van eersug en selfliefde uit jou ingewande te ruk.

Die leer van die Skrif ruk dit wel uit. Want ons word geleer om te onthou dat die gawes wat God ons geskenk het, nie eie voortreflikhede is nie. Dit is *genadegawes* van God. As sommige dan op hierdie gawes trots is, verraai hulle hul ondankbaarheid. "Wie trek jou voor?" vra Paulus (1 Kor. 4:7). Indien jy alles ontvang het, waarom roem jy asof dit nie aan jou gegee is nie?

Verder, laat ons ons foute voortdurend erken en daardeur nederig bly. So sal daar dan niks in ons oorbly wat ons opgeblase kan maak nie. Wel sal daar baie stof tot verootmoediging wees.

Inst. III, 7, 4

*Here, leer my om ootmoedig te wees sodat ek U beter kan loof en prys.*

## 12 Mei

*1 Kor. 13:1-7*

DIE LIEFDE SOEK NIE SY EIE BELANG NIE

> *(Die liefde) handel nie onwelvoeglik nie, dit soek nie sy eie belang nie...*
> *- 1 Kor. 13:5*

Ons word beveel om alle Goddelike gawes wat ons in ander opmerk, te eerbiedig en hoog te ag. So eer ons ook hulle wat dit besit. Want dit sou baie sondig wees om hulle die eer te ontsê wat God hulle waardig geag

het.

Ons word ook geleer om hulle foute nie raak te sien nie - beslis moet ons hulle nie deur vleitaal in hulle kwaad sterk nie. Maar dit moet so gebeur dat ons hulle nie weens hul gebreke sou beledig nie. Ek praat van hulle vir wie ons met welwillendheid en eer behoort te bejeën.

So moet ons - met wie ons ook al te make het - nie alleen gematig en beskeie optree nie, maar ook hoflik en vriendelik. Jy sal ook nooit langs 'n ander pad tot ware sagmoedigheid kom nie as om 'n hart vol selfvernedering en eerbied vir ander te hê.

Verder, hoe moeilik is dit nie om ons plig te doen? Om die goeie vir ons naaste te doen. As jy nie ophou om eers jouself in ag te neem en in sekere sin van jouself ontslae te raak nie, sal jy niks bereik nie. Want hoe sal jy kan doen wat Paulus die werk van die liefde noem, tensy jy jouself verloën en jou heeltemal aan ander toewy? "Die liefde," sê hy, "is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, dit is nie grootpraterig nie, dit is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, dit soek nie sy eie belang nie, dit is nie liggeraak nie, dit hou nie boek van die kwaad nie" (1 Kor. 13:4, 5).

Inst. III, 7, 4 en 5

*Ons bid om daardie liefde wat ons oorreed om U en ons naaste te eer.*

## 13 Mei

*Lukas 10:30-37*

DIE NAASTE

> *Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf en vra vir Jesus: "En wie is my naaste?" - Luk. 10:29*

Indien dit *al* sou wees wat van ons geëis word, naamlik om nie ons eie belang te soek nie, sou ons natuur nogtans nie die minste krag daartoe hê nie. Dié natuur maak ons daartoe geneig om net onsself lief te hê. Dit verdra dan nie so maklik dat ons onsself en ons eie belange sommer so links laat lê nie. Dit sou beteken dat ons ander se belange behartig en selfs uit eie beweging van ons eie reg afstand doen (ten einde dit vir ander te gee).

Maar deur ons met die hand daarheen te lei, herinner die Skrif ons daaraan dat alle genadegawes wat ons van die Here ontvang, voorwaardelik aan ons gegee is. En dié voorwaarde is dat ons hulle tot heil van die hele kerk aanwend. Die wettige gebruik daarvan is gevolglik om dit mildelik en met graagte met ander te deel.

Alle gawes waardeur ons invloed uitoefen, is Goddelike beleggings. 'n Sekerder gedragsreël en sterker motivering kon nie bedink word om aan vas te hou nie. Die gawes is op dié voorwaarde aan ons toevertrou: dat hulle tot heil van ons naaste aangewend word.

Maar die Skrif gaan nog verder. Die gawes word vergelyk met die vermoëns van die menslike liggaam se ledemate. Geen enkele ledemaat besit sy vermoë vir homself of wend dit vir eie gewin aan nie. Wel dra hy dit aan sy mede-ledemate oor. Hy trek geen ander voordeel daaruit behalwe wat uit die liggaam se gemeenskaplike welsyn voortspruit nie. So moet 'n vroom mens alles wat hy kan, vir sy broer doen. Hy moet dit doen deur so vir homself te sorg dat hy hom daardeur beywer vir die gemeenskaplike opbouing van die kerk.

Inst. III, 7, 5

*Here, laat ons daarna streef om ons so aan ander te gee soos U Uself ter wille van ons gegee het.*

## 14 Mei

*2 Korintiërs 9:6-11*

DIE RENTMEESTERSKAP VAN DIE LIEFDE

> *Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, wat dit is die offers wat vir God aanneemlik is. - Hebr. 13:16*

Laat dit dus die regte manier wees om ons goeie wil en dade te toon: ons is bestuurders van alles wat God aan ons gegee het om naastediens mee te lewer. En van dié rentmeesterskap sal ons rekenskap moet gee. Dit is die ware rentmeesterskap wat met die maatstaf van die liefde beoordeel word. So sal ons altyd die ywer vir 'n ander se voordeel met die sorg vir ons eie verbind. En nie alleen dit nie. Ons sal ook ons voordeel aan syne ondergeskik stel.

Dit is die stelreël waarvolgens alle gawes wat ons van God ontvang, behoorlik beheer word. En om dit nie ongemerk by ons verby te laat gaan nie, het Hy vroeër ook hierdie reël op die geringste van sy weldade van toepassing gemaak. Want Hy het beveel dat die eerstelinge van die vrugte aan Hom geoffer moet word (Ex. 22:29 en 23:19). Daardeur moes die volk getuig dat dit vir hom ongeoorloof was om enige oes in te samel voordat die opbrengs eers aan God gewy is.

Om dit nie so te wy nie, is verfoeilik. Dit blyk daaruit dat God se gawes eers tot ons beskikking is, nadat ons hulle aan die Gewer self gewy het. Maar nou sal jy tevergeefs probeer om die Here met jou gawes te verryk. Aangesien jou goedheid nie tot by Hom kan reik nie -soos die profeet sê (Ps. 16:2) - moet dit teenoor sy heiliges op aarde beoefen word. En daarom word die aalmoese met heilige offerandes vergelyk. In die nuwe bedeling is hulle soos offerandes onder die wettiese bedeling was (Hebr. 13:16).

Inst. III, 7, 5

*Here, leer ons die les om nie altyd eerste te wil staan nie, maar na ons naaste.*

## 15 Mei

*Genesis 1:26-31*

DIE BEELD VAN GOD IN ELKE MENS

*"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." - Matt. 22:39*

Ons sou onmiddellik traag word om goed te doen, indien wat die apostel skryf nie by gevoeg word nie. En dit is: dat die liefde geduldig is en nie geïrriteerd raak nie (1 Kor. 13:4).

Die Here beveel dat ons aan almal, sonder uitsondering, goed moet doen. Weliswaar is baie mense, as hulle na eie verdienste beoordeel word, dit heeltemal onwaardig. Maar die Skrif help ons hier op 'n uitnemende manier reg: dit leer ons dat ons nie moet let op die verdienste van die mense self nie. Inteendeel. Ons moet in almal die beeld van God opmerk - aan Wie ons alle eer en liefde verskuldig is.

En by medegelowiges moet nog noukeuriger op dié beeld gelet word (Gal. 6:10). In hulle is die beeld deur die Gees van Christus vernuwe en gerestoureer. Dus: wie ook al op jou pad kom en jou hulp nodig het, moet jy bystaan. Jy het geen rede om te weier nie.

Sê jy van jou kant dat hy 'n vreemdeling is - dan antwoord ek dat die Here op hom 'n kenteken gelaat het wat aan jou bekend behoort te wees. Daarom verbied Hy jou om jou medemens te verag (Jes. 58:7).

Sê jy dat hy veragtelik en niks werd is nie - die Here wys daarop dat Hy wel die persoon werd geag het om hom met sy beeld te versier.

Sê jy dat hy niks gedoen het wat jou onder 'n verpligting teenoor hom stel nie - God het hom as 't ware in sy plek gestel. Sodoende laat Hy jou die baie en groot weldade erken waardeur Hy jou wel 'n skuldenaar van Hóm gemaak het.

Inst. III, 7, 6

*Was dit nie vir u genade nie, was ek ook 'n verslaafde sondaar.*

## 16 Mei

*Lukas 17:1-6*

LIEFDE VIR DIE VYAND

*"Julle moet julle vyande liefhê ..." - Matt. 5:44*

Iemand is dit miskien nie werd dat jy selfs die geringste moeite vir hom doen nie. Maar deur die beeld van God word hy by jou aanbeveel. En dit maak dit die moeite werd om jouself en alles wat jy besit vir hom te gee.

Dit kan wees dat hy niks goeds verdien nie. Dit kan ook wees dat hy jou selfs deur wandade en beledigings getreiter het. Maar ook dit is geen goeie rede waarom jy sou ophou om hom met liefde te omarm en liefdesdiens aan hom te bewys nie (Matt. 6:35; Luk. 17:3).

Jy sal sê: hy het iets heeltemal anders van my verdien. Maar wat het die Here verdien? Hy beveel wel dat jy jou naaste dit vergewe wat hy teen jou gesondig het. Maar daarmee bedoel die Here ongetwyfeld dat Hy dit sal dra (Matt. 5:44). Waarlik, alleen langs dié weg kom 'n mens tot wat geheel en al teen die menslike natuur indruis - laat staan nog om te sê dis moeilik! Ek praat van dié weg: waar ons hulle liefhet wat ons haat, kwaad met goed vergeld, en seëninge toewens in antwoord op verwyte. 'n Mens kom by dié punt as jy onthou om nie gedurig oor mense se kwaad te dink nie; jy moet die beeld van God in hulle sien. hierdie beeld bedek en wis hulle sondes uit en haal ons deur sy prag en waardigheid oor om hulle lief te hê en te omhels.

Hierdie selfverloëning sal dan eers in onsself plaasvind wanneer ons die liefdesdiens vervul het. Maar nie hy wat al die pligte van die liefde doen, vervul dit nie. Nee. Hy wat dit in die regte gesindheid doen, het lief.

Inst. III, 7, 6 en 7

*Ag Here, ons erken: net U kan die ware gesindheid van die liefde in ons werk.*

## 17 Mei

*Hebreërs 4:14-5:3*

MEDELYE HÊ ASOF DIT JYSELF IS

> *Dink aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes is, en aan dié wat mishandel word, asof julle self ook mishandel word. - Hebr. 13:3*

Dit kan gebeur dat iemand - wat die uiterlike betref- sy verpligtinge teenoor almal ten volle nakom. Maar tog hoef hy dit nog lank nie van harte te doen nie. Jy merk sommige op wat wil voorgee om baie vrygewig te wees. En tog skenk hulle niks wat nie met 'n veragtende kyk of beledigende woord gepaard gaan nie. In hierdie benarde tyd het so 'n toestand ontwikkel dat byna geen aalmoese sonder skimpe gegee word nie - dit geld altans die meeste mense. Dit is 'n toedrag van sake wat nie eens onder die heidene behoort geduld te word nie.

Van Christene word nog iets meer verwag as 'n glimlag en om met vriendelike woorde hulle pligte uit te voer. Eerstens moet hulle hulself in die plek stel van hom van wie hulle opmerk dat hy hulp nodig het. Hulle moet hulle so met sy lot vereenselwig asof hulle dit self beleef en verduur. So sal hulle - deur die gevoel van medelye en menslikheid -aan hom hulp verleen net soos aan hulself.

Wie so gesind is in diensbetoning aan sy broers, sal dit nie met enige aanmatiging of verwyt vertroebel nie. Hy sal ook nie op sy broer, aan wie hy goed doen, neersien soos op 'n hulpbehoewende nie. Hy sal hom ook nie onderdruk soos iemand wat iets aan hom verskuldig is nie. Dit kan net so min gebeur as om 'n lid van die liggaam wat ontsteek is te verwyt dat die res van die liggaam moet swoeg om hom te herstel. Dit kan ook net so min gebeur as om te meen dat die lid besonder diep in die skuld is by die ander ledemate, omdat dit meer hulp ontvang het as waarvoor dit vergoed het. . . Hoe ver 'n mens met jou vrygewigheid moet gaan, moet deur die reël van die liefde bepaal word.

Inst. III, 7, 7

*Ek bid om steeds elke mens as my naaste te aan vaar en om my in sy plek te kan stel.*

## 18 Mei

*1 Timoteüs 6:6-12*

VERLAAT JOU OP DIE HERE OOK VIR DIE TYDELIKE

> *"... julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra." - Matt. 6:8*

In ons strewe na balans en gemoedsrus in hierdie lewe, leer die Skrif ons om onsself en alles wat ons besit, tot die Here se beskikking te stel. Die Skrif wek ons ook op om ons hart se begeertes aan Hom oor te gee om getem en bedwing te word.

Ons het 'n dolle drif en grenslose begeerte om skatte en eer na te jaag, om te knoei om mag te bekom, en om rykdomme op te hoop. Daar is die begeerte om al dié dinge - wat vermoedelik prag en praal sal meebring - byeen te bring.

Andersyds het ons 'n snaakse vrees en sonderlinge haat vir armoede, geringe afkoms en eenvoudigheid. En dit vuur ons aan om hulle op alle maniere uit die weg te ruim.

Hieruit is dit duidelik hoe gespanne almal is wat hul lewe volgens eie insigte beplan. 'n Mens merk hoeveel skemas hulle het en hoe hulle hulself afsloof om te bekom wat hul ambisie en hebsug begeer. En andersyds vermy hulle armoede en geringheid.

Om nie hierin verstrik te raak nie, moet vroom mense dus dié pad volg: allereers moet hulle nie verlang, hoop of dink om voorspoed elders te kry as uit die seën van die Here nie. Daarom moet hulle met gerustheid en vol vertroue hulle daarop verlaat en daarop steun. Wanneer hy deur sy eie ywer na eer en rykdom strewe, het die verdorwe natuur skynbaar niks anders nodig nie. Dit is ook die geval as die ou mens dit deur inspanning probeer bereik, of deur die guns van mense daartoe gehelp word. Feit is egter dat dit alles niks beteken nie. Ons sal nóg deur ons aanleg, nog deur ons inspanning vorder - behalwe in die mate dat die Here albei seën.

Inst. III, 7, 8

*Here, leer ons om tevrede te wees met wat ons het.*

## 19 Mei

*1 Timoteüs 6:17-21*

NET DIE SEËN VAN DIE HERE MAAK GELUKKIG

> *Geseënd is die man wat op die Here vertrou, en wie se vertroue die HERE is. - Jeremia 17:7*

Net die seën van die Here oorkom alle struikelblokke en alleen daardeur kom alles tot 'n gunstige en gelukkige uiteinde. Maar hulle op wie God se vloek rus, smaak selfs nie die allerminste geluk nie. Dit is die geval al verwerf ons ook 'n mate van roem en rykdom sónder God se seën. Ons sien wel dat die goddeloses daagliks met groot eer en rykdom oorlaai word. Tog sal ons sonder die Here se seën net teëspoed hê. Nou ja, wat mense gelukkig maak, moet glad nie nagestreef word nie . . .

Ons glo dus dat die grond van werklike en gewenste sukses net in die seën van God geleë is. Daarsonder moet ons allerlei ellende en onheil te wagte wees. Daaruit volg ook dat ons nie begerig moet streef na rykdom en eer nie. Ons moet dit ook nie doen terwyl ons boonop op die vlugheid van ons verstand of ons ywer vertrou nie. Ook nie terwyl ons steun op die guns van mense, of vertrou op 'n ongegronde idee van geluk nie. Maar ons moet altyd die oog vestig op God, sodat ons onder sy leiding gevoer word na watter lot Hy ook al vir ons bestem het.

So sal ons allereers die oog hê op dié besittings wat ons sonder gewetenswroegings kan geniet. Ons sal dan nie roekeloos met bedriegery, skelmstreke en hebsug, skatte en eer ten koste van ons naaste najaag nie . . . Want wie sou, terwyl hy bedrieg, steel en ander listige streke uithaal, kan hoop op die hulp van God se seën? Hy wat rein dink en reg doen, ontvang dié seën. En so roep dit almal wat daarna verlang van verkeerde gedagtes en slegte dade af weg.

Inst. III, 7, 8 en 9

*Here, laat ons besef dat U net aan die eerlike mens vrede kan gee.*

## 20 Mei

*Lukas 12:13-21*

DIE HERE BESKIK OOR SY KIND SE TYDELIKE BELANGE

> *... gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is ... - Spreuke 30:8*

God beteuel sy kinders sodat ons nie brand van 'n onbeheerste begeerte na rykdom nie. Ook dat ons nie aanmatigend na eer smag nie. Want hoe sal iemand die vermetelheid hê om te verwag dat God hom moet help om dit te verkry wat teen sy Woord is? Dit is verre van God om seënend te gee wat Hy met sy eie mond vervloek!

Maar as dit met ons nie na wense en verwagting gaan nie, sal ons tog weerhou word van ongeduld of van ontevredenheid - hoe dit ook al met ons gaan. Want ons weet dat dit op murmurering teen God neerkom, na wie se goeddunke rykdom en armoede, veragting en eer uitgedeel word.

Kortom, wie vertrou op God se seën (soos ons dit beskryf het), sal nie met skelmstreke jaag na wat mense gewoonlik hartstogtelik begeer nie. Hy sal weet dat hy daarby geen baat sal vind nie. Hy sal ook nie dit wat voorspoedig verloop aan homself en sy eie sorg, ywer of aan geluk toeskryf nie. Nee. Hy sal God as bewerker daarvan erken.

Indien hy self maar min vordering maak (of selfs agteruitgaan), en dit terwyl ander se sake floreer, sal hy tog sy armoede aanvaar. Hy sal dit met groter kalmte en berusting dra as wat 'n onbekeerde sy betreklike welslae kan vat. Maar hy het tog 'n troos. En hierin vind hy meer rus as om op die kruin van rykdom en mag te wees. Hy weet naamlik dat sy sake deur die Here bestuur word - soos wat dit vir sy saligheid bevorderlik is. Ons bemerk dat dit Dawid se gesindheid was (Ps. 131:1).

Inst. III, 7, 9

*Gee ons vandag ons daaglikse brood.*

## 21 Mei

*Spreuke 3:5-10*

OORGEGEE AAN GOD SE WIL VIR ONS

> *Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg. - Ps. 37:5*

Hierdie kalmte en berusting moet... ons hele lewe kenmerk. Niemand het homself waarlik verloën nie, behalwe hy wat hom geheel en al aan die Here oorgegee het. Dit wil sê: so volkome dat hy inwillig dat sy hele lewe deur God se wil bestuur word.

Wie so gesind is, sal - wat ook al gebeur - homself nie ongelukkig ag nie, hom ook nie, tot misnoeë van God, oor sy lot beklae nie. Hoe noodsaaklik hierdie gesindheid is, sal duidelik wees as jy in aanmerking neem hoeveel dinge met ons gebeur. Telkens kwel die een siekte na die ander ons. Nou woed 'n epidemie, dan word ons weer wreed deur die rampe van 'n oorlog geteister. Ryp en hael verwoes die verwagting van die jaar, en 'n misoes volg. En dit dompel ons in armoede. Ons vrou, ouers, kinders en naasbestaandes word deur die dood weggeruk. Ons huis brand af. Sulke dinge bring mee dat mense hul lewens vervloek, hulle geboortedag verwens. Hulle verfoei die hemel en die lig. Hulle praat teen God en beskuldig Hom van ongeregtighede en wreedheid -as hulle laster, raak hul tonge los.

Maar 'n gelowige moet ook in hierdie dinge die sagsinnigheid en waarlik vaderlike liefde van God opmerk. Al sien hy dat sy huis eensaam geword het omdat sy naasbestaandes weggeval het, moet hy nogtans nie ophou om die Here te loof nie. Hy moet eerder so daaroor dink: die genade van die Here, wat in my huis woon, sal dit nie heeltemal laat vereensaam nie.

Inst. III, 7, 10

*U wil, o Here, u wil vir my!*

## 22 Mei

*Psalm 23*

SKAPE VAN SY WEIDE

> *Ons, u volk en u kudde, sal U altyd loof, van geslag tot geslag sal ons van u roemryke dade vertel. - Ps. 79:13*

Al sien die gelowige ook dat hongersnood dreig omdat die oes doodgeryp het, die koue dit vernietig of die hael dit verwoes het, sal hy tog nie mismoedig word nie. Hy sal nie teen God murmureer nie, maar in hierdie vertroue volhard (Ps. 79:13). Ons word tog deur die Here behoed en as sy skape in sy weivelde versorg. Hy sal ons dus na selfs die grootste misoes mildelik van kos voorsien. Al word die gelowige ook deur 'n siekte geteister, sal hy nie deur die bitterheid van die smart gebreek word nie. Die gelowige sal gevolglik nie in ongeduld losbars en so met God twis nie. Inteendeel. Hy sal homself opwek om geduldig te wees deur in God se kastyding tog sy sagtheid en geregtigheid te erken.

Kortom, hy sal - wat ook al gebeur - alles met 'n kalm en dankbare gemoed aanvaar. Want hy weet dat dit deur God se hand gebeur. Hy sal hom dus nie hardkoppig teen God se heerskappy - tot wie se beskikking hy homself eenmaal gestel het - verset nie.

Laat die Christen veral nie die volgende dwase en allerellendigste troos van die heidene (wat hul teëspoed aan die noodlot toeskryf) koester nie. Hulle wil so hulself teen onheil gerusstel. Hulle ag dit naamlik dwaas om vir die noodlot kwaad te word, aangesien dit doelloos en toevallig sou wees. Hulle meen dit het sowel diegene wat dit verdien het, as dié wat dit nie verdien het nie, blindelings gewond. Daarenteen is dit die reël van die vroomheid: dat alleen die hand van God voorspoed en teëspoed bepaal en beskik. Dit oorval ons nie met onbesonne geweld nie. Wel word goed en kwaad op volmaakte wyse aan ons uitgedeel.

Inst. III, 7, 10

*Hoe goed is dit om te weet dat ons 'n Vader het wat weet!*

## 23 Mei

*1 Petrus 2:18-25*

CHRISTUS DRA SY KRUIS VIR ONS

> *Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte - dié het Hy gedra ... - Jes. 53:4*

Die vroom gemoed moet nog hoer opstyg, naamlik na waar Christus sy volgelinge roep as Hy sê dat elkeen sy eie kruis moet opneem (Matt. 16:24). Daar is diegene wat deur Christus aangeneem en waardig geag is om deel te hê aan sy kinders se gemeenskap met Hom. Nou ja, hulle moet hulle maar almal klaar maak vir 'n harde, inspannende, onrustige lewe; een wat vol is van baie en verskillende soorte beproewinge. Dit is die wil van die hemelse Vader om sy kinders op dié manier op die proef te stel.

Hy het met Christus, sy Eersgeborene, begin. En met al sy kinders het Hy dié weg gevolg. Christus was dié Seun, die Geliefde bo alle ander in wie die Vader Hom verheug het. Tog sien ons dat Hy nie teer en sagkens behandel is nie. Dit is waar dat solank Hy op aarde was, Hy voortdurend deur 'n kruis geoefen is. Ja, sy hele lewe was niks anders nie as 'n soort voortdurende kruis-dra . . .

Waarom sou ons onsself dan vrystel van so 'n lewe onder die kruis? Christus, ons Hoof, moes dit immers aanvaar. Ons kan dit met soveel meer klem vra aangesien Hy dit ter wille van ons aanvaar het. Daarmee wou Hy persoonlik 'n voorbeeld van oorgawe aan ons stel.

En daarom leer die apostel dat dit vir alle kinders van God as ideaal gestel is: om soos Hy te word (Rom. 8:29). Dit gee ons diepe vertroosting: in harde en moeilike omstandighede, wat as teenslae en onheile beskou word, het ons deel aan Christus se lyde. Uit die doolhof van alles wat kwaad is, het Hy die hemelse heerlikheid ingegaan. Net so word ons deur verskillende beproewinge heen dieselfde heerlikheid ingelei.

Inst. III 8, 1

*Ons bid net vir die genade om end-uit op u pad te volhard.*

## 24 Mei

*Markus 8:34-38*

KRUIS-DRA LAAT ONS BUIG

> *"Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie."- Matt. 10:38*

Paulus sê in Filippense 3:10 dat wanneer ons proefondervindelik deel het aan Christus se lyde, ons terselfdertyd die krag van sy opstanding leer verstaan... Hoe meer ons deur teenslae geteister word, hoe hegter word ons gemeenskap met Christus. Watter krag kan dit nie wees om alle swaarkry onder die kruis draagliker te maak nie! Deur ons gemeenskap met Hom word ons lyding nie net vir ons 'n seën nie; dit help ook grootliks om ons saligheid te bevorder.

Daarby kom nog dat ons Here sy kruis moes opneem en dra slegs om sy gehoorsaamheid aan die Vader te betoon. Dit is vir ons daarenteen om baie redes nodig om voortdurend onder die kruis te leef. Ons is juis al van nature te veel geneig om alle voortreflikhede aan onsself toe te skryf. As ons swakhede nie voor ons oopgevlek word nie, dink ons maklik te veel van onsself. Wat ook al gebeur, hieraan twyfel ons nie: dat ons eie krag in weerwil van alle moeilikhede, behoue en onoorwinlik sal wees.

En so kom ons tot 'n dwase en sinlose vertroue op onsself. Deur daarop te steun, verhef ons onsself hooghartig teen God. En so tree ons op asof ons vermoëns sonder sy genade genoeg is. God kan hierdie verwaandheid ten beste deur ons ervaring aan bande lê. Hy toon daardeur nie net aan hoe groot ons swakheid is nie, maar ook hoe broos ons is. Hy teister ons met die verlies van ons goeie naam, of deur armoede, sterfgevalle, siekte of ander rampe. Ons kan hierdie onheile glad nie dra nie - ons beswyk weldra dAäronder. Maar waar ons so verneder word, leer ons om op sy krag te vertrou. Want net dit laat ons onder die gewig van die verdrukking staande bly.

Inst. III, 8, 1 en 2

*Here, leer ons om ons onder u kragtige hand te verneder.*

## 25 Mei

*Psalm 119:65-72*

DIEPER SELFKENNIS DEUR SWAARKRY

> *Ek weet, Here, dat u bepalings regverdig is. Dat U my laat swaarkry, is 'n teken van u trou. - Ps. 119:75*

Die allerheiligstes weet wel dat hulle deur die genade van God staande bly - nie deur eie kragte nie. Maar tensy God hulle deur die beproewing van die kruis tot 'n dieper selfkennis bring, is selfs hulle te gerus oor hul eie krag.

Hierdie laksheid het ook vir Dawid oorval (Ps. 30:7). Hy sê: "Toe dit goed gegaan het, het ek wel gesê: 'Niks sal my ooit laat wankel nie.' Deur u goedheid het u my op 'n veilige berg laat staan, Here. Maar toe U U aan my onttrek het, het ek baie bang geword." Want hy erken dat toe dit voorspoedig gegaan het, sy insigte deur sorgeloosheid afgestomp is. Hy het die genade van God - waarop hy moes vertrou het -eenkant toe geskuif. Hy het gevolglik op homself gesteun en homself standvastigheid beloof. As dit so 'n groot profeet oorgekom het, wie van ons sal dan nie sidder en gevolglik op sy hoede wees nie?

Solank as alles kalm verloop het, het hierdie heiliges hulle gevlei met die gedagte van groter standvastigheid en geduld. Hulle leer egter, wanneer hulle deur teenspoed verneder word, dat dit valse inbeelding was.

Wanneer die gelowiges (sê ek) deur sulke bewyse aan hulle swakhede herinner word, maak hulle vordering op die pad van nederigheid. Gevolglik wend hulle hul tot God se genade, nadat hulle opgehou het met die verdorwe vertroue op hulself. En wanneer hulle dit doen, ondervind hulle God se teenwoordigheid. Daarin is genoeg - nee, méér as genoeg - beskerming geleë.

Inst. III, 8, 2

*As ek swaar kry, weet ek dat U my net dieper daarvan bewus wil maak dat ek u kind is.*

## 26 Mei

*Romeine 5:1-5*

KRUIS-DRA IS NOODSAAKLIK

> *"Iemand wat sy eie kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie." - Lukas 14:27*

Dit is wat Paulus leer: dat swaarkry volharding kweek, en volharding beproefdheid (Rom. 5:3). Die gelowiges voel dat dit waar is wat God aan hulle beloof het. Dit is naamlik dat Hy hulle sal bystaan as hulle swaar kry: gesteun deur God se hand staan hulle vas - iets wat hulle in eie krag nooit sou kon doen nie. God verleen dus, soos Hy beloof het, daadwerklike hulp wanneer dit nodig is. En hiervan lewer die volharding die proefondervindelike bewys aan die heiliges. Daardeur word hulle hoop ook bevestig. Dit sou tog van 'n alte groot ondankbaarheid getuig as hulle later twyfel aan die waarheid van God - dit waarvan hulle reeds die bestendigheid en vastigheid ondervind het.

Ons merk nou hoe veel goeie dinge saam uit die kruis voortkom. Want dit vernietig die gedagte wat ons verkeerdelik van ons eie krag koester. Dit lê ook ons huigelary (wat ons streel) bloot, en verban ons verderflike selfvertroue. En nadat ons so verneder is, leer dit ons om net op God te vertrou. Gevolglik word ons nie oorweldig en beswyk ons nie.

Deur te volbring wat Hy beloof het, waarborg die Here sy waarheid ook vir die toekoms.

Waarlik, al was dit die enigste redes, blyk dit hoe noodsaaklik kruis-dra vir ons is.

Inst. III, 8, 3

*O Here, ons dank U dat ons onder die gewig van ons kruis leer hoe swak ons eintlik is.*

## 27 Mei

*Genesis 22:1-13*

BEPROEWING KWEEK GEHOORSAAMHEID

> *My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. - Jak. 1:2, 3*

Dat die blinde selfliefde weggeneem word, sodat jy terdeë bewus sal word van jou eie swakhede, is van geen geringe betekenis nie. Jy moet so onder die besef van jou eie swakhede kom, dat jy leer om jouself te wantrou. Jy moet jouself so wantrou dat jy jou vertroue op God stel. Jy moet met gemoedsrus op God vertrou, sodat jy - terwyl jy op sy hulp steun - onoorwonne tot die end toe volhard. Jy moet op sy genade vertrou, sodat jy kan insien dat Hy sy beloftes hou. En jy moet die sekerheid van sy beloftes goed leer ken, sodat dit jou hoop kan versterk.

Die Here het ook 'n ander bedoeling met die beproewing van sy kinders: Hy peil hul geduld en leer hulle gehoorsaamheid. Weliswaar kan hulle Hom geen ander gehoorsaamheid betoon as wat Hy self aan hulle gegee het nie. Maar so behaag dit Hom om die genadegawes wat Hy aan die heiliges gegee het, daadwerklik bekend te stel en te verduidelik. So bly dié gawes nie weggesteek en passief in hul binneste nie.

En so laat Hy dan die deug om uit te hou en die standvastigheid waarmee Hy sy knegte toegerus het, te voorskyn kom. Wanneer dit gebeur word daar gesê Hy toets hul geduld.

Vandaar die uitdrukking dat God vir Abraham op die proef gestel het en sy vroomheid eg bevind het. Dit het daaruit geblyk dat hy nie geweier het om sy eie en enigste seun te offer nie (Gen. 22:1, 2). Daarom leer Petrus (1 Petr. 1:7) dat ons geloof deur swaarkry op die proef gestel word, soos goud in die oond deur vuur gelouter word.

Inst. III, 8, 3 en 4

*Ons Vader, laat die gelouterde gehoorsaamheid in ons lewe blink.*

## 28 Mei

*Jakobus 1:1-4*

JOU GEDULD MOET SIGBAAR WEES

*. . . staan vos in verdrukking ... - Rom. 12:12*

Geduld is 'n baie voortreflike gawe wat die gelowige van sy God ontvang. En wie sou kon ontken dat dit 'n goeie doel dien om dit te gebruik - sodat almal dit kan raaksien ? Anders sal 'n mens dit nooit na waarde kan skat nie. God handel voortreflik as Hy die nodige voorsien om die deugde aan te vuur wat Hy aan die gelowiges gegee het. Anders sou die gawes in die donkerte weggesteek bly. En wat meer is: hulle sou nutteloos bly lê en vergaan. Daar is dus baie goeie rede vir die beproewings van die heiliges - daarsonder sou hul geduld nie aan die lig kom nie.

Ek sê dat hulle ook deur die kruis onderrig word om gehoorsaam te wees. So word hulle geleer om nie na hul eie verlange te leef nie, maar volgens die wil van God. Hulle sou ongetwyfeld nie geweet het wat dit is om God te volg nie, indien alles volgens hul wense verloop het.

Die wysgeer Seneca meld dat daar 'n ou spreekwoord was: "Volg God." Dit is gebruik om iemand aan te moedig wat teëspoed moes verdra. Daarmee is te kenne gegee dat die mens eers regtig onder die juk van God kom, wanneer hy sy hand en sy rug vir God se gesel oopstel.

Dit is ongetwyfeld reg dat ons in alles ons gehoorsaamheid aan die hemelse Vader bewys. Maar dan mag ons nie weier dat Hy ons op alle maniere vorm om Hom te gehoorsaam nie.

Inst. III, 8, 4

*Here, gee dat ook die geduld in my lewe tot u eer mag skitter.*

## 29 Mei

*Deut. 32:15-20*

DIE HERE HOU ONS IN TOOM

*Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. - 1 Petr. 5:6*

Ons is maar alte geneig om God se juk af te gooi sodra ons 'n bietjie sagter en toegeefliker behandel word. Tensy ons hieroor nadink, sien ons nie in hoe noodsaaklik dit is om ons hemelse Vader te gehoorsaam nie.

Dit gaan daarmee presies soos met die lewendige perde wat losloop en gevoer word; hulle kan daarna weens hul vurigheid nie bedwing word nie. Hulle gehoorsaam nie die ruiter nie, al het hulle hulle ook voorheen deur hom laat beheer.

By ons is ook maar altyd aanwesig wat by die volk van Israel was. Dit waaroor God kla (Deut. 32:15) is ook gedurig in ons: as ons vet gemaak is en 'n vetlaag het, skop ons na Hom wat ons gevoed en versorg het.

God se weldadigheid moes ons eintlik beweeg het om oor sy goedheid na te dink en baie dank te betuig. Ons kwaadwilligheid is egter so groot dat ons eerder onder sy tere sorg voortdurend slegter word. En daarom is dit meer as noodsaaklik dat ons deur dissipline aan bande gele word om nie so ligsinnig te wees nie.

Die Here gryp in soos wat Hy bemerk dit voordelig is. Deur middel van die kruis strem en beteuel Hy ons verwaandheid. So handel Hy met ons, sodat ons nie deur buitensporige rykdom verwilder, of deur eerbetoon verwaand word nie. Hy tree so op dat ons nie vanweë die goeie dinge - dinge rakende die gees, liggaam of ons lot - aanmatigend word nie.

Inst. III, 8, 5

*Here, leer ons dat dit liefde is wat ons tugtig.*

## 30 Mei

*2 Samuël 7:12-17*

GETUGTIG, MAAR NIE VEROORDEEL NIE

> *Maar nou word ons deur die Here geoordeel en getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel sal word nie. - 1 Kor. 11:32*

Die Here tugtig op verskillende maniere namate dit vir elkeen goed is. Ons ly tog nie almal ewe ernstig aan dieselfde siekte nie. Ons het ook nie almal 'n ewe drastiese behandeling nodig nie. En daaruit blyk hoe mense deur 'n verskillende soort kruis geoefen word. Hoewel die hemelse Geneesheer sommige sagter behandel, genees Hy ander met sterker middels. Terwyl Hy vir almal se gesondheid wil sorg, spring niemand sy ondersoek vry nie. Hy weet dat almal - sonder uitsondering - siek is.

En daarby ag die allergenadigste Vader dit ook nodig om ons swakheid betyds te verhelp. En nie alleen dit nie. Hy straf ook dikwels die vroeëre sondes. So maak Hy seker dat ons Hom gehoorsaam. Elke keer as ons getref word, moet ons dadelik dink aan ons vroeëre lewe. En so sal ons sonder twyfel vind dat die foute wat ons begaan het, die kastyding verdien het. Tog moet die wekroep tot geduld nie aanvaar word hoofsaaklik op grond van die erkenning van sonde nie. Die Skrif noem 'n baie beter oorweging. Dit sê dat ons in teëspoed "deur die Here getugtig word, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel sal word nie" (1 Kor. 11:32). Ons moet dus ook te midde van die bitterheid van beproewings die Vader se verdraagsaamheid en goedheid jeens ons erken. Selfs dan hou Hy nie op om ons saligheid te bevorder nie. Want Hy tugtig ons nie om ons te gronde te rig ofte vernietig nie, maar eerder om ons te bevry van die veroordeling van die wêreld.

Inst. III, 8, 5 en 6

*Leer ons elke dag beter verstaan dat die tugtigende hand ons Vader se hand is.*

## 31 Mei

*Hebreërs 12:1-8*

DIE HERE TUGTIG HOM VIR WIE HY LIEF IS

> *... want die HERE tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie hy behae het. - Spreuke 3:12*

Die Skrif leer ons in Spreuke 3:11, 12 so: "My seun, verag die tug van die HERE nie, en laat sy kastyding nie jou weersin wek nie, want die HERE tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie hy behae het."

Wanneer ons die Vader se slaanding opmerk, moet ons nie hardnekkig die goddeloses wat aanhou met slegte dade, navolg nie. Behoort ons dan nie eerder gehoorsame en volgsame kinders te wees nie? God sou ons aan die dood oorgee, tensy Hy ons - as ons sondig - deur beproewing terugroep. Hy sê dus tereg (Hebr. 12:8), dat, as ons nie getugtig word nie, ons vreemdelinge en nie kinders is nie. Ons is erg verdraaid as ons Hom nie kan verdra nie, terwyl Hy sy welwillendheid en sorg vir ons saligheid aan ons betoon.

Die Skrif maak 'n duidelike onderskeid tussen ongelowiges en gelowiges. Eersgenoemdes word as slawe van 'n ingewortelde verdorwenheid (wat telkens oplewe) net slegter en hardnekkiger onder die slae. Maar die gelowiges, as kinders van inbors, kom daardeur tot berou. Nou moet jy maar kies by watter van die twee jy liewer wil wees.

Verder is dit besonder troosryk as jy ter wille van die geregtigheid moet ly. Want dit moet tot ons deurdring hoe groot die eer is wat God ons werd ag deur ons met sy soldate se onderskeidingsteken te versier.

Ek sê dat dié mense ter wille van die geregtigheid vervolging ly, swaar kry omdat hulle die evangelie verdedig. Dit geld ook hulle wat waar ook al ter wille van die geregtigheid intree.

Inst. III, 8, 6 en 7

*O Here, ons bid vir die genade om die tugtiging van kindskap te aanvaar.*

## 1 Junie

*Mattheüs 5:1-12*

VIR SY KIND VERANDER GOD DIE KWAAD IN DIE GOEIE

> *Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly. - Hand. 5:41*

Laat ons dit nie swaar of onaangenaam vind om onsself aan God te wy nie. Laat ons ook nie meen dat ons ongelukkig is ten opsigte van dié dinge waarvan Hy, met sy eie mond, gesê het dat ons geseënd is nie (Matt. 5:10). Laat dit maar so wees, al moet ons onsself die beledigings en haat van die wêreld op die hals haal. Dit kan gebeur by die verdediging van God se waarheid teen die leuen van die Satan. Dit kan ook gebeur by die beskerming van die goeies en onskuldiges teen die onreg van die slegte mense. Laat ons nie vir hierdie haat terugdeins nie, al kom ons lewe, besittings of eer ook in gevaar.

Op sigself beskou, is armoede wel 'n ellende. En so ook ballingskap, veragting en tronkstraf, of om gebrandmerk te word. Die dood self is uiteindelik die ergste van alle rampe. Maar wanneer God se guns ons deel word, is daar niks van dié dinge wat nie vir ons in geluk verander nie.

Laat ons dus liewers tevrede wees met Christus se getuienis as met die verdorwe mens se valse oordeel. So sal ons - telkens as Hy ons bevoorreg om vir sy Naam vernedering te ly - ons volgens die voorbeeld van die apostels verbly (Hand. 5:41). Menslik gesproke kan ons wel arm word. Dit gebeur as ons onskuldig (en met 'n goeie gewete) deur die goddelose se misdaad van ons lewensmiddele beroof word. Maar so groei die ware rykdom vir ons by God in die hemel aan. Indien ons uit ons huis verstoot word, word ons soveel inniger in God se familie opgeneem.

Inst. III, 8, 7

*Here, gee ons oë om steeds die goeie te sien wat U vir ons uitwerk.*

## 2 Junie

*1 Petrus 4:12-16*

CHRISTUS WIL DEUR ONS KRUIS VERHEERLIK WORD

> *Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik. - 1 Petr. 4:16*

As ons ontstel of verag word, raak ons soveel vaster in Christus gewortel. Word ons deur beskimpings en vernedering gebrandmerk, neem ons 'n soveel belangriker plek in God se koninkryk in. En as ons doodgemaak word, kry ons daardeur toegang tot die ewige lewe. Ons behoort ons te skaam om die dinge waaraan die Here soveel waarde heg, laer te skat as die skaduagtige en verganklike verlokkings van hierdie lewe.

Deur hierdie en dergelike vermanings maak die Skrif die beledigings en rampe wat ons ter verdediging van geregtigheid verduur, baie draagliker. Daarom is ons erg ondankbaar as ons dit nie graag en met vreugde uit die Here se hand ontvang nie. Dit is veral so aangesien hierdie soort kruis, waardeur Christus in ons verheerlik wil word, juis eie is aan gelowiges. So leer Petrus ook (1 Petr. 4:11). Vir waardige mense is dit bitterder om vernedering te ly as om honderdmaal te sterf. Daarom herinner Paulus ons uitdruklik daaraan dat daar nie alleen vervolgings vir ons voorlê nie, maar ook skandelike behandeling. Want ons hoop op die lewende God (1 Tim. 4:10). So beveel hy ons ook op 'n ander plek om volgens sy voorbeeld koers te hou - deur slegte en goeie gerugte heen (2 Kor. 6:8).

Daar word egter nie van ons so 'n blymoedigheid verwag dat dit alle gevoel van pyn en smart afstomp nie. Daar sou anders geen betoning van geduld in die kruis van die heiliges wees as hulle nie smart beleef en onaangenaamheid ervaar nie. In armoede is daar bitterheid, in siekte is daar pyn, in vernedering is daar 'n angel wat seermaak. En in die dood is daar siddering. As dit nie so was nie, watter moed en selfbeheersing sou dit inhou om hierdie dinge te verdra?

Inst. III, 8, 8

*Ons vra vir die triomfantelike genade om U te dank vir ons kruis.*

## 3 Junie

*Romeine 8:31-39*

MEER AS OORWINNAARS

> *Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. - Romeine 8:37*

Elkeen van die dinge waarvan ons pas gepraat het, grief ons almal van nature vanweë die ingebore onaangenaamheid daarvan. Daarom openbaar die gelowige sy standvastigheid daarin dat hy nogtans onverskrokke weerstand bied en hom daaraan ontworstel. Ek bedoel: dat hy so optree, al voel hy ook baie sleg, en hoe bitter hy ook al ly. Daaruit blyk sy geduld: as hy, nieteenstaande swaar beproewinge, deur die vrees van God in toom gehou word en nie onbeheers optree nie. En daarin skitter sy blymoedigheid: as hy, geteister deur droefheid en smart, in die geestelike vertroosting van God rus vind.

Die gelowiges voer stryd teen die natuurlike gevoel van smart wanneer hulle hul op die beoefening van geduld en matigheid toelê. Dit het Paulus sprankelend met dié woorde beskryf: "In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie, ons is oor raad verleë maar nie radeloos nie; ons word vervolg maar nie deur God verlaat nie; op die kruis neergegooi maar nie vernietig nie" (2 Kor. 4:8). U merk dat om die kruis geduldig te dra nie beteken om geheel en al ongevoelig te word en om vir alle smart afgestomp te raak nie.

Die Stoïsyne van ouds het hulle heldefiguur op dwase wyse beskryf as iemand wat sy menslikheid afgelê het: in teëspoed en voorspoed, in treurige en vrolike omstandighede bly hy in dieselfde stemming. Ja, soos 'n klip wórd hy deur niks ontroer nie. En wat het hulle met dié soort wysheid bereik? Wel, hulle het 'n beeld van geduld geskilder wat nog nooit by mense voorgekom het nie, en ook nie kan voorkom nie. Ja, hulle het selfs die bekoring van geduld uit die menslike lewe weggeneem, deur dit te streng te wil afbaken.

Inst. III, 8 en 9

*Verhoogde Heiland, ons bid dat ons U in smart en vreugde meer gelykvormig sal word.*

## 4 Junie

*Romeine 12:9-18*

GEEN YSTERHART-CHRISTENE NIE

> *Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur. - Rom. 12:15*

Daar is deesdae ook 'n nuwe Stoïse gesindheid onder Christene. Hulle beskou dit nie net as sonde om te sug en te huil nie, maar ook om bedroef en bekommerd te wees.

En hierdie vreemde opvattings kry jy gewoonlik by mense wat nie werk nie. Hulle oefen hulselfmeer deur te peins as deur te werk, en kan niks anders vir ons doen as om sulke rare dinge te bedink nie. Maar met hierdie ysterharde wysbegeerte wil ons niks te doene hê nie. Dit veroordeel ons Meester en Here nie net deur sy woord nie, maar ook deur sy voorbeeld. Want Hy het gesug en gehuil oor die kwaad wat Hom en ander getref het. Hy het sy dissipels ook nie anders geleer nie. "Die wêreld,' het Hy gesê, "sal bly wees, maar julle sal huil en treur" (Joh. 16:20). En om te verhoed dat iemand dit as verkeerd sou beskou, het Hy openlik gesê dat hulle wat treur geseënd is (Matt. 5:4). En geen wonder nie. Want as alle trane afgekeur word, wat moet ons dan van die Here self sê? Uit sy liggaam het trane soos bloeddruppels getap (Luk. 22:44)! Ons lees ook van die siddering wat Hom erg ontstel het. Hoe moet ons dan daaroor oordeel - indien elke soort ontsteltenis 'n teken van ongeloof is (Matt. 26:38)?

Ek wou dit sê sodat vroom mense nie wanhopig word nie. Hulle sal dan nie meteens moed verloor omdat hulle nie die natuurlike gevoel van smart kan onderdruk nie. Dit is noodwendig die geval met diegene wat van geduld ongevoeligheid wil maak, en van 'n sterk en standvastige man 'n stuk hout.

Inst. III, 8, 9 en 10

*Here, laat ons harte steeds gloei van liefde.*

## 5 Junie

*1 Tess. 5:16-24*

DIE HEILIGES IN BEPROEWING

*Verbly julle altyd in die Here! Ek herhaal: Verbly julle!- Filippense 4:4*

Die Skrif prys die heiliges vir hulle verdraagsaamheid. Al word hulle deur ontberings beproef, word hulle nie gebreek en beswyk hulle nie. Al ly hulle bitter swaar, word geestelike blydskap terselfdertyd in 'n ruim mate aan hulle gegee. En al is hulle in die greep van angs, skep hulle asem, terwyl God se vertroosting hulle opbeur.

Intussen vind 'n tweestryd in hul harte plaas. Want hul natuur vermy en vrees alles wat daarteen indruis. Terselfdertyd streef hul vroom gemoed daarna om God se wil in hierdie moeilike omstandighede te gehoorsaam. Die Here het van hierdie tweestryd gepraat toe Hy vir Petrus gesê het: "Toe jy jonger was, het jy self jou klere vasgemaak en gegaan waar jy wil; maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou vasmaak en jou bring waar jy nie wil wees nie" (Joh. 21:18). Dit is seker onwaarskynlik dat Petrus - toe hy God deur die dood moes verheerlik - teen wil en dank gesleep moes word. Dan sou sy martelaarskap weinig verdien het. Maar al het hy ook God se bevel met die grootste vurigheid van hart gehoorsaam, was sy wil verdeeld: hy het sy menslikheid tog nie afgelê nie. Toe hy gedink het aan die wrede dood wat hy moes ondergaan, sou hy dit graag wou ontvlug - dit was so grusaam. Maar toe hy daarenteen bemerk dat hy deur God se bevel dié dood moes ondergaan, het hy die vrees oorwin. En hy het dit met graagte en selfs blymoedigheid ondergaan.

Inst. III, 8, 10

*Ons bid om die blydskap van die Heilige Gees wat nooit verwelk of vergaan nie.*

## 6 Junie

*Korintiërs 6:3-10*

BEPROEF, MAAR STEEDS GETROU

> *Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag. - 1 Tess. 5:18*

As ons dissipels van Christus wil wees, moet dit ons strewe wees: om harte te hê wat vol is van eerbied en gehoorsaamheid vir God. Dan sal dié gesindheid alle neigings wat daartéén ingaan, tem en aan God se wil onderwerp. So sal ons - deur watter kruis ons ook al beproef word - in die grootste sielsbenoudhede altyd geduldig bly.

Teenspoed bring gevaar mee, en dit beproef ons. As siekte ons tref, sal ons sug en verontrus word. En ons sal na gesondheid verlang. As ons deur armoede besoek word, sal ons deur die angels van besorgdheid en droefheid gesteek word. Ons sal deur die smart van beskimping, minagting en onreg gestriem word. En ons sal by die heengaan van ons dierbares die trane wat ons van nature verskuldig is, stort. Maar die slotsom sal altyd wees: die Here het dit so gewil. Laat ons dus sy wil volg. Ja, selfs te midde van die wonde van smart, van gesug en trane, moet hierdie gedagte die botoon voer. Dit sal ons hart juis daartoe neig om alles waardeur ons so beproef word, blymoedig te dra . . .

As ons God net gehoorsaam omdat ons moet, sal ons ophou om te gehoorsaam wanneer dit nie meer van ons geëis word nie. Maar die Skrif beveel ons om op iets heeltemal anders in God se wil te let. Ons moet eerstens aandag gee aan sy regverdigheid en billikheid; daarna aan sy sorg vir ons saligheid.

Die Christelike wekroepe om geduldig te verdra, is dus van die volgende aard: of dit nou ook armoede of ballingskap, gevangenskap of mishandeling, siekte of die heengaan van dierbares, of iets dergliks is wat ons teister, moet ons weet dat niks van dié dinge ons oorkom sonder die wil en voorsienigheid van God nie . . .

Inst. III, 8, 10 en 11

*Here, maak ons steeds meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.*

## 7 Junie

*Hebreërs 12:5-11*

ONS VADER SLAAN MET DIE HAND VAN LIEFDE

*Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. - Openbaring 3:19*

Verdien ons ontelbare en daaglikse oortredings nie om streng en met 'n swaar slaanding gekasty te word nie? Strenger en swaarder as dié waarmee ons deur sy sagmoedigheid geslaan word.

Is dit nie volkome regverdig dat ons verdorwe natuur bedwing en as 't ware aan die juk gewoond word, sodat dit nie losbandig na hartelus te kere gaan nie? Is God se geregtigheid en waarheid dit nie werd dat ons daarvoor moet ly nie?

Maar as die onbetwyfelbare geregtigheid van God in beproewings tot openbaring kom, kan ons nie - sonder om te sondig - daarteen murmureer of stry nie. Ons hoor dan nie daardie koue deuntjie nie: "Buig, want jy moet!" Nee, jy hoor 'n bevel wat vol lewe en daadkrag is: "Jy moet gehoorsaam, want jy mag nie weerstand bied nie. Jy moet geduldig verdra, want die ongeduld is opstand teen God!"

Vir ons is slegs lieflik wat volgens óns insig tot ons saligheid strek en vir ons goed is. Daarom troos ons baie goeie Vader ons ook in dié opsig: Hy gee ons die versekering dat Hy juis deur die oplê van die kruis vir ons saligheid sorg.

Maar as dit vasstaan dat beproewings vir ons heilsaam is, waarom sal ons hulle dan nie met 'n dankbare en kalme gemoed dra nie? Wanneer ons dan die beproewings geduldig dra, swig ons nie voor wat noodsaaklik is nie, maar berus ons in wat vir ons goed is.

Ons harte krimp ineen wanneer hulle deur die natuurlike besef van bitterheid onder die kruis verdruk word. Maar hierdie oorwegings (sê ek) laat blyk dat namate dié bitterheid wel daar is, ons harte deur 'n geestelike blydskap verruim word. En daaruit volg die danksegging, wat daar nie sonder vreugde kan wees nie.

Inst. III, 8, 11

*O Here, gee ons tog 'n besef van wat dit beteken dat die Vaderhand ons slaan.*

## 8 Junie

*1 Timoteüs 6:6-12*

DEUR DIE AARDSE DINGE VASGEVANG

> *"Moenie vir julle skatte op aarde bymekaar maak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie." - Matt. 6:19*

Deur watter soort verdrukking ons ook al geteister word, moet ons altyd op die doel daarvan let: ons moet geoefen word om die teenswoordige sondige lewe te verafsku. Daardeur moet ons aangespoor word om te streef na die toekomende. God weet goed hoe erg ons van nature geneig is tot 'n veragtelike liefde vir hierdie wêreld. Daarom wend Hy 'n baie geskikte middel aan om ons terug te bring en om ons ons doodsheid te laat afskud. Dan sal ons nie te halsstarrig aan dié liefde bly vashou nie.

Niemand van ons sal wil voorgee dat hy nie met sy hele lewe streef en jaag na die hemelse onsterflikheid nie. Want ons skaam ons daarvoor om in niks beter as die redelose vee te wees nie. Hulle uiteinde sou niks slegter as ons s'n wees, indien daar nie vir ons die hoop op die onsterflikheid na die dood oorbly nie. Waarlik, as jy die planne, strewe en dade van die mens en dier op die keper sou beskou, sou jy daar niks anders as die aardse sien nie. En hier kom ons stompsinnigheid vandaan. Ons verstand is so bekoor en afgestomp deur die misleidende glans van rykdom, mag en eer, dat dit nie verder kan sien nie.

Die hart word ook deur gierigheid, eersug en begeerlikheid vervul en belas sodat dit nie hoer as dié dinge kan styg nie.

Kortom, die siel soek sy geluk op aarde, omdat dit deur die verleidings van die sondige natuur verstrik is. Om hierdie kwaad teë te gaan, onderrig die Here sy volk deur hulle voortdurend te wys op die ellendes van hierdie nietige lewe.

Inst. III, 9, 1

*Here, leer ons in u skool om voorrang te gee aan die dinge wat ewige waarde het.*

## 9 Junie

*Romeine 6:1-6*

DIE TUG VAN DIE KRUIS IS 'N SEËN

| *". . . volg My!"- Markus 10:21* |
|---|

Die Here laat dit toe dat sy kinders dikwels deur oorloë, oproere of roweryе, of deur ander tipes kwaad verontrus en geteister word. Die oogmerk hiervan is om te verseker dat hulle hulself nie diep en bly wende vrede in die aardse lewe beloof nie. Hy laat hulle arm word, nou deur verbanning, dan deur die onvrugbaarheid van die aarde, dan deur brand, en dan weer op ander maniere. Of Hy gee hulle net hul beskeie deel. So voorkom Hy dat hulle nie alte veel sou smag na verganklike en onbestendige rykdomme nie, of sou vertrou op wat hulle reeds besit nie. En dan beproef Hy hulle ook wat die gesinslewe betref. Ten einde te verhoed dat hulle hul selfvoldaan in die voorregte daarvan sou verlustig, louter Hy hulle deur die slegte gedrag van hul eggenotes. Of Hy verneder hulle deur bedorwe kinders. Of Hy tref hulle deur kinderloosheid.

Hy kan ook in al hierdie dinge meer verdraagsaam met hulle wees. Maar dan wys Hy hulle deur siektes en gevare hoe wankelrig en tydelik alles is wat sterflik is. En so bereik Hy sy doel: dat hulle nie ydel en te vol selfvertroue word nie.

Ons moet besef dat hierdie lewe - op sigself beskou - onrustig, veelbewoë, en op talle maniere ellendig is. Dit maak ons in geen enkele opsig gelukkig nie. Dit moet ook vir ons duidelik wees dat alles wat ons as die goeie van die lewe beskou, onseker, verbygaande, ydel en verdorwe is. Want dit is met baie slegte dinge vermeng. Eers as ons dit besef, vind ons waarlik baat by die tug van die kruis.

Inst. III, 9, 1

*Ag Here, hou tog aan om te tug totdat ons verlos is van ons dwase verlangens en begeertes.*

## 10 Junie

*Lukas 13:22-30*

GEEN MIDDEWEG NIE

> *"Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie."- Mattheüs 7:13*

En as ons hierdie dinge hoor wat ons so-ewe genoem het, kom ons tegelykertyd tot die gevolgtrekking dat niks anders in hierdie lewe gesoek en verwag mag word nie as stryd. Wanneer ons dink aan die kroon, kom ons verder tot die slotsom dat ons na die hemel moet kyk. Want dit staan vas: tensy ons hart eers met afsku gevul is vir die teenswoordige, sal dit nooit aangevuur word om met erns te verlang na en na te dink oor die toekomstige lewe nie.

Tussen hierdie twee lê geen middeweg nie: of die wêreld moet vir ons waardeloos word, óf dit moet ons verslaaf deur 'n onbeheerste liefde. As ons dus enigsins oor die ewigheid besorg is, moet ons ons ywerig daarop toelê om uit hierdie knellende voetboeie los te kom.

Hierdie lewe het ook geweldig baie bekoorlikhede wat ons verlei. Dit wek maklik die skyn van lieflikheid, vriendelikheid en aantreklikheid. En dit streel ons. Daarom is dit vir ons van groot belang om herhaaldelik daarteen op ons hoede gestel te word. Dan sal ons nie deur sulke lokmiddels verstrik raak nie. Want - so vra ek julle - wat sou gebeur as ons hier 'n onafgebroke stroom van goeie dinge en geluk geniet? Wat sou gebeur as ons selfs nie eers deur die voortdurende prikkels van teëspoede opgewek kan word om die ellende van die lewe te besef nie?

Inst. III, 9, 1 en 2

*O Here, maak mense tog bekommerd oor hulle ewige sieleheil.*

## 11 Junie

*Hebr. 11:8-14*

DIE VERGANKLIKE MENS

> *Kyk, U het bepaal dat my dae min sal wees, in u oë is my lewensduur byna niks. Ag, alle mense is maar verganklik. - Ps. 39:6*

Dat die menslike lewe soos rook of 'n skaduwee is, is aan die geleerdes bekend. Maar ook die gewone mense het geen spreekwoord wat meer gebruik word as dit nie. En omdat hulle gesien het dit is 'n saak wat by uitstek nuttig is om te weet, het hulle dit met baie welbekende segswyses aangeprys. Tog is daar byna niks wat ons meer verontagsaam of waaraan ons minder dink nie. Want ons beplan alles asof ons onsterflikheid op aarde in pag het.

As 'n lykstoet verbygaan of as ons tussen die grafte loop, dan filosofeer ons wel voortreflik oor die nietigheid van hierdie lewe. Dan staan die beeld van die dood ons duidelik voor oë. Nogtans doen ons selfs dit nie altyd nie, want meermale maak dit alles geen indruk op ons nie. Maar ook wanneer dit wel gebeur, is ons wysheid ook maar van korte duur. Sodra as ons ons rug draai, verdwyn dit, en laat selfs nie die geringste spoor van herinnering agter nie. Kortom, dit sweef weg net soos 'n applous in die skouburg na 'n vermaaklike toneel.

Maar ons vergeet nie net die dood nie. Ons vergeet ook die sterflikheid self, asof geen gerug daarvan ons ooit bereik het nie. En dan verlustig ons ons weer in die agtelosige traak-my-nie-agtigheid van 'n aardse onsterflikheid. As iemand tog tussenin kom met die spreekwoord: "Die mens leef maar net 'n dag!" maak dit maar so min indruk op ons. Die gedagte dat ons hier bly voortleef, oorheers steeds ons harte.

Inst. III, 9, 2

*Here, ons bely ons kortsigtigheid. Gee ons 'n blik op die ewigheid en op wat dit werklik beteken.*

## 12 Junie

*Mattheüs 7:7-11*

TOG IS HIERDIE LEWE 'N GAWE VAN GOD

> *En ook - dat elke mens eet en drink en die goeie geniet by al sy moeite-volle arbeid; dit is 'n gawe van God. - Pred. 3:13*

Die veragting wat die gelowiges vir hierdie lewe koester, moet nogtans nie so wees dat dit haat teen hierdie lewe voed nie. Dit moet ook nie ondankbaarheid teenoor God wek nie. Al is hierdie lewe vol ellende, word dit tog tereg by die seëninge van God gereken. En dit mag nie gering geskat word nie.

As ons dan nie die weldaad van God daarin erken nie, staan ons reeds skuldig aan 'n nie geringe ondankbaarheid jeens God self nie. Veral vir die gelowiges moet dit 'n bewys van Goddelike guns wees - dit het tog geheel en al ten doel om hul saligheid te bevorder. Want voordat Hy die erfenis van die ewige saligheid openlik aan ons skenk, wil Hy deur mindere bewyse toon dat Hy ons Vader is. En dié bewyse is die goeie wat ons daagliks van Hom ontvang.

Waar hierdie lewe dus dien om ons God se goedheid te leer verstaan, sal ons dit dan minag asof dit nie 'n greintjie goeds bevat nie? Ons moet gevolglik hierdie besef en gesindheid koester sodat ons dit tel onder die gawes van die Goddelike goedheid wat allermins gering geskat mag word.

Die getuienisse van die Skrif is in dié verband volop en duidelik. Maar al sou hulle ook ontbreek het, wek die natuur ons op om dank aan die Here te betuig. Want Hy het ons die lewe gegee; Hy gee ons die gebruik daarvan; Hy skenk ons die middels wat ons nodig het om dit te bewaar. En die rede hiervoor is nog baie belangriker: ons moet maar net daaraan dink dat ons - in sekere sin - in hierdie lewe voorberei word vir die heerlikheid van die hemelse koninkryk.

Inst. III, 9, 3

*Here, ons dink so min daaraan en prys U nie genoeg daarvoor nie, dat U ons die lewe, asem en alles gee.*

## 13 Junie

*Filippense 1:21-26*

BRANDWAG STAAN OP AARDE

> *... want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. - Filip. 1:21*

Wanneer die aardse lewe met die hemelse vergelyk word, ly dit geen twyfel nie dat die aardse verag en vertrap kan word. Mens moet dit sekerlik nooit haat nie, behalwe in soverre dit aan die sonde onderworpe is. En selfs dié haat mag eintlik nie op die lewe self gerig word nie. Hoe dit ook al sy, dit betaam ons om dit op so 'n wyse te minag of te haat, dat ons tog ook bereid is om - as God wil - hier op aarde te bly. Al sou ons ook verlang om heen te gaan. Bowendien moet ons minagting allesbehalwe murmurering en ongeduld wees. Want dit is asof die Here ons brandwag laat staan totdat Hy ons terugroep.

Paulus betreur wel sy lot (Rom. 7:24) dat hy langer deur die bande van die liggaam vasgehou word as wat hy verkies. En hy snak vuriglik na verlossing. Maar tog verklaar hy hom bereid om beide te aanvaar -lewe of sterwe (Filip. 1:20-24). Dit doen hy uit gehoorsaamheid aan die wil van God. Hy erken hy is dit aan God verskuldig om sy Naam deur of die dood, óf die lewe te verheerlik. Dit is God wat moet bepaal wat sy eer die meeste sal bevorder.

As dit ons dus betaam om of vir die Here te lewe, ofte sterwe, moet ons die grens van ons dood of lewe aan sy wil oorlaat. Maar ons moet brand van verlange om heen te gaan, en ons moet dit voortdurend bepeins. Vergeleke met die toekomstige onsterflikheid, moet ons hierdie lewe verag. Ons moet ook verlang - om wanneer dit ook al die Here mag behaag - dit weens die onderhewigheid aan die sonde vaarwel te sê.

Inst. III, 9, 4

*Laat u koninkryk ook deur my lewe kom.*

## 14 Junie

*Filippense 4:4-9*

VOL VREUGDE

> *"Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?"... Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus. - 1 Kor. 15:55, 57*

Baie mense sê hulle is Christene, maar is tog vreesbevange vir die dood. Dit is baie vreemd. In plaas daarvan om na die dood te verlang, sidder hulle elke keer as daarvan gepraat word - soos vir iets geheel en al onheilspellends en verskrikliks.

Dit is wel nie snaaks nie as ons van nature terugdeins wanneer ons hoor dat ons liggame sal vergaan. Maar dit kan in geen opsig goedgepraat word as die lig van die vroomheid nie in die Christen se hart is nie. Deur die groter vertroosting daarvan behoort die vrees vir die dood oorkom en oorwin te word. Hierdie onbestendige, sukkelende, verderflike, bouvallige, verwelklike, wegkwynende tentwoning - ons liggaam - word ontbind. Ons moet onthou dit gebeur met die doel om dié liggaam aanstons tot onverganklike, volmaakte, onverderflike - kortom, tot hemelse heerlikheid - te vernuwe. Sal geloof ons dan nie dwing nie om vuriglik te verlang na dit waarvoor ons natuur bang is?

Deur die dood word ons uit die ballingskap teruggeroep om in ons vaderland - ons hemelse vaderland - te kom woon. Sal dit nie vir ons troos inhou nie? Maar daar sal geantwoord word: daar is niemand wat nie na bestendigheid verlang nie. Dit erken ek geredelik, en daarom hou ek vol dat ons op die toekomstige onsterflikheid moet let. Daar sal 'n blywende toestand ons deel word. Paulus leer die gelowiges immers op uitnemende wyse (2 Kor. 5) om die dood blymoedig tegemoet te gaan - nie omdat hulle ontklee wil word nie, maar omdat hulle met die onverganklike beklee wil word (2 Kor. 5:2).

Inst. III, 9, 5

*Gee ons die blydskap van die balling wat huis toe gaan.*

## 15 Junie

*Titus 2:11-15*

VERBLY JULLE IN DIE HOOP

> *Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE - dit is julle beskutting. - Neh. 8:11*

Sal die onnosel diere, ja selfs die onredelike skepsels (met inbegrip van hout en klippe) bewus wees van hulle teenswoordige nietige bestaan? Sal hulle uitsien na die finale dag van opstanding om saam met God se kinders van die nietigheid verlos te word (Rom. 8:19)? Óns het die gawe van die lig van die verstand ontvang. En bowendien is ons met die Gees van God verlig. Sal óns dan nie, wanneer dit om ons wesentlike bestaan gaan, bokant die verdorwenheid van hierdie wêreld uitstyg nie?

Laat dit vir ons vasstaan: niemand maak goeie vordering in God se leerskool nie, behalwe hy wat beide die dag van sy dood én van die laaste opstanding met vreugde verwag. Want Paulus kenskets alle gelowiges deur hierdie teken (Tit. 2:13). En die Skrif wys ons telkens daarop wanneer dit 'n rede vir bestendige blydskap wil aanvoer. "... staan dan regop," sê die Here, "en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby" (Luk. 21:28). Is dit redelik, vra ek, dat wat Hy bedoel het om ons so kragdadig tot vreugde en blydskap te besiel, op niks anders nie as droefheid en ontsteltenis sou uitloop? Indien dit so is, waarom roem ons dan nog in Hom as ons Meester?

Laat ons dus verstandiger word en nie aarsel om te verlang na die Here se koms nie. Want dit is immers die voortreflikste van alle dinge om na te verlang. Laat dit die geval wees al kom al die blinde en dom begeertes van ons natuur ook daarteen op. Want Hy sal as ons Verlosser kom om ons uit hierdie onmeetlike maalstroom van kwaad en ellende te trek. En om ons te lei na die volsalige erfenis van sy lewe en heerlikheid.

Inst. III, 9, 5

*Here, laat die lewe vir óns waarlik Christus wees, en die sterwe wins.*

## 16 Junie

*Openbaring 7:9-17*

GELOWIGES, DIE KONINKRYK VAN GOD KOM!

> *Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die smaad van sy volk van die hele aarde af wegneem; want die HERE het dit gespreek. - Jesaja 25:8*

Dit is inderdaad so: alle gelowiges moet - solank hulle op aarde woon -soos skape wees wat vir die slagpale bestem is (Rom. 8:36). Die doel hiervan is om hulle aan Christus, hulle Hoof, gelykvormig te maak. Hulle sou dus die bejammerenswaardigste mense wees, tensy hulle alles in die wêreld te bowe kom, en die teenswoordige orde van dinge oorbrug. Dit kan hulle doen deur hulle harte hemelwaarts te verhef. Wanneer hulle, daarenteen, eenmaal die kop bokant die aardse dinge gelig het, sal hulle ook maklik in beproewings staande bly: al sien hulle die florerende rykdom van en eerbewyse aan die goddeloses; al bemerk hulle dat dié mense groot vrede geniet; dat hulle spog met luister en alle weelde; en dat hulle hul verlustig in allerlei genietinge. Die gelowiges sal bly staan selfs al word hulle deur dié slegte mense se gemeenheid geskok; al moet hulle vanweë hierdie mense se hooghartigheid beskimpings verduur; al word hulle deur hul geldgierigheid geruïneer, of deur watter gril ook al geteister. Hulle sal die oë gevestig hou op dié dag waarop die Here sy gelowiges in die rus van sy koninkryk sal ontvang. Dan sal Hy alle trane van hul oë afvee. Hy sal hul klere van heerlikheid en vreugde aantrek. Hy sal hulle voed met onuitspreeklike lieflikhede en genietinge. Hy sal hulle verhef tot gemeenskap met sy hoogheid. En uiteindelik sal Hy hulle waardig ag om deel te hê aan sy geluksaligheid (Jes. 25:8; Openb. 7:17).

Inst. III, 9, 6

*Here, hou ons hand vas tot op dié dag wanneer ons in die Vaderhuis sal wees.*

## 17 Junie

*Psalm 72:12-17*

CHRISTUS IS OPGEWEK

> *As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense. Maar nou, Christus is opgewek uit die dood . . . - 1 Kor. 15:19, 20*

Hy sal die goddeloses wat op aarde voorspoedig was, in volledige eerloosheid laat beland. En hul genietinge sal Hy met folteringe vervang. In die plek van hul gelag en blydskap sal Hy gehuil en gekners van tande stel. Hul vrede sal Hy met verskriklike gewetenswroeging versteur. Hul wellus sal Hy met onuitbluslike vuur straf. En Hy sal hul nekke onder die voete van die vromes plaas wie se verdraagsaamheid hulle misbruik het.

Want dit is geregtigheid, getuig Paulus (2 Tess. 1:6): om aan die ellendiges en diegene wat in ongeregtigheid verdruk word, verligting te gee; maar die goddeloses wat die vromes verdruk, sal self verdruk word. Dit sal gebeur wanneer die Here Jesus uit die hemel verskyn.

Waarlik, dit is ons enigste troos. As dit weggeneem word, moet ons (noodwendig) öf moed verloor, of onsself streel met die wêreld se hol vertroostinge. En dit sal ons eie ondergang meebring.

Ook die profeet bely hy het byna koers verloor toe hy te diep onder die indruk van die goddelose se teenswoordige voorspoed gekom het (Ps. 73:2). Hy erken ook dat hy nie anders staande sou kon gebly het as hy nie God se heiligdomme ingegaan het om te kyk wat die vromes en goddeloses se uiteinde is nie.

Om met 'n enkele woord af te sluit: eers wanneer hulle oë op die krag van die opstanding gerig word, seëvier die kruis van Christus in die gelowiges se harte oor die duiwel, die verdorwe natuur, die sonde en die goddeloses.

Inst. III, 9, 6

*Here, ons bid vir genade om die oë op U gevestig te hou.*

## 18 Junie

*Luk. 12:13-21*

NIE VERKNOG RAAK AAN AARDSE BESITTINGS NIE

> *... dié wat iets aankoop, (moet leef) asof hulle dit nie besit nie. Ja, dié wat met die dinge van die wêreld te doen het, moet leef asof hulle daar niks aan het nie, want hierdie wêreld soos ons hom ken, is aan die verbygaan. - 1 Kor. 7:30, 31.*

Deur sulke basiese onderwysings leer die Skrif ons terselfdertyd deeglik wat die regte gebruik van die aardse goedere is. Dit is 'n saak wat by die bepaling van ons lewensbeskouing allermins verontagsaam mag word. Want as ons moet leef, moet ons ook die noodsaaklike hulpmiddels van die lewe gebruik. Ons kan ook nie dié dinge vermy wat lyk of dit meer die genot as die noodsaaklikheid dien nie. Ons moet dus 'n weg vind, sodat ons dit met 'n rein gewete kan gebruik - of uit noodsaak, of uit genot. Hierdie weg dui die Here ons deur sy Woord aan. Hy leer ons naamlik dat die teenswoordige lewe vir sy kinders in sekere sin 'n reis is na die hemelse koninkryk. En hulle is haastig op pad. As ons dan net via die aarde reis, dan moet ons ongetwyfeld die goeie wat dit bied in dié sin gebruik dat dit ons gang eerder help as vertraag.

Daarom raai Paulus ons nie sonder rede aan om van hierdie wêreld gebruik te maak asof ons nie daarvan gebruik maak nie (1 Kor. 7:30, 31). Hy beveel ook aan dat ons eiendomme in dieselfde gesindheid moet koop as waarmee hulle verkoop word.

Maar aangesien dit 'n glibberige terrein is en daar na beide kante hellende vlakke is waarop jy maklik kan gly, moet ons seker maak dat ons die voet sit waar ons kan vastrap.

Inst. III, 10, 1

*Ons Here, ons dank U dat as ons u voetspore volg, ons nie sal gly nie.*

## 19 Junie

*Psalm 119:9-16*

DIE SKRIF IS ONS GIDS

> *U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad. - Ps. 119:105*

Daar is diegene wat jou toelaat om dit te gebruik wat vir die instandhouding van die liggaam noodsaaklik is. Volgens hulle is dit die enigste redelike weg. Goeie en heilige mense. Hulle het gemerk dat tensy daar streng beheer is, die onmatigheid en weelde voortdurend die perke oorskry as gevolg van onbeteuelde begeerte. Hulle wou so 'n groot kwaad voorkom. Dit was inderdaad goeie raad, maar hulle was buitensporig streng. Want - en dit is baie gevaarlik - hulle het die gewetens geknel met nouer boeie as waarmee die Woord van God hulle bind.

Vir hulle is die noodsaaklike ook dat jy afstand doen van alles wat jy kan ontbeer. So sou mens, volgens hulle, skaars iets by brood en water mag voeg. En ander was nóg strenger, soos vertel word van Thebaan Crates wat sy skatte in die see gegooi het. Hy het gemeen dat tensy hulle te gronde gaan, hy deur hulle te gronde sou gaan.

Maar deesdae aanvaar baie mense as vanselfsprekend (ek sê allermins hulle is reg) dat jou vryheid op geen manier beperk mag word nie. Dit sou aan elkeen se gewete oorgelaat moet word om soveel te gebruik as wat hy geoorloof ag. Eintlik soek hulle net 'n voorwendsel om die sondige natuur se onmatige gebruik van uiterlike dinge te verontskuldig. Ook wil hulle die weg voorberei vir losbandigheid. Ek erken wel die gewete moet nie en kan nie gebind word deur vaste en onveranderlike wetlike bepalings nie. Maar aangesien die Skrif algemene reëls vir 'n wettige gebruik gee, moet ons ongetwyfeld binne die perke daarvan bly.

Inst. III, 10, 1

*Here, stel daagliks die wysers van my gewete volgens die Son van geregtigheid.*

## 20 Junie

*Psalm 67*

DIE HERE GEE SO BAIE OM TE GENIET

> *Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het... - Jakobus 1:17*

Laat dit die beginsel wees: ons misbruik nie God se gawes wanneer ons hulle aanwend vir die doel waarvoor die Gewer hulle self vir ons geskep en bestem het nie. Hy het hulle tog geskep tot ons welsyn - nie tot ons verderf nie . . .

As ons nagaan met watter doel Hy kos geskape het, sal ons vind dat Hy nie slegs vir die noodsaaklike lewensonderhoud wou sorg nie. Nee, óók vir die genieting en blydskap. En wat ons kleredrag betref, behalwe die noodsaak was ook die sierlikheid en die betaamlikheid sy doelstelling.

Wat gewasse, bome en vrugte betref: benewens die groot nuttigheid daarvan is daar ook die aantreklikheid vir die oog, en die lieflike geur. Want as dit nie die geval was nie, sou die profeet nie onder die weldade van God vermeld het nie dat wyn die mens se hart bly maak, en olie sy gesig laat glinster (Ps. 104:15). Die Skrif sou nie op baie plekke sy weldade loof deur daaraan te herinner dat Hy al dié dinge aan die mense gegee het nie. En dan toon die dinge se natuurlike eienskappe ook genoegsaam hoe en waarvoor 'n mens hulle mag gebruik. Die Here het die blomme met 'n prag beklee wat ons spontaan met die oë kan geniet. En Hy het hulle die lieflike geur gegee wat ons kan ruik. Sou dit dan verkeerd van ons wees om daardie prag en heerlike geur te geniet? Hoe dan? Het Hy nie kleure so onderskei dat sommige aantrekliker is as ander nie? Hoe dan? Het Hy nie aan goud en silwer, ivoor en marmer 'n bekoorlikheid gegee wat hulle kosbaar maak bokant ander metale en gesteentes nie? Kortom, het Hy nie baie dinge vir ons gemaak sonder enige noodsaaklike gebruikswaarde nie?

Inst. III, 10, 2

*Ons Vader, ons dank U vir soveel wat mooi en goed is.*

## 21 Junie

*Galasiërs 5:16-22*

DIE MATIGE EN DANKBARE GEBRUIK VAN SY GAWES

> *Nee, julle moet julle beklee met die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie. - Rom. 13:14*

Weg dus met daardie onmenslike lewensbeskouing wat ons kwaadwillig wil beroof van die geoorloofde gebruik van God se weldadigheid. Daarvolgens is net die noodsaaklike gebruik van dinge geoorloof. Maar dié beskouing kan hom nie handhaaf sonder om die mens al sy sintuie te ontneem en van hom 'n stomp te maak nie.

Andersyds moet ons nie minder op ons hoede wees teen die lus van die bose natuur nie. Tensy dit binne perke gehou word, oorstroom dit sy oewers. Hierdie begeerte het sy aanhangers wat - onder die voorwendsel van vryheid - alles toestaan.

Om mee te begin: daar word vir die begeerte 'n toom aangesit wanneer ons vasstel dat alle dinge om 'n bepaalde rede vir ons geskape is. En dié toom is om die Gewer te leer ken en sy liefde vir ons met danksegging te erken.

Maar wat word van die dankbaarheid wanneer jy so oordadig eet en drink dat jy of verdwaas of onbekwaam word om jou pligte en jou roeping na te kom? Hoe staan dit met jou belydenis van God as jy, sondaar, jou skandelik vergryp; jou gees deur jou sonde so besoedel dat jy nie meer kan oordeel wat reg en eerbaar is nie ? Waar is die dankbaarheid jeens God vir klere as ons weens weelderigheid onsself bewonder en ander verag? As ons deur swierigheid en skittering ons tooi vir onsedelikheid? Hoe staan dit met ons belydenis van God as ons harte op swierige klere gerig is?

Want baie mense gee al hulle sintuie so oor aan genietinge dat hul gees oorweldig word. Baie word so bekoor deur marmer, goud en skilderye dat hulle self marmer word, as 't ware in metaal verander en soos die geskilderde figure is.

Inst. III, 10, 3

*Ons bid vir wysheid en dankbaarheid by die gebruik van u gawes.*

## 22 Junie

*Lukas 12:13-21*

WEES VRY, MAAR NIE UITSPATTIG NIE

> *... gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is. - Spreuke 30:8*

Daar is nie 'n beter of makliker pad nie as die een wat vir ons oopgaan wanneer ons die teenswoordige lewe geringskat, en nadink oor die hemelse onsterflikheid. Want daaruit volg twee reëls. Dit is naamlik dat hulle wat van hierdie wêreld gebruik maak, so gesind moet wees asof hulle nie daarvan gebruik maak nie. Die wat vroue het, moet wees asof hulle nie het nie. En dié wat koop, asof hulle nie besit nie. So leer Paulus in 1 Kor. 7:29-31.

Verder moet ons leer om gebrek kalm en geduldig te dra en oorvloed matig te geniet. Wie vir homself dit as reël aanvaar om die wêreld te gebruik asof hy dit nie gebruik nie, is nie gulsig met kos en drank nie. Hierdie reël voorkom ook alte groot verwyfdheid, grootdoenerigheid, hoogmoed, en puntenerigheid betreffende etes, geboue en klere. Dit ontwortel elke besorgdheid en geneentheid wat jou sou wegvoer van, of verhinder om na te dink oor die hemelse lewe en jou eie geestelike heil... 'n Ou spreekwoord lui dat hulle wat baie aandag gee aan die versorging van die liggaam, gewoonlik hul siel verwaarloos.

Die gelowiges se vryheid moet dus - wat die uiterlike dinge betref - nie volgens 'n reël bepaal word nie. Maar tog is dit ten minste aan dié maatstaf onderworpe: dat hulle hul so min as moontlik moet veroorloof. Uit die teenoorgestelde gesigshoek moet gesê word dat hulle hul voortdurend en noulettend daarop moet toelê om elke strewe na onnodige oorvloed uit te skakel. En nog veel meer. Hulle moet weelde aan bande lê en sorgvuldig daarop let dat hulle nie van hulpmiddels struikelblokke maak nie.

Inst. III, 10, 4

*Here, gee ons genade om die tydelike gawes uit u hand te ontvang en tot u eer te gebruik.*

## 23 Junie

*1 Timoteüs 6:6-12*

WEES VERGENOEG MET WAT JY HET

*. . . ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp. - Filip. 4:11*

'n Ander maatstaf is dat hulle wat dit nie breed het nie, moet leer om met min tevrede te wees. Dan sal hulle nie die prooi van hul begeertes word nie. Hulle wat hieraan vashou, het nie geringe vordering gemaak in die skool van die Here nie ... want die meeste sondes gaan gepaard met die begeerte na tydelike skatte. Daarom openbaar hy wat sy armoede nie met berusting dra nie, gewoonlik 'n sterk teenoorgestelde neiging. Ek bedoel: hy wat hom skaam oor 'n armoedige kleed, sal spog met 'n swierige een. Wie ontevrede is met 'n eenvoudige ete, word oorheers deur die begeerte vir 'n meer rojale een. Hy sal ook die weelde onbeheers misbruik, sou dit hom te beurt val. En wie moeilik en opstandig in sy hart is oor sy onbekendheid en geringe afkoms, sal hom nie van selfverheffing kan weerhou as hy vereer word nie.

Laat almal dus wat sonder geveinsdheid na vroomheid strewe, hulle daarop toelê om die apostel se voorbeeld te volg: "Om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly" (Filip. 4:12).

Die Skrif het bowendien nog 'n derde riglyn vir die gebruik van aardse goed . . .: "Gee verslag van jou bestuur van sake . . ." (Luk. 16:2). Terselfdertyd moet ons onthou deur wie hierdie rekenskap geëis word, naamlik God. En terwyl Hy onthouding, soberheid, matigheid en beskeidenheid baie hoog ag, verafsku Hy weelde, hoogmoed, grootdoenerigheid en leegheid. Hy keur ook geen ander beheer oor ons aardse besittings goed nie, behalwe dié wat in verband staan met die liefde. Hy het verder ook alle genot veroordeel wat die mens se gees afkerig maak van kuisheid en reinheid of sy verstand met sy eie mond benewel . . .

Inst. III, 10, 5

*Here, ons bid vir daardie tevredenheid en balans wat by die Christen pas.*

## 24 Junie

*Hand. 9:1-6*

WEES ROEPINGSGEHOORSAAM

> *Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het. -2 Tim. 1:9*

Ten slotte nog dit: die Here beveel elkeen van ons om in ons hele lewenswandel op sy roeping te let. Want Hy weet hoe dit hier binne kook en woel. Hy weet hoe maklik ons heen en weer geslinger word. En Hy weet hoe die eersug ons aanvuur om terselfdertyd aan verskillende moontlikhede vas te hou.

Gevolglik het Hy aan elkeen sy besondere pligte op die verskillende lewensterreine opgedra. Sy bedoeling is om te verhoed dat alles deur ons verdwaasdheid en onbesonnenheid deurmekaarloop. En ten einde seker te maak dat niemand sy grense onordelik oorskry nie, het Hy sulke bepaalde loopbane *roepings* genoem.

Die Here het dus aan elkeen sy loopbaan as 't ware as 'n wagpos aangewys. Die rede hiervoor is dat hy nie gedurende sy hele lewensloop doelloos moet ronddwaal nie.

Dié roepingsbepaling is so noodsaaklik dat al ons dade daarvolgens voor God beoordeel word. En dit geskied dikwels heeltemal anders as volgens menslike en wysgerige oorwegings. Geen daad word as voortrefliker beskou nie - ook onder die wysgere - as om jou vaderland van tirannie te bevry. En tog word hy wat as private persoon die hand aan 'n tiran slaan, openlik deur die stem van die hemelse Regter veroordeel. Maar dit gaan vir my nie oor 'n opsomming van voorbeelde nie. Dit is vir ons genoeg om te weet dat die roeping van die Here die beginsel en fondament is om in elke saak goed op te tree.

Inst. III, 10, 6

*Laat die wete dat U ons geroep het, elke dag vir ons die kragbron bly en rigtinggewend wees.*

## 25 Junie

*Jos. 1:5-9*

ROEPINGSBEWUSTHEID BESIEL JOU

> *Broers, ek verheel my nie dat ek dit self al gegryp het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek jaag na die wenstreep om die hemelse prys te behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus. - Filip. 3:13, 14*

Wie nie aan die roeping van die Here vashou nie, sal nooit in sy pligsbetragting op die regte pad bly nie. Miskien sal iemand soms iets kan doen wat die indruk wek dat dit lofwaardig is. Maar hoe dit ook in die oë van mense skyn te wees, voor die troon van God sal dit verwerp word. Bowendien sal hy geen innerlike ewewig hê nie.

Jou lewe sal dus slegs baie goed beplan wees as dit volgens jou roeping ingerig is. Want dan sal niemand impulsief méér aanpak as wat sy roeping meebring nie, omdat hy weet dat hy sy grense nie mag oorskry nie. Wie 'n gewone burger is, sal dit nie moeilik vind om 'n alledaagse lewe te voer nie, sodat hy sy roeping waarin God hom gestel het, nie sal verlaat nie.

Verder: dit sal in sorge, arbeid, ergernisse en ander laste geen geringe verligting bring nie, wanneer iedereen weet dat God sy Leidsman in alles is. Die owerheid sal sy amp met groter bereidwilligheid waarneem, en die huisvader sal hom tot sy roeping bepaal. Almal sal in hul eie lewensloop die onaangenaamhede, die sorge, die walglike en die kommer kan verdra en verwerk. So sal dit wees as hulle oortuig is dat elkeen se las deur God opgelê is.

En daar sal ook buitengewone troos uit die wete geput kan word dat geen werk so gewoon en alledaags is dat dit nie voor God skitter en as baie kosbaar geag word nie: jy moet slegs gehoorsaam aan jou roeping wees.

Inst. III, 10, 6

*Here, maak my en hou my roepingsbewus, tevrede en gehoorsaam.*

## 26 Junie

*Romeine 3:19-24*

WAT BETEKEN REGVERDIGING?

> *Ons betoog is tog dat die mens deur die geloof geregverdig word en nie deur wetsonderhouding nie. - Rom. 3:28*

'n Mens sê van iemand hy is voor God geregverdig as hy in God se oë regverdig is, en deur Hom aanvaar word weens sy geregtigheid. Want soos ongeregtigheid voor God afskuwelik is, so kan 'n sondaar ook nie in sy oë genade vind nie. Ek bedoel: vir sover hy 'n sondaar is en solank as hy so beskou word. Dus, waar daar sonde is, kom God se toorn en wraak tot uiting.

Daarenteen word hy geregverdig wat nie as 'n sondaar beskou word nie, maar as 'n regverdige. En as sodanig staan hy vrygespreek voor God se regterstoel, waar alle sondaars veroordeel word.

Van 'n onskuldige aangeklaagde - oor wie uitspraak gelewer word ooreenk omstig sy onskuld - kan gesê word hy is voor die regter geregverdig. Net so word iemand voor God geregverdig wat verwyder word uit die sondaars en God as Getuie en Verdediger van sy geregtigheid het.

'n Mens sou ook kon sê dat dié mens wie se lewe so rein en heilig is dat dit die getuienis van geregtigheid voor God se troon verdien, deur die werke geregverdig word. Of ons kan sê hy sal deur die volkomenheid van sy werke aan die strafeisende geregtigheid van God moet beantwoord en daaraan voldoen.

Daarteenoor sal hy wat uitgesluit is van die geregtigheid deur die werke, en deur die geloof die geregtigheid van Christus aangryp, deur die geloof geregverdig word. Daarmee beklee, verskyn hy dan voor die aangesig van God - nie as 'n sondaar nie, maar as 'n regverdige. Ons lê die regverdiging dus so uit: dat God ons in genade aanneem en as regverdiges beskou. En ons sê dat dit geleë is in die vergewing van sondes en in die toerekening van die geregtigheid van Christus.

Inst. III, 11, 2

*Here, ons geregtigheid, U is die God van ons jubelende blydskap.*

## 27 Junie

*Hande linge 16:25-31*

DIE GELOOF SELF REGVERDIG NIE

> *...en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. - 1 Kor. 13:2*

Ek aanvaar graag dié gedagte van Osiander: dat die geloof nie self die krag het om te regverdig nie, maar slegs in soverre dit Christus aanneem. Want indien die geloof self regverdig ... sou dié regverdiging maar gedeeltelik wees aangesien die geloof maar altyd swak en onvolmaak is. So sou die geregtigheid gebrekkig wees en ons net 'n deeltjie van die saligheid bekom.

Maar dit is glad nie ons opvatting nie. Wel sê ons dat alleen God waarlik regverdig is. En verder skryf ons die regverdiging aan Christus toe, want Hy is vir dié doel aan ons gegee.

Ons vergelyk die geloof met 'n houer. Want ons kan Christus nie ontvang nie tensy ons leeg is - tensy ons as 't ware met die oop mond van die siel verlang na die genade van Christus.

Ons ontneem gevolglik nie Christus die krag om te regverdig nie as ons sê dat voordat ons sy geregtigheid ontvang, Hy self eers deur die geloof ontvang moet word.

Ek aanvaar intussen nie die verdraaide beeldspraak van hierdie drogredenaar wat Christus gelykstel met die geloof nie - asof die erdepot die skat sou wees omdat die goud daarin bewaar word. Tog is dit geen rede waarom geloof- al het dit geen waardigheid of waarde nie - ons nie regverdig deurdat dit Christus as 't ware na ons toe bring nie. Dit is soos 'n erdepot vol geld wat 'n mens ryk maak. Ek sê dus dat die geloof (wat net 'n instrument is om die geregtigheid te verkry) onverstandig met Christus verwar word. Hy is die werklike oorsaak en tegelykertyd die Bewerker en Bedienaar van hierdie groot weldaad.

Inst. III, 11, 7

*Here, ons bely dat nie eens ons geloof goed is nie - net maar U alleen.*

## 28 Junie

*Galasiërs 3:8-14*

NET DIE GELOOF IN CHRISTUS RED

> *Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is die gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. - Efesiërs 2:8, 9*

Hulle wat deur die geloof geregverdig word, word sonder die werke geregverdig. Dit gebeur selfs geheel en al buite die verdienste van die werke. Die gelóóf ontvang die geregtigheid wat deur die evangelie geskenk word. Die evangelie verskil hierin van die Wet dat dit nie die geregtigheid aan die werke verbind nie, maar alleen op God se genade bou.

Juis hieroor skryf Paulus aan die Romeine (4:2): dat Abraham niks het om op te roem nie, omdat sy geloof vir hom tot geregtigheid gereken is. En hy voeg die bevestiging by dat daar dan plek is vir die geregtigheid van die geloof, wanneer daar geen werke is waaraan loon verbonde is nie. Waar daar werke is - so sê hy - word die verskuldigde loon betaal. Maar wat aan die geloof gegee word, is onverdiend . . .

Ons leer wel die sonde deur die Wet ken, maar ons word nie daardeur geregverdig nie. Want die Wet wek toorn . . .

Terwyl die geloof as geregtigheid gereken word, is die geregtigheid nie loon op werk nie. Dit word sonder aanspraak daarop gegee. Omdat ons dan uit die geloof geregverdig word, is die roem uitgesluit.

As ons 'n Wet sou gegee word wat lewendig kon maak, sou die geregtigheid waarlik uit die Wet wees. Maar God het alles onder die sonde ingesluit. Die belofte (dat ons alleen deur die geloof geregverdig sal word) kan daarom gegee word aan almal wat glo (Rom. 3:20 en 4:15; Gal. 3:21, ens.).

Inst. III, 11, 18 en 19

*Ons dank U allereers vir Christus, maar ook vir die gawe van die geloof in Hom waardeur ons die ewige lewe ontvang.*

## 29 Junie

*1 Korintiërs 4:1-5*

ONS GEREGTIGHEDE IS SOOS 'N BESOEDELDE KLEED

> *En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed ... - Jesaja 64:6*

Paulus praat van 'n ondersoek (1 Kor. 4:5). Dit sal die dinge wat in duisternis verborge is aan die lig bring en die geheime van die hart blootlê. Dit sal die onwillige gewete wat teëstribbel, dwing om alles te voorskyn te bring - ook wat ons reeds vergeet het.

Die aanklaer, die duiwel, sal ons in 'n hoekie dryf. Want hy weet van al die ongeregtighede waartoe hy ons aangespoor het. Daar sal die uiterlike vertoon van goeie werke - wat nou al is wat tel - niks baat nie. Dan sal net die werklike bedoeling van die wil geld.

Daarom sal huigelary verward inmekaarstort, al spog dit nou met meer vermetelheid as 'n dronk man. Ek praat hier van dié huigelary waarmee iemand - wat voor God bewus is van sy sonde - probeer om indruk op mense te maak. Ek bedoel ook dié huigelary waarmee iedereen hom in God se teenwoordigheid bedrieg - geneig soos ons is om onsself op die skouer te klop en te vlei.

Hulle wat nie bewustelik oor so 'n skouspel wil dink nie, kan hulle wel vir 'n oomblik houtgerus verheug in hul eiegeregtigheid. Maar dan is dit 'n geregtigheid wat volgens God se oordeel uit hul gedryf sal word. Dit is daarmee soos met groot skatte wat in 'n droom opgehoop word. En wanneer jy wakker word, is dit weg.

Maar diegene wat met erns voor God vra na die ware maatstaf van geregtigheid, sal ongetwyfeld bevind dat alle mensewerke niks anders is nie as besoedeling en vuilheid. Ek beklemtoon: dit is so as hulle na hul werklike waarde beoordeel word. Hulle sal ook vind dat wat gewoonlik as geregtigheid voorgehou word, voor God blote ongeregtigheid is. En wat vir ongeskondenheid aangesien word, besoedeld is; dat wat as eerbaar beskou word, eerloos is.

Inst. III, 12, 4

*Here, was my onrein gemoed, was dit skoon deur Jesus se bloed.*

## 30 Junie

*Lukas 18:9-14*

RUK JOU MASKER VAN EIEGEREGTIGHEID AF!

> *"God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade." - 1 Petrus 5:5*

Ons mag nie weier om neer te daal van die hoë gedagtes oor die Goddelike volmaaktheid, om onsself sonder vleiery en 'n blinde self-liefde te bekyk nie.

Dit is geen wonder nie dat ons in dié opsig so blind is. Niemand van ons is immers op sy hoede vir die verderflike toegeeflikheid jeens homself nie. Dit kleef ons almal van nature aan - so getuig die Skrif. "Vir elke mens," sê Salomo, "is sy weg reg in sy eie oë." En ook: "Alle weë van 'n mens is suiwer in sy oë" (Spr. 21:2 en 16:2)

Hoe dan nou? Word hy van weë dié vals idee vrygespreek? Hoegenaamd nie. Salomo voeg op dieselfde plek by: "Die Here weeg die harte." Dit wil sê: die Here toets die verborge onreinheid van die hart in sy weegskaal. En Hy doen dit onderwyl die mens, vanweë die uiterlike masker wat hy dra, homself streel.

Die mens kom nie ver met dié vleiery nie. Laat ons dan nie - tot ons eie verderf- onsself mislei nie. Vir 'n behoorlike ondersoek is dit nodig dat ons gewete voor God se regterstoel gedaag word. Want sy lig is beslis nodig om die skuilhoeke van ons verdorwenheid te ontbloot. Daarsonder lê dit diep versteek. Dan eers sal ons duidelik verstaan wat hierdie woorde beteken: dat dit buite die kwessie is dat die mens voor God geregverdig sou word. Die mens is die ene verrotting en 'n wurm. Afskuwelik en leeg. En hy drink ongeregtigheid soos water (Job 15: 16)...

Die ondersoek moet so indringend wees dat dit ons heeltemal oorweldig en daardeur geskik maak om die genade van Christus te ontvang. Want hy wat meen dat hy dit kan geniet - sonder om eers alle hoogheid van hart te laat vaar - bedrieg homself.

Inst. III, 12, 5

*Here, bevry my tog uit genade uit die bande van selfbedrog. Tot die eer van u Naam.*

## 1 Julie

*Lukas 11:37-44*

DIE DOEL VAN JOU LEWE

*. . . die HERE toets die harte. - Spreuke 21:2*

Wat Augustinus skryf, is waar. En dit is dat almal wat van die diens aan die enigste ware God vervreem is, geen enkele beloning waardig is nie -eerder straf. Dit is die geval, hoe voortreflik hulle ook al weens hul deugde geag word. Want hulle besoedel die suiwer gawes van God deur hul harte se verdorwenheid. Hulle is wel instrumente van God om deur geregtigheid, kuisheid, vriendskap, matigheid, moed en verstandigheid die menslike samelewing in stand te hou. Maar tog verrig hulle hierdie goeie werke van God op 'n baie slegte manier. Want hulle word nie van die kwaad weerhou deur 'n opregte liefde vir die goeie nie. Dit is maar net uit eersug of selfliefde, of enige ander skewe gesindheid.

Dus, hul werke is as't ware uit hul oorsprong - die onreinheid van hart - verdorwe. Daarom moet hulle net so min onder die deugde tuisgebring word as die ondeugde wat ons gewoonlik mislei. Want hulle is verwant aan, of lyk soos 'n deug. Kortom, ons hou in gedagte dit is die ewige doel van die geregtigheid om God te dien. Daarom verloor alles wat 'n ander doel het, die naam geregtigheid.

Hulle let dus nie op die doel wat deur die wysheid van God voorgeskryf word nie. Daarom is wat hulle doen tog sonde. Dis sonde - ofskoon hulle op die oog af hul plig nakom - omdat hul doel verkeerd is.

Augustinus kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat mense soos Scipio, 'n Romeinse generaal, skynbaar voortreflike dade gedoen het. Maar hulle het hierin gesondig, naamlik dat hulle dié werke nie gerig het op die doel waarop hulle dit móés gerig het nie. Hulle het nie die lig van die geloof gehad nie.

Inst. III, 14, 3

*Here, laat ons ons harte in die spieël van u Woord sien.*

## 2 Julie

*Jesaja 64:1-6*

GEEN PERFEKSIONISME NIE

*. . . daar is geen mens wat nie sondig nie ... - 1 Kon. 8:46*

Laat ons kyk watter soort geregtigheid ons het... Ons erken dat God ons as regverdiges beskou, wanneer Hy ons met Hom versoen deur die geregtigheid van Christus. Dit gebeur omdat Hy ons begenadig met die vergifnis van sonde. En terselfdertyd gaan die weldaad gepaard met hierdie ontferming: deur sy Heilige Gees woon Hy in ons. En deur sy krag word ons sondige begeertes daagliks meer en meer gedood. Daardeur word ons geheilig. Dit wil sê, ons word aan die Here toegewy om in ware reinheid te lewe. Dan word ons harte gevorm tot gehoorsaamheid aan die wet. So word dit ons diepste begeerte om aan sy wil diensbaar te wees en net sy wil op alle maniere te soek.

Tog bly daar stukkies onvolmaaktheid in ons oor, al wandel ons reeds deur die leiding van die Heilige Gees in die Here se weë. Dit is so beskik sodat ons nie vergeet wat ons is, en ons verhef nie. Die besoedeling gee ons rede om nederig te wees. Daar is geen regverdige, sê die Skrif (1 Kon. 8:46), wat goed doen sonder om te sondig nie.

Watter geregtigheid kan hierdie mense dan nog uit hul werke verkry? Die beste wat deur hulle aangevoer kan word, is tog altyd deur onreinheid en verdorwenheid bespat en besoedel. Dit is altyd onsuiwer.

Laat 'n heilige dienskneg van God die Uitnemendste uitkies wat hy (volgens sy eie oordeel) gedurende sy lewe gedoen het. En laat hom elke aspek daarvan goed oorweeg. Hy sal ongetwyfeld êrens iets teëkom wat na slegte vleis proe. Ons ywer om goed te doen is nooit wat dit behoort te wees nie. Ons vertraagde pas getuig van ons groot swakheid.

Inst. III, 14, 9

*Here, laat ons elke dag ons sondes erken en bely, sodat ons meer gelykvormig aan u beeld kan word.*

## 3 Julie

*Esegiël 18:24-32*

UIT EEN OORTREDING BLYK JOU HELE VERDORWENHEID

> *As iemand die hele wet onderhou maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie. - Jakobus 2:10*

Al was dit ook vir ons moontlik om een of ander suiwer werk te verrig, is een sonde tog genoeg om alle herinneringe aan vroeëre geregtigheid te vernietig en uit te wis. So sê die profeet in Esegiël 18:24. En Jakobus stem met hom saam. "Wie in een opsig struikel," sê hy, "is skuldig ten opsigte van al die gebooie" (Jak. 2:10).

Watter geregtigheid ook al deur ons verwerf sou kon word, sou tog nie die toets voor God kon deurstaan of tot ons krediet gereken word nie. Want hierdie sterflike lewe is nooit rein en vry van sonde nie. Ons geregtigheid word telkens deur daaropvolgende sondes besoedel, oorwoeker en vernietig.

Kortom, wanneer dit gaan om die geregtigheid van die werke, moet ons nie let op die werke van die wet nie, maar op die gebod. Ons sal derhalwe tevergeefs die een of 'n paar werke te voorskyn bring, indien geregtigheid uit die wet gesoek word. Want 'n voortdurende gehoorsaamheid aan die wet is noodsaaklik . . .

Solank ons met hierdie liggaam beklee is, kan ons nie volmaak word nie. Bowendien kondig die wet die dood en die oordeel aan oor almal wat geen volkome geregtigheid deur hul werke bereik het nie. Daarom sal dit altyd rede hê om ons aan te kla en te beskuldig - tensy God se genade dit verhoed en ons deur 'n voortdurende vergewing van sondes telkens vryspreek.

Daarom staan wat ons aan die begin gesê het, altyd vas, naamlik dat ons, ondanks al ons pogings en ywer en wat ons ook al bedink of versin, tog die dood en ondergang verdien. Ek bedoel: indien ons na ons eie verdienste beoordeel word . . .

Inst. III, 14, 10

*Here, ons het nie net een maal oortree nie, maar verdien om duisend maal te sterf.*

## 4 Julie

*Psalm 119:25-32*

GOD KROON BLOOT SY EIE WERK IN MY

> *Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. - Ef. 2:10*

Ons merk dan dat die heiliges nie so op hul werke vertrou dat hulle daaraan enige verdienste toeskryf nie. Hulle beskou dié werke maar net as gawes van God waarin hulle sy goedheid raaksien. Vir hulle is dit net tekens van hul roeping wat van hul verkiesing getuig. Hulle vertrou ook nie so op hul werke nie dat hulle afbreuk doen aan die vrye genade van die geregtigheid wat ons in Christus verkry het . . .

Augustinus gee dit met min woorde - maar tog keurig - te kenne wanneer hy skryf: "Ek sê nie vir die Here: verag die werke van my hande nie. Ek het die Here gesoek met my hande en is nie bedrieg nie, maar roem nie in die werke van my hande nie. Want ek vrees dat wanneer U hulle ondersoek, U meer sondes as verdienstes sal vind. Ek sê net dit, ek vra net, ek begeer net: verag nie die werke van u hande nie. Aanskou u werk in my - nie my werke nie. Want as U myne sien, veroordeel U dit. Maar indien U ü werk sien, kroon U dit. Want ook die goeie werke wat ek het, is van U."

Hy gee twee redes aan waarom hy nie sou waag om sy werke vir God aan te bied nie. Hy sien - as hy dan enige goeie werke het - niks van homself daarin nie. En verder word ook dit deur die baie sondes toegegooi. Daarom put die gewete meer vrees en verslaenheid daaruit as gerustheid. Hy wil dus hê dat God sy goeie dade net op een manier moet sien. En dit is dat Hy, terwyl Hy die genade van sy roeping daarin herken, maar net die goeie werk wat Hy begin het, sal voltooi.

Inst. III, 14, 20

*Here, vermenigvuldig u genade so in my lewe dat U u doel met my bereik.*

## 5 Julie

*Mattheüs 10:38-42*

GOD BELOON UIT GENADE

> *"So is dit ook met julle: As julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: 'Ons is maar slawe wat niks verdien nie. Ons het net gedoen wat ons verplig was om te doen.'" - Luk. 17:10*

Die Skrif wys ons wat ons vuil werke verdien wanneer dit sê dat hulle die toets onder God se oë nie kan deurstaan nie. Die Skrif toon verder wat die volmaakte onderhouding van die wet sou verdien - indien dit êrens gevind kan word. Dit blyk uit die bevel dat ons onsself as onverdienstelike slawe moet beskou, nadat ons alles gedoen het wat aan ons opgedra is (Luk. 17:10). Dan het ons die Here niks betaal wat ons nie verskuldig was nie. Ons het alleen ons dure plig gedoen. En daarvoor hoef geen dank betuig te word nie.

Tog noem die Here die goeie werke wat Hy aan ons geskenk het, ook óns goeie werke. Hy sê nie alleen dat hulle vir Hom aangenaam is nie; ook dat hulle loon sal ontvang. Van ons kant is dit 'n voorreg om ons deur so 'n groot belofte te laat besiel. Dit moet ons ook laat moed skep om nie moeg te word om goed te doen nie. En dit moet ons met dankbaarheid al die genade van God laat bejeën.

Dit ly geen twyfel nie dat alles in ons werke wat prysenswaardig is, deur die genade van God is. Geen stukkie daarvan kan ons met reg aan onsself toeskryf nie. As ons dit waarlik en in alle erns erken, verdwyn nie alleen alle moontlike vertroue op verdienste nie, maar ook elke waan daarvan . . .

Die goeie werke behaag dus wel die Here, en is nie vrugteloos vir diegene wat hulle doen nie. Hulle ontvang selfs (by wyse van vergoeding) méér groot weldade van God - nie omdat hulle dit verdien het nie, maar omdat God se genade self hierdie loon vir hulle bepaal het.

Inst. III, 15, 3

*Here, dankie dat u genade onpeilbaar groot is.*

## 6 Julie

*Efesiërs 1:1-6*

CHRISTUS IS DIE FONDAMENT

> *... want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus. - 1 Kor. 3:11*

Paulus sê dat die fondament behou moet word wat hy self, by die opbou van die Christelike leer onder die Korintiërs, gele het. Buiten dit kan geen ander een gele word nie. En dié fondament is Jesus Christus.

Watter betekenis het dit vir ons dat die fondament in Christus geleë is? Kom dit daarop neer dat Hy vir ons die begin van die saligheid is, sodat ons dit moet voltooi? Beteken dit dat Hy net die pad oopgemaak het, sodat ons in eie krag verder daarop moet loop? Hoegenaamd nie. Maar, soos hy kort tevore geskryf het: wanneer ons Hom erken, is Hy aan ons gegee om ons te regverdig.

Niemand is dus goed in Christus gefundeer nie behalwe hy wat 'n volkome geregtigheid in Hom verkry het. Want die apostel sê nie dat Christus gestuur is om ons behulpsaam te wees om geregtigheid te bekom nie, maar sodat Hy sélf ons geregtigheid mag wees (1 Kor. 1:30). Die bedoeling is dus dat ons van ewigheid af in Hom uitverkies is - reeds voor die grondlegging van die wêreld. Van ons kant af is daar geen verdienste nie . . .

Deur sy dood is ons verlos van die vloek van die dood en van die verderf bevry. In Hom is ons deur die Hemelse Vader aangeneem as kinders en erfgename. Deur sy bloed is ons met die Vader versoen ...

Al is ons sondaars, is Hy ons geregtigheid. Al is ons onrein, is Hy ons reinheid. Al is ons swak, ongewapen en aan Satan blootgestel, tog behoort die mag wat aan Hom gegee is - in hemel en op aarde - aan ons. Daarom oorweldig Hy Satan vir ons ... Al dra ons ook nog die liggaam van die dood met ons saam, tog is Hy ons lewe. Kortom, alles wat aan Hom behoort, behoort aan ons . . .

Inst. III, 15, 5

*Here, leer ons tog daagliks beter verstaan dat ons in U alles ontvang het wat goed is.*

## 7 Julie

*Rom. 8:26-30*

IN CHRISTUS GEREGVERDIG EN GEHEILIG

*Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing. - 1 Kor. 1:30*

Ons beeld ons nie 'n geloof in sonder goeie werke nie, of 'n geregtigheid wat daarsonder kan bestaan nie. Die verskil is net: terwyl ons wel erken dat die geloof en die goeie werke noodwendig onderling saamhang, ons tog die regverdiging op die geloof grond, en nie op die werke nie.

Waarom dit gebeur, kan maklik verklaar word - as ons ons maar net na Christus toe draai: op Hóm is die geloof gerig en aan Hom ontleen dit sy hele krag. Waarom word ons dan deur die geloof geregverdig? Omdat ons deur die geloof die geregtigheid van Christus ons eie maak. Net daardeur word ons met God versoen.

Maar aan dié geregtigheid sou jy nie kon deel hê sonder om terselfdertyd aan die heiligmaking deel te hê nie. Want Christus is aan ons gegee tot geregtigheid, wysheid, heiligmaking en verlossing (1 Kor. 1:30). Christus regverdig dus niemand wat Hy nie tegelykertyd heilig nie. Want hierdie weldade is deur een ewige band saamgebind. Hy verlos derhalwe diegene wat Hy deur sy wysheid verlig. En Hy regverdig die wat Hy verlos, en Hy heilig die wat Hy regverdig . . .

Al onderskei ons ook die regverdiging en die heiliging, verbind Christus tog beide onafskeidbaar in Homself. Wil jy dus die geregtigheid in Christus verkry? Dan moet jy eers Christus besit. Maar jy kan Hom nie besit sonder om aan sy heiligmaking deel te hê nie - Hy kan nie in stukke verdeel word nie. Die Here laat ons dié weldade geniet alleen deur Hómself vir ons te gee. Gevolglik skenk hy beide tegelyk: die een nooit sonder die ander nie.

En so is dié waarheid duidelik: dat ons nie sonder die werk geregverdig word nie, maar nogtans nie deur die werke nie.

Inst. III, 16, 1

*Here, laat ons as geregverdigdes daagliks ook meer van die heiligheid van Christus weerkaats.*

## 8 Julie

*Hebr. 9:22-28*

VERGEWING DEUR DIE BLOED VAN CHRISTUS

> *... en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde. -1 Joh. 1:7*

Ons sê die vergewing van sondes is van soveel gewig dat nie een van ons goeie werke daarteen kan opweeg nie. Daarom sou dit ook nooit verkry kon word nie - behalwe uit genade. Ons sê ook dat dit van ons kant ongetwyfeld onverdiend is, maar nie van Christus se kant nie. Vir Hom het dit sy allerheiligste bloed gekies. Buiten dit was daar geen prys van genoeg waarde om aan God se eis te voldoen nie.

Wanneer die mens dit geleer word, word hy gewaarsku dat dit nie van sy voortreflikheid afhang dat die allerheiligste bloed (so dikwels as hy sondig) opnuut gestort word nie. Bowendien sê ons dat ons besoedeling sodanig is dat dit nooit gereinig kan word nie, behalwe deur die fontein van die allerskoonste bloed . . .

Nou is dit duidelik wie van ons die vergewing van sondes goedkoper maak en afbreuk doen aan die verhewenheid van die regverdigmaking - ons of die Roomse Kerk. Hulle gee voor dat God deur hul nietige werkheiligheid (dis te sê: vullis) versoen word. Ons hou vol dat die skuld van die sonde te groot is om deur sulke veergewignietighede betaal te word. Die belediging van God is te groot om deur sulke nikswerd nietighede kwytgeskel te word: dit is die alleenreg van Christus se bloed. Hulle sê dat indien die geregtigheid êrens te kort skiet, dit deur verdienstelike werke vernuwe en herstel kan word. Maar ons meen die geregtigheid is te kosbaar dat enige vergoeding van goeie werke daarteen kan opweeg. Daarom moet ons net op God se barmhartigheid vertrou as ons die geregtigheid wil herstel.

Inst. III, 16, 4

*Ons juig, want ons is losgekoop deur die kosbare bloed van Christus.*

## 9 Julie

*Matt. 20:8-16*

DIE GENADELOON LAAT ONS HOOP

> *...en die hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. - Rom. 5:5*

Wanneer die Here sê dat Hy die werke wat Hy voorheen uit genade geskenk het, ten goede reken, mislei en bespot Hy ons nie. Dit is sy wil dat ons deur die goeie werke geoefen moet word terwyl ons besig is om te strewe na verwesenliking, of (as ek dit so mag stel), die genieting van sy beloftes. Hy verlang ook dat ons in dié goeie werke sal wandel om sodoende te streef na die geseënde hoop wat vir ons in die hemel gereed lê. As 'n mens hierop let, kan jy sê dat die vrug van die belofte ook tereg aan die goeie werke toegeskryf word. Daardeur word dit tot rypheid gebring.

Die apostel het hierdie twee gedagtes keurig uitgedruk toe hy gesê het dat die Kolossense hulle toegelê het op die werke van liefde, ter wille van die hoop wat vir hulle in die hemel weggelê is . . .

Maar die Here het hulle 'n gelykenis vertel, sodat hulle nie sou meen dat die loon wat die Here beloof het, volgens verdienste bepaal word nie (Matt. 20:1 e.v.) Daarin stel Hy Homself voor as die eienaar wat almal wat Hy ontmoet na die wingerd stuur om dit te bewerk - sommige vanaf die eerste uur van die dag, ander vanaf die tweede, ander vanaf die derde, en sommige selfs ter elfder ure. Die aand het hy aan almal dieselfde betaling gegee. 'n Ou skrywer verklaar die gelykenis so: "Hy het nie volgens die arbeid beloon nie, maar Hy het die rykdom van sy goedheid op hulle uitgestort wat Hy sonder die werke verkies het. So is dit aan diegene wat geswoeg en gesweet het (en nie meer as die laastes ontvang het nie) aan die verstand gebring dat hulle genadeloon ontvang het - nie betaling volgens hul werke nie."

Inst. III, 18, 3

*Here, ons dank U dat ons loon ontvang omdat U Christus liefhet en beloon.*

## 10 Julie

*Titus 2:11-15*

DIE CHRISTELIKE VRYHEID

> *Vir die reines is alles rein, maar vir die besoedeldes en ongelowiges is niks rein nie, want hulle verstand en hulle gewete is besoedel. – Titus 1:15*

Ons moet noukeurig daarop let dat die Christelike vryheid deur en deur 'n geestelike saak is. Die hele betekenis daarvan is geleë in die kalmering van angstige gewetens voor God. Hulle kan onrustig en bekommerd wees oor die vergewing van sondes; of hulle kan besorg wees oor die vraag of hul onvolkome werke - wat besmet is met die gebreke van ons sondige natuur - God behaag. Of hulle kan hul kwel oor die gebruik van dinge wat *neutraal* is.

Daarom lê diegene hierdie vryheid verkeerd uit as hulle dit as voorwendsel gebruik om hul begeertes te laat botvier; ook as hulle die gawes van God misbruik tot bevrediging van hul losbandigheid. Daar is ook diegene wat ten onregte meen dat daar geen vryheid is nie, tensy dit in teenwoordigheid van mense beoefen word. Die gevolg is dat hulle by die gebruik daarvan nie rekening hou met die swak broers nie.

Daar word deesdae meestal op die eerste manier gesondig. So te sê niemand wat dit kan bekostig, skep nie behae in weelderigheid by maaltye, die opsmuk van die liggaam en die bou van huise nie. En haas niemand wil nie op allerlei maniere luukser as ander leef en homself in sy grootdoenerigheid buitengewoon verlustig nie.

En dil alles word onder die voorwendsel van die Christelike vryheid verdedig. Hulle sê dat dié dinge *neutraal* is. Ek erken dit - mits 'n mens hulle op geoorloofde wyse gebruik. Maar wanneer hulle alte begerig nagejaag word, wanneer daar hoogmoedig mee gespog word en wanneer daar buitensporige verkwisting is, word wat op sigself geoorloof is, sekerlik deur hierdie sondes besoedel. Paulus maak in Tit. 1:15 uitnemend onderskeid tussen die neutrale dinge.

Inst. III, 19, 9

*Ons bid dat ons die goeie gawes uit u hand nie deur ons sondes sal besmet nie.*

## 11 Julie

*Rom. 12:9-18*

CHRISTELIKE VRYHEID WORD DEUR MATIGHEID GEKENMERK

> *Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. - Rom. 12:3*

Waarom word 'n vloek uitgespreek oor die rykes wat hulle troos weg het, wat versadig is, wat nou lag en op ivoorbeddens slaap, wat die een stuk grond by die ander voeg, en wat siter, lier, tamboeryn en wyn by hul feesmaaltye het? (Luk. 6:24; Am. 6:1; Jes. 5:8).

Ivoor, goud en rykdomme is sonder twyfel goeie dinge wat God geskape het. Hulle is aan die mens gegee om te gebruik -ja, selfs deur God se voorsienigheid daarvoor bestem. En dis nêrens verbied om te lag of om jou versadig te eet, om nuwe goed by ou besittings en erfgoed te voeg, of om musiek te geniet of wyn te drink nie. Dit is sekerlik waar. Maar om jou in hierdie genietinge te baai en jou as 't ware in die maalstroom daarvan te stort om jou verstand en gemoed deur die beskikbare drank te benewel en steeds meer te wil hê - dit is glad nie die wettige gebruik van God se gawes nie.

Weg dus met die onmatige begeertes; moenie aan die onbeheerste verkwisting toegee nie; moenie toegee aan ydelheid en hoogmoed nie. Dan sal mense die gawes van God met 'n rein gewete goed gebruik. Wanneer hulle in hul binneste so sober is, sal hulle weet wat die reël vir die geoorloofde gebruik is. Maar wanneer die selfbeheersing ontbreek, is selfs die gewone en alledaagse genietinge onmatig. Want dis waar dat 'n verwaande mens dikwels 'n growwe, tuisgemaakte kleed aan het, terwyl daar soms onder fyn linne en purper eenvoudige nederigheid skuil.

Inst. III, 19, 9

*Here, ons bid vir daardie gematigdheid wat die geloofslewe kenmerk.*

## 12 Julie

*Filip: 4:10-13*

DIE CHRISTELIKE VRYHEID BETEKEN OM TEVREDE TE WEES

*. . . ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp. - Filip. 4:11*

Laat elkeen volgens sy stand of eenvoudig, óf matig, óf welvarend lewe. Maar laat almal onthou dat hulle deur God onderhou word om te kan lewe - nie om oordadig te wees nie. En laat hulle dit as die wet van die Christelike vryheid aanvaar om saam met Paulus te leer om tevrede te wees met wat hulle het: of hulle weet wat armoede is of om oorvloed te hê; of hulle al geleer het om oral en in alles sowel versadig as honger te wees, sowel oorvloed te hê as om gebrek te ly (Filip. 4:12).

Baie dwaal ook daarin dat hulle hul vryheid onverstandig en sonder diskresie gebruik. Hulle doen dit asof dit nie reg en gesond sou wees nie, tensy daar getuienis is. Deur dié onbesonne optrede word hulle dikwels 'n struikelblok vir swak broers.

Jy sien deesdae mense wie se vryheid blykbaar nie 'n voldonge feit is nie - tensy hulle op Vrydae vleis eet en daardeur die vryheid vir hulself toe-eien... Dit sal meer as genoeg wees as hulle maar verstaan dat dit nie by God saak maak of hulle vleis of eiers eet, en of hulle rooi of swart klere aan het nie. Dan is die gewete reeds vry - die gewete waarvoor die weldaad van die vryheid bestem was. Al onthou hulle daarna dus hulself dwarsdeur hulle lewe van vleis en al dra hulle een kleur, is hulle nie minder vry nie. Ja, juis omdat hulle vry is, onthou hulle hulself met 'n vry gewete. Maar daarin struikel hulle inderdaad op 'n heel gevaarlike wyse: hulle bekommer hulle nie oor hul broers se swakheid nie. Ons moet ons broers so help dat ons niks doen wat onbesonne is en hulle laat struikel nie.

Inst. III, 19, 9 en 10

*Laat ons in alles dankbaar wees, o Here, en die naasteliefde beoefen.*

## 13 Julie

*Matt. 6:5-13*

WAT GEBED IS

> *"Here, leer ons bid..." - Luk. 11:1*

Deur die weldaad van die gebed word ons in staat gestel om deur te dring na die rykdomme wat ons hemelse Vader vir ons gee. Want die gebed is 'n omgaan van mense met God, waardeur hulle die hemelse heiligdom binnegaan. So maak hulle in sy teenwoordigheid aanspraak op sy beloftes. En op dié manier ervaar hulle, as die nood aan die man kom, dat hulle nie tevergeefs geglo het nie toe Hy hulle dit net met woorde beloof het.

Daarom word niks wat ons van die Here kan verwag aan ons voorgehou, wat ons nie beveel word om deur gebede te vra nie. So waar is dit dat die skatte wat deur die evangelie van die Here aangewys is en deur ons geloof aanskou is, deur die gebed uitgegrawe word.

Verder kan met geen woorde genoeg vertel word hoe noodsaaklik die gebed is en op hoeveel maniere die beoefening daarvan seëninge inhou nie. Dit is waarlik nie sonder rede nie dat ons hemelse Vader sê dat die aanroep van sy Naam die enigste waarborg vir ons saligheid is. Daardeur bid ons dat die teenwoordigheid van sy voorsienigheid oor ons belange sal waak. Ons vra ook om die teenwoordigheid van sy krag, waardeur Hy ons wat swak is en byna beswyk, ondersteun. Ons bid om die teenwoordigheid van sy goedheid, waardeur Hy ons wat op jammerlike wyse met sonde belas is, in genade aanneem. Hieruit ontstaan wonderlike rus en kalmte vir ons gewete. As die nood waarin ons verkeer aan die Here voorgele is, vind ons daarin oorvloedig rus dat niks wat ons bedreig vir Hom verborge is nie. Ons weet dat sy wil vir ons die allerbeste is en dat Hy vir ons die beste sorg.

Inst. III, 20, 2

*Here, maak die gebed vir ons so soet soos heuning in die mond.*

## 14 Julie

*Luk. 18:1-8*

WAAROM MOET ONS BID?

> *"Vra, en vir julle sal gegee word . . ." - Matt. 7:7*

Maar, sal iemand sê, weet God dan nie wat ons probleme is sonder dat ons Hom vertel nie? En wat vir ons goed is? Dit kan dus in sekere sin lyk of dit oorbodig is dat ons Hom met ons gebede lastig val. Hy sluimer of slaap tog nie totdat Hy deur ons stem gewek word nie.

Maar hulle wat so redeneer, let nie op die doel waarmee die Here sy kinders leer bid het nie. Dit was nie soseer om sy ontwil nie, as ter wille van onsself. Hy wil hê - soos ook paslik is - dat aan Hom gegee word wat Hom toekom. En dit moet geskied deur met gebede te erken dat Hy die Gewer is van alles wat die mense begeer of meen vir hulself nuttig is.

Maar selfs hierdie eerbetoon, waardeur Hy gedien word, kom ons ten goede. Daarom is die heilige vaders aangewakker om soveel vuriger te bid, namate hulle met groter vertroue privaat, en voor ander, God se weldade geroem het. Die voorbeeld van Elia is al vir ons genoeg (1 Kon. 18-42). Hoewel hy seker was van God se besluit, bid hy tog angstig op sy knieë nadat hy aan koning Agab - nie sonder grond nie - die reën beloof het. En hy stuur sy kneg sewe maal om te gaan kyk. Hy doen dit alles nie omdat hy die beloftewoord nie geglo het nie. Nee, hy doen dit omdat hy weet dit is sy plig om sy begeertes aan God bekend te maak, sodat sy geloof nie lomerig of lam word nie.

Inst. III, 20, 3

*O Gees van God, onderrig ons in u skool van gebed!*

## 15 Julie

*Ps. 65:1-6*

NOG REDES WAAROM ONS MOET BID

*Sou Hy wat vir ons ore gemaak het, self nie kan hoor nie? - Ps. 94:9*

Wanneer ons verdwaas en afgestomp in ons ellende is, waak Hy oor ons en behoed Hy ons self. En soms kom Hy ons te hulp sonder dat ons Hom vra. Tog is dit vir ons van die grootste belang dat ons Hom volhardend aanroep. So ontvlam ons hart in 'n ernstige en brandende begeerte om Hom altyd te soek, lief te hê en te dien. Op dié manier raak ons daaraan gewoon om in alle nood ons toevlug tot Hom te neem soos na 'n veilige anker.

Vervolgens beoog ons daarmee dat geen enkele begeerte en geen enkele wens ooit in ons binneste moet opkom, waaroor ons ons sou skaam om Hom 'n getuie van te maak nie. Dit gebeur omdat ons leer om al ons wense aan Hom bekend te maak en so ons hele hart uit te stort. So word ons ook voorberei om met danksegging en ware dankbaarheid van die hart sy weldade te ontvang. Juis deur ons gebede word ons daaraan herinner dat dit uit sy hand kom.

As ons gekry het wat ons gevra het en oortuig daarvan is dat Hy ons gebede verhoor het, ontstaan daar ook 'n drang in ons om oor sy goedheid na te dink. Terselfdertyd ontvang ons die seëninge, as verhoring op ons gebed, met groter vreugde.

Ten slotte, die feite en ons ervaring bevestig sy voorsienigheid in ons harte na gelang van ons swakheid. Dit is die geval as ons verstaan ... dat Hy beloof dat Hy ons nooit sal verlaat nie. Bowendien maak Hy uit eie beweging in 'n tyd van nood dit vir ons moontlik om te roep. Hy hou ook altyd sy hand uitgestrek om sy kinders te help. En Hy bedrieg hulle ook nie met woorde nie, maar beskerm hulle met daadwerklike hulp.

Inst. III, 20, 3

*Here, U koester ons met die warmte van u liefde as ons naby U is.*

## 16 Julie

*Ps. 145:15-21*

GOD SE VOORSIENIGHEID SLUIT ONS GEBEDE IN

> *Die Here sorg vir die regverdiges en luister na hulle hulpgeroep. - Ps. 34:16*

Ons allergenadigste Vader sluimer of slaap nie, al lyk dit meestal so. Hy oefen ons - wat andersyds traag en lui sou wees - op dié manier om van Hom te vra, te bid en Hom aan te roep. En dit is vir ons eie beswil.

Diegene wat mense daartoe bring om nie te bid nie, en sê dat God se voorsienigheid oor alle dinge gaan en dat Hy tevergeefs deur ons gebede gepla word, is alte onverstandig. Die Here sê tog dat Hy naby almal is wat sy Naam opreg aanroep. (Ps. 145:18).

Ander sê dis oorbodig om te vra vir dié dinge wat die Here bereid is om uit eie beweging te gee. Hierdie onsinnigheid is niks beter nie. Want dit is sy wil dat ons erken dat wat uit sy spontane vrygewigheid na ons toe vloei, op ons gebede volg. En dit word bevestig deur hierdie merkwaardige uitspraak in Psalm 34:16 (waarmee baie ander ooreenstem): "Die Here sorg vir die regverdiges en luister na hulle hulpgeroep." Hierdie uitspraak loof God se voorsienigheid, wat Hy uit eie beweging tot heil van die vromes aanwend. Tog gaan dit die beoefening van die geloof nie verby nie. Daardeur word die laksheid uit mense se harte weggeneem.

Dus: die oë van God waak om die blindes se nood te hulp te kom. Maar Hy wil op sy beurt ons versugtinge hoor, waardeur Hy sy liefde jeens ons des te beter kan toon. En so is albei waar: dat die Beskermer van Israel nie sluimer of slaap nie. (Ps. 121:4) én dat Hy Homself tog onttrek (asof Hy ons vergeet het) wanneer Hy bemerk dat ons traag is.

Inst. III, 20, 3

*Here, ons bid om meer te verstaan van gebedskrag.*

## 17 Julie

*Luk. 18:9-14*

DIE PERSOONLIKE EN GESAMENTLIKE GEBED

*. . . volhard in die gebed. - Rom. 12:12*

Die volharding in die gebed slaan veral op jou private en persoonlike gebede. Tog het dit ook in 'n mate betrekking op die openbare gebede van die kerk. Hulle kan nie onafgebroke geskied nie, en moet ook nie anders plaasvind as volgens onderlinge reëling nie. Dit erken ek geredelik. Daarom word vaste ure vooraf bepaal. Sulke tye is wel vir God om 't ewe, maar noodsaaklik vir mense se reëlings. So kan gesorg word dat die tye almal pas en dat alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied, volgens die beginsel wat Paulus neerlê (1 Kor. 14:40).

Maar dit verhinder nie dat elke gemeente van tyd tot tyd homself moet opwek om meer dikwels te bid nie. Ook dat hy, as 'n groter nood hom aanspreek, van meer ywer moet brand nie . . .

Hierdie sake het niks te maak met die stortvloed van woorde wat Christus ons verbied het nie (Matt. 6:7). Hy verbied ons nie om lank of dikwels met groot aandoening aan te hou bid nie. Maar Hy waarsku dat ons nie moet dink ons kan iets van God afpers deur Hom met baie woorde lastig te val nie. Hy kan tog nie op menslike wyse oorreed word nie. Ons weet die huigelaars kom met 'n swier in hul gebede asof hulle aan 'n feesgeleentheid deelneem, en vergeet dat hulle met Gód te doen het. Die Fariseër (Luk. 18:1 e.v.) wat God gedank het dat hy nie soos ander mense is nie, het homself sonder twyfel voor die mense geprys; hy wou as 't ware deur sy gebed die roem inoes dat hy heilig is . . . Dié praatsug . . . moet uit die kerk geweer word. Wat daar gehoor word, moet diep uit die hart opwel.

Inst. III, 20, 29

*Ons Here, ons vra soos u dissipels van ouds: "Leer ons bid."*

## 18 Julie

*Mark. 1:35-39*

DIE BINNEKAMER

*". . . as jy bid, gaan na jou kamer toe . . ." - Matt. 6:6*

Daar is 'n soortgelyke kwaad wat ook deur Christus veroordeel word, naamlik huigelaars wat graag voor baie mense bid sodat hulle gesien kan word. Hulle sal liewer op die markplein bid as om die wêreld se lof op hul gebede mis te loop.

Die doel van die gebed is dat die harte hulle tot God ophef- nou om Hom te loof, dan weer om sy hulp in te roep. Daaruit kan mens begryp dat die gees en gemoed die setel van die gebed is. Of liewer: dat die gebed self eintlik 'n ervaring van die hart se binneste is. En dit word voor God, die Ondersoeker van harte, uitgestort en blootgelê. Daarom het die hemelse Meester, toe Hy die beste reël voorgeskryf het, ons beveel om na ons kamer te gaan. Daar moet ons, wanneer ons deur gesluit is, tot ons Vader bid vir wie ons nie kan sien nie. Sodoende sal die Vader wat sien wat verborge is, ons kan verhoor. Hy waarsku ons eers teen die voorbeeld van die huigelaars, wat die applous van mense soek deur die ydele vertoon van hul gebede. Hy voeg dan by wat beter is. En dit is om in die binnekamer te gaan en daar agter 'n geslote deur te bid.

Met hierdie woorde - soos ek dit verstaan - het Hy ons geleer om 'n eensame plek op te soek. Dit kan ons in staat stel om met ons hele denke diep in ons hart af te daal. Hy belowe dat as ons dit doen, God -van wie ons liggame tempels moet wees - naby ons in die belewenisse van die hart sal wees . . . Christus het ons gewys dat gebed iets van 'n geheime ontmoeting is; dit vind veral in die siel plaas - rustig en weg van alle gewoel en sorge.

Inst. III, 20, 29

*Here, dankie dat ons nog binnekamers het waar ons kan bid.*

## 19 Julie

*Matt. 18:15-20*

DIE GESAMENTLIKE GEBED

> *Op die sabbatdag is ons na die rivier toe buitekant die stadspoort, omdat ons gedink het daar sou 'n Joodse bidplek wees. Ons het gaan sit en met die vroue gepraat wat daar bymekaar was. - Hand. 16:13*

Ons kan maar hiervan seker wees: hy wat weier om in die gelowiges se gewyde byeenkoms te bid, nie weet wat dit is om alleen, of in die binnekamer, of tuis te bid nie. Maar aan die ander kant: wie nalaat om alleen en privaat te bid, bedink by die openbare byeenkomste slegs ydele gebede - hoe ywerig hy hulle ook al bywoon. Hy heg meer waarde aan mense se menings as aan God se verborge oordeel.

God het immers in die ou tyd die openbare gebede van die kerk hoog geroem, sodat hulle nie geminag sou word nie. Hy noem die tempel spesifiek "'n huis van gebed" (Jes. 56:7). Met hierdie uitdrukking het Hy ons geleer dat die gebed 'n vername deel van die erediens is. Ook dat die tempels as 'n soort vaandel vir die gelowiges opgerig is, sodat hulle hul eendragtig aan die gebed sou wy . . .

Waar God deur sy Woord gelowiges beveel om gemeenskaplik te bid, moet daar dan daarvoor ook openbare kerkgeboue wees. Hulle wat weier om daar saam met God se volk te bid, mag nie voorgee dat hulle na die binnekamer gaan om God se gebod te gehoorsaam nie. Want Hy wat beloof om alles te doen wat gevra word as twee of drie in sy Naam saam is, getuig dat Hy die openbare gebede geensins afwys nie (Matt. 18:20) ...

Die belangrikste gebruik van die tong is om te bid in die vergadering van die gelowiges. Hierdeur loof ons God met een gemeenskaplike stem en as 't ware almal met dieselfde mond - Hy vir wie ons dien in een gees en in dieselfde geloof. En so hoor elkeen openlik die getuienis van sy broer en word hulle deur sy voorbeeld getrek en versterk.

Inst. III, 20, 29-31

*Here, ons dank U vir die gemeenskap met die gelowiges - ook wanneer hulle saambid.*

## 20 Julie

*Ps. 149:1-9*

SING VOOR GOD EN SY ENGELE

> *Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. - Kol. 3:16*

Die gewoonte om in kerke te sing, is beslis baie oud. By die apostels was dit ook die gebruik om te sing, soos uit Paulus se woorde blyk: "Ek sal met die gees die lof van die Here sing, maar ook met die verstand" (1 Kor. 14:15). Net so skryf hy aan die Kolossense (3:16): "Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofsange en ander geestelike liedere tot eer van God sing." Want eerstens gebied hy om te sing met die stem en met die hart. En tweedens prys hy die geestelike liedere aan, waardeur die vromes mekaar stig . . .

As die sang aanpas by dié verhewenheid wat voor die aangesig van God en sy engele pas, verleen dit ongetwyfeld waardigheid en grasie aan die heilige handelinge. En dit dra ook besonder baie daartoe by om die harte op te wek om met ware ywer en vuur te bid.

Nogtans moet 'n mens noulettend daarteen waak dat die ore nie méér op die wysie toegespits is as die harte op die geestelike sin van die woorde nie . . . Met hierdie voorbehoud is gemeentesang dus 'n baie heilige en heilsame instelling.

Daarenteen pas liedere wat slegs met die oog op genot en streling van die ore gekomponeer is, nie by die majesteit van die kerk nie en moet hulle God baie mishaag.

Inst. III, 20, 32

*Ons bid vir die genade om met die hart tot eer van u grote Naam te sing.*

## 21 Julie

*Matt. 6:6-13*

DIE GEBED VAN DIE HERE

*"Here, leer ons bid . . ."- Luk. 11:1*

Nou moet ons die gebed beter leer ken - wat sy wese én vorm betref. Ek praat van die gebed wat die hemelse Vader deur sy geliefde Seun aan ons toevertrou het. Daarin kan ons sy oneindige goedheid en neerbuigende liefde leer ken.

Christus herinner en spoor ons aan (Matt. 6:19; Luk. 12:2) om in al ons nood tot ons Vader te nader. Ons moet kom soos kinders wat gewoond is om by hul ouers beskerming te soek so dikwels as hulle beangs is.

God sien dat ons selfs nie eens goed genoeg verstaan hoe groot ons armoede is nie. Ons begryp nie wat ons behoort te vra en wat in ons belang is nie. Daarom kom Hy ook hierdie onwetendheid van ons te hulp. En wat by ons ontbreek het, het Hy self mildelik uit sy vermoë voorsien.

Want Hy het vir ons 'n rigsnoer gegee, waardeur Hy soos op 'n kaart alles vir ons aandui wat ons van Hom mag vra, alles wat tot ons voordeel is, alles wat nodig is om te vra. En uit sy goedheid in dié opsig put ons ryke vertroosting, omdat ons weet ons vra niks wat vir Hom onaanvaarbaar is nie. Terwyl ons byna uit sy mond bid, vra ons niks wat ongerymd is, en niks wat vreemd of onvanpas is nie.

Inst. III, 20, 34

*Aanbiddelike Heiland, ons dank U vir die volmaakte gebed wat U in ons harte en op ons lippe gelê het.*

## 22 Julie

*Rom. 9:1-5*

'N GEBED TOT EER VAN GOD

> *Ag, hierdie volk het 'n groot sonde begaan en vir hulle goue gode gemaak. Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewei En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het! - Ex. 32:31, 32*

Die gebedsvorm of rigsnoer vir die gebed wat die Here aan ons gegee het, bestaan uit ses bedes ... Die hele gebed is sodanig dat 'n mens steeds in die eerste plek die eer van God moet soek. Tog is dit veral die eerste drie bedes se doel. Ons moet slegs daarmee rekening hou, sonder inagneming van ons eie voordeel. Die orige drie bedes het te make met ons eie versorging en is eintlik bedoel om te vra wat tot ons nut is.

God wil ons op die proef stel of ons sonder bybedoelings, of met die oog op beloning, Hom liefhet en dien. Daarom moet ons glad nie aan ons eie voordeel dink wanneer ons bid om die heiliging van sy Naam nie. Ons moet sy eer voor oë stel, en net daarop konsentreer.

Ook by die ander bedes in dié groep moet dit ons motief wees. En dit loop dan juis vir ons uit op groot voordeel. Want terwyl sy Naam deur ons gebed geheilig word, heilig Hy ons.

Maar vir so 'n voordeel moet ons oë (soos gesê is) gesluit en in sekere sin blind wees, sodat hulle dit glad nie raak sien nie. Ons moet nooit ophou om te wens en te bid vir hierdie heiligmaking en alle ander dinge wat op God se eer betrekking het nie. So moet dit wees, al is alle hoop op ons persoonlike voordeel uitgeskakel. Dit blyk uit die voorbeelde van Moses en Paulus (Ex. 32:32; Rom. 9:3), vir wie dit nie swaar was nie om hulle harte en oë van hulself af te wend en met intense en brandende ywer hulle eie ondergang te verlang.

Wanneer ons bid vir ons daaglikse brood, moet ons ook hierin allereers Gód se eer soek . . .

Inst. III, 20, 35

*Volmaakte Here, ons eer U en het U lief omdat U in Christus ons Vader is.*

## 23 Julie

*Matt. 7:7-11*

ONS VADER IN CHRISTUS

> *Kan 'n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie ? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie! - Jes. 49:15*

Ons moet elke gebed in die Naam van Christus tot God alleen rig. Dit staan voorop. Want daar is geen ander Naam wat die gebed kan aanbeveel nie. Wanneer ons God ons Vader noem, kom ons ongetwyfeld in die Naam van Christus.

Want watter aanspraak kan enigeen daarop maak dat hy God sy Vader mag noem? Wie sou so aanmatigend wees om vir homself die eer toe te eien van kindskap van God indien ons nie in Christus uit genade as kinders aangeneem is nie?

Christus, wat die ware Seun is, is deur God as Broer aan ons gegee. So word wat Hy van nature as sy eie het, ons s'n deur die weldaad van aanneming. Dit is die geval, mits ons so 'n groot weldaad deur 'n vaste geloof aanvaar.

Johannes sê dat aan almal wat glo in die naam van die eniggebore Seun van God die reg gegee is om self ook kinders van God te word (Joh. 1:12). Daarom noem Hy Homself ons Vader en wil so deur ons genoem word. Deur hierdie groot en lieflike Naam neem Hy alle gebrek aan vertroue by ons weg. Want nêrens kan 'n groter liefde gevind word as in 'n vader nie. Daarom kon Hy ook op geen manier sy matelose liefde vir ons sterker betuig nie, as om ons kinders van God te noem.

Sy liefde tot ons is soveel groter en voortrefliker as alle ouerliefde. Eweneens oortref Hy alle mense in goedheid en barmhartigheid. Al sou alle aardse vaders ook alle gevoel van vaderlike liefde verloor en hulle kinders in die steek laat, sal Hy ons nooit verlaat nie. Hy kan Homself nie verloën nie (1 Joh. 3:1; Ps. 27:10; Jes. 63:16; 2 Tim. 2:13).

Inst. III, 20, 36

*Grote God, om U ons Vader te mag noem, is die hoogste eer wat ons te beurt kan val.*

## 24 Julie

*Luk. 15:11-20*

DIE GENADIGSTE VAN ALLE VADERS

> *Aan God die Vader van ons Here Jesus Christus kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid vertroos. - 2 Kor. 1:3*

Laat ons nie sê dit is reg om skoorvoetend tot die Vader te nader omdat Hy - hoewel genadig en liefdevol - daagliks deur ons beledig word en gevolglik ontevrede met ons is nie. Onder ons as mense kan 'n seun geen beter voorspraak as hyself hê om sy saak aan sy vader te stel nie. Hy kan geen beter bemiddelaar hê om die verlore guns by sy vader te herwin nie. Maar dan moet hy ootmoedig, nederig en met erkenning van sy skuld om sy vader se genade smeek. Die vader se ouerlike gevoelens kan dan nie anders nie as om daardeur gunstig gestem te word. As dit so is, wat sal die reaksie van die Vader nie wees nie - Hy wat Hom ontferm en die God is wat in elke omstandigheid vertroos? (2 Kor. 1:3).

Christus skilder die oorvloedigheid van die vaderlike toegeneentheid en stel dit vir ons in 'n gelykenis voor (Luk. 15:20): die vader ontvang met ope arms sy seun wat van hom vervreem is, sy besittings losbandig verkwis en op alle maniere swaar teen hom gesondig het. Hy wag nie totdat die seun om vergewing vra nie, maar aanvaar dit by voorbaat. Hy herken die terugkerende seun op 'n afstand en hardloop hom bowendien tegemoet. En hy maak dit vir hom lekker en herstel sy status.

Toe Christus hierdie voorbeeld van toegeneentheid (wat so groot is in die mens) aan ons voorgehou het, wou Hy ons leer hoeveel oorvloediger ons dit van Hom moet verwag wat ons Vader is. Trouens, Hy wou ons ook; leer dat Hy verreweg die beste en genadigste van alle vaders is -hoe ondankbaar, opstandig en sleg ons as kinders ook al is. Al voorwaarde is dat ons alleen op sy genade moet vertrou.

Inst. III, 20, 37

*Here, ons loof U as ons allergenadigste Vader.*

## 25 Julie

*Ef. 1:15-23*

BID VERAL VIR DIE HUISGENOTE VAN DIE GELOOF

> *Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges. - Gal. 6:10*

Ons word nie so onderrig dat elkeen van ons afsonderlik vir God sy Vader moet noem nie. Eerder dat ons gemeenskaplik Hom *ons* Vader moet noem. Daardeur word beklemtoon hoe sterk ons neiging tot broederlike liefde onder mekaar moet wees. Ons het tog almal gelyke status, en is kragtens dieselfde beginsel van vrye ontferming en genade, kinders van die Vader. Ons het almal een gemeenskaplike Vader van wie al die goeie kom wat ons ten deel val. En waar dit so is, mag niks onder ons uitgedeel wees wat ons nie bereid is om aan mekaar te gee nie - na gelang die behoefte.

Ons moet soos paslik is, verlang om mekaar die hand te reik en hulp te verleen. Maar dan is daar niks waardeur ons ons broers meer behulpsaam kan wees nie as om hulle op te dra aan die sorg en voorsienigheid van die allerbeste Vader. As Hy hulle genadig en goedgunstig is, kan hulle hoegenaamd nie iets kortkom nie. En sonder twyfel is ons dit ook aan ons Vader verskuldig. Want hy wat 'n vader waarlik en van harte liefhet, sal terselfdertyd sy hele huisgesin met liefde en welwillendheid bejeën. So moet ons dieselfde geneentheid en gesindheid wat ons jeens ons hemelse Vader koester, ook ten opsigte van sy volk, sy huisgesin, kortom: sy erfdeel, toon. So hoog het Hy sy kerk vereer dat Hy dit genoem het die volheid van sy eniggebore Seun (Ef. 1:23).

Die gebede van 'n Christen moet dus hieraan beantwoord dat hulle van gemeenskaplike aard is en almal insluit wat broers in Christus is...

Kortom: al ons gebede moet so wees dat hulle betrekking het op dié gemeenskap wat ons Here vir sy koninkryk en huishouding ingestel het.

Inst. III, 20, 38

*Gee ons dié liefde vir U, ons Vader, wat ons dring om vir alle medegelowiges te bid.*

## 26 Julie

*Jes. 6:1-7*

DIE EERSTE BEDE

*"Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word..."- Matt. 6:9*

Die eerste bede is: "Laat u Naam geheilig word." Die noodsaaklikheid daarvan hang saam met ons ontsettende ontaarding. Want wat kan 'n groter belediging wees as dat die eer van God deels deur ons ondankbaarheid, en deels deur ons sondigheid verduister word? Of dat sy eer deur ons vermetelheid en waansinnige onbeskaamdheid (vir sover dit moontlik is) vernietig word ? En al het alle goddeloses ook die mond vol van ontheiligende liederlikheid, tog skitter die heiligheid van God se Naam. Tereg roep die profeet uit: "Net soos u Naam, o God, so strek u lof oor die hele aarde" (Ps. 48:11). Want oral waar God bekend geword het, kan dit nie anders nie - sy deugde word duidelik: sy krag, goedheid, wysheid, geregtigheid, genade en waarheid wat ons aangryp om Hom te bewonder en ons aanvuur om Hom te loof.

Ons bystand is wel nie nodig om die heiligheid van God te verdedig nie. Nogtans word ons beveel om deur ons gebede daarvoor in die bresse te tree omdat God op die aarde beledigend sy heiligheid ontsê word.

Die hoofinhoud van die bede is dat ons begeer dat God die eer wat Hy waardig is, sal kry; dat mense nooit oor Hom sal praat of dink behalwe met die grootste eerbied nie.

Daarteenoor word die ontheiliging van sy Naam gestel. Dit gebeur nog altyd te algemeen in die wêreld, soos trouens vandag ook op groot skaal die geval is ... Ook hiertoe dien die bede: dat alle goddeloosheid wat dié heilige Naam besoedel, uitgewis en vernietig moet word. En verder: dat alle laster en spottaal, wat hierdie heiliging verduister of verminder, moet padgee. En dat God se majesteit al hoe meer verheerlik mag word, deurdat God alle heiligskennis in toom hou.

Inst. III, 20, 41

*Here, laat hierdie bede elke dag die eerste plek in my lewe hê.*

## 27 Julie

*Matt. 13:36-43*

DIE TWEEDE BEDE

*". . . laat u koninkryk kom . . ."- Matt. 6:10*

Die tweede bede is: "laat u koninkryk kom" ... God regeer daar waar mense deur selfverloëning en veragting van die wêreld en die aardse lewe, hulle toewy aan sy geregtigheid en strewe na die hemelse lewe.

So bestaan die koninkryk uit twee dele: die een is dat God alle sondige begeertes van die verdorwe natuur, wat soos berede troepe-magte met Hom stryd voer, deur die krag van sy Gees in die regte bane moet lei; die ander is dat Hy ons denke moet vorm om sy heerskappy te gehoorsaam. Daarom bid net hulle wat by hulself begin, hierdie bede na behore. Met ander woorde: net hulle wat vra dat hulle gereinig moet word van al daardie verdorwenhede wat die rus van God se koninkryk versteur en die suiwerheid daarvan besoedel.

Aangesien die Woord van God soos 'n koninklike septer is, word ons ook hier beveel om te bid dat Hy almal se verstand en hart sal onderwerp aan vrywillige gehoorsaamheid daaraan. En dit gebeur wanneer Hy deur die verborge werking van sy Gees die kragdadigheid van sy Woord openbaar en dit verhef tot die ereplek wat dit verdien.

Vervolgens moet ons neerdaal na die goddeloses wat hardnekkig en met wanhopige woede God se heerskappy weerstaan. God rig dus sy koninkryk op wanneer Hy die hele wêreld verneder. En Hy doen dit op verskillende maniere: Hy beteuel die losbandigheid van sommige, ander se onbeteuelde hoogmoed breek hy in.

Ons moet daagliks verlang dat dit moet gebeur sodat God vir Hom gemeentes uit alle wêrelddele kan vergader . . . Daarenteen moet ons bid dat Hy alle vyande van die suiwer leer en godsdiens neerwerp, hulle planne verwar en hul pogings verydel totdat Hy uiteindelik deur die asem uit sy mond die Antichris onderwerp en alle goddeloosheid deur die skittering van sy koms vernietig.

Inst. III, 20, 42

*Laat u koninkryk kom* - in *ons en* om *ons en* deur *ons.*

## 28 Julie

*Ps. 103:18-22*

DIE DERDE BEDE

> *"... laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel."- Matt. 6:10*

Die derde bede is: "laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel." Hierdie bede staan in verband met die koninkryk en kan nie daarvan geskei word nie. Tog word 'n afsonderlike plek daaraan gegee - iets wat vanweë ons onkunde nie onvanpas is nie. Want ons begryp nie maklik of dadelik wat dit beteken dat God in die wêreld regeer nie...

Verder gaan dit nie hier oor sy verborge wil waardeur Hy alles regeer en na sy bestemming voer nie. Want ofskoon die Satan en mense oproerig teen Hom te velde trek, weet Hy nogtans om nie alleen deur sy onbegryplike Raad hulle aanvalle weg te buig nie, maar ook om hulle diensbaar te maak aan die uitvoering van sy besluite.

Maar hier word 'n ander wil van God aangedui, naamlik dié waaraan 'n gewillige gehoorsaamheid beantwoord. En daarom word die hemel uitdruklik met die aarde vergelyk. Van die engele word in Psalm 103:20 gesê dat hulle God spontaan gehoorsaam en hulle inspan om sy bevele uit te voer. In die hemel gebeur niks wat nie volgens God se wil is nie en die engele doen rustig alles wat reg is. Derhalwe word ons beveel om te bid dat die aarde ook aan so 'n heerskappy onderhorig gemaak moet word, deur die uitskakeling van alles wat weerspannig en skeef is.

En as ons dit vra, sien ons af van die begeertes van ons ou mens. Ons moet die ou mens se geneigdhede aan God oorgee en aan God se wil onderwerp. As ons dit nie doen nie, stel ons hom - vir sover dit vir ons moontlik is - teen God se wil. Want alles wat uit ons voortkom, is sleg. En verder word ons deur dié bede geleer om onsself te verloën, sodat God ons volgens sy wil kan regeer.

Inst. III, 20, 43

*Maak ons bereidwillig soos engele om u wil te volbring.*

## 29 Julie

*Luk. 11:5-13*

DIE VIERDE BEDE

| "Gee ons vandag ons daaglikse brood . . ." - Matt. 6:11 |
|---|

Nou volg die tweede deel van die gebed, waarin ons afdaal na ons eie belange - weliswaar nie om die eer van God uit die oog te verloor nie. Daarop moet ook in spyse en drank gelet word, getuig Paulus (1 Kor. 10:31)... Hy stel die voorwaarde dat ons niks vir onsself sal vra nie behalwe met die doel dat alle weldade wat Hy ons bewys, sy eer sal laat skitter. Want daar is geen plig wat daarmee vergelykbaar is om vir Hom te leef en te sterf nie.

Met hierdie bede vra ons dan in die algemeen dat God alle dinge aan ons sal gee wat die liggaam in hierdie bedeling nodig het - nie alleen dit waarmee ons onsself voed en klee nie, maar alles wat Hy sien vir ons bevorderlik sal wees, sodat ons ons brood in vrede kan eet.

Kortom: deur dié bede stel ons ons onder sy sorg, en vertrou ons op sy voorsienigheid om ons te voed, te versorg en in stand te hou.

Want ons alleruitnemendste Vader ag dit nie benede sy waardigheid om ook ons liggaam onder sy troue hande te neem nie. So wil Hy ons geloof in die klein dinge oefen: deurdat ons alles, tot 'n stukkie brood en 'n druppel water, van Hom verwag.

Dit is nou eenmaal so - deur watter ontaarding weet ek nie - dat ons meer besorgd en verontrus is oor ons liggaam as oor ons siel. Daar is baie wat wel die siel aan God toevertrou, maar nog bekommerd is oor die liggaam. Hulle twyfel nog oor wat hulle sal eet of wat hulle sal aantrek. Hulle is bang wanneer hulle nie 'n voorraad wyn, koring en olie het nie (Ps. 4:8).

Inst. III, 20, 44

*Gee dat of ons eet of drink of enigiets anders doen, ons alles tot U verheerliking sal doen.*

## 30 Julie

*1 Tim. 4:8-13*

MEER OOR DIE VIERDE BEDE

> *"Gee ons elke dag ons daaglikse brood ..." Luk. 11:3*

Ons ag die skaduwee van hierdie kortstondige lewe soveel belangriker as die ewige onsterflikheid. Maar diegene wat op God vertrou en eenmaal ontslae geraak het van die angsvallige sorg vir die liggaam, verwag onmiddellik groter dinge van Hom - ook die saligheid en die ewige lewe.

Om dit van God te hoop waaroor ons soms so besorg is, is dus geen geringe beoefening van die geloof nie. En ons het baie gevorder wanneer ons hierdie ongelowigheid, wat die tydelike dinge betref (en wat in byna alle mense aanwesig is) afgelê het.

Sommige meen dat hier van 'n soort bonatuurlike brood sprake is. Maar dit lyk vir my baie min in ooreenstemming met Christus se bedoeling. As ons nie in hierdie verganklike lewe ook erken dat ons onder die voorsienige bestel van God gevoed word nie, sou die gebed gebrekkig gewees het. Die rede wat hulle aanvoer, is alte onheilig. Hulle beweer dat dit nie paslik is vir God se kinders - wat geestelik behoort te wees - om hulle besig te hou met aardse sorge, en selfs God daarby te betrek nie. Asof sy seën en Vaderlike guns nie ook skitter in ons lewensonderhoud nie! En asof dit niks sê dat daar geskryf staan dat die vroomheid beloftes inhou - nie alleen vir die toekoms nie, maar ook vir die teenswoordige lewe (1 Tim. 4:8).

Die vergewing van sondes is wel van baie meer belang as die voedsel vir die liggaam. Tog het Christus voorrang verleen aan wat laer was. So het Hy ons trapsgewys opgevoed na die orige twee bedes wat eintlik by die hemelse lewe tuishoort. Hierin het Hy ons traagheid in ag geneem.

Inst. III, 20, 24

*Laat ons nooit die middele - wat gawes uit u hand is - verag nie.*

## 31 Julie

*1 Tim. 6:6-12*

NOG MEER OOR DIE VIERDE BEDE

*"Gee ons vandag ons daaglikse brood ..." - Matt. 6:11*

Ons word beveel om te bid vir ons brood, sodat ons tevrede kan wees met wat dit die hemelse Vader behaag om aan ons uit te deel. Ons mag nie wins najaag deur ongeoorloofde praktyke nie.

Intussen moet ons daaraan dink dat dit ons brood word ómdat God dit aan ons gee. Nóg ywer, nóg arbeid, nóg ons eie hande, verwerf (soos Moses sê) (Lev. 26:20), op sigself vir ons iets, tensy God sy seën gebied. Ja, selfs by oorvloed van brood sou ons geen baat vind, indien God dit nie voedsaam maak nie. En daarom is hierdie welwillendheid van God net so onontbeerlik vir die rykes as vir die armes. Al was hulle kelders en skure vol, sou hulle tog dors hê en honger ly - as hulle nie sy guns saam met hulle brood geniet nie.

Deur die woordjies *vandag of elke dag* (soos dit by die ander evangelies voorkom), en net so deur die woord *daagliks,* word die onbeteuelde begeerte na verbygaande dinge aan bande gele.

Dié begeerte word so maklik by ons 'n hartstog. En daarby kom nog ander slegte dinge. Want as ons oorvloed het, verlustig ons ons in genotsug, wellus, grootdoenery en ander soorte van oordadigheid. Daarom word ons beveel om slegs soveel te vra as wat ons behoefte is; dit wat as 't ware vir een dag genoeg is. Dit behels dié vertroue dat ons hemelse Vader wat ons vandag gevoed het, ons ook more nie in die steek sal laat nie. Dus: hoe groot ons oorvloed ook al is, moet ons tog altyd om ons daaglikse brood bid. Ons moet dit doen al is ons skure en spense ook vol. Want dit staan vas dat al ons goed niks beteken nie -tensy God dit deur die uitgieting van sy seën voortdurend vrugbaar maak.

Inst. III, 20, 44

*Here, gee ons elke oomblik 'n besef van ons algehele afhanklikheid van U.*

## 1 Augustus

*Ps. 127*

DIE VIERDE BEDE (SLOT)

*God.. . (verskaf) saad om te saai en brood om te eet... - 2 Kor. 9:10*

Selfs wat ons in ons hand het, het ons alleen in soverre God dit uur tot uur in porsies aan ons gee. En omdat die hoogmoedige mens hom baie moeilik hiervan laat oortuig, sê die Here Hy het 'n besondere bewys daarvan vir alle eeue gegee toe Hy sy volk in die woestyn met manna gespysig het (Deut. 8:3). Daarmee herinner Hy ons daaraan dat die mens nie net van brood lewe nie. Eerder van die woord wat uit die Here se mond kom. Hierdeur wys Hy daarop dat ons lewe en kragte alleen deur sy krag in stand gehou word, hoewel Hy middele gebruik . . .

Hulle wat nie met hul daaglikse brood tevrede is nie, maar met 'n onbeteuelde hebsug na grenslose besittings jaag, en nietemin God met dié bede aanroep, doen niks anders nie as om Hom te bespot. Dieselfde geld vir diegene wat deur hul oorvloed versadig is en veilig voel deurdat hulle rykdom opstapel. Want eersgenoemde bid vir dinge wat hulle nie wil hê nie -ja, vir dinge wat hulle die meeste verfoei, naamlik nét hul daaglikse brood. En hulle steek hul inhaligheid soveel vir God weg as wat hulle kan, terwyl 'n ware gebed die hele hart en alles wat daarin verborge lê, voor Hom moet uitstort. Laasgenoemde groep vra wat hulle allermins verwag om van God te ontvang. En dit is naamlik wat hulle meen hulle wel reeds besit . . .

Wanneer ons bid dat aan ons gegee moet word, beteken dit: wat gevra word, is eenvoudig onverdiende gawe van God - waarvandaan ons dit ook al bekom. En dit is ook die geval waar dit lyk asof dit geheel en al deur ons eie vernuf verkry is; deur óns hande gemaak is. Want dit is alleen aan sy seën te danke dat ons werk met sukses bekroon word.

Inst. III, 20, 44

*Here, of ons min of baie het, dit behoort aan U.*

## 2 Augustus

*Matt. 6:14-18*

DIE VYFDE BEDE

> *... en vergeef ons onsoortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oor tree ... - Matt. 6:12*

Dan volg: ". . . en vergeef ons ons oortredinge . . ." In hierdie en die daaropvolgende bede het Christus alles wat bevorderlik is vir die hemelse lewe kortliks saamgevat. . . Hier begin Hy by die vergewing van sondes. Daarna sal Hy gou die tweede genadegawe byvoeg, te wete dat God ons deur die krag van die Gees wil beskerm en deur sy hulp wil ondersteun. So staan ons onoorwinlik teenoor alle versoekings.

Christus noem die sondes oortredings, omdat ons die straf daarop moet dra. Hierdie skuld sou ons op geen manier kan vereffen, indien ons nie, deur die vergewing daarvan, vrygestel is nie . . .

Eindelik vra ons dat ons vergeef sal word, soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree . . . Nie dat ons in staat is om die skuld van 'n vergryp of belediging te vergewe nie. Dit kan God alleen doen (Jes. 43:25). Dat ons vergewe, beteken net dat ons toorn, haat en wraaksug uit eie beweging uit ons hart verban. En die herinnering aan onreg uitwis deur vrywillig te vergeet.

Daar is nog die voorwaarde dat God ons vergewe net soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree. Wat dit betref, moet daarop gelet word dat hierdie voorwaarde nie bygevoeg word omdat ons deur die vergiffenis wat ons aan ander skenk, vergiffenis by God verdien nie. Dit is nie die rede vir die vergiffenis nie.

Inst. III, 20, 45

*Ons dank U vir vergiffenis alleen om Christus ontwil, en vra om die vergewensgesindheid wat U van ons verlang.*

## 3 Augustus

*Jak. 1:12-18*

DIE SESDE BEDE

> *"... en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. "-Matt. 6:13*

Die sesde bede beantwoord aan die belofte dat die wet in ons harte gegraveer sal word. Ons gehoorsaam God nie sonder voortdurende oorlogvoering en harde en moeisame gevegte nie. Daarom bid ons hier om van wapens voorsien te word, en vir beskerming sodat ons kan oorwin.

Hierdeur word ons daaraan herinner dat ons die genade van die Gees nodig het om ons harte binne-in ons te versag, te buig en te rig om gehoorsaam aan God te wees. Ook het ons sy hulp nodig om ons onoorwinlik te maak teen al die liste en hewige aanvalle van Satan.

Die soorte versoeking is inderdaad baie en verskillend. Die verdorwe gedagtes van ons harte wat ons aanhits om die wet te oortree, is versoekings. Hulle word of deur ons eie begeerlikheid ingegee óf deur die duiwel wakker geroep (Jak. 1:2 en 14; Matt. 4:1 en 2; 1 Tess. 3:5). Ook die dinge wat eintlik self nie sleg is nie, word tog versoekings deur die lis van die duiwel. Dit gebeur wanneer hulle so aan ons opgedis word dat hulle ons van God af wegtrek, of ons aandag van Hom aflei.

Hierdie versoekings lê of na regs of na links. Na regs is daar rykdom, mag en eer. Deur hulle glans en onder die skyn van die goeie, verblind hulle meestal die mense se oë, en verlei hulle deur bekoorlikheid. Deur sulke strikke vasgevang en deur so 'n soetheid bedwelm, vergeet hulle hul God. Na links is daar armoede, smaad, veragting, leed en dergelike meer. Deur bitterheid en moeilikheid gekwes, verloor hulle moed; laat hulle hul vertroue en hoop vaar, en raak gevolglik uiteindelik heeltemal van God vervreem.

Inst. III, 20, 46

*Ons bely dat ons so dikwels weens ons verdorwenheid die Bose se bondgenoot is.*

## 4 Augustus

*1 Kor. 10:7-13*

MEER OOR DIE SESDE BEDE

> *"... en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. "-Matt. 6:13*

Ons vra van God, ons Vader, dat Hy nie sal toelaat dat ons deur genoemde twee soorte versoekings beswyk nie. Ons bid dat Hy ons liewer deur sy hand sal ondersteun en oprig, sodat ons, gesterk deur sy krag, vas kan staan teen al die aanvalle van ons briesende vyand -watter gedagtes hy ook al in ons harte laat opkom ... Ek bedoel: ons mag nie deur voorspoed opgeblase en deur teëspoed gefrustreer word nie.

Nogtans vra ons nie hier dat ons met hoegenaamd geen versoeking kennis sal maak nie. Dit is baie nodig vir ons sodat ons daardeur meer aangespoor, geprikkel en gedring sal word. Dan sal ons nie al te traag en ruggraatloos word nie. Nie sonder rede nie het Dawid begeer om beproef te word (Ps. 26:2). En nie sonder oorsaak nie beproef die Here daagliks sy uitverkorenes: Hy kasty hulle deur beskimping, armoede, ellende en ander soorte kruis-dra.

Maar die Here beproef op 'n ander manier as Satan: laasgenoemde doen dit deur te verwoes, te verdoem, verwarring te skep, en deur tot 'n val te bring. God doen dit deur sy kinders se opregtheid op die proef te stel, deur hulle met oefening te versterk. Hy wil ook hul sondige natuur laat sterwe, louter, en laat verskroei. Want as dit nie so aan bande gele word nie, sou dit die luste vrye teuels gee en sou hulle onbeheers uitgelate word. Bowendien val Satan die ongewapendes en onvoorbereides aan om hulle onverhoeds te oorweldig. God gee met die versoeking ook die uitkoms, sodat sy kinders alles wat Hy oor hulle laat kom, geduldig kan verdra (1 Kor. 10:13, 2 Petr. 2:9).

Inst. III, 20, 46

*Here, U beproef ons ten einde ons te red, nooit bo ons kragte nie.*

## 5 Augustus

*1 Petr. 5:6-11*

NOG MEER OOR DIE SESDE BEDE

> *"... en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. "-Matt. 6.13*

Diegene wat met selfvertroue hulle voorberei vir die stryd teen Satan, besef ongetwyfeld nie genoeg met watter strydvaardige en goed toegeruste vyand hulle te doen het nie. Nou bid ons om van sy mag bevry te word, soos uit die bek van 'n brullende en woedende leeu (1 Petr. 5:8)... En tog weet ons terselfdertyd dat as die Here ons sal bystaan en vir ons sal stry, terwyl ons swyg, ons in sy krag dapper dade sal verrig . . .

Hierdie bede omvat egter meer as wat by die eerste oogopslag mag blyk. Die Gees van God is ons krag om die stryd met Satan te beslis. Maar dan sal ons nie kan oorwin alvorens ons met sy Gees vervul is en alle swakheid van die sondige natuur afgelê het nie. Wanneer ons dus bid om van Satan en die sonde verlos te word, verlang ons om telkens uit genade nuut toegerus en verryk te word - totdat ons op dié manier oor alle kwaad sal seëvier.

Dit lyk vir sommige hard en kras om van God te bid dat Hy ons nie in versoeking sal laat kom nie, terwyl dit teen sy natuur ingaan om ons te versoek - volgens getuienis van Jakobus (1:13, 14). Maar hierdie kwessie is reeds gedeeltelik daardeur opgelos dat ons begeerte die eintlike oorsaak is van alle versoekings waardeur ons oorwin word. Die skuld lê dus hier. En Jakobus bedoel ook net dat dit tevergeefs en dwaas is om sondes aan God toe te skryf wat ons verplig word om aan onsself toe te reken. Want ons weet dat ons self skuldig is.

Maar dit verhinder nie dat God ons - as Hy dit goed vind - aan Satan kan oorgee nie. Dit beteken ook nie dat Hy ons nie in 'n afvallige gesindheid en skadelike begeertes laat verval en ons so in versoeking laat kom deur 'n regverdige maar verborge oordeel nie.

Inst. III, 20, 46

*Here, laat ons so min as moontlik in omstandighede beland wat vir ons 'n versoeking word.*

## 6 Augustus

*Dan. 6:6-12*

VASTE GEBEDSTYE

> *Terwyl die reukoffer gebring is, was die hele volksmenigte buite besig om te bid. - Luk. 1:10*

Weliswaar moet ons altyd met harte wat op God gerig is, sug en sonder ophou bid. Tog behoort elkeen van ons by wyse van selfdissipline vaste ure te hê wat nie sonder gebed verbygaan nie. Ons swakheid is so groot dat dit deur baie hulpmiddels ondersteun moet word en ons traagheid is sodanig dat dit aangespoor moet word. Die vaste gebedsure moet geheel en al op ons diepste innerlike belewenisse beslag lê.

Hierdie ure moet waargeneem word wanneer ons smôrens vroeg opstaan, vóór ons met ons daaglikse werk begin. Ook wanneer ons aan tafel gaan sit; wanneer ons met die seën van God geëet het; wanneer ons gaan slaap. Hierdie vaste tye moet egter sonder bygeloof nagekom word. Ons moenie meen dat ons God daardeur as 't ware 'n guns bewys het en vir die res van die dag kan losloop nie.

Hierdie gereelde tye moet ons eerder dissiplineer... Meermale is ons in benoudheid of ons sien dat ander daarin is. Dan moet ons sorg dat ons ons onmiddellik na God haas - nie met vinnige voete nie, maar met harte wat vinnig klop. Ons moet ook geen seëninge wat ons of ons naaste te beurt val, laat verbygaan sonder om deur lof en danksegging te getuig dat ons God se hand daarin erken nie.

By elke gebed moet ons dan noulettend daarop ag gee om nie aan God te wil voorskryf nie ... Daarom bid ons voor ons enige gebed vir onsself doen, dat sy wil moet geskied. Daarmee onderwerp ons ons wil reeds aan Syne. So word ons wil as 't ware deur 'n stang bedwing en sal dit nie vooraf aanwysings aan God wil gee nie, maar Hom erken as die Regter en Beskikker oor al ons verlangens.

Inst. III, 20, 50

*Laat ons ons daagliks onder die tug van u Woord stel.*

## 7 Augustus

*Ps. 28:1-9*

HOU AAN BID

*". . . hy wat glo, sal nie haastig wees nie." - Jes. 28:16*

Op hierdie gehoorsaamheid moet ons ons harte eers instel. Indien ons daarna ons laat regeer deur die wette van God se voorsienigheid, sal ons maklik leer volhard in die gebed. Dan sal ons ook geduldig - in afwagting op die Here vertrou: ons sal daarvan seker wees, dat Hy altyd by ons is, al lyk dit ook allermins so. Op sy tyd sal Hy laat blyk dat sy ore glad nie doof was vir ons gebede nie, al het dit ook vir die mense gelyk of nie op hulle gelet word nie. En dit sal ons daadwerklike troos wees as dit ooit gebeur dat God nie op ons eerste gebede antwoord nie. Dit sal verhoed dat ons beswyk en uit wanhoop vergaan.

Dit sou die geval wees met diegene wat net deur hul eie emosie weggevoer word en God so aanroep. Tensy Hy dan op hul eerste aandrang aanwesig is en onmiddellik uithelp, hou hulle op om Hom aan te roep. Want hulle dink dadelik Hy is toornig en vyandig jeens hulle. Dan laat vaar hulle alle hoop om verhoor te word. Laat ons liewer hoopvol deur ewewigtigheid in afwagting bly en ons op volharding toelê. Dit word in die Skrifte hoog aangeprys.

In die Psalms merk 'n mens tog dikwels hoe Dawid en die ander gelowiges nie ophou om te bid nie. Dit wil sê, in weerwil daarvan dat hulle byna moeg gebid is en skynbaar in die lug skerm, omdat God vir hul woorde doof sou wees. Want jy handhaaf nie die gesag van God se Woord as jou geloof daaraan nie bokant alle omstandighede uitstyg nie.

Inst. III, 20, 51

*Here, ons dank U dat U vir u kinders bid en dat hulle geloof hulle daarom nie begewe nie.*

## 8 Augustus

*Ps. 27:7-14*

GOD LAAT ONS NOOIT IN DIE STEEK NIE

> *Daarom vertrou almal wat u Naam bely op U, want U Here, laat dié wat by U hulp vra, nie in die steek nie. - Ps. 9:11*

Ons moet God nie versoek en Hom nie toornig maak deur Hom met ons sondigheid te vermoei nie. Baie mense gaan steeds van die standpunt uit dat hulle met God op sekere voorwaardes tot 'n vergelyk kan kom. Asof Hy 'n dienaar van hul begeerte is en hulle Hom kan bind aan hul eise! En as Hy nie dadelik daaraan voldoen nie, is hulle verontwaardig, word hulle kwaad, is hulle ontevrede, kla hulle en raak opstandig.

Aan sulke mense staan Hy dikwels in sy toorn toe wat Hy aan ander in sy barmhartigheid en ontferming weier. 'n Bewys hiervan is die kinders van Israel. Dit sou vir hulle beter gewees het om nie deur die Here verhoor te gewees het nie, as om saam met die vleis sy toorn te sluk(Num. 11:18 en 32).

Dit gebeur wel dat ons selfs na langdurige verwagting nie kan sien wat ons deur gebed bereik het nie, en geen enkele vrug daarvan smaak nie. Dan sal ons geloof ons verseker van wat ons nie kan waarneem nie. En dit is naamlik dat ons verkry het wat nuttig was: die Here beloof so seker en so dikwels dat Hy sal sorg in ons moeilikhede - vanaf die oomblik dat hulle in sy skoot neergelê is. En so sal Hy dit bewerk dat ons in armoede oorvloed en in verdrukking troos ontvang. Want al sou alles ons ook ontbreek, sal God ons nooit in die steek laat nie. Hy kan sy kinders in hul verwagting en geduld nie teleurstel nie.

Hy self sal ons vir alles vergoed, aangesien Hy in Homself alles het wat goed is. Dit sal Hy ons eenmaal met die oordeelsdag bekend maak, wanneer Hy sy ryk geheel en al sal openbaar.

Inst. III, 20, 51 en 52

*Dra ons deur u genade en hou ons geloofsoog op U gevestig.*

## 9 Augustus

*1 Sam. 2:1-7*

VOLHARD IN DIE GEBED

*". . . volhard in die gebed." - Rom. 12:12*

Al verhoor God ook, antwoord Hy tog nie altyd die gebed soos ons dit bedoel het nie. Maar terwyl Hy ons skynbaar in onsekerheid laat, toon Hy op 'n manier wat vir ons deurgrondelik is dat ons gebede nie verniet was nie.

Dit is die bedoeling van Johannes se woorde: "En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets so vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra" (1 Joh. 5:15). Dit skyn of die trefkrag deur die oorvloed van woorde verswak word. Maar eintlik lê daar 'n baie voortreflike openbaringswaarheid in opgesluit. Dit kom hierop neer: God bejeën ons gebede vriendelik en simpatiek, ook wanneer Hy ons versoeke nie toestaan nie. Ons hoop wat op sy Woord gegrond is, stel ons dus nooit teleur nie.

Die gelowiges het daar inderdaad behoefte aan om voortdurend deur dié vertroue ondersteun te word. As hulle nie daarop leun nie, sou hulle nie lank staande kon bly nie. En Hy oefen hulle nie sagkens nie, maar Hy stel hulle dikwels tot die uiterste op die proef. En wanneer Hy hulle daar gebring het, laat Hy hulle lank in die noute voor Hy hulle enige smaak van sy lieflikheid veroorloof. Soos Hanna sê: "Die Here maak dood en maak lewend. Hy laat neerdaal in die doderyk en laat weer daaruit opkom" (1 Sam. 2:6).

Hulle sou niks anders kan doen nie as om moedeloos en wanhopig te word, aangesien hulle neergeslaan, verlate en reeds halfdood is. Maar deur die gedagte dat God na hulle omsien en dat daar 'n einde aan die huidige rampe sal kom, word hulle staande gehou.

Inst. III, 20, 52

*Here, maak ons daarvan bewus dat U altyd die volhardende bidder op u tyd en wyse verhoor.*

## 10 Augustus

*Matt. 11:25-30*

DIE GEOPENBAARDE DINGE IS VIR ONS

> *Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet. - Deut. 29:29*

God het daardie verborgenhede van sy wil wat Hy aan ons wou bekend maak, in sy Woord geopenbaar. En Hy het besluit dat soveel aan ons geopenbaar sou word as wat (volgens sy voorkennis) vir ons van belang en tot heil sou wees . . .

En laat ons nie skaam wees om iets omtrent 'n saak nie te weet nie, wanneer om nie te weet nie, júís getuig van op die hoogte van sake te wees.

Daar is ook diegene... wat meen dat alle vermelding van predestinasie so te sê begrawe moet word . . . Om koers te kry wat hierdie saak betref, moet ons terugkeer na die Woord van die Here. Daarin het ons die ware rigsnoer vir ons insig. Want die Skrif is die skool van die Heilige Gees. En soos daarin niks oorgeslaan is wat nodig en nuttig is om te weet nie, net so word daar niks anders geleer nie as wat belangrik is om van kennis te dra.

Ons moet dus oppas om niks van die gelowiges te weerhou wat die Skrif omtrent die predestinasie openbaar nie. Dit moenie lyk of ons moedswillig God se weldaad van hulle wil weghou nie. Dit moet ook nie lyk of ons die Gees beskuldig of beskimp, omdat Hy bekend gemaak het wat teruggehou moes gewees het nie.

Laat ons (sê ek) 'n Christen toelaat om sy bewussyn en ore oop te stel vir elke woord van God wat aan hom gerig is. Maar dan met hierdie voorbehoud: sodra die Here sy heilige mond sluit, moet die Christen die pad om verder te ondersoek, vir homself sluit.

Inst. III, 21, 1, 2 en 3

*Here, laat ons alle paaie volg wat u Roeteboek vir ons aangee.*

## 11 Augustus

*Ps. 14*

DIE DWAAS SAL IN ELK GEVAL LASTER

> *Die dwaas dink daar is geen God nie. - Ps. 14:1*

As ons wil leer, sal dit die mees beskeie wees nie net om altyd te volg waar God lei nie, maar ook om op te hou om slim te wil wees wanneer Hy ophou om te onderrig ...

Salomo se gesegde dat dit die eer van God is om iets te verberg (Spr. 25:2), is bekend. Maar beide pligsgevoel en gesonde verstand laat ons insien dat dit nie van alle sake verstaan moet word nie. Daarom moet ons onderskei, sodat ons nie onder die voorwendsel van ootmoed en beskeidenheid in ons skik sou wees met skreeuende onkunde nie. Hierdie maatstaf word deur Moses kort en kragtig uitgedruk: "Sy verborge dinge," sê hy, "is vir onse God, maar aan ons en ons kinders het Hy hierdie dinge geopenbaar" (Deut. 29:29).

Ons merk dat hy by die volk aanprys wat die Wet eis, bloot omdat God so besluit het. Terselfdertyd hou hy dieselfde volk binne dié perke alleen op grond daarvan dat dit die mens nie geoorloof is om in die verborgenhede van God in te dring nie . . .

'n Revolusionêre mens sal hom voorbarig uitlaat wanneer hy hoor God het vooruitgesien wat van die mens sou word toe Hy hom geskape het. Maar hy sal ook nie minder heftig beswaar maak wanneer hy verneem dat daar in die Wese van God drie Persone is nie. Augustinus steek dit nie weg nie dat hy gewoond was om daarvan beskuldig te word omdat hy die predestinasie al te vrymoedig sou gepreek het. . .

Wat ek wil tuisbring is: moenie die dinge wat God verborge gelaat het, nuuskierig deursnuffel nie, en moenie ondankbaar veronagsaam wat Hy geopenbaar het nie.

Inst. III, 21, 3 en 4

*Here, ons bid om dié navolging van Christus wat sy Woord sonder weglating, wysiging of toevoeging gehoorsaam.*

## 12 Augustus

*Rom. 9:14-21*

**OPPAS OM DIE PREDESTINASIE NIE VERDAG TE MAAK NIE**

*Mens, wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer ? - Rom. 9:20*

Augustinus het verstandig gesê dat ons die Skrif veilig kan volg - die Skrif wat as 't ware soos 'n moeder voetjie vir voetjie loop met die oog op ons swakheid. Daar is egter diegene wat so versigtig of bang is dat hulle sou wil sien dat alle vermelding van die predestinasie begrawe moet word. Hulle wil diegene wat swak is, nie verwar nie. Met watter gelaatskleur, vra ek jou, sal hulle hul aanmatiging wegsteek, daar hulle God bedektelik van onverstandige onbedagsaamheid beskuldig? Asof Hy die gevaar nie vooruitgesien het nie wat hulle - soos hulle hul verbeel - so verstandig uitskakel! Dus: wie ook al die leer van die predestinasie onder verdenking bring, laster openlik teen God - asof Hy iets onbesonne gesê het: iets wat skadelik vir die kerk is.

Die predestinasie, waardeur God sommige tot die hoop van die lewe aanneem en ander met reg tot die ewige dood veroordeel, durf niemand sommer verwerp nie. Ek bedoel: niemand wat as vroom beskou wil wees nie ... Ons noem predestinasie die ewige besluit van God waardeur Hy self bepaal het wat volgens sy wil van elke mens sou word. Want almal word nie op gelyke voet geskape nie. Immers, sommige word voorverordineer tot die ewige lewe en ander tot die ewige veroordeling. En derhalwe, na gelang elkeen vir een van beide bestemmings geskape is, sê ons dat hy óf tot die lewe of tot die dood gepredestineer is.

Inst. III, 21, 4 en 5

*Here, ons aanbid U ook in u raadsbesluite wat soos u Wese goed en louter wysheid is.*

## 13 Augustus

*Ps.2*

DIE VOORBESKIKKING VAN GOD GAAN OOK OOR VOLKE

> *Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel. - Deut. 32:8*

God het hierdie predestinasie nie alleen ten opsigte van elke mens uitgespreek nie, maar het ook 'n voorbeeld daarvan gegee in Abraham se hele nageslag. Daarmee het Hy geopenbaar dat die toekoms van elke volk geheel en al in sy hande is: toe die Allerhoogste die volke verdeel en die kinders van Adam geskei het, was die volk van Israel sy deel en die maatstaf waarvolgens Hy laat erf het. Die afsondering is vir almal duidelik: in die persoon van Abraham word een volk in die besonder (met die verwerping van ander volke) uitgekies. Dit is soos 'n boomstam wat uitdroog. Die rede hiervoor word nie gegee nie. Al wat gesê word, is dat Moses leer dat die afstammelinge uitstyg alleen deur die onverdiende liefde van God. So word hulle alle aanleiding tot roem ontneem. Want die oorsaak waaraan hy hulle behoud toeskryf, is dat God die vaders liefgehad en hul nasate verkies het (Deut. 4:37). Nog duideliker sê hy in 'n ander hoofstuk: Nie omdat julle die ander volke oortref in getal, het die Here 'n behae in julle gehad dat Hy julle verkies het nie, maar omdat Hy julle liefgehad het (Deut. 7:7).

Telkens herhaal hy vermanend: "Kyk, aan die Here jou God behoort die hemel, die aarde en alles wat daarin is. Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê en Hy het julle, hulle nageslag, uitgekies . . ." (Deut. 10:14, 15).

En om alle hoogmoed totaal te vernietig, verwyt hy hulle dat hulle niks van dié aard verdien het nie. Want hulle was 'n koppige en hardnekkige volk (Deut. 9:6) .. . Laat hulle nou na vore kom wat die verkiesing van God aan die waardigheid van mense wil bind, of aan verdienstelike werke.

Inst. III, 21, 5

*Hoe dank ons Unie dat u voorsienigheid ook oor die lotgevalle van volke gaan nie,*

## 14 Augustus

*Rom. 9:6-13*

OOK UIT DIE GESLAG VAN ABRAHAM IS NET SOMMIGE VERKIES

> *Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het ek Jakob liefgehad, maar Esau het ek gehaat... - Mal. 1:2 en 3*

God het sommige uit die geslag van Abraham afgewys en ander in sy kerk behou... Ismaël het aanvanklik dieselfde posisie as sy broer Isak beklee. Want die geestelike verbond was in hom nie minder beseël deur die teken van die besnydenis nie. Ismael word afgesny, en daarna Esau. Kortom, 'n tallose menigte en byna die hele Asriël. In Isak is die nageslag geroep. En dieselfde roeping is in Jakob voortgesit. 'n Dergelike voorbeeld het God gegee deur Saul te verwerp. Dit word ook in Psalm 78:67, 68 pragtig gestel: "Hy het die geslag van Josef verwerp en teen die stam van Efraim gekies. Hy het die stam van Juda verkies..."

Die besondere weldaad van God was hierin geleë dat Hy besluit het om Israel bokant die ander volke te stel. Soos gesê word in die Psalm 147:20: "Dit het Hy vir geeneen van die ander nasies gedoen nie; hulle ken sy bepalings nie ..."

Reeds in die verkiesing van die hele volk het God getoon dat Hy in sy loutere genadetoewysing deur geen wette gebind is nie, maar vry is. 'n Gelyke verdeling van sy genade mag dus allermins van Hom verwag word - juis die ongelyke verdeling van die genade bewys dat dit waarlik onverdiend is.

Inst. III, 21, 6

*Here, ons aanbid U in u volmaakte wysheid- ook as ons nie verstaan nie. En sodoende bely ons ons nietigheid.*

## 15 Augustus

*Hebr. 6:13-20*

DIE RAAD VAN GOD IS EWIG EN ONVERANDERLIK

*My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen. - Jes. 46:10*

As daar gesê word: "Jakob het ek liefgehad", het dit betrekking op die aartsvader se hele nageslag, wat die profeet teenoor die nakomelinge van Esau stel. Maar dit verhinder nie dat in een mens 'n voorbeeld aan ons gegee word van die verkiesing wat sy einddoel moet bereik nie ...

Ons sè dus wat die Skrif duidelik aantoon: dat God deur sy ewige en onveranderlike Raad, eens vir altyd vasgestel het watter mense Hy eendag tot saligheid wil aanneem en watter Hy aan die verderf prysgee. Ons handhaaf dat hierdie Raad - wat die uitverkorenes betref- in sy onverdiende genade gegrond is, sonder aansien van menslike waardigheid. En ons handhaaf dat die toegang tot die lewe gesluit is vir hulle wat Hy aan veroordeling oorgelewer het deur sy ongetwyfeld regverdige en onberispelike (maar tog onbegryplike) oordeel.

Alles wat ons gesê het, word deur baie teëgespreek. Dit geld veral die verkiesing van gelowiges uit genade alleen. Dit kan egter nie ondermyn word nie. Want oor die algemeen verkeer mense onder die indruk dat God tussen persone onderskeid maak na gelang Hy vooruitsien wat elkeen se verdienste sal wees. Hy sou dus vir hulle as sy kinders aanneem van wie Hy vooruit weet dat hulle sy genade waardig sal wees. En Hy sou hulle - van wie Hy merk dat hulle sal neig tot kwaad en goddeloosheid - aan die verdoemenis van die dood prysgee. Deur so die dekmantel van vooruitweet tussenin te skuif, verdoesel hulle nie alleen die verkiesing nie, maar versin hulle ook 'n ander oorsprong daarvoor.

Inst. III, 21, 7 en 22, 1

*Here, ons aanbid, want U het ons verkies uit vrye genade en nie vanweë vooruitgesiene goedheid in ons nie.*

## 16 Augustus

*Rom. 1:18-21*

DIE HERE GEE WYSHEID

*. . . die HERE gee wysheid ... - Spr. 2:6*

Daar is ander, wat nie in die Skrif geoefen is nie en op wie jy geen ag hoef te slaan nie. Hulle verrinneweer die gesonde leer met soveel onbeskaamdheid, dat hul brutaliteit nie geduld kan word nie. Omdat God sommige na sy goeddunke verkies en ander verbygaan, dreig hulle om 'n regsgeding teen Hom aanhangig te maak. Maar as dié feit self bekend is, watter baat sal hulle daarby vind om teen God 'n saak te maak? Ons leer niks wat nie duidelik blyk uit die ervaring nie, naamlik dat dit God altyd vry gestaan het om sy genade te skenk aan wie Hy wil.

Ek sal nie vra hoe dit dan is dat Abraham se nageslag bokant ander uitgemunt het nie. Dit wil sê, ek sou dié vraag nie stel indien dit nie opkom uit die onderskeiding wat God self maak nie.

Laat hulle antwoord waarom hulle mense is en nie osse of esels nie. Ofskoon God hulle as honde kon geskep het, het Hy hulle na sy beeld gemaak. Sal hulle die onredelike diere toelaat om met God oor hulle lot te twis, asof daar onbillik teen hulle gediskrimineer is?

Dit is sekerlik nie redeliker dat hulle die voorreg heeltemal onverdiend besit nie as dat God sy weldade volgens sy goeddunke verskillend uitdeel...

Wanneer Paulus leer (Ef. 1:4) dat ons in Christus vóór die skepping van die wêreld uitverkies is, skakel hy ongetwyfeld alle oorweging van ons eie waardigheid uit.

Inst. III, 22, 1

*Here, vervang die dwaasheid van ons onverstandige en verduisterde hart deur wysheid van Bo.*

## 17 Augustus

*1 Kor. 1:26-31*

VERHEERLIK DIE GOD VAN DIE VERKIESING

*"Dié wat wil roem, moet in die Here roem."- 1 Kor. 1:31*

Waar God se wil ook al geld, kom die mens se werke nie in aanmerking nie . .. Christus het aan sy dissipels gesê: "Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitgekies" (Joh. 15:16). En dit is op alle gelowiges van toepassing. Daar sluit Hy die voorafgaande verdienste uit. En Hy gee ook te kenne dat hulle in hulself niks gehad het waarom hulle uitverkies sou word nie - indien Hy sy genade nie daaraan vooraf laat gaan het nie . . .

Verder sê Paulus in sy brief aan die Romeine (9:6-11) - waar hy die. onderwerp meer indringend en uitvoerig behandel - dat nie almal wat van Israel afstam Israeliete is nie. Want hoewel almal met 'n erflike reg geseën is, het die erfopvolging tog nie eweredig op almal oorgegaan nie...

Hoewel Paulus toegee dat Abraham se nageslag vanweë die verbond afgesonder was, hou hy tog vol dat hulle hoofsaaklik buitestaanders is. Dit is nie net die geval omdat hulle ontaard het en verander het van wettige na onegte kinders nie; dit is veral so omdat net God se besondere uitverkiesing sy aanneming bekragtig en bokant alles uittroon. En alles beheer . . .

Wat sê Paulus? "Toe haar kinders nog nie gebore was nie en ook nog niks goeds of kwaads gedoen het nie, toe is al vir haar gesê: 'Die oudste sal die jongste dien.' Daar staan ook geskrywe: 'Jakob het Ek liefgehad, maar Esau het ek gehaat.' Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing; dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van Hom wat jou roep" (Rom. 9:11-13) . . .

Ja, dit skyn of God ook ten opsigte van ander altyd met opset die eerstegeboortereg verbygaan. En so word die mens alle rede tot roem ontneem. Met afwysing van Ismael begunstig Hy vir Isak. Hy stel Manasse op die agtergrond en eer Efraim.

Inst. III, 22, 3, 4, 5

*Here, as ons dan wil roem, laat ons roem in U wat ons uitverkies het.*

## 18 Augustus

*Rom. 11:1-6*

DIE UITVERKORE OORBLYFSEL UIT DIE VERBONDSVOLK

> *Net so is dit ook vandag: daar is 'n oorblyfsel wat uit genade deur God uitverkies is. - Rom. 11:5*

'n Mens moet let op die kleiner aantal gelowiges van wie Paulus in Rom. 11:2 skryf. Hy sê God het hulle lank tevore verkies. En Hy het hulle nie vantevore verkies soos die dwaalleraars hulle verbeel nie, naamlik dat Hy bloot passief toekyk en self niks doen nie... In Hand. 2:23 (soos Lukas dit beskryf), sê Petrus dat Christus deur die bepaalde Raad en voorkennis van God aan die dood oorgelewer is. Nou ly dit geen twyfel dat hy God nie as 'n blote toeskouer voorstel nie. Wel as die Bewerker van ons saligheid.

En elders sê ook Paulus dat God hulle ken wat aan Hom behoort (2 Tim. 2:19). So laat hy diegene wat net 'n masker op het, maar voor die wêreld die eerste plek onder die vromes opeis, se grootpratery ophou.

Kortom, met hierdie woord dui Paulus vir ons twee soorte mense aan: die een klas wat uit die hele geslag van Abraham bestaan, en die ander wat daaruit afgesonder is. Gód weet wie hulle is, maar die mense nie. En dit ly geen twyfel nie dat hy dit aan die woorde van Moses ontleen het - Moses wat sê dat God barmhartig sal wees teenoor wie Hy wil. Dit is so, hoewel daar sprake was van die uitverkore volk, wat almal skynbaar dieselfde status bly geniet het. Dit is asof Paulus gesê het dat in die algemene aanneming daar by God 'n besondere genade vir sommige as 'n heilige skat ingesluit was. En dat die gemeenskaplike verbond nie verhinder het dat die geringe getal uit die massa uitgesonder is nie.

Inst. III, 22, 6

*Ons dank U dat selfs die magte van die doderyk die klein kuddetjie, u kerk, nie sal oorweldig nie.*

## 19 Augustus

*Ps. 135:1-6*

ALLES HANG VAN GOD AF

> *Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys. - Ps. 115:1*

Ons moet hieraan vashou: wanneer Christus verseker dat Hy weet wie Hy uitverkies het (Joh. 13:18), word 'n besondere groep in die menslike geslag aangedui. Ons moet ook handhaaf dat hierdie groep nie onderskei word deur sy deugde nie, maar deur die hemelse besluit.

Hieruit volg dat niemand deur eie krag of vlyt uitmunt nie, aangesien Christus Homself tot die Bewerker van die verkiesing maak. Dat Hy elders vir Judas onder die uitverkorenes tel, hoewel hy 'n duiwel was (Joh. 6:70), het slegs op die verkiesing tot die apostelamp betrekking. dit is wel 'n merkwaardige voorbeeld van Goddelike guns ..., maar dit behels tog nie die hoop op die ewige saligheid nie. Judas kon dus in die ontroue uitoefening van sy apostelskap slegter as die duiwel gewees het. Christus sal egter nie toelaat dat iemand uit diegene wat Hy eenmaal in sy liggaam ingelyf het, verlore gaan nie. Deur die bevestiging van hul saligheid sal Christus doen wat Hy beloof het. Hy sal naamlik sy Goddelike mag uitoefen wat groter as alles is . . . Deur genadige aanneming vorm God hulle wat Hy as sy kinders wil hê. Hiervan is die inwendige oorsaak in Homself, aangesien Hy sy verborge besluit deurvoer.

Inst. III, 22, 7

*Here, u besluite is soos U self: altyd goed.*

## 20 Augustus

*Jes. 8:13-18*

DIE EVANGELIE ROEP SLEGS DIE UITVERKORENES TOT GELOOF

> *Wie het geglo wat aan ons verkondig is ? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar? - Jes. 53:1*

Sommige se beswaar is dat God met Homself in stryd sou wees indien Hy almal na Hom uitnooi, maar net die paar uitverkorenes binnelaat. Die algemeenheid van die beloftes laat die onderskeid wat in die besondere genade gemaak word, verval. So praat sommige gematigde mense. En dit is nie soseer om die waarheid te onderdruk nie, as om netelige kwessies uit te skakel. En om die nuuskierigheid van baie te beteuel. Hul oogmerk is prysenswaardig, maar hul beredenering is allermins goed te keur. Want om uitvlugte te soek, is nooit goed te praat nie. Die laster van die voorbariges is egter ongetwyfeld alte afstootlik en hul dwaling alte skandelik.

Hoe versoen die Skrif dié twee sake dan? - dat almal deur die uitwendige prediking tot berou en geloof geroep word, maar dat die Gees van bekering en geloof tog nie aan almal gegee word nie ... Die standpunt wat die dwaalleraars inneem, kan ek nie aanvaar nie omdat dit in twee opsigte onjuis is. Want God dreig dat terwyl dit in een stad reën, daar in 'n ander droogte sal wees (Amos 4:7). En elders dreig Hy dat daar 'n Woordhongersnood sal wees (Amos 8:11). Hy verbind Hom dus nie deur 'n vaste wet dat Hy almal sonder onderskeid sal roep nie. God het Paulus verbied om die Woord in Asië te verkondig, hom Bitinië laat verbygaan en na Masedonië laat gaan (Hand. 16:6). Daarmee toon Hy aan dat Hy die soewereine reg het om dié skat uit te deel aan wie Hy wil.

Deur Jesaja (Jes. 8:16) toon Hy egter duideliker aan hoe Hy die beloftes van die saligheid spesiaal vir die uitverkorenes bestem. Want Hy verklaar dat sy dissipels alleen uit hulle sou kom - nie voor die voet uit die hele menslike geslag nie.

Inst. III, 22, 10

*Here, U gee die geloof aan wie U wil. Daarin berus ons, want u werk is volmaak.*

## 21 Augustus

*Rom. 11:33-36*

MOENIE REDENEER OOR DIE ONDEURGRONDELIKE RAAD NIE

*So ook ken niemand die verborge dinge van God nie . . . - 1 Kor. 2:11*

As Jesaja gesê het die evangelie word kwaadwillig en dwarsweg verag omdat baie hardnekkig weier om te hoor, sou daar nog miskien iets ten gunste van die algemene roeping gesê kon word. Dit is egter nie sy bedoeling om die mense se skuld te verklein wanneer hy verklaar: die bron van hul blindheid is hierin geleë dat God dit nie goed ag om sy arm aan hulle te openbaar nie. Die profeet wil ons maar net daaraan herinner dat dit tevergeefs is dat uitwendige lering in ons ore klink. Want geloof is 'n besondere gawe.

Ek sou van hierdie teoloë graag wil weet of dit bloot die prediking, of geloof is wat van mense kinders van God maak. Wanneer in Joh. 1:12 gesê word dat almal wat in die eniggebore Seun van God glo, ook self kinders van God word, is dit sekerlik nie 'n verwarde stelling nie. Inteendeel. Daar word 'n besondere status verleen aan gelowiges as kinders van God.

En dit is nie omdat hulle dit van nature is, of deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar omdat God hul Vader is.

Maar, sê hulle, die geloof en die Woord stem onderling ooreen. Ongetwyfeld - waar daar wérklik geloof is. Maar dat die saad tussen die onkruid of op klipbank geval het, is niks nuuts nie. Nie alleen omdat die meeste mense inderdaad weerspannig teen God blyk te wees nie, maar ook omdat nie almal met oë en ore begenadig is nie.

Hoe is dit dus te rym dat God diegene na Hom roep van wie Hy weet dat hulle nie sal kom nie ? Laat Augustinus namens my antwoord: "Wil u met my redeneer? Bewonder met my en roep uit: o diepte! Laat ons saamstem in siddering, sodat ons nie in dwaling omkom nie."

Inst. III, 22, 10

*Here, laat ons verstaan dat Goddelike wysheid nie met menslike denke verstaan kan word nie.*

## 22 Augustus

*Ef. 1:1-6*

GELOOF 'N GAWE AAN DIE UITVERKORENE

> *Van Paulus, 'n dienaar van God en 'n apostel van Jesus Christus. Ek het die opdrag ontvang om die uitverkorenes van God te lei tot die geloof en tot kennis van die waarheid, dié waarheid wat lei tot die diens van God... - Tit. 1:1*

Paulus sê in Ef. 1:3 dat ons geseën is met alle geestelike seëninge, omdat God ons uitverkies het voor die skepping van die wêreld. Uit die reeks van oorsake en gevolge wat hy daar noem, kan 'n mens maklik aflei dat hierdie rykdomme juis nie almal se deel is nie: God het net diegene uitverkies wat Hy wóú uitverkies.

Dit is die rede waarom hy elders (Tit. 1:1) praat van die geloof van die uitverkorenes. Daarom moet 'n mens nie meen dat iemand die geloof deur eie toedoen vir homself verwerf nie. Dié eer berus by God om diegene wat Hy tevore verkies het, uit genade te verlig.

Tereg sê Bernard van Clairvaux: "Christus se vriende hoor afsonderlik as Hy aan hulle sê: "Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want aan julle is dit gegee om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te verstaan." Wie is hulle? Dit is hulle wat Hy tevore geken en verordineer het om die beeld van sy Seun gelykvormig te wees." En 'n bietjie verder kom hy tot die gevolgtrekking: "Die barmhartigheid van God is van ewigheid tot ewigheid oor die wat Hom vrees: van ewigheid weens die predestinasie en tot ewigheid weens die verheerliking, waarvan die eerste geen begin en die laaste geen einde ken nie."

Maar waarom vir Bernard as getuie aanhaal? En dit terwyl ons uit die mond van die Meester hoor dat alleen hulle wat van God afkom, sien (1 Joh. 6:46)?

As Hy wou hê dat almal gered moes word, sou Hy sy Seun as hul Beskermer aangestel en hulle almal deur die heilige band van die geloof in sy liggaam ingelyf het. Maar nou staan dit vas dat die geloof 'n besondere waarborg van sy Vaderlike liefde is, wat weggelê is vir die kinders wat Hy aangeneem het.

Inst. III, 22, 10

*Here, maak ons hoe langer hoe meer bewus daarvan dat ons uitverkies is om te glo.*

## 23 Augustus

*Rom. 9:6-15*

OOR DIE VERWERPING

> *Daar staan ook geskrywe: "Jakob het Ek liefgehad, maar Esau het Ek gehaat." - Rom. 9:13*

Nou moet ons nog praat oor die verworpenes - Paulus handel ook oor hulle. Toe Jakob nog niks deur goeie werke verdien het nie, word hy tot genade aangeneem. Net so word Esau gehaat toe hy nog deur geen enkele wandaad besoedel was nie.

Wanneer ons na die werke kyk, veronreg ons die apostel - asof hy nie gesien het wat vir ons so duidelik is nie. Ook is die bewys gelewer dat hy so 'n standpunt nie huldig nie. Want hy betoog dat juis toe Jakob en Esau nog geen goed of kwaad gedoen het nie, die een verkore en die ander verworpe was. So bewys hy dat die fondament van die Goddelike predestinasie nie in die werke geleë is nie.

Verder opper hy vraenderwys die beswaar of God dan nie onregverdig is nie. Hy voer dan egter nie ter verdediging aan wat die sekerste en duidelikste bewys van die regverdigheid van God sou gewees het nie. En die is naamlik dat Hy Esau vergeld het na sy sonde. Inteendeel. Hy is tevrede met 'n ander oplossing, te wete dat die verworpenes aangevuur word met die doel dat die glorie van God deur hulle aan die lig gebring sal word.

Eindelik voeg hy hierdie slotsom daaraan toe: dat God barmhartig is oor wie Hy wil en verhard wie Hy wil. Sien jy dat hy albei aan 'n besluit van God toeskryf?

Indien ons dus geen ander rede kan aanvoer waarom God sy kinders barmhartigheid waardig ag nie, as dat dit Hom behaag, dan sal ons ook vir die verwerping van ander geen rede hê behalwe dat dit sy wil is nie. Want wanneer gesê word dat God verhard wie Hy wil, of in sy genade bejeën wie Hy wil, dan word die mense daardeur vermaan om geen oorsaak buite sy wil te soek nie.

Inst. III, 22, 11

*Grote God, gee ons in u genade die perspektief en insig wat u wysheid veronderstel.*

## 24 Augustus

*Ps. 119:105-112*

DIE VERSTAND MOET DEUR DIE WOORD BETEUEL WORD

> *Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie nie. - Ps. 119:10*

Wanneer die menslike verstand hierdie dinge oor die uitverkiesing hoor, kan hy sy eiewaan nie bedwing nie: op allerlei wyses reageer hy heftig asof in reaksie op die geskal van 'n krygstrompet. Baie aanvaar die uitverkiesing op die voorwaarde dat niemand verwerp word nie -asof hulle God van die blaam wil vrywaar. Maar dit is alte onverstandig en kinderagtig. Want die verkiesing self sou nie staande bly sonder sy teendeel - die verwerping - nie.

Daar word gesê dat God diegene afsonder wat Hy tot saligheid aanneem. Dit sou louter dwaasheid wees om te sê dat ander toevallig, of deur inspanning verkry wat alleen deur die verkiesing aan 'n paar verleen word. God verwerp dus diegene wat Hy verby gaan. Hy doen dit wel om geen ander rede nie as dat Hy hulle wil uitsluit van die erfdeel wat Hy vir sy kinders voorbeskik het.

Die eiewaan van mense kan nie geduld word waar dit weier om met betrekking tot God se onbegryplike Raad deur sy Woord beteuel te word nie - die Raad wat selfs deur die engele aanbid word.

Ons het nou gehoor dat die verharding eweseer in die hande en goeddunke van God is as sy barmhartigheid. En Paulus poog ook nie angsvallig om God (volgens die voorbeeld van hulle wat ek genoem het) met behulp van 'n leuen te verontskuldig nie. Hy wys net daarop dat dit ongeoorloof is vir die skepsel om met sy Maker te twis (Rom. 9:20).

Hoe sal diegene wat ontken dat sommige deur God verwerp word, ontkom aan Christus se uitspraak (Matt. 15:13): "Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal uitgetrek word." Hulle hoor dat almal wat nie deur die hemelse Vader waardig geag is om as heilige bome in sy akker geplant te word nie, openlik aan die verderf toegewys en oorgegee word.

Inst. III, 23, 1

*Here, maak ons steeds gewillig om in ootmoed die skoling van u Woord te ondergaan.*

## 25 Augustus

*Rom. 9:15-24*

**DIE GODSREGERING GAAN OOR VERKIESING ÉN VERWERPING**

> *Dit is dus inderdaad so dat God Hom ontferm oor wie Hy wil, en dat Hy verhard wie Hy wil. - Rom. 9:18*

Laat die nugterheid van die geloof tevrede wees met Paulus se vermaning (Rom. 9:22): dat daar geen rede is om met God te twis nie. Hy wil enersyds sy toorn laat sien en sy mag bekend maak. En tog ook met groot verdraagsaamheid en tegemoetkomendheid die voorwerpe van toorn (wat reg was om verdelg te word) verdra. Andersyds maak Hy die rykdom van sy heerlikheid bekend teenoor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het vir die heerlikheid.

Laat die lesers opmerk dat Paulus - om alle aanleiding tot gefluister en laster by die wortel af te sny - die hoogste gesag toeken aan God se toorn en sy mag . . .

Tereg sê Augustinus in sy uitleg van Rom. 9:22, 23 dat wanneer God se mag by sy verdraagsaamheid gevoeg word, Hy dinge nie maar toelaat om te gebeur nie - Hy bestuur hulle deur sy krag. Ons teëstanders beweer dat daar nie sonder rede gesê word dat die "voorwerpe van sy toorn, die mense (is) wat reg was om verdelg te word" nie, maar dat dit Gód is wat "die voorwerpe van sy ontferming" vantevore voorberei het. Op dié manier sou Paulus die lig van die saligheid aan God toeskryf en Hom die eer gee. Maar hy sou die skuld van die verderf werp op hulle wat dit deur hulle eie toedoen oor hulle bring. Maar al sou ek erken dat Paulus (deur die verskil in uitdrukkingswyse) die hardheid van die eerste gedeelte (vers 22) versag, is dit tog allermins paslik om die voorbereiding vir die verderf aan iets anders toe te skryf as die verborge Raad van God. 'n Bietjie vroeër word daar dan ook in die teksverband verklaar dat God Farao verwek het en verhard wie Hy wil. Hieruit blyk dat die verborge Raad van God die oorsaak van die verharding is.

Inst. III, 23, 1

*Here, U is goed in alles wat U geopenbaar het - óók oor die verkiesing en die verwerping.*

## 26 Augustus

*Gen. 22:1-13*

DIE WIL VAN GOD IS DIE HOOGSTE GESAG

*"Laat die wil van die Here geskied!" - Hand. 21:14*

Wat reeds gesê is, sou vir vroom en beskeie mense en vir diegene wat onthou dat hulle mense is, meer as genoeg wees .. . Op baie maniere twis die dwase mense egter met God, asof Hy aan hul beskuldigings onderworpe is.

Hulle vra dan eerstens met watter reg die Here vertoorn is op sy skepsels wat Hom vantevore deur geen enkele oortreding uitgedaag het nie. Want om aan die verderf prys te gee wie Hy wil, pas meer by die willekeur van 'n tiran as die regverdige oordeel van 'n regter. Die mense sou dus rede hê om by God te kla as hulle deur sy goeddunke alleen -sonder eie toedoen - tot die ewige dood gepredestineer word.

Dergelike gedagtes kom soms ook by vroom mense op. As dit gebeur, sal hulle om sulke ingewings te fnuik reeds deur hierdie een oorweging voldoende gewapen wees. Dit is naamlik om te bedink hoe sondig dit is om aan te dring op die redes van die Goddelike wil. Die wil van God is tog self die oorsaak van alles wat is. En behoort dit ook te wees. Want as sy wil enige oorsaak het, moet daar iets wees wat daaraan voorafgaan, waaraan dit as 't ware vasgebind is. En jy mag dit nie inbeeld nie. Want die wil van God is so volstrek die hoogste norm van regverdigheid dat al wat Hy wil as regverdig aanvaar móét word -juis omdat Hy dit wil.

Wanneer daar dus gevra word waarom die Here so gehandel het, moet geantwoord word: omdat Hy dit gewil het. En indien jy verder gaan en vra waarom Hy dit gewil het, dan vra jy na iets wat groter en hoer as die wil van God is. En dit kan nie gevind word nie.

Inst. III, 23, 2

*Maak dit my daaglikse spyse en vreugde om u wil te volbring.*

## 27 Augustus

*Job 42:1-6*

HIEROOR IS ONS NIE BEVOEGDE REGTERS NIE

> *Kyk, ek is te gering. Wat kan ek U antwoord? Ek lê my hand op my mond. - Job 39:37*

Laat die mens sy vermetelheid beteuel en nie vra na wat nie bestaan nie, sodat hy nie miskien wat wél bestaan, nie vind nie.

Deur hierdie stang sal elkeen wat met eerbied oor die verborgenhede van God wil nadink, goed in toom gehou word. Daar is ook die oormoedigheid van die goddelose wat nie huiwer om God openlik te laster nie. Teen hulle sal die Here Homself deur sy geregtigheid -sonder ons hulp - genoegsaam verdedig. Hy sal dit doen wanneer Hy hul gewetens elke uitvlug ontneem, hulle oortuig en skuldig stel.

En tog beweer ons nie dat daar 'n absolute mag is nie... Ons gee nie voor dat God wetteloos is nie: Hy is 'n wet vir Homself... Die wil van God wat nie alleen vry van elke fout is nie, maar ook die hoogste norm van alle volmaaktheid is, is ook die wet van alle wette.

Maar ons ontken beslis dat Hy verplig is om rekenskap te gee. Ons ontken ook dat ons geskikte regters is om na ons insig uitspraak in hierdie saak te doen. As ons derhalwe in die versoeking kom om verder te gaan as wat geoorloof is, laat die waarskuwing van die psalm ons baie bang word (Ps. 51:6). Dit sê dat God oorwinnaar sal wees so dikwels as Hy deur 'n sterflike mens geoordeel word.

Soos ons almal deur die sonde verdorwe is, moet ons wel haatlik voor God wees. En dit is nie vanweë die wreedheid van 'n tiran nie, maar volgens die onpartydigste maatstaf van geregtigheid.

Almal wat deur die Here tot die dood gepredestineer is, is weens die verdorwenheid van hul natuur onderhewig aan die oordeel van die dood. Oor watter onreg wat hulle aangedoen is, vra ek u, sou hulle dan kan kla?

Inst. III, 23, 2 en 3

*Allerheiligste God, hoe durf ons in ons diepe verdorwenheid 'n oordeel vel oor u wil en werke.*

## 28 Augustus

*Ps. 135:1-6*

DIE GROTE GOD EN DIE NIETIGE MENS

> *Mense is verganklik, mense is niks: op 'n skaal wys hulle geen gewig nie, saam is hulle minder as niks. - Ps. 62:10*

Weer voer die teëstanders aan: is die verworpenes nie deur God se ordinansie gepredestineer tot dié verdorwenheid wat nou as rede vir hul veroordeling aangegee word nie? Wanneer hulle dus in hul verdorwenheid omkom, dra hulle niks anders nie as die straf van die rampsaligheid waarin Adam - deur die predestinasie van God - geval het en sy nageslag met hom meegesleur het. Is God, wat sy skepsels so wreed bespot, dan nie onregverdig nie?

Ek erken openlik dat alle kinders van Adam deur God se wil in die toestand van ellende waarin hulle nou is, beland het. En dit is presies wat ek van die begin af gesê het, naamlik dat ons uiteindelik altyd moet terugkom na die beslissing van die wil van God alleen. En daarvan is die oorsaak in Hom verborge.

Maar daaruit volg nog nie logies dat God aan hierdie lastering onderworpe is nie. Want ons sal saam met Paulus so daarop antwoord: "Mens, wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer ? Hoe kan die maaksel vir sy maker sê: "Waarom het jy my so gemaak? Het die pottebakker nie die reg om uit dieselfde klomp klei iets besondere én iets alledaags te maak nie?" (Rom. 9:20, 21).

Hulle sal wel ontken dat die reg van God op hierdie manier waarlik verdedig word. En hulle sal beweer dat na 'n uitvlug gesoek word, soos diegene wat geen gegronde bewyse kan aanvoer nie, gewoonlik doen. Want wat skyn hier anders gesê te word as dat God oor 'n mag beskik wat nie verhinder kan word om alles te doen wat dit wil nie ? Dit is egter op verre na nie so nie.

Inst. III, 23, 4

*Leer ons alles omtrent ons nietigheid, en iets van u grootheid verstaan.*

## 29 Augustus

*Ps. 145:1-8*

U GEDAGTES IS NIE ONS GEDAGTES NIE

> *Selfverheffing en hoogmoed is daar nie by my nie, Here. Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is.* - Ps. *131:1*

Watter argument kan 'n mens aanvoer wat meer oortuigend is as dat ons beveel word om na te dink oor wie God is? Want hoe sou Hy, die Regter van die aarde, enige ongeregtighede kan doen? As regspleging juis tot die natuur van God behoort, het Hy die regverdigheid derhalwe van nature lief en het Hy 'n afkeer van onregverdigheid. Die apostel het dus nie - asof hy vasgevang was - na geheime uitvlugte gesoek nie. Hy het net daarop gewys dat die Goddelike geregtigheid te hoog is om volgens menslike maatstaf gemeet te word. Of deur die nietige menslike verstand begryp te kan word.

Die apostel verklaar wel dat die diepte van God se oordele so geweldig is, dat alle mense wat dit wil peil, se verstand daardeur verswelg sal word.

Hy leer ons ook hoe bespotlik dit is om die werke van God aan hierdie wet te onderwerp: dat ons hulle durf afkeur sodra hulle nie met ons rede klop nie. Monsteragtig is die dwaasheid van mense wanneer hulle volgens hul beperkte verstand probeer meet wat onmeetlik is.

Aan die lasteraar van die Goddelike voorsienigheid sê ek saam met Paulus dat daar geen rekenskap van afgelê hoef te word nie. Want sy grootheid gaan ons begrip ver te bowe. Hierin is tog niks vreemds of absurds nie! Of wil die lasteraar beweer dat God se mag so beperk is dat dit nie in staat is tot meer as wat sy verstand kan vat nie? Ek sê saam met Augustinus dat die Here mense geskape het van wie Hy sonder twyfel vantevore geweet het dat hulle na die verderf sou gaan; en dat dit so geskied het omdat Hy dit so gewil het. Ons mag egter nie na die rede daarvoor vra nie.

Inst. III, 23, 4 en 5

*Lei my "op die regte paaie tot die eer van u Naam".*

## 30 Augustus

*Jes. 40:12-17*

GLO NET EN AANBID

> *O julle verkeerdheid! Of moet die pottebakker beskou word as klei, dat die maaksel van sy maker kan sê: Hy het my nie gemaak nie, en die vormsel van sy vormer kan sê: Hy het geen verstand nie? - Jes. 29:16*

Dit pas ons nie om die Goddelike wil tot 'n twispunt te verlaag nie. So dikwels as ons daaroor praat, bring ons die hoogste maatstaf van geregtigheid ter sprake. Waarom dan vrae stel oor ongeregtigheid as die geregtigheid van God so duidelik blyk?

En ons moet ook nie skaam wees om die oormoediges se monde te snoer nie. Paulus gee vir ons die voorbeeld. So dikwels as hulle dit waag om te laster, moet ons herhaal: Wie is julle, ellendige mense, wat beskuldiging teen God inbring? En dit omdat Hy die grootheid van sy werke nie aanpas by julle swak begripsvermoë nie? Asof hulle verkeerd is omdat die mens se brein hulle nie kan snap nie!

Jy dra kennis van die onmeetlikheid van God se oordele: jy weet dat hulle 'n diepe afgrond genoem word (Ps. 36:7) . . .

Wanneer jou verstand jou in die steek laat, moet dan nie versuim om Augustinus se raad te aanvaar nie: "Jy, 'n méns, verwag van my 'n antwoord. Ek is ook maar 'n mens. Laat ons derhalwe albei luister na Hom wat sê: "O mens, wie is jy?" 'n Gelowige onwetenheid is beter as 'n onverantwoorde wete. Soek verdienste; jy sal net straf vind: o diepte! Petrus verloën; die moordenaar glo: o diepte! Soek jy 'n verklaring? En word bang vir die diepte. Redeneer jy maar - ek sal bewonder. Debatteer jy maar - ek sal glo. Ek sien die diepte, maar nie tot op die bodem nie. Paulus het rus gevind omdat hy bewondering ontdek het. Hy noem die oordele van God ondeurgrondelik. En het jy gekom om hulle te deurgrond? God sê dat sy weë ondeurgrondelik is. Deurvors jy hulle? ..."

Inst. III, 23, 5

*Here, ons praat te min met U, daarom verstaan ons U nog so sleg.*

## 31 Augustus

*Filip: 2:12-18*

PREDESTINASIE ÉN VERANTWOORDELIKHEID WORD GEHANDHAAF

> *Met eerbied en ontsag moet julle voortwerk aan julle verlossing, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer. - Filip. 2:12, 13*

Dit moet vir almal vasstaan wat Salomo in Spr. 16:4 sê: dat God alles gemaak het vir sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil...

Net soos dit tot die wysheid van God behoort om alles wat sal gebeur vooruit te weet, so behoort dit tot sy mag om alles deur sy hand te regeer en te bestuur. En Augustinus lê hierdie vraagstuk (soos ander) verstandig uit: "Ons bely baie suiwer wat ons heeltemal tereg glo, naamlik dat die God en Here van alle dinge die lewe van engele en mense so verorden het dat Hy daarin eers getoon het wat die vrye wil kon doen. En toe het Hy laat blyk wat die weldaad van sy genade en die oordeel van sy geregtigheid kan bewerk. Ek praat van dié God wat alles baie goed geskep het; wat vantevore geweet het dat die kwaad uit die goeie sou voortkom; dat dit tot sy allesvermoënde goedheid behoort het om die goeie uit die kwaad te laat voortkom, eerder as om die kwaad nie te laat bestaan nie . . ."

Die verderf van die goddelose hang so af van die predestinasie van God dat sowel die oorsaak as die saak self in hulle self gevind word. Want die eerste mens het geval omdat die Here geoordeel het dat dit so dienstig is. Waarom Hy so geoordeel het, is vir ons verborge. Dit is egter seker dat Hy nie anders geoordeel het net omdat Hy gesien het dat die eer van sy Naam daardeur treffend in die lig gestel sou word nie.

Wanneer u hoor dat van God se eer melding gemaak word, moet u besef daar is geregtigheid aanwesig. Want wat lof verdien, behoort regverdig te wees. Die mens val dus, aangesien God dit so beskik. Maar hy val deur sy eie skuld.

Inst. III, 23, 6, 7 en 8

*Here, laat ons begryp en ervaar dat u genade ons tot dade aanvuur.*

## 1 September

*Jak. 1:13-17*

DIE VERWORPENES SLUIT DIE OË VIR HULLE VERDORWE NATUUR

> *Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. - Jak. 1:14*

Nie lank voor die sondeval nie, het die Here verklaar (Gen. 1:31) dat alles wat Hy gemaak het baie goed was ... Om te verhoed dat gemeen sou word dat die mens se verdorwenheid uit die skepping voortkom, het God self goedgekeur wat van Hom afkomstig was. Die mens het dus deur sy eie verdorwenheid die rein natuur wat hy van die Here ontvang het, besoedel. En deur sy val het hy sy hele nageslag saam met hom na die verderf gesleur.

Laat ons daarom liewer die menslike geslag se verdorwe natuur betrag. Dit is die klaarblyklike oorsaak van ons veroordeling. En daarvan weet ons ook meer. Ek sê: laat ons liewer dit doen as om die verborge geheel en al onbegryplike oorsaak in die predestinasie van God te probeer peil.

En laat dit vir ons nie ergerlik wees om ons verstand aan die onmeetlike wysheid van God te onderwerp nie - vir sover as dit moet buig voor sy baie verborgenhede. Want onkundigheid oor die dinge wat 'n mens nie kan of mag weet nie, is om geleerd te wees. En die passie om dit te wil weet, is 'n vorm van geestesafwyking . . .

Die verworpenes wil verontskuldig word van die feit dat hulle sondig ... Maar ons ontsê hulle hierdie reg. Die billikheid van die beskikking waardeur hulle voorgee dat hulle tot die verderf bestem sou wees, staan vas. Weliswaar is dié billikheid vir ons verstand onnaspeurbaar, maar dit is tog so seker as kan kom ...

Verder hou ons vol dat hulle hierin verkeerd handel: hulle soek die oorsprong van hul veroordeling in die verborge heiligdomme van God se Raad, maar vir die verdorwenheid van hul natuur (waaruit dit werklik opborrel), sluit hulle die oë. Hierdie verdorwenheid kan hulle nie aan God toeskryf nie, want Hy getuig van sy skepping dat dit goed is.

Inst. III, 23, 8 en 9

*Drie maal heilige God, laat ons die werklike oorsaak van ons sondes steeds by onsself soek.*

## 2 September

*Matt. 20:1-16*

GOD MAAK NIE ONDERSKEID NIE

> *Toe het Petrus aan die woord gekom en gesê: "Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar uit enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is." - Hand. 10:34, 35*

Die teëstanders beweer ook dat God onderskeid maak tussen mense -iets wat die Skrif oral ontken ... Maar die Skrif ontken dit in 'n ander sin as wat hulle meen, naamlik dat God net sekere persone aanneem. Met die term *persoon* dui die Skrif nie die mens aan nie, maar alles in 'n mens wat opvallend is en gewoonlik tot guns, aansien en waardigheid aanleiding gee - of haat veragting en oneer wek . . .

So leer Petrus en Paulus (Hand. 10:34; Rom. 2:10; Gal. 3:28) dat die Here nie sekere persone aanneem nie want Hy maak geen onderskeid tussen 'n Jood of Griek nie. Hy verwerp dus nie die een en neem die ander aan alleen op grond van die onderskeid in volk nie. Jakobus beklemtoon dat God in sy oordeel ook nie op rykdom ag slaan nie (Jak. 5:2)... God sien nie die mens aan nie, maar vind die rede om iemand te seën in sy eie goedheid.

Dat God dié wat Hy verwerp die verdiende straf vergeld, en aan hulle wat Hy roep onverdiende genade skenk, blyk onteenseglik uit die gelykenis van die skuldeiser. Dit is in sy mag om die een kwyt te skeld en van die ander die skuld te eis. Die Here kan dus ook - omdat Hy barmhartig is - genade gee aan wie Hy wil. Maar omdat Hy as Regter ook die reg handhaaf, hoef Hy dit nie aan almal te gee nie. En deur nie aan almal te gee nie, laat Hy blyk wat almal werklik verdien.

Inst. III, 23, 10 en 11

*Ons aanbid U, genadige én regverdige God.*

## 3 September

*Spr. 16:1-9*

DIE PREDESTINASIE MOET NIE VERDRAAI WORD NIE

> *So het Hy, nog voordat die wêreldgeskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. - Ef. 1:4*

Daar is nog iets wat die teëstanders telkens weer oprakel om die predestinasie mee te verdraai. Hulle beweer dat indien die predestinasie gehandhaaf word, alle erns en ywer om goed te doen inmekaar sou stort. Wie sou nie dadelik tot die slotsom kom dat dit nie saak maak hoe hy hom gedra nie - indien hy hoor dat sy lewe of dood deur 'n ewige, onveranderlike besluit van God bepaal is? Deur sy optrede kan die predestinasie van God tog in geen opsig verhinder óf bevorder word nie . . .

Die Skrif leer ons egter om met baie groter eerbied en godvresenheid oor so 'n groot verborgenheid te dink. So onderrig dit die vromes om heeltemal anders gesind te wees en weerlê uitnemend daardie mense se laakbare oormoedigheid. Want dit maak nie melding van die predestinasie om ons vermetel te maak nie. Of met die bedoeling dat ons sou probeer om met goddelose onbesonnenheid die ontoeganklike verborgenhede van God na te speur nie. Die doel is veeleer dat ons verootmoedig en neergewerp sou leer om te sidder vir sy oordeel. En om boontoe te kyk na sy barmhartigheid . . .

Die teëstanders sê dat hulle sorgeloos met hul sonde voortgaan. Want sou hulle behoort tot die getal uitverkorenes, sal hul sondes nie belet dat hulle uiteindelik tot die lewe gebring sal word nie. Maar Paulus (Ef. 1:4) wys daarop dat ons uitverkies is met die oog daarop om 'n heilige en onberispelike lewe te lei... Weg dus met hierdie soort heiligskennis wat die hele orde van die verkiesing omkeer . . . Want almal wat behoort tot die getal van die verworpenes, is voorwerpe wat tot oneer gevorm is, sodat hulle nie ophou nie om met hul voortdurende skandelike dade die toorn van God jeens hulle te wek.

Inst. III, 23, 12

*Here, gee ons steeds dié perspektief wat kenmerkend vir die waarheid is.*

## 4 September

*Joh. 15:12-17*

DIE VERKIESING MAAK 'N VROOM LEWE NIE OORBODIG NIE

> *Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. - Joh. 15:16*

Nog 'n bose en skaamtelose belastering van hierdie leer is dat dit alle vermanings om vroom te leef, uitskakel... Ons het reeds gesien watter openlike en welsprekende verkondiger van die genadige verkiesing Paulus was. Was hy om hierdie rede koud in sy vermaning en opwekking? Laat daardie sogenaamde goeie yweraars sy geesdrif vergelyk met hulle s'n - ys sal by hulle gevind word in vergelyking met sy ongelooflike vurigheid. En ongetwyfeld neem hierdie grondstelling van Paulus alle besware weg, naamlik dat God ons nie geroep het om onsedelik te lewe nie, maar heilig (1 Tess. 4:7). Verder sê hy dat God ons gemaak het wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het (Ef. 2:10).

Kortom, hulle wat enigsins onderrig is in Paulus se geskrifte, sal begryp hoe gepas hy die verkiesing met die aandrang om vroom te leef . . . versoen.

Ook Christus gebied dat ons in Hom moet glo. En tog is sy bevel nie in stryd met sy gebod wanneer Hy sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie" (Joh. 6:44). Laat die prediking dus sy loop hê, sodat dit die mense tot geloof kan lei en beweeg om voortdurend daarin te volhard. Maar laat die kennis van die predestinasie nogtans nie weerhou word nie. Dan sal die wat gehoorsaam is, nie mag grootpraat asof dit aan hulself te danke is nie, maar in die Here roem. Nie sonder rede nie sê Christus: "Wie ore het, moet luister!" (Matt. 13:9). Wanneer ons dus vermaan en preek, gehoorsaam hulle wat ore ontvang het, graag. Maar aan hulle wat nie ore het nie, word vervul wat geskrywe is: horende, hoor hulle nie (Jes. 6:9).

Inst. III, 23, 13

*Laat om al hoe meer besef dat ons genade ontvang het om geloofsgehoorsaam te wees.*

## 5 September

*Rom. 10:13-21*

DAAR MOET OOR DIE PREDESTINASIE GEPREEK WORD

> *... want ek het nie nagelaat om die heilsplan van God in sy volle omvang aan julle te verkondig nie. - Hand. 20:27*

"Maar waarom," sê Augustinus, "het sommige ore en ander nie? Wie het die gedagtes van die Here geken? Moet 'n mens dan ontken wat bekend is, omdat jy nie kan verstaan wat verborge is nie? . . . Die apostels en die leraars van die kerk wat na hulle gekom het, het eerbiedig gepraat oor die ewige verkiesing van God, en terselfdertyd die gelowiges onder die tug van 'n vroom lewe gehou. Die teëstanders word dus as 't ware omring deur die onoorwinlike krag van die waarheid. En hoe kan hulle nou dink dat wat oor die predestinasie gesê word -ofskoon dit die waarheid is - nie aan die gemeente gepreek moet word nie? Dit moet selfs onomwonde gepreek word, sodat wie ore het om te hoor dit kan hoor. En wie het ore, as hy dit nie ontvang het van Hom wat beloof het om dit te gee nie? Seker, laat hom wat nie ontvang nie die prediking verwerp. Maar laat hom wat ontvang, neem en drink, drink en leef! Want soos die vroomheid gepreek moet word - sodat God na behore gedien kan word - so ook die predestinasie. En dan sal wie ore het om te hoor, in God se genade roem en nie in homself nie".

En tog bied Augustinus die waarheid ook op so 'n manier aan om, vir sover moontlik, nie aanstoot te gee nie. Want dié heilige man wou baie graag opbouend wees. Daarom wys hy daarop dat die waarheid terselfdertyd gesê kan word.

Iemand sou die mense so toespreek: "As u nie glo nie, is dit omdat u reeds van Godsweë tot die verderf bestem is." Maar dan sou hy nie alleen traak-my-nie-agtigheid in die hand werk nie, maar ook vrye teuels aan die sondigheid gee.

Inst. III, 23, 13 en 14

*Here, ons loof U dat die lieflike en volledige waarheid ons vrymaak.*

## 6 September

*Matt. 10:12-16*

**VERKONDIG DIE EVANGELIE EN LAAT DIE RES AAN GOD OOR**

> *Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord. - Kol. 4:6*

As iemand sy gevoelens in die toekomende tyd sou lug en sê dat hulle wat hoor, nie sal glo nie omdat hulle verworpenes is, sal dit meer 'n vervloeking as onderrig wees. Nie sonder rede nie beveel Augustinus dat hul dwase leraars of linkse en onheilsprofete is wat uit die kerk moet padgee . . .

"God het alles wat Hy wil in die hemel en op die aarde gemaak. Hy het die toekomstige dinge gemaak. Dit ly dus geen twyfel dat die menslike wil hom nie teen God se wil kan versit sodat Hy nie sou doen wat Hy wil nie. Om die waarheid te sê: Hy doen met die menslike wil wat Hy wil. Bind Hy die mense miskien met liggaamlike bande wanneer Hy hulle na Hom wil bring ? Nee, Hy werk innerlik: Hy beheers die harte, neig hulle en beweeg hulle deur die wil wat Hy in hulle gewerk het," sê Augustinus. Maar wat hy dadelik daaraan toevoeg, mag nie weggelaat word nie: "Omdat ons nie weet wie tot die getal van die uitverkorenes behoort of nie behoort nie, moet ons so gesind wees dat ons sou verlang dat almal gered moet word. So sal dit gebeur dat ons ons beywer om iedereen wat ons ontmoet, 'n deelgenoot van vrede te maak. Maar ons vrede sal rus op die kinders van die vrede.

Wat ons betref, sal ons dus die heilsame en streng teregwysing aan almal moet rig met die doel om te genees. Maar dit sal aan God oorgelaat moet word om die teregwysing van krag te maak vir diegene wat Hy vantevore geken en verkies het".

Inst. III, 23, 14

*Here, watter voorreg en vreugde om te weet dat ons ewige bestemming deur U bepaal word.*

## 7 September

*Ef. 2:1-9*

ALLES, ALLES IS GENADE

> *Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword. - Hand. 13:48*

"Wanneer die Vader uit genade innerlik gehoor word," sê Augustinus, "neem Hy die hart van klip weg en gee 'n hart van vleis. So maak Hy hulle wat Hy vantevore vir die heerlikheid voorberei het, kinders van die belofte en voorwerpe van barmhartigheid. Waarom onderrig Hy dan nie almal om na Christus te kom nie? Net omdat Hy almal wat Hy onderrig uit *barmhartigheid* onderrig. Daarenteen onderrig Hy weens sy oordeel sommige nie. Want Hy ontferm Hom oor wie Hy wil, en verhard wie Hy wil. God neem dus diegene wat Hy verkies het as sy kinders aan en Hy beskik dit so dat Hy vir hulle 'n Vader word" . . . Hier vind waarlik plaas wat Paulus sê: "Dit hang dus nie van 'n mens se wil of strewe af nie, maar van God se barmhartigheid." (Rom. 9:16). En dit moet nie vertolk word soos party dit gewoonlik doen nie. Hulle skryf 'n deel aan die genade van God toe, en 'n deel aan die mens se wil en strewe. Hulle lê dit so uit dat die mens se verlange en pogings op sigself niks beteken nie - tensy dit deur die genade van God gedra word. Dan (so beweer hulle) speel die mens se verlange en pogings, bygestaan deur die seën van God, ook hulle rol by die verwerwing van die saligheid.

Inst. III, 24, 1

*Hoe sou ek, wat geestelik dood was, tot U kon roep, as dit nie vir u genade was nie.*

## 8 September

*Ef. 1:3-6*

DIE PREDESTINASIE VOLGENS DIE WOORD IS VOL VERTROOSTING

*Laat u woord my op die regte pad hou . . . - Ps. 119:133*

Die spitsvondigheid van diegene wat hul eie pogings in berekening wil bring, wil ek liewer met Augustinus se woorde as met my eie weerlê: "As die apostel net wou sê: dit hang nie van die mens se wil of strewe af nie, maar van God se barmhartigheid dan sal 'n mens ook die teendeel kan sê. Dit wil sê dat dit nie alleen van God se barmhartigheid afhang nie, maar óók van die mens se wil en strewe. Maar dit is klaarblyklik goddeloos. Ons moet nie daarom daaraan twyfel dat die apostel alles aan die barmhartigheid van God toeskryf en aan ons wil en ywer niks oorlaat nie" . . .

Daar is diegene wat die verkiesing laat afhang van wat later kom -asof dit in die weegskaal en ook sonder uitwerking was, totdat dit deur die geloof bevestig is. Solank as deur hierdie gedagtegang niks anders verstaan word nie as dit dat wat onbekend was bewys en beseël word, is daar geen beswaar nie. Maar dit is onwaar wanneer gesê word dat die verkiesing eers effektief is nadat ons die evangelie aanvaar het en dat dit sy krag verkry deur dat óns dit aanvaar.

En waarlik, al beskou 'n mens die uiteensetting van die predestinasie as 'n gevaarlike see, wag daar tog 'n veilige en kalm, ja, 'n aangename vaart - tensy jy jou moedswillig in gevaar begeef. Diegene wat die ewige Raad van God naspeur om sekerheid omtrent hul verkiesing te bekom, maar dit sonder sy Woord doen, werp hulleself in 'n bodemlose afgrond. Daarenteen pluk hulle wat die verkiesing op die regte en ordelike manier ondersoek, soos dit in die Woord van God vervat is, die uitnemende vrug van vertroosting.

Inst. III, 24, 1, 3 en 4

*Hou om op u voetspoor, dan sal ons nooit verdwaal nie.*

## 9 September

*1 Petr. 2:4-10*

CHRISTUS DIE SPIEËL VAN DIE VERKIESING

> *So het Hy (God), nog voordat die wêreldgeskep is, ons in Christus uitverkies . . . - Ef. 1:4*

Die hemelse Vader het ons as kinders aangeneem. Watter ander funksie het die uitverkiesing dan as om deur sy guns vir ons die saligheid en die onsterflikheid te verkry? Hoe jy ook al mag ondersoek en heroorweeg, sal jy merk dat die einddoel van die verkiesing nie verder strek nie.

Daarom word gesê dat God hulle wat Hy as sy kinders aangeneem het, nie in hulleself nie, maar in sy *Christus* verkies het. Hy kon hulle nie liefhê behalwe in Hom nie (Ef. 1:4). En Hy kon hulle nie vereer met die erfenis van sy ryk nie alvorens hulle Christus se deelgenote gemaak is. As ons in Hom verkies is, sal ons die sekerheid van ons verkiesing nie in onsself vind nie. Selfs nie in God die Vader nie - indien ons Hom vir ons alleen en sonder die Seun voorstel.

Christus is dus die spieël waarin ons ons verkiesing behoort te aanskou, en dit ook sonder bedrog kan doen. Want dit is Hy in wie se liggaam die Vader besluit het om diegene in te lyf wat Hy van ewigheid gewil het om syne te wees. Gevolglik beskou Hy almal wat Hy onder die ledemate van Christus erken as sy kinders.

En derhalwe het ons 'n getuienis wat duidelik en seker genoeg is, naamlik dat ons in die boek van die lewe ingeskrywe is, *as* ons met Christus gemeenskap het. Verder het Hy ons die seker gemeenskap met Hom geskenk, toe Hy deur die prediking van die evangelie betuig het dat Hy aan ons deur die Vader gegee is, sodat Hy met al sy heilsweldade ons s'n sou wees ... Wie in Christus glo, het oorgegaan uit die dood in die lewe (John. 5:24). In dié sin noem Hy Homself die brood van die lewe (Joh. 6:35).

Inst. III, 24, 5

*Ons dank U dat ons verkiesing in Christus reeds van vóór die skepping af vasstaan.*

## 10 September

*1 Kor. 1:1-9*

**DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES**

*Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook regverdig verklaar. Dié wat Hy regverdig verklaar het, het Hy ook verheerlik. - Rom. 8:30*

Ons word deur die ervaring genoegsaam onderrig dat die roeping en die geloof van weinig waarde is, tensy die volharding daarby kom - en dit is iets wat nie almal te beurt val nie.

Maar van hierdie onsekerheid het Christus ons bevry, want ongetwyfeld wys die volgende beloftes op die toekoms: "Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie" (Joh. 6:37) ... Net so: "My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader, wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie . . ." (Joh. 10:27)

Paulus roem triomfantlik teen die lewe en die dood, teen teenswoordige en toekomstige dinge (Rom. 8:38). Hierdie roemtaal moet gegrond wees op die gawe van die volharding. En dit ly geen twyfel nie dat Hy hierdie uitspraak op al die uitverkorenes van toepassing maak. Elders se dieselfde Paulus "Hy wat die goeie werk in julle begin het, sal dit end-uit voer en sal dit voleindig op die dag wanneer Jesus Christus kom ... (Fil. 1:6). Verder ly dit ook geen twyfel dat wanneer Christus vir alle uitverkorenes bid, Hy dieselfde vir hulle as vir Petrus bid (Luk. 22:23), naamlik dat hul geloof hulle nooit mag begewe nie.

Daaruit lei ons af dat die gevaar van afvalligheid hulle nie bedreig nie: wanneer die Seun van God bid dat hulle standvastig sal bly, word Hy nie afgewys nie. Wat anders wou Christus hê moet ons hieruit leer as om te vertrou dat ons ewig salig sal wees, omdat ons eenmaal Syne geword het?

Inst. III, 24, 6

*Here Jesus, ons dank U vir u voorbidding: dat ons Vader ons van die Bose sal bewaar.*

## 11 September

*Matt. 22:1-13*

TWEE SOORTE ROEPINGS

> *"Baie is immers geroep, maar min is uitverkies!'- Matt. 22:14*

Daar is twee soorte roepings. Daar is 'n algemene roeping, waardeur God deur die uiterlike prediking van die Woord almal voor die voet na Hom uitnooi. Dié roeping kom ook na hulle vir wie Hy dit (onder sy beskikking) 'n reuk van die dood en aanleiding tot des te swaarder veroordeling laat word.

Daar is ook 'n ander roeping - 'n besondere roeping - wat God in die reël alleen die gelowiges waardig ag. Dit gebeur wanneer Hy deur die inwendige verligting van die Heilige Gees teweegbring dat die gepredikte woord in hul harte wortel skiet. Maar somtyds maak Hy ook hulle wat Hy slegs 'n tyd lank verlig het, deelgenote daarvan. Daarna verlaat Hy hulle weens hul ondankbaarheid en slaan hulle met groter blindheid.

Die Here het gemerk dat die evangelie deur baie mense geminag en deur min op prys gestel is. Daarom beskryf Hy God vir ons in die gestalte van 'n koning (Matt. 22:2) wat 'n plegtige feesmaal gehou het. In alle rigtings het Hy sy boodskappers gestuur om 'n menigte mense uit te nooi. Maar omdat elkeen ekskuse uitgedink het, kon Hy net enkeles beweeg om te kom. Aangesien hulle geweier het, was hy uiteindelik verplig om alle moontlike mense van die straat af te nooi. Dat die gelykenis tot dusver van die uitwendige roeping verstaan moet word, is vir iedereen duidelik. Daarna voeg Hy by dat God soos 'n goeie gasheer optree, wat by die tafels langs gaan om sy gaste vriendelik te verwelkom. En as hy een kry wat nie 'n bruilofskleed aan het nie, sal hy glad nie duld dat hy die feestelikheid van die maaltyd met sy vuil klere ontsier nie.

Inst. III, 24, 8

*Here, ons erken: as U ons nie met die kleed van die geregtigheid van Christus beklee nie, is ons verwerplik.*

## 12 September

*Openb. 3:1-6*

HUIGELAARS IS NIE IN DIE BOEK VAN DIE LEWE NIE

> *Al die bewoners van die aarde sal hom (die dier) aanbid, almal wie se name nie van die skepping van die wêreld afgeskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die Lam wat geslag is nie. - Openb. 13:8*

Die huigelaars roem oor hul vroomheid asof hulle ware dienaars van God is. Maar Christus sê dat hulle uiteindelik uitgejaag sal word uit die plek wat. hulle ten onregte inneem. In die Psalm 15:1 lui dit: "Wie het die reg om in u tempel te kom, Here?... Hy wat onberispelik wandel en doen wat reg is . . ."

Die Gees vermaan die gelowiges om verdraagsaam te wees. Hulle moenie kla dat daar Ismaeliete saam met hulle in die kerk is nie... Oor Judas het Christus gesê dat nie een van die dissipels verlore sal gaan nie, behalwe die seun van die verderf (Joh. 17:12). Dit is wel 'n ongewone manier van praat, maar allermins duister. Want Judas is nie onder Christus se skape gereken omdat hy dit waarlik was nie, maar omdat hy die plek van 'n skaap ingeneem het. Die Here verklaar elders dat Hy Judas wel saam met die apostels verkies het, maar die verkiesing het net betrekking op die amp van apostelskap. "Twaalf', sê Hy, "het Ek verkies en een van hulle is 'n duiwel". Hy het hom naamlik tot die amp van apostel verkies. Wanneer Hy egter praat van die verkiesing tot saligheid, dan reken Hy Judas glad nie saam met die uitverkorenes nie.

Soms pas die Gees sy woorde aan by ons klein verstand, soos wanneer Hy sê: "Hulle sal in die vergadering van my volk nie wees en in die boek van my diensknegte nie opgeskryf word nie." (Eseg. 13:9). Hier lyk dit asof God diegene in die boek van die lewe pas begin skryf het wat Hy tel by die getal van sy volk. Tog weet ons, selfs volgens getuienis van Christus (Luk. 10:20; Filip 4:3), dat die name van God se kinders van die begin af in die boek van die lewe geskryf was.

Inst. III, 24, 8 en 9

*Here, dit is uit u ewige en onpeilbare genade dat ons ons laat afwas het.*

## 13 September

*Hand. 9:1-7*

GOD ROEP DIE UITVERKORENES OP SY TYD

> *Dié wat Hy lank tevore verkies het... het Hy ook geroep. –*
> *Rom. 8:29 en 30*

Die uitverkorenes word nie meteens van hul geboorte af en ook nie almal op dieselfde tyd deur die roeping in Christus se skaapkraal bymekaargemaak nie. Dit gebeur na gelang dit God behaag om hulle te begenadig. Voor hulle egter by die Opperherder vergader word, dwaal hulle verstrooid in dieselfde woestyn as ander mense. Hulle verskil ook nie in enige opsig van die ander nie - behalwe dat hulle deur die besondere barmhartigheid van God bewaar word, sodat hulle nie in die finale afgrond van die dood instort nie.

As u dus op hulle let, sal u die nageslag van Adam sien. Hulle staan in die teken van die algemene verdorwenheid van die massa.

Dat hulle nie tot die uiterste en hopelose goddeloosheid gevoer word nie, is nie te danke aan enige goedheid wat hulle ingebore is nie. Dit is omdat God oor hul saligheid waghou en sy hand daaroor uitstrek ...

Laat vir ons vasstaan wat die Skrif sê (Jes. 53:6) dat ons almal soos verlore skape gedwaal het; dat elkeen sy eie pad geloop het. En dit is na die verderf. Diegene wat die Here besluit het om op 'n sekere dag uit die afgrond van die verderf te verlos, laat Hy daar tot op sy bepaalde tyd. Hy bewaar hulle egter in soverre dat hulle nie verval in onvergeeflike lastering nie.

Inst. III, 24, 10, 11

*Ons dank U dat diegene wat die Vader U gegee het, almal uiteindelik gered word.*

## 14 September

*Hand. 16:9-15*

ALLES HANG VAN DIE VERBORGE WERKSAAMHEID VAN DIE GEES AF

> *"Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is." - Joh. 3:8*

Waarom skenk God dan aan sommige sy genade en gaan die ander verby? Met betrekking tot die eerste groep gee Lukas die rede, naamlik dat hulle vir die lewe bestem was. (Hand. 13:48). Watter mening sal ons dan oor die ander uitspreek, as dat God hulle verbygegaan het omdat hul voorwerpe van toorn tot oneer is?

Laat ons daarom nie weier om te beaam wat Augustinus sê nie. "God sou", sê hy, "die wil van die slegtes ten goede kon verander, want Hy is almagtig. Onteenseglik sou Hy kon. Waarom doen Hy dit dan nie? Omdat Hy nie wil nie. Waarom Hy nie wil nie, berus by Homself." Want ons moenie wyser wees as wat ons behoort te wees nie. Dit is baie beter as om met Chrysostomus uitvlugte te soek en te sê dat God die mens trek wat wil en sy hand reik. Hierdeur skyn die verskil nie geleë te wees in die oordeel van God nie, maar alleen in die goeddunke van die mens.

Dit is inderdaad glad nie so dat dit by die inisiatief van die mens self sou berus om tot God te nader nie. Ook die vromes en die Godvresendes het nog 'n besondere aandrang van die Gees nodig. Lydia, wat purper kledingstowwe verkoop het (Hand. 16:14), het God gevrees. En tog moes sy ontvanklik gemaak word, sodat sy sou let op die leer van Paulus en daarin sou vorder. Dit is nie net ter wille van een vrou gesê nie, maar sodat ons moet weet dat iedereen se vordering in die vroomheid die verborge werksaamheid van die Gees is.

Inst. III, 24, 13

*O Gees van God, hoe goed om te weet dat ons ewige bestemming van u volmaakte wil afhang.*

## 15 September

*2 Tess. 2:7-14*

HULLE SAL DIE LEUEN GLO

> *Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan. Vir dié wat verlore gaan, is dit 'n doodsreuk wat dood bring; vir dié wat gered word, is dit 'n lewensgeur wat lewe wek. - 2 Kor. 2:15, 16*

Dit kan nie in twyfel getrek word nie dat die Here sy Woord aan baie stuur wie se blindheid Hy wil vererger. Want waarom gebied Hy dat so baie bevele aan Farao oorgedra moes word ? Was dit omdat Hy gehoop het dat Farao deur die meermaal herhaalde boodskappe sagter gestem sou word? Nee. Vóór Hy begin het, het Hy geweet wat die uitslag sou wees en het Hy dit voorspel. "Gaan," het Hy aan Moses gesê, "stel my wil duidelik aan hom. Tog sal Ek sy hart verhard, sodat hy nie gehoorsaam sal wees nie" (Ex. 4:21).

So het Hy ook, toe Hy Esegiël geroep het hom vooraf gewaarsku dat Hy hom na 'n opstandige en hardnekkige volk stuur. Daarom sou hy nie terugdeins as hy merk dat hy vir dowes preek nie (Eseg. 2:3; 12:2). En so sê Hy ook vooruit aan Jeremia (1:10) dat sy prediking soos 'n vuur sal wees om die volk soos stoppels te vernietig en te verstrooi. Maar Jesaja se profesie lê nog meer klem op hierdie saak (6:9 e.v.) So word hy deur die Here uitgestuur: "Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie. Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar, en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hulle oë en met hulle ore hoor en hul hart nie verstaan nie en hulle hul nie bekeer en gesond word nie" (Jes. 6:9, 10).

Kyk, Hy praat met hulle, maar met die doel om hulle nog dower te maak. Hy steek 'n lig op, maar om hulle nog meer te verblind, Hy verkondig sy leer, maar om hulle nog meer te verbluf. Hy wend 'n middel aan, maar nie om hulle te genees nie.

Inst. III, 24, 13

*Here, U laat U nie bespot nie: net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.*

## 16 September

*Matt. 13:10-17*

DIE OPENBARING IS NIE VIR ALMAL TOEGANKLIK NIE

> *"Om hierdie rede praat Ek met hulle in gelykenisse: omdat hulle kyk maar nie sien nie, en hoor maar nie luister en verstaan nie." - Matt. 13:13*

Johannes (12:39,40) haal Jes. 6:9,10 aan en sê dat die Jode die leer van Christus nie kon glo nie omdat die vloek van God op hulle gerus het.

God het sy leer vol raaisels oorgelewer aan hulle wat Hy nie wou verlig nie. Hieroor kan mens nie stry nie. Gevolglik haal hulle daar niks uit nie behalwe dat hulle nog meer afgestomp raak. Want Christus verklaar dat Hy alleen aan die apostels die gelykenisse uitlê. En daardeur het Hy met baie mense gepraat. Dit is naamlik aan die apostels gegee om die verborgenhede van die koninkryk van God te leer ken, maar nie aan die menigte nie (Matt. 13:11).

Maar, sal jy vra, wat beoog die Here wanneer Hy hulle onderrig, maar hulle tog nie toelaat om te verstaan nie? Dink maar na daaroor waar die fout lê en jy sal ophou vra. Want wat ook al in die Woord duister mag wees, daar is tog altyd genoeg lig om die goddeloses se gewetens te oortuig.

Nou moet nog hierop ingegaan word: waarom doen die Here wat Hy wel klaarblyklik doen? Indien geantwoord word dat dit gebeur omdat die menslike geslag dit deur sy goddeloosheid, sy sondigheid, sy ondankbaarheid verdien het, is dit ongetwyfeld goed en waar. Maar dan is die rede vir die onderskeid nog onduidelik. Waarom is sommige op die pad van gehoorsaamheid, terwyl ander volhard in hul verharding? Wanneer ons die rede soek, kom ons noodwendig by wat Paulus uit die boeke van Moses aangeteken het. Dit is naamlik dat die Here hulle van die begin af verwek het om sy Naam bekend te maak op die ganse aarde (Rom. 9:17).

Inst. III, 24, 13 en 14

*Here, ons dank U vir die wete dat u weë volmaak is.*

## 17 September

*1 Sam. 2:22-25*

DIE MENS BLY VERANTWOORDELIK

> *Nie dat ek dit bereik het of dat ek al volmaak is nie, maar ek jaag daarna om dit te gryp omdat ek deur Christus Jesus gegryp is. - Filip. 3:12*

Die Woord van God is aan die verworpenes bekend, maar tog weier hulle om gehoorsaam te wees. Dit is weens die sondigheid en verdorwenheid van hulle hart. Daar moet net terselfdertyd bygevoeg word dat hulle aan hierdie verdorwenheid oorgegee is, omdat hulle deur God se regverdige (maar onnaspeurlike) oordeel verwek is om sy heerlikheid aan die lig te bring deurdat hulle veroordeel word.

So word van Eli se seuns verhaal (1 Sam. 2:25) dat hulle nie na die heilbrengende vermanings geluister het nie, "want die HERE wou hulle ombring". Daar word nie ontken dat hul weerspannigheid uit hul eie slegtigheid voortgekom het nie. Ewenwel word daar terselfdertyd te kenne gegee waarom hulle in hul weerspannigheid gelaat is, hoewel die Here hul harte kon verteder. Dit is omdat sy onveranderlike besluit hulle eens en vir altyd vir die verderf bestem het.

Hierop het ook Johannes se woord betrekking (Joh. 12:37, 38): hoewel Christus so baie wondertekens gedoen het, het niemand in Hom geglo nie. En so kon Jesaja se woorde vervul word: "Here, wie het geglo wat ons gehoor het?" Want ofskoon Johannes die hardnekkiges nie van skuld onthef nie, neem hy tog daarmee genoeë dat die genade van God vir die mense smakeloos is totdat die Heilige Gees smaak verleen.

Ons weet dat alle mense op so baie gronde voor God se regterstoel skuldig is, dat hulle hulself nie in een opsig bevredigend kan verantwoord nie - al word hulle oor 'n duisend sake ondervra. Ons is oortuig dat die verworpenes niks ly wat nie met die allerregverdigste oordeel van God strook nie. Dat ons die rede daarvoor nie duidelik begryp nie, moet ons, wanneer die wysheid van God vir ons te diep is, nie laat weier om daaroor onkundig te wees nie.

Inst. III, 24, 14

*Here, u gedagtes is so verhewe dat ons maar net in aanbidding voor U kan neerval.*

## 18 September

*Eseg. 33:7-11*

DIE WOORD SPREEK ALMAL NIE AAN NIE

> *Die genade sal met almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet. - Ef. 6:24*

'n Paar Skriftuurplekke word gewoonlik aangevoer waarin dit lyk of God ontken dat die goddeloses verlore gaan omdat Hy so besluit het. Esegiël 33:11 word aangevoer waar daar staan dat God geen behae in die dood van die sondaar het nie, maar eerder dat hy hom bekeer en leef. Indien 'n mens hierdie woorde laat slaan op die hele menslike geslag, waarom wek die Here dan so baie nie op tot bekering nie? Ek bedoel eerder diegene wie se harte soepeler is om te gehoorsaam, as hulle wat daagliks sy uitnodiging hoor en tog al hoe meer verhard word. Die prediking van die evangelie en die wonders sou 'n groter oes gelewer het by die inwoners van Ninevé as in Judea. Hoe gebeur dit dan - indien God almal wil red - dat Hy vir die ellendiges, wat meer bereid sou wees om die genade te ontvang, die deur van berou nie open nie? Hieruit merk ons dat dié Skriftuurplek met geweld verdraai word wanneer God se wil (waarvan Esegiël melding maak) teenoor sy ewige Raad gestel word, waardeur Hy die uitverkorenes geskei het van die verworpenes.

As daar nou gevra word na die ware bedoeling van die profeet, sal bevind word dat hy net hoop op vergiffenis wou gee aan hulle wat hul bekeer. En dit is die hoofsaak: dat nie getwyfel moet word dat God bereid is om te vergewe sodra die sondaar hom bekeer nie. Dus, God wil hom. vir sover Hy berou by hom wek, nie laat sterf nie. Die ervaring leer egter dat Hy so te werk gaan by die bekering van diegene wat Hy tot Hom roep, dat Hy nie die harte van alle mense aanraak nie.

Inst. III, 24, 15

*Here, wat U ook oor wie ook al besluit, is goed.*

## 19 September

*1 Tim. 2:1-8*

GOD GEE DIE BEKERING AAN WIE HY WIL

*Bekeer ons tot U, HERE, dan sal ons ons bekeer . . . Klaagl. 5:21*

Vervolgens word die Skriftuurplek aangehaal (1 Tim. 2:4), waar leer dat almal gered moet word ... Dit is duidelik dat Paulus nie daar oor elke mens afsonderlik praat nie, maar oor klasse van mense . . . Trouens, 'n mens moet terselfdertyd opmerk dat Paulus nie sê wat God altyd en oral en in almal doen nie. Hy sê net dat dit God vrystaan om konings en owerhede uiteindelik deel te laat hê aan die hemelse leer, hoewel hulle in hul blindheid waansinnig daarteen te kere gaan.

Ons teëstanders jaag ons skynbaar meer in 'n hoek deur 2 Petr. 3:9 voor ons voete te gooi. Daar staan dat God nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. Die oplossing van die probleem lê egter reeds in die tweede gedeelte van die aangehaalde woorde. Want onder die wil om tot bekering te kom, kan niks anders verstaan word nie as wat oral in die Skrif geleer word. Ongetwyfeld is die bekering in die hand van God. Of Hy almal wil bekeer, moet aan Hóm gevra word: Hy beloof tog dat Hy net aan sommige wat min in getal is, 'n hart van vlees sal gee, terwyl Hy ander hulle hart van klip laat behou . . . (Eseg. 36:26).

Ek sê dat geen sterfling na God kom nie behalwe hy na wie God eerste kom. En as die bekering van die mens afhang, sou Paulus nie sê nie: dit kan wees dat God hulle sal bekeer (2 Tim. 2:25). Ja, God beweeg die uitverkorenes deur die verborge werking van sy Gees wanneer Hy almal oproep tot bekering. Anders sou Hy nie deur Jeremia sê nie: "Bekeer my, Here, dan sal ek my bekeer; want toe U my bekeer het, het ek berou gehad" (Jer. 31:18).

Inst. III, 24, 16

*Here, ons wil bid: "Bekeer my, dan sal ek my bekeer" vir die eerste maal of by vernuwing.*

## 20 September

*Tit. 2:11-15*

DIE HOOP OP DIE HEMELSE WERKLIKHEID

> *Wat ons betref, deur die werking van die Gees is dit ons hoop en verwagting dat ons deur die geloof geregtigheid sal verkry. - Gal. 5:5*

Paulus getuig dat Christus, die Son van geregtigheid wat die dood oorwin het, deur die evangelie skyn en ons lewe verlig (2 Tim. 1:10). Daarom word daar ook van ons gesê dat ons deur die geloof oorgegaan het uit die dood in die lewe (Joh. 5:24). Ons is nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en lede van God se huisgesin. Hy het ons saam met sy eniggebore Seun self 'n plek in die hemel gegee, sodat ons niks kortkom om volkome gelukkig te wees nie (Ef. 2:6,19). Tog moet ons vashou aan wat elders oor die aard van die hoop onderrig word. Anders mag dit vir ons moeilik wees om ook nog onder 'n strawwe krygsdiens geoefen te word, asof die oorwinning wat deur Christus behaal is, geen enkele vrug voortgebring het nie. Immers, ons hoop op die dinge wat nie gesien word nie (Rom. 8:25). En elders lui dit: Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons nie sien nie (Hebr. 11:1).

Dus, so lank as ons in die slawehuis van die liggaam bly, woon ons as 't ware nog in 'n ver land, weg van die Here af (2 Kor. 5:6). Daarom sê dieselfde Paulus elders (Kol. 3:3) dat ons gesterf het en dat ons lewe met Christus verborge is in God. Hy verklaar ook dat wanneer Hy wat ons lewe is, by sy wederkoms verskyn, ons ook met Hom sal verskyn in sy heerlikheid.

Dit is dan ons voorland: terwyl ons matig, opreg en vroom in hierdie wêreld lewe, sien ons uit na die verwagte gelukkige dag ... (Tit. 2:12). Hier is meer as gewone geduld nodig, sodat ons nie vermoeid omdraai of ons wagpos verlaat nie.

Inst. III, 25, 1

*Here, ons sien uit na daardie dag wanneer "die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn".*

## 21 September

*1 Kor. 15:13-20*

DIE OPSTANDING MOET VIR ONS 'N WERKLIKHEID WEES

| |
|---|
| *Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel. - Kol. 3:4* |

Alles wat dus tot nou toe oor ons saligheid verduidelik is, eis dat ons ons harte na die hemel ophef. Dit moet gebeur sodat ons Christus, vir wie ons nie gesien het nie, mag liefhê. Dit eis ook van ons dat terwyl ons in Hom glo, ons ons met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap moet verheug. Ons moet dit doen totdat ons die einddoel van ons geloof bereik, waartoe Petrus ons opwek (1 Petr. 1:8). Daarom sê Paulus (Kol. 1:5) dat die geloof en die liefde van die vromes gegrond is op die hoop wat in die hemel bewaar word.

Wanneer ons so die oë op Christus vestig en ons hart op die Hemel rig .. . word die woord waarlik vervul dat ons hart is waar ons skat is (Matt. 6:21). Dit verklaar waarom die geloof op aarde so seldsaam is: niks is vir ons trae bestaan moeiliker as om tallose hindernisse te oorkom en te jaag na die prys van ons hoë roeping nie.

By die reusagtige stapel van ellendes, wAäronder ons byna begrawe word, kom die bespotting van die wêreldlinge. Hulle kraak ons eenvoudigheid af. Hulle beskou dit as naïef dat ons die begeerlikhede van die teenswoordige wêreld vrywillig prysgee en na 'n hoogste geluk (wat vir ons verborge is) gryp soos na 'n verdwynende skaduwee.

Kortom, van bo en benede, van voor en van agter, word ons bedreig deur geweldige versoekings wat ons net nie sou kan vat nie. Ek bedoel ons sou nie kon as ons nie losgemaak was van die aardse dinge en geboei is deur die hemelse lewe, wat oënskynlik ver van ons af verwyder is nie. Daarom het eers hy wat gewoond is aan die voortdurende oorpeinsing van die geseënde opstanding, werklik vordering gemaak in die evangelie.

Inst. III, 25, 1

*Ons dank U vir die hoop van die opstanding wat 'n anker vir die siel is.*

## 22 September

*Kol. 3:1-4*

SOOS CHRISTUS, DIE HOOF, SAL ONS, SY LIGGAAM, OPSTAAN

> *Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees. - Filip. 3:21*

Die erns van die saak self sal ons ywer opskerp. Want Paulus verklaar nie sonder rede (1 Kor. 15:14 e.v.) dat, indien die dooies nie opstaan nie, die hele evangelie sinloos en bedrieglik is. Want ons toestand sou dan ellendiger wees as dié van ander mense. Ons sou blootgestel wees aan die haat en beskimping van baie. Ons sou elke uur in gevaar verkeer, ja, soos skape wees wat bestem is vir die slagpale. En daarom sou die gesag van die evangelie ineenstort - nie net gedeeltelik nie -maar heeltemal. Dit sou ook die feit insluit dat ons as kinders aangeneem is, asook die verwesenliking van ons saligheid . . .

Ons moet leer dat wanneer ons Christus, die Bewerker van ons volmaakte saligheid, aangeneem het, ons hoer moet klim. Ons moet weet dat Hy met hemelse onsterflikheid en heerlikheid beklee is, sodat die hele liggaam aan die Hoof gelykvormig gemaak mag word.

Dit is moeilik om te glo dat die liggame eenmaal op die bepaalde tyd weer sal opstaan, nadat hulle vergaan het... Om die geloof so 'n groot hindernis te bowe te laat kom, meld die Skrif twee hulpmiddels: die een is geleë in ons ooreenkoms met Christus, die ander in God se almag. Laat die gedagte aan die beeld van Christus dan so dikwels as wat die opstanding ter sprake kom, ons aandag geniet: Hy het in die menslike natuur so die gewone sterflike lewe volbring, dat Hy nou, nadat Hy die onsterflikheid verkry het, ons waarborg van die toekomstige opstanding geword het. . .

Ons moet net nie moeg word van die lang versuim nie, of daaroor treur nie. want dit is nie aan ons gegee om die tye volgens ons goeddunke te bereken nie.

Inst. III, 25, 3

*Here Jesus, hoe troosryk en heerlik dat U self die waarborg van ons opstanding geword het.*

## 23 September

*Hand. 4:32-37*

DIE FEIT VAN DIE OPSTANDING

> *"Daar moet dus nog 'n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word." - Hand. 1:21, 22*

Ons almal se opstanding is op Christus se opstanding gegrond. Met die oog daarop dat geen meningsverskil oor sy opstanding moet ontstaan nie, let ons op hoeveel verskillende maniere Hy ons daaroor verseker het.

Wysneuse sal die geskiedenis wat deur die evangeliste verhaal word as 'n kinderagtige voorstelling uitlag. Want watter betekenis sal die tyding hê wat vreesbevange vroutjies oorbring en dissipels (wat byna buite hulleself is) later bevestig? Waarom het Christus nie liewer sy luisterryke oorwinningstekens in die middel van die tempel en die forum opgerig nie? Waarom verskyn Hy nie skrikwekkend voor Pilatus nie? Waarom vertoon Hy Hom nie lewend aan die priesters en die hele Jerusalem nie? Maar nou is die getuies wat Hy kies, sodanig dat die wêreldlikes hulle beswaarlik as geskik sal aanvaar.

Ek antwoord: hul swakheid het, wat die begin betref, geen agting afgedwing nie. Maar in die geheel gesien is alles tog deur die wonderbare voorsienigheid van God bestuur . . .

Die graf word verseël, die wagte is op hul pos, die liggaam word op die derde dag nie gevind nie. Deur geld omgekoop, versprei die soldate die gerug dat dit deur die dissipels gesteel is. Asof hulle in staat was om troepe te mobiliseer! Asof wapens beskikbaar was! Asof hulle opgelei was om so 'n daad aan te durf! Indien die soldate nie die moed gehad het om hulle te verdryf nie, waarom het hulle hulle dan nie agtervolg om met die hulp van die volk sommige te arresteer nie?

Verder het Hy Hom nie net aan die twaalf vertoon nie, maar is deur meer as vyfhonderd broers tegelyk gesien (1 Kor. 15:6). Ook het Hy, deur die Heilige Gees te stuur, die bewys daarvan gelewer dat Hy nie net leef nie, maar ook die hoogste mag besit.

Inst. III, 25, 3

*Here, u wysheid lê op die vlak van die geloof!*

## 24 September

*Filip. 3:17-21*

DIE OPSTANDING - 'N WONDERDAAD VAN DIE ALMAGTIGE

> *God het deur sy krag die Here uit die dood opgewek en so sal Hy ons ook opwek. - 1 Kor. 6:14*

Ons het gesê ons moet ons gedagtes op die oneindige mag van God vestig, as ons die opstanding wil bewys. Paulus leer dit bondig. Hy sê: "Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees" (Fil. 3:21). Daarom is niks minder gepas as om hier na te gaan wat op natuurlike wyse sou kon gebeur nie. Wat hier aan ons voorgestel word, is 'n ondeurgrondelike wonder; dit oorweldig ons verstand deur sy grootheid.

Tog weerlê Paulus met 'n bewys uit die natuur die onsinnigheid van hulle wat die opstanding ontken. Dis 'n dom vraag! sê hy. "Wat jy saai, kom nie tot lewe tensy dit eers sterwe nie" ens. (1 Kor. 15:36). Hy sê dat in die ontkiemende saad 'n beeld van die opstanding waargeneem word, omdat die plantegroei gebore word uit wat vergaan.

En waarlik, die saak sou nie so moeilik wees om te glo nie indien ons na behore sou let op die wonders wat hulle oral in die wêreld as 't ware aan ons oë opdring.

Laat ons verder onthou dat niemand van die toekomstige opstanding waarlik oortuig is nie, behalwe hy wat in bewondering vervoer word en aan God sy eer gee. Deur dié verwagting besiel, roep Jesaja uit. "U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan. Waak op en jubel julle wat in die stof woon (Jes. 26:19)... Ook Job, wat meer soos 'n lyk as 'n mens gelyk het, het met vertroue op God se krag, asof hy niks makeer het nie, nie geaarsel om vooruit te gryp na dié dag nie: "Maar ek, ek weet: My Verlosser leef, en Hy sal as laaste oor die stof opstaan ..." en verder: "ek (sal) nogtans uit my vlees God aanskou . . ."

Inst. III, 25, 4

*Here, ons glo dat U magtig is om ons op te wek.*

## 25 September

*2 Kor. 5:1-10*

**DIE BEELD** VAN **GOD SKITTER** IN **DIE** SIEL

> *"... dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie."*
> *- Matt. 10:28*

Sommige dwaalleraars het gemeen dat die siele met die liggame sal opstaan. Asof die hele mens te gronde gaan! Ander, wat erken dat die siele onsterflik is, het gedink dat hulle met nuwe liggame beklee sal word. Hiermee ontken hulle die opstanding van die liggaam.

Oor die eerste dwaling het ek reeds iets in verband met die skepping van die mens aangestip. Daarom is dit vir my voldoende om die leser weer hierop te wys: hoe monsteragtig die dwaling is om van die siel (wat na Gods beeld geskep is) 'n verdwynende asem te maak wat net in hierdie verganklike lewe die liggaam aktiveer. So word ook die tempel van die Heilige Gees vernietig. Dit kom daarop neer om dié deel van ons waarin die Goddelikheid die meeste skitter en wat die kentekens van die onsterflikheid dra, hiervan te beroof. Die toestand van die liggaam word dus beter en uitnemender geag as die van die siel!

Die Skrif leer ons heeltemal anders. Dit vergelyk die liggaam met 'n opslaanhuis waaruit ons verhuis as ons sterwe. Want dit bepaal ons waarde volgens dié van ons bestaan wat ons van die onnosele diere onderskei. So sê Petrus (2 Petr. 1:14), as hy naby die dood gekom het, dat die tyd daar is wanneer hy sy tentwoning sal aflê.

As Paulus oor die gelowiges praat, sê hy dat wanneer ons aardse huis afgebreek is, ons 'n gebou in die hemel het. Dan voeg hy daaraan toe dat ons weg woon van die Here af, solank as ons in die liggaam bly, maar dat ons, wanneer die liggaam ontbreek, behoefte het aan die teenwoordigheid van God (2 Kor. 5:1 e.v.).

Inst. III, 25, 6

*Ons dank U, Here, vir die wonderlike gawe van die onsterflikheid.*

## 26 September

*Openb. 6:9-11*

DIE SIEL BESTAAN INTUSSEN BEWUSTELIK VOORT

> *Toe het ek trone gesien en die siele van die mense wat onthoof is omdat hulle aan die getuienis van Jesus en die woord van God vasgehou het. Hulle het op die trone gaan sit, en aan hulle is die bevoegdheid gegee om as regters op te tree. - Openb. 20:4*

Indien die siele die liggame nie sou oorleef nie, wat is dit dan wat die teenwoordigheid van God geniet wanneer dit van die liggaam afgeskei is? Die apostel neem inderdaad alle twyfel weg wanneer hy sê (Hebr. 12:23) dat ons aansluit by die geeste van die regverdiges. Met hierdie woorde bedoel hy dat ons in gemeenskap kom met die heilige vaders wat selfs in die dood dieselfde vroomheid saam met ons beoefen. Ons kan nie ledemate van Christus se liggaam wees nie, tensy ons met hulle verenig word.

Indien die siele - nadat hulle hul losgemaak het van die liggame - nie hul wese behou het nie en nie vatbaar was vir geluksalige heerlikheid nie, sou Christus nie aan die moordenaar gesê het nie: "Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees" (Luk. 23:43). Laat ons, terwyl ons op sulke duidelike getuienisse vertrou, nie aarsel om volgens Christus se voorbeeld ons siele in God se hande te stel nie (Luk. 23:46). Of om na die voorbeeld van Stefanus ons siele onder Christus se sorg te laat nie (Hand. 7:59). Hy word nie sonder rede hul getroue Herder en Opsiener genoem nie (1 Petr. 2:25).

Maar om nuuskierig na hul tussentoestand ondersoek in te stel, is ongeoorloof en dien geen doel nie. Baie mense bekommer hulle geweldig oor watter ruimte die siele beslaan en of hul die hemelse heerlikheid reeds geniet of nie. Maar dit is dwaas en onbesonne om onbekende sake verder te ondersoek as wat God ons toelaat om te weet. Die Skrif (Matt. 5:8, 26; Joh. 12:32) sê dat Christus by hulle is en hulle in die Paradys ontvang om hulle te troos. maar die siele van die verworpenes ly folteringe na verdienste. En daarmee word volstaan.

Inst. III, 25, 6

*Here, ons loof U dat die ewige lewe wat ons reeds besit, ononderbroke voortduur.*

## 27 September

*1 Kor. 15:50-54*

OOK DIE LIGGAAM IS DIE SKONE SKEPPING VAN GOD

> *En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. - Gen. 2:7*

Die vraag omtrent plek is net so onvanpas en onsinnig, want ons weet dat die siel nie dieselfde afmetings as die liggaam het nie.

Wat betref die feit dat die gelukkige vergadering van die heilige geeste die skoot van Abraham genoem word, is dit vir ons genoeg dat ons na hierdie aardse vreemdelingskap deur die vader van alle gelowiges ontvang word . . .

Die Skrif beveel oral dat ons die koms van Christus moet afwag, en stel die kroon van heerlikheid uit tot dan. Daarom moet ons intussen tevrede wees met die grense wat van Godsweë vir ons bepaal is. Dit is naamlik dat die siele van die vromes, nadat die stryd volbring is, tot salige rus kom. Daar verwag hulle met gelukkige vreugde die genot van die beloofde heerlikheid. So word alles in afwagting gehou totdat Christus, die Verlosser, verskyn.

Dit ly geen twyfel nie dat die verworpenes dieselfde lot verdien as wat aan die duiwels toegewys word (Jud. vers 6): hulle sal geketting aangehou word totdat hulle gehaal word vir die straf waartoe hulle veroordeel is.

Ewe verwerplik is die dwaling van hulle wat hul verbeel dat die siele nie die liggame terug sal ontvang waarmee hulle nou beklee is nie, maar met nuwe, en ander liggame toegerus sal word. Die gekheid dat die liggaam van nature onrein sou wees (omdat dit deur die duiwel geskape is) laat ek nou maar links lê . . . Paulus skryf tog aan die Korintiërs: "Sodat die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam" (2 Kor. 4:10). Daarom bid hy elders (1 Tess. 5:23) ewe-eens dat God die liggame net soos die siele en geeste, geheel en al sal bewaar tot op die dag van Christus se wederkoms.

Inst. III, 25, 6 en 7

*Ons dank U dat ook ons liggame, wat deur U geskape is, met onverganklikheid beklee sal word.*

## 28 September

*Rom. 8:9-17*

ONS VERNEDERDE LIGGAAM SAL VERHEERLIK WORD

> *Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, (sal) ook julle sterflike liggame lewend maak . . . Rom. 8:11*

Dat die liggame wat God vir Hom as tempels gewy het (1 Kor. 3:16) 'n prooi van vertering sonder die hoop van die opstanding sou word, sou heeltemal ongerymd wees. Is hulle nie ook ledemate van Christus nie? (1 Kor. 6:15). Beveel God nie dat elke deel daarvan aan Hom gewy moet word nie? Wil Hy nie dat sy Naam met die tonge verheerlik word, dat tot Hom reine hande opgehef word en offerandes gebring word nie? (1 Tim. 2:8). Watter dwaasheid is dit dan dat 'n deel van die mens, wat die hemelse Regter so 'n voortreflike eer waardig ag, deur 'n sterflike mens tot stof gemaak word sonder enige hoop op vernuwing?

Net so spoor Paulus (1 Kor. 6:20) ons aan om die Here te verheerlik sowel na die liggaam as na die siel, omdat beide van God is. Daarom kan hy hoegenaamd nie verdra dat wat hy as iets heiligs vir God opeis, aan ewige vertering toegewys sou word nie.

Oor geen enkele saak is daar soveel duidelikheid in die Skrif as oor die opstanding van die liggaam nie. "Hierdie verganklike liggaam", sê Paulus, "moet met die on verganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike . . ." (1 Kor. 15:53).

Opmerkenswaardig is ook die uitspraak van Christus: "Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan" . . . (Matt. 10:28).

Die gewoonte om te begrawe het nie sy oorsprong in bygeloof nie - ons merk dat die Gees in die meedeling van begrafnisse nie minder noukeurig is as ten opsigte van die vernaamste verborgenhede van die geloof nie. En Christus prys die gebruik om te begrawe as 'n besondere plig aan (Matt. 26:10 e.v.).

Inst. III, 25, 7 en 8

*Ons liggame is u ledemate en u tempels. Laat ons sidder en hulle met groot eerbied bejeën.*

## 29 September

*Ps. 16:1-8*

GOD IS ONS HOOGSTE GOED

*"Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien."- Matt. 5:8*

So groot is die uitnemendheid van die ewige geluk dat al was alles daaroor ook gesê waartoe mense se tonge in staat sou wees, skaars die geringste deeltjie daarvan aangestip sou wees. Want hoe waar dit ook al is as ons hoor dat die koninkryk van God vol sal wees van glans, vreugde, geluk en heerlikheid, bly die dinge wat genoem word nogtans baie ver verwyder van ons besef. Hulle bly as 't ware in raaisels gehul totdat die dag kom waarop God sy heerlikheid van aangesig tot aangesig sal laat sien... Daarom het die profete die hemelse geluk gewoonlik met waarneembare beelde voorgestel. Dit was omdat hulle dit met geen woorde kon uitdruk soos dit wesenlik is nie.

Maar omdat die vurige verlange in ons deur 'n sekere smaak van dié heerlikheid aangewakker moet word, moet ons veral aan die volgende aandag gee: as God, soos 'n onuitputlike fontein, die volheid van alles wat goed is in Hom het, moet hulle wat strewe na die hoogste goed en volmaakte geluk, niks bokant Hom najaag nie. Op baie plekke word ons dit geleer: "Abraham, Ek is vir jou 'n baie groot loon" (Gen. 15:1). Hiermee stem Dawid saam (Ps. 16:5). "Here, U is my lewe, U sorg vir my" Net so elders (Ps. 17:15): "Ek sal my verbly in u teenwoordigheid"...

Ons merk hoe ons geprikkel word deur 'n onbeteuelde begeerte om méér te weet as wat ons geoorloof is. Daaruit kom meermale beuselagtige en skadelike vrae op. Beuselagtige vrae noem ek dié waaruit geen voordeel getrek kan word nie. Maar die tweede soort is erger, omdat die wat hulle daaraan oorgee, hulle in verderflike versinsels verstrik.

Inst. III, 25, 10

*Here, verhelder my geloofsoog sodat ek my in U en in u Woord kan verlustig.*

## 30 September

*Luk. 19:11-19*

VERSKILLENDE GRADE VAN HEERLIKHEID

> *"Maar om aan my regter- of my linkerhand te sit, daar oor besluit Ek nie; dit is vir dié vir wie God dit gereed gemaak het." - Mark. 10:40*

Wat die Skrif leer, moet onder ons onbetwisbaar wees. Dit lui dat God sy gawes aan die gelowiges in hierdie wêreld op verskillende maniere uitdeel en hulle nie ewe veel lig gee nie. So sal ook die grade van heerlikheid in die hemel nie gelyk wees wanneer God sy gawes sal kroon nie. Want wat Paulus sê, is nie op almal sonder onderskeid van toepassing nie: "... julle is ons hoop en ons blydskap, die kroon op ons werk waarop ons trots sal wees met sy wederkoms ..." (Tess. 2:19) En ook nie wat Christus aan die apostels sê nie: "julle sal op twaalf trone sit en oor die twaalf stamme van Israel regeer" (Matt. 19:28).

Paulus het geweet dat God die gelowiges na gelang Hy hulle met geestelike gawes op aarde seën, ook in die hemel met heerlikheid sal versier . . .

En om by die apostels die waardigheid van die amp waarmee hulle beklee was, aan te prys, wys Christus daarop dat die vrug daarvan in die hemel bewaar word. So sê ook Daniël: "En verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos" (Daniël 12:3).

En wanneer 'n mens noulettend ag gee op die Skrif, merk jy dat dit nie alleen die ewige lewe beloof aan die gelowiges nie, maar ook aan elkeen sy besondere loon. Vandaar ook die woorde van Paulus: "Mag die Here hom vergeld vir wat hy gedoen het" (2 Tim. 4:14). En dit word ook bevestig deur Christus se belofte: En elkeen ... sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe . . ." (Matt. 19:29).

Kortom, net soos Christus die heerlikheid van sy liggaam deur die veelvuldige verskeidenheid van gawes in hierdie wêreld laat begin en trapsgewyse vergroot, so sal Hy dit in die hemel vervolmaak.

Inst. III, 25, 10

*Here, ons dank U dat elkeen uit genade sal ontvang wat vir hom berei is.*

## 1 Oktober

*Openb. 20:11-15*

VIR EWIG WEG VAN DIE LEWENDE GOD AF

> *"Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is . . .'" - Matt. 25:41*

Geen taal kan volledig die strengheid van God se wraak jeens die verworpenes beskryf nie. Daarom word hulle leed en folteringe vir ons deur waarneembare dinge voorgestel. Dit wil sê: deur duisternis, gehuil, knersing van die tande, onblusbare vuur en 'n wurm wat sonder einde aan die hart knaag (Matt. 8:12; 22:13; 3:12; Mark. 9:43; Jes. 66:24; 30:33). Want dit is seker dat die Heilige Gees ons deur hierdie spreekwyse wou laat sidder. Daar word byvoorbeeld gesê dat daar van alle ewigheid af 'n diep poel gereed gemaak is, dat dit deur vuur en hope hout gevoed word en dat die asem van die Here dit soos 'n stroom swawel aan die brand steek.

Net soos ons daardeur gehelp moet word om enigsins die ellendige lot van die goddelose te begryp, so moet ons veral daaraan aandag gee hoe rampsalig dit is om van alle gemeenskap met God afgesny te word. En nie net dit nie: ook om te voel dat die majesteit van God so teen jou is dat jy nie daaraan kan ontkom om in 'n hoek gedryf te word nie. Want ten eerste is sy misnoeë soos 'n verterende vuur waardeur alles verslind en vernietig word. Verder dien alles wat geskape is - hemel en aarde, die see, die diere en alles wat daar is - God so om sy oordele uit te voer. Gevolglik sal die goddelose voel dat al dié skepsels as 't ware deur 'n vreeslike misnoeë teen hulle ontvlam is. En dat hulle vir die goddelose se ondergang gewapen is. Hierdeur sal die Here sy toorn bekend maak.

Daarom het die apostel iets ongewoons verklaar toe hy van die goddeloses gesê het: "Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here . . ." (2 Tess. 1:9).

Inst. III, 25, 12

*Here, nou weet ons dat die ewige dood beteken om vir altyd kontak met U, die Lewe, te verloor.*

## 2 Oktober

*Ef. 4:11-16*

DIE KERK IS ONS MOEDER

> *. . . die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. . . - 1 Tim. 3:15*

God het hierdie skat aan die kerk toevertrou sodat die evangelie kan gedy. Hy het herders en leraars gegee (Ef. 4:11), deur wie Hy sy volgelinge sou onderrig. En Hy het hulle met gesag beklee. Kortom, Hy het niks nagelaat wat die heilige eenstemmigheid ten opsigte van die geloof en die goeie orde sou bevorder nie. In die besonder het Hy die sakramente ingestel. Proefondervindelik ervaar ons dat dit baie nuttige hulpmiddels is om die geloof mee te voed en te versterk . . .

God wil dat sy kinders lede van die kerk moet wees. Daarmee beoog Hy om hulle deur die kerk se sorg en diens te voed solank as hulle suigelinge en kindertjies is. Maar Hy wil ook hê dat hulle deur haar moederlike opsig gelei moet word totdat hulle opgegroei het en eindelik die doelwit van die geloof bereik. Want wat God saamgevoeg het, mag nie geskei word nie (Mark. 10:9). Vir hulle vir wie God 'n Vader is, moet die kerk dus ook 'n moeder wees . . .

Daar moet ook gelet word op die verborge verkiesing van God en die inwendige roeping: Hy alleen weet wie Syne is. En Hy bewaar hulle onder sy seël, soos Paulus sê (2 Tim. 2:19). Hulle dra sy kentekens waardeur hulle van die verworpenes onderskei word ... Sy verborge verkiesing is die fondament van die kerk . . .

Deur die kerk as gemeenskap van die heiliges te beskou, word die burgerlike orde - wat toelaat dat elkeen sy eie besittings mag hê - nie omvergewerp nie. Maar daar word gepraat van 'n gemeenskap, soos Lukas dit beskryf: "Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel" (Hand. 4:32).

Inst. IV, 1, 1, 2 en 3

*Ons dank U vir die kerk - vir 'n moeder wat ons tuis laat voel.*

## 3 Oktober

*Ps. 15*

**DIE SIGBARE EN DIE ONSIGBARE KERK**

> *"Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder." - Matt. 12:50*

Baie mense word deur hoogmoed, afkeer of afguns daartoe gedryf om hulself wys te maak dat hulle voldoende kan vorder deur self die By bel te lees en te oordink. So kom hulle tot die standpunt om die openbare byeenkomste te minag en die prediking as oorbodig te beskou . . .

Die Skrif praat in tweërlei sin van die kerk. Daar is 'n sigbare en 'n onsigbare kerk. Wat laasgenoemde betref, bedoel die Skrif die kerk soos dit waarlik voor God bestaan. Daarin is niemand opgeneem nie behalwe hulle wat uit genade as kinders van God aangeneem is, en deur die Gees (wat hulle heilig maak) ware lede van Christus is. Dit sluit nie net die vromes in wat op aarde woon nie, maar alle uitverkorenes wat daar van die begin van die wêreld af was.

Maar dikwels dui die Skrif ook met die naam kerk die ganse menigte van mense aan wat oor die aarde versprei is en wat bely dat hulle een God en Christus dien. Hulle is deur een doop in die geloof ontvang... Hulle is dit eens oor die Woord van God en hou die bediening daarvan in stand soos Christus dit ingestel het. In dié kerk is daar egter saam met die gelowiges baie huigelaars. Hulle gee niks vir Christus om nie, behalwe die naam en die uiterlike skyn. Hieronder is baie wat smag na eer. Inhaliges, afgunstiges, kwaadsprekers en diegene wat onrein lewe. Hulle word vir 'n tyd lank verdra - of omdat hulle skuld nie bewys kan word nie, óf omdat die nodige strenge tug nie altyd gehandhaaf word nie.

Dit is dus vir ons nodig om te glo aan 'n onsigbare kerk wat alleen vir die oë van God waarneembaar is. Maar ons word ook beveel om die kerk wat uit menslike gesigspunt *kerk* genoem word, hoog te ag en daarmee gemeenskap te beoefen.

Inst. IV, 1, 5, en 7

*Here, as ons voor U staan, kan ons maar net dankie sê dat daar geskryf staan: "DIE HERE ONS GEREGTIGHEID".*

## 4 Oktober

*2 Tim. 2:14-19*

DIE KENMERKE VAN DIE WARE KERK

> *Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltye en die gebede. -Hand. 2:42*

Die suiwer bediening van die Woord en die sakramente is voldoende waarborg daarvoor dat ons die gemeenskap waarin albei voorkom, met veiligheid as 'n ware kerk kan aanvaar. Dit beteken dus dat 'n kerk nooit verwerp mag word solank as hy hierby bly nie - al het hy ook in ander opsigte baie gebreke.

Ja, daar sou selfs in die bediening van die leer of van die sakramente 'n fout kon insluip. Maar dit behoort ons nie van die gemeenskap met 'n kerk te vervreem nie. Want die onderdele van die ware leer is nie almal ewe belangrik nie. Party is so noodsaaklik om te weet dat hulle vir almal ontwyfelbaar vas moet staan as leerstukke wat eie aan die godsdiens is - byvoorbeeld dat daar een God is; dat Christus God én die Seun van God is; dat ons saligheid afhang van Gods genade, en dergelike meer. Daar is ander sake waaroor die kerke onderling verskil, maar wat tog nie die eenheid van die geloof verskeur nie . . .

Maar my bedoeling hiermee is nie om selfs die allergeringste dwalinge in beskerming te neem nie, asof ek voel dat hulle vleiend en oogluikend getroetel moet word. Ek sê net dat ons nie sommer om die een of ander klein verskil die kerk moet verlaat nie . . .

Daar was nog altyd diegene wat behep was met 'n valse waan van volkome volmaaktheid. Asof hulle reeds so te sê geeste in die lug geword het, het hulle almal se geselskap verag in wie hulle nog iets mensliks bespeur.

Inst. IV, 1, 12 en 13

*Aanbiddelike Meester, leer ons wat dit beteken om lede te wees van die liggaam waarvan U die hoof is.*

## 5 Oktober

*1 Kor. 13:1-7*

KERKLIKE TUGOEFENING

> *. . . weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee . . .*
> *- 2 Tim. 4:2*

Goed en verstandig het Augustinus gesê: "Daar moet simpatieke oorlegpleging wees en die kerklike tug moet op die regte manier uitgeoefen word. Dit moet veral gebeur met die oog op die eenheid wat die Gees wil bewerk deur mense met die band van die vrede te bind. Die apostel beveel ons om dié eenheid te bewaar deur mekaar te verdra. Want as ons dit nie bewaar nie, is die toedien van die tug as medisyne nie alleen tevergeefs nie, maar ook skadelik. En dan word die bewys gelewer dat dit nie meer medisyne is nie. Daar is egter die valse broers wat opgeblase, waansinnig, hardnekkig, vol slinkse skinderpraatjies en oproermakers is. Hulle tree nie op uit afsku vir die ongeregtighede van ander mense nie, maar omdat hulle twissiek is. Hulle probeer om die swak broers, wat onder die bekoring is van hulle naam - 'n naam wat hulle self ophemel - heeltemal onder hul invloed te kry, of ten minste van ander mense te vervreem. Hierdie mense brei die dekmantel van onverbiddelike strengheid oor hulle uit. Dit is sodat hulle nie aan die kaak gestel mag word as diegene wat sonder die lig van die waarheid is nie.

Die Heilige Skrifte gebied 'n gematigder toepassing van die tug. Maar dan met behoud van die opregtheid van die liefde en die band van die vrede, met die oog op die verbetering van die broers se foute. Hulle misbruik dit egter om 'n onheilige skeuring te bewerk en as geleentheid vir uitbanning ..."

Augustinus gee aan die vromes raad om met meegevoel te bestraf waar hulle kan. Wat hulle nie kan regstel nie, moet hulle geduldig verdra ... totdat God dit verbeter of straf. Of met oestyd die onkruid uitroei en die kaf uitwan.

Daar moet bedink word dat geen oordeel oor 'n mens gevel moet word op grond van een daad nie, aangesien die vroomstes ook soms baie diep val.

Inst. IV, 1, 16

*Ons bid vir die genade om die tug steeds toe te pas, maar altyd "in waarheid en liefde".*

## 6 Oktober

*Ps. 103:1-8*

DIE HERE VERGEWE

> *Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien. - Ps. 103:13*

Ons moet hier op drie dinge let. Eerstens: hoe groot die heiligheid ook al is wat aan God se kinders gegee is, daar is nog altyd 'n voorwaarde aan verbonde: solank as hulle in hierdie sterflike liggaam woon, kan hulle nie sonder vergewing van sondes voor God bestaan nie. Tweedens: dat hierdie weldaad so eie aan die kerk is dat ons dit nie op 'n ander manier kan geniet as wanneer ons in gemeenskap daarmee bly nie. Derdens: dat dit deur die bedienaars en herders van die kerk aan ons uitgedeel word - of deur die prediking van die evangelie, óf deur die bediening van die sakramente. Veral hierin tree die sleutelmag na vore wat die Here aan die gemeenskap van die gelowiges gegee het.

Laat elkeen van ons dus dink dat dit sy plig is om die vergewing van sondes nie êrens anders te soek nie as waar die Here dit gevestig het...

Wat die eerste punt betref: aangesien die heiliges op bevel van die Here daagliks hierdie bede herhaal: "Vergeef ons ons oortredinge", erken hulle ongetwyfeld dat hulle sondaars is . .. Die Here eis van die heiliges om hulle sondes hulle hele lewe lank voortdurend te bely, en Hy beloof vergiffenis . . .

Verder, wie wil die Here hê moet ons sewentig maal sewe keer vergewe (Matt. 18:22)? Is dit nie ons broers nie?

Die aartsvaders was sonder twyfel deur die ywer van hul vader in geregtigheid en regskapenheid onderrig toe hulle saamgespan het om Josef te vermoor... En tog is daar geen sprake van dat hulle geskrap is as lede van die uitverkore volk nie. Hulle is eerder tot hoofde daarvan verhef. En wat het Dawid gedoen? Met watter skanddaad het hy -hoewel hy die hoofregter was - deur die vergieting van bloed die weg gebaan vir sy blinde wellus? ... En tog het hy vergiffenis ontvang.

Inst. IV, l, 22, 23 en 24

*Here, u goedertierenheid is van ewigheid tot ewigheid oor die wat U vrees.*

## 7 Oktober

*Eseg. 18:23-32*

GOD HET GEEN BEHAE IN DIE DOOD VAN DIE SONDAAR NIE

> *So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. - Eseg. 33:11*

Watter misdaad is daar wat erger is as opstand? Want dit word 'n egskeiding tussen God en sy kerk genoem. En tog word dit deur die goedheid van God oorwin.

As 'n man sy vrou verstoot, sê die Here deur Jeremia, en sy gaan van hom af weg en word 'n ander man s'n, kan hy dan nog na haar teruggaan... ? "Keer terug, o afkerige, Israel, spreek die HERE. Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is goedertieren, spreek die HERE; Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie" (Jer. 3:1,12). En waarlik, die gesindheid van Hom wat bevestig (Eseg. 18:23, 32) dat Hy geen behae het in die dood van die sondaar nie, kan nie anders wees nie: Hy wil liewer dat die sondaar hom bekeer en leef.

Daarom het Salomo, toe hy die tempel ingewy het, dit ook vir hierdie doel bestem: gebede vir die vergiffenis van sondes sou hier gehoor word. "As hulle teen U sondig", het hy gesê, "- want daar is geen mens wat nie sondig nie - en U op hulle toornig is en hulle aan 'n vyand oorgee en hulle veroweraars hulle as gevangenes wegvoer na die land van die vyand, ver of naby ... en hulle hul bekeer en U smeek in die land van die wat hulle weggevoer het... wil dan in die hemel, u vaste woonplek, hulle gebed en hulle smeking hoor en aan hulle reg verskaf... (1 Kon. 8:46-49). Petrus... het Christus drie maal in een nag verloën -en boonop met 'n vervloeking. Tog word hy nie weggehou van vergiffenis nie. Selfs by die towenaar Simon is geen wanhoop gewek nie. Wanneer Petrus hom aanraai om sy toevlug tot die gebed te neem, word hy eerder beveel om goeie hoop te hê.

Inst. IV, 1, 25 en 26

*O Here, ons dank U vir die versekering dat U geen behae het in die dood van die goddelose nie.*

## 8 Oktober

*Joh. 17:6-11*

DIE KERK VAN ROME IS 'N BOUVAL

> *Elkeen wat nie by die leer oor Christus bly nie maar daaraan verander, hy het God nie. Wie in dié leer bly, hy het sowel die Vader as die Seun. — 2 Joh. vers 9*

God het daarvoor sorg gedra dat sy verbond onskendbaar sou bly. In die eerste plek behou sy doop sy krag. Dit is die getuienis van die verbond, wat deur sy mond geheilig is. Dit geskied ten spyte van die goddeloosheid van die mense.

In die tweede plek het Hy deur sy voorsienigheid daarvoor gesorg dat ook ander oorblyfsels bly bestaan het, sodat die kerk nie heeltemal te gronde sou gaan nie.

Geboue word dikwels so gesloop dat die fondamente en die bouvalle bly staan. Net so het God nie toegelaat dat sy kerk deur die Antichris, óf van sy fondament gestoot, of met die bodem gelyk gemaak word nie. Maar Hy het 'n vreeslike skudding en verwoesting laat plaasvind om die ondankbaarheid van die mense te straf wat sy Woord verag het. Tog was dit ook sy wil dat daar na die verwoesting 'n bouval moes oorbly . . .

Kortom, ek sê daar is kerke vir sover die Here die oorblyfsels van sy volk daar op wonderlike wyse bewaar . . . hoe ellendig verstrooid en uiteengejaag hulle ook al is. Daar is kentekens van die kerk waarvan die krag nóg deur die listigheid van die duiwel nóg deur die verdorwenheid van die mens vernietig kan word.

Inst. IV, 2, 11 en 12

*O Here, ons bid om die ware eenheid van u kerk op die grondslag van u Woord.*

## 9 Oktober

*1 Tim. 5:17-22*

GOD REGEER SY KERK DEUR DIE DIENS VAN MENSE

> *Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun. - Hand. 20:28*

Die Here self regeer en heers alleen in die kerk. Hy moet daar die toon aangee en die hoogste gesag beklee. En Hy regeer en bedien alleen deur sy Woord. Tog woon Hy nie sigbaar onder ons om self sy wil deur sy eie mond aan ons bekend te maak nie. Daarom wend Hy die diens van mense aan - as 't ware plaasvervangend. Dit is nie asof Hy sy reg en eer aan hulle oordra nie. Maar Hy volbring net sy eie werk deur hulle mond - soos die ambagsman ook van gereedskap gebruik maak . . .

Hy sou dit wel self kon doen - sonder enige instrument of hulpmiddel, of deur engele. Maar daar is verskeie redes waarom Hy dit liewer deur mense wil doen. Om mee te begin: wanneer Hy mense gebruik om as sy gesante in hierdie wêreld op te tree en om sy geheime wil uit te lê, toon Hy sy toegeneentheid jeens ons. Kortom, hy gebruik mense om Homself te verteenwoordig... Bowendien is dit 'n baie goeie en nuttige oefening wat nederigheid bevorder wanneer Hy ons daaraan gewoond maak om sy Woord te gehoorsaam - al word dit gepreek deur mense wat ons gelyke en soms ook minder waardigheid as ons het.

As God self uit die hemel spreek, sou dit geen wonder wees as sy heilige woorde sonder versuim deur alle ore en harte eerbiedig ontvang word nie. Want wie sou nie sy mag vrees nie? Wie sou nie, sodra hy sy majesteit bemerk, neerval nie...? Maar wanneer een of ander mensie uit die stof te voorskyn kom en in die Naam van God praat, toon ons deur 'n uitnemende getuienis ons vroomheid en eerbied jeens God, indien ons toelaat dat sy dienaar ons leer, en dit hoewel hy in geen opsig ons meerdere is nie.

Inst. IV, 3, 1

*Leer ons ootmoedig voor U wandel, wie ons ook al is en wat ons ook al doen.*

## 10 Oktober

*1 Tess. 2:1-8*

GOD MAAK ONS AFHANKLIK VAN MEKAAR

> *Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus. - Gal. 6:2*

Indien elkeen selftevrede is en nie die hulp van 'n ander nodig gehad het nie, sou iedereen - die hoogmoed van die menslike aard in ag genome -die ander verag en deur hulle verag word. Daarom het die Here sy kerk saamgebind met die band wat Hy voorsien het die sterkste sou wees om die eenheid van die kerk te bewaar. Hy het naamlik die leer van die saligheid en van die ewige lewe aan die mense vir bewaring gegee om dit deur hulle hande aan ander mee te deel. Hierop het Paulus gewys toe hy aan die Efesiërs geskryf het: Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar ook net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal... En dit is die "gawes" wat Hy uitgedeel het: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hul diens en die opbou van Christus se liggaam. So sal ons uiteindelik almal werklik een word in die geloof en in die kennis van die Seun van God - volwasse mense ... Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer nie... Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie en so bou die liggaam homself op in liefde (Ef. 4:4, e.v.).

Inst. IV, 3, 1

*Here, dankie vir die uitnemende voorreg om die evangelie aan ander te kan verkondig.*

## 11 Oktober

*Ef. 4:11-16*

DIE VOORTREFLIKHEID VAN DIE LERAARSAMP

> *Die onderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, ver al dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee... - 1 Tim. 5:17*

Met die woorde uit Ef. 4 toon Paulus aan dat die diens van mense waarvan God gebruik maak vir die regering van die kerk, die vernaamste sening is waarmee die gelowiges in een liggaam saamgebind word. Verder wys hy met dié woorde daarop dat die kerk op geen ander manier ongeskonde bewaar kan word nie as wanneer dit deur hierdie hulpmiddele gesteun word . . .

God het die waardigheid van die amp dikwels by ons aangeprys deur die betitelings wat Hy daaraan gee. Sy bedoeling daarmee was dat dit onder ons - as 'n saak wat alle dinge te bowe gaan - in die hoogste eer en aansien sou staan. Hy bewys die mense 'n besondere weldaad deur leraars vir hulle te roep. Dit betuig Hy wanneer Hy die profeet Jesaja beveel om te verkondig: "Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring ..." (Jes. 52:7). Asook wanneer Hy die apostels die lig vir die wêreld en die sout vir die aarde noem (Matt. 5:13, 14). En dié amp kon nie luisterryker versier word as toe Hy gesê het: "Wie na julle luister, luister na My; wie vir julle verwerp, verwerp My . . ." (Luk. 19:16).

Maar daar is geen voortrefliker plek as in Paulus se tweede brief aan die Korintiërs nie (hoofstukke 3 en 4). Hy behandel die kwessie hier as 't ware besitlik. Hy gee die versekering dat daar in die kerk niks is wat voortrefliker en heerliker as die bediening van die evangelie is nie. Want dis die bediening van die Gees, van die geregtigheid en van die ewige lewe.

Hierdie en dergelike Skrifgedeeltes sorg daarvoor dat die regering en instandhouding van die kerk deur die leraars nie onder ons in veragting raak en uiteindelik verdwyn nie. Dit is iets wat die Here vir altyd ingestel het.

Inst. IV, 3, 2 en 3

*Ons bid om ware, geroepe leraars wat volgens u Woord eer waardig is.*

## 12 Oktober

*Ef. 2:17-22*

DIE KERK NIE GEGROND OP PETRUS NIE, MAAR OP CHRISTUS

> *... want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus. - 1 Kor. 3:11*

Die Roomse voer aan dat 'n mens nêrens lees dat die woorde: "Jy is Petrus en op hierdie petra (rots) sal ek my gemeente bou" aan 'n ander gesê word nie. Asof Christus daarmee iets anders omtrent Petrus sou getuig as wat Paulus en Petrus self van alle Christene sê! Want Paulus sê (Ef. 2:20) dat Christus die hoeksteen is, op wie diegene gebou word wat verrys tot 'n heilige tempel vir die Here. En Petrus sê: ons moet lewende stene wees wat op die uitverkore en kosbare hoeksteen gefundeer is (1 Petr. 2:5, 6). Dan sal ons verenig wees - sowel onderling as met God.

Petrus, sê die Roomse, staan bokant ander. Want hy dra in die besonder dié naam. Sekerlik staan ek hierdie eer graag aan Petrus toe: dat hy in die gebou van die kerk onder die eerstes geplaas moet word. Of, as hulle dit ook verlang, dat hy die eerste van alle gelowiges is. Maar dat hulle daaruit aflei dat hy die oppergesag oor ander het, sal ek nie toegee nie. Want watter soort gevolgtrekking is dit: ander oortref hy in vurigheid, die leer en grootheid van gees, derhalwe het hy mag oor hulle . . .! Ons lees ook glad niks van so 'n mag nie.

Petrus het in sy naam en in die naam van sy broers bely dat Christus die Seun van God is. Op hierdie *petra* bou Christus sy kerk: want dit is die enigste fondament, soos Paulus sê (1 Kor. 3:11), wat nie vervang kan word nie.

Niemand kan hierdie kwessie beter oplos as die Skrif self nie . . . Gaan alles na wat daaroor geskryf is en u sal niks anders kry nie as dat hy een van die twaalf was soos die ander; hulle gelyke en nie hulle heer nie.

Inst. IV, 6, 5, 6 en 7

*Here, hou ons elke oomblik bewus daarvan dat wie 'n ander evangelie as Paulus verkondig, vervloek is.*

## 13 Oktober

*Gal. 5:11-14*

PETRUS SE POSISIE IN DIE KERK

SKRIFBEWYS IN VERBAND MET PETRUS SE PLEK

> *As mede-ouderling en getuie van die lyding van Christus en ook deelgenoot aan die heerlikheid wat geopenbaar sal word, dring ek by die ouderlinge onder julle daarop aan . . . - 1 Petr. 5:1*

Petrus het wel aan die vergadering in Jerusalem voorgelê wat behandel moet word, en geadviseer wat nodig is om te doen. Maar hy luister terselfdertyd na die ander ... Wanneer hulle besluit het, volg hy en is gehoorsaam (Hand. 15). Wanneer hy aan die herders skryf (1 Petr. 5:1) beveel hy hulle nie as maghebber nie: hy behandel hulle as sy kollegas en vermaan hulle vriendelik, soos dit onder gelykes gewoonlik geskied.

Wanneer hy daarvan beskuldig word dat hy in huise van heidene gegaan het, dan antwoord hy en verontskuldig hy homself- al is hierdie aantyging ongegrond (Hand. 11). Wanneer hy deur sy kollegas beveel word om met Johannes na Samaria te gaan, weier hy nie (Hand. 8:14) ... En as dit alles nie opgeteken was nie, kan bloot die brief aan die Galasiërs maklik al ons twyfel wegneem. Daar handhaaf Paulus in byna twee hele hoofstukke niks anders nie as dat hy - wat die eer van die apostelskap betref - met Petrus gelyk staan. Om hierdie rede vermeld Paulus dat hy na Petrus gekom het - nie om sy onderworpenheid te toon nie, maar bloot om aan almal te wys dat hulle in die leer ooreenstem. Dit blyk dat ook Petrus self niks van dié aard van hom geëis het nie. Wel het hy aan Paulus die regterhand van samewerking gegee, sodat hulle saam in die Here se wingerd kan werk. Verder, aan hom is nie minder genade bewys onder die heidene as vir Petrus onder die Jode nie. Eindelik, toe Petrus minder getrou gehandel het, is hy deur Paulus bestraf en het hy sy berisping ter harte geneem . . .

Bowendien, al sou een mens aan die hoof van twaalf gestaan het, volg daaruit dan dat een aan die hoof van honderdduisend mense gestel moet word?

Inst. IV, 6, 7 en 8

*Gee ons as kinders van die Hervorming die genade om ons net deur u Woord te laat lei.*

## 14 Oktober

*Ef 1:15-23*

GEEN POUS NIE, MAAR CHRISTUS EN SY BEDIENINGE!

> *Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof ... - Ef 4:15*

Die kerk het Christus as sy enigste Hoof. Onder sy heerskappy is ons almal met mekaar verenig, volgens die orde en wyse van kerkregering wat Hy self voorgeskryf het.

Die Roomse doen Christus dus 'n groot onreg aan, wanneer hulle wil hê dat een mens aan die hoof sal staan van die ganse kerk onder die voorwendsel dat dit nie sonder 'n hoof kan wees. "Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde" (Ef. 4:16).

Die apostel leer dat die lidmate betrokke is by die ganse kerkregering onder Christus en dat die krag daarvoor van die een hemelse Hoof kom. Of as hulle nog duideliker taal verlang: terwyl die Skrif getuig dat Christus die Hoof is en Hy vir Homself alleen die eer opeis, mag dit nie op 'n ander oorgedra word nie. Behalwe op iemand wat Christus self as sy plaasvervanger benoem het. Maar mens lees dit nie net nêrens nie, maar dit kan ook maklik uit baie plekke weerlê word (Ef. 1:22; 4:15; 5:23; Kol. 1:18; 2:10).

Enkele male skilder Paulus vir ons 'n lewende beeld van die kerk. Maar van die een hoof word daar geen melding gemaak nie. Ja, 'n mens kan selfs uit sy beskrywing aflei dat dit vreemd aan die instelling van Christus is. Deur sy hemelvaart het Christus ons sy sigbare teenwoordigheid ontsê, maar Hy is ". . . die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul" (Ef. 4:10). Derhalwe geniet die kerk nou nog sy teenwoordigheid en sal Hom altyd aanwesig hê.

Wanneer Paulus wil aantoon op watter manier Christus Hom openbaar, wys hy ons op die bedieninge wat Hy gebruik (Ef. 4:7, 11).

Inst. IV, 6, 9 en 10

*Dankie, Here, dat ons die volheid in U, ons Hoof het. En dat ons geen plaasvervangende hoof nodig het nie.*

## 15 Oktober

*Ps. 119:105-112*

DIE GELOWIGE EN DIE KERK IS AAN DIE WOORD ONDERWORPE

*"... leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."- Matt. 28:19*

Ek laat dit aan alle vromes oor om daaroor na te dink hoedanig die spits van die Roomse hiërargie is. Die Roomse aarsel nie om selfs die Woord van God met gruwelike onbeskaamdheid daaraan te onderwerp nie - die Woord wat vir hemel en aarde, mense en engele eerbiedwaardig en heilig behoort te wees . . .

Maar die mag van die kerk is nie onbegrens nie - dit is onderworpe aan die Woord van God en is as 't ware daarin vervat. Paulus het almal se gesag aan die beoordeling van die Woord onderwerp.

Maar, sal gesê word, met die kerk as geheel is dit anders gesteld. Ek antwoord dat Paulus ook hierdie bedenking verwag en beantwoord, waar hy sê die geloof kom deur die prediking wat 'n mens hoor (Rom. 10:17). Met ander woorde, as die geloof van die Woord alleen afhang, as dit alleen daarop let en leun, watter plek bly daar dan oor vir die wêreld se mening.

En hier sal niemand wat goed weet wat die geloof is, kon weifel nie. Want dit moet op so 'n vastigheid steun sodat dit daardeur teen die Satan en al die liste van die hel, asook teen die ganse wêreld, onoorwinlik en onverskrokke kan standhou. Hierdie vastigheid sal ons enkel en alleen in die Woord van God vind.

Bowendien is daar 'n algemene rede waarop ons hier moet let: God ontsê die mens die bevoegdheid om 'n nuwe leerstuk op te stel. So bly Hy alleen, wat die geestelike dinge betref, ons Leermeester. Hy alleen is waaragtig en kan nie lieg of bedrieg nie. Hierdie rede geld net so goed vir die kerk as geheel, as vir elke afsonderlike gelowige.

Inst. IV, 7, 30; 8, 4; 8, 9

*Here, gee my soveel liefde vir u Woord dat ek dit in my hart bewaar.*

## 16 Oktober

*Joh. 14:6-11*

DIE OPENBARING IN CHRISTUS DIE FINALE

> *In die verlede het God baiekeer en op baie maniere tot ons voorvaders gespreek deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy tot ons gespreek deur die Seun. - Hebr. 1:1*

Christus sê dat niemand die Vader gesien het nie behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil openbaar (Matt. 11:27). Hulle wat tot die kennis van God wou kom, moes dus ongetwyfeld altyd deur dié ewige Wysheid gelei word. Want hoe sou hulle die verborgenhede van God of met hulle verstand begryp het, óf uitgespreek het sonder om onderwys te word deur Hom, die enigste vir wie die geheimenisse van die Vader oop lê?

Derhalwe het die heilige manne God vroeër nie anders geken nie as om Hom in die Seun soos in 'n spieël te sien.

Wanneer ek dit sê, bedoel ek daarmee dat God Hom nooit op 'n ander manier aan mense geopenbaar het nie as deur die Seun. Dit is: deur sy unieke wysheid, lig en waarheid. Uit hierdie bron het Adam, Noag, Abraham, Isak, Jakob en ander geput wat hulle van die hemelse leer geweet het. Uit dieselfde bron het al die profete alle hemelse openbarings geput wat hulle wêreldkundig gemaak het . . .

Maar toe God dit goed gevind het om 'n meer luisterryke gestalte aan die kerk te gee, het Hy besluit om sy Woord op skrif te laat stel en dit so duursaam te maak . . .

Volgens Hebr. 1:1 het Hy in die Seun alle lering so volkome geopenbaar, dat dit as die finale en ewige getuienis van sy kant gesien moet word . . .

Dit is dus 'n grondwaarheid dat daar geen ander woord van God is waaraan daar 'n plek in die kerk gegee moet word nie, behalwe wat eers in die wet, in die geskrifte van die profete en later in dié van die apostels vervat is.

Daar is ook geen ander juiste manier om in die kerk te onderrig as volgens die voorskrif en norm van die Skrif nie.

Inst. IV, 8, 5, 6, 7 en 8

*Ons weet dat dit die ewige lewe is: om U in en deur ons Here Jesus Christus te ken.*

## 17 Oktober

*2 Kor. 10:1-6*

DIE SWAARD VAN DIE GEES IS DIE HERDERS SE WAPEN

> *Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. - Ef. 6:17*

Uit die voorafgaande kom ons tot die gevolgtrekking dat aan die apostels geen ander woord gegee is as wat die profete vroeër gehad het nie. Hulle moes die Ou Testament uitlê en aantoon dat wat daar geleer word, in Christus volbring is. Maar dit sou hulle nie doen nie tensy dit van die Here gekom het. Met ander woorde, die Gees van Christus het voor hulle uitgegaan en in sekere sin die woorde aan hulle gedikteer. Want Christus het hul opdrag deur hierdie wet bepaal. Hy het naamlik beveel dat hulle moes uitgaan en leer wat Hy hulle gebied het - nie wat hulle self sommerso versin het nie. Daar kon niks duideliker gesê word as wat Hy in Matt. 23:8 sê nie! "Maar julle moet julle nie 'rabbi' laat noem nie; net een is julle Leermeester . . ."

Op hierdie beperking moet daar noulettend ag gegee word: Christus het dit aan die Heilige Gees oorgelaat om hulle alles te laat onthou wat Hy vantevore met sy mond geleer het . . .

2 Kor. 10:4, 5 toon aan met watter besondere mag die herders van die kerk toegerus behoort te wees. Dit is naamlik om alles moedig deur die Woord van God aan te durf... Hulle moet so toegerus wees om alle krag, roem, wysheid en hoogmoed van die wêreld te dwing om te wyk voor die majesteit van die Woord... om die huis van Christus te bou en dié van Satan te sloop . . .

Tog is daar tussen die apostels en hul opvolgers, soos ek gesê het, die onderskeid dat die apostels betroubare en geloofwaardige skribas van die Heilige Gees was. Daarom moet hul geskrifte beskou word as die openbaring van God. Maar hul opvolgers het geen ander amp nie as om te onderrig wat in die Heilige Skrif geopenbaar en beseël is.

Inst. IV, 8, 8 en 9

*Ons bid dat alle leraars die swaard van die Gees reg sal hanteer.*

## 18 Oktober

*Matt. 18:15-18*

DIE KERKLIKE TUG

> *Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis? - 2 Kor. 6:14*

Geen enkele gemeenskap, ja geen enkele huisgesin - al bestaan dit uit 'n paar mense - kan sonder tug reg gehou word nie. Derhalwe is tug in die kerk, waar alles so ordelik as moontlik moet wees, soveel noodsaakliker.

Dus, soos die saligmakende leer van Christus die siel van die kerk is, so is die tug as 't ware die spiere: deur die spiere is die ledemate van die liggaam met mekaar verbind - elkeen op sy plek. Gevolglik bedreig almal wat die tug wil uitskakel (of die herstel daarvan verhinder) sonder twyfel die kerk met totale verwoesting. Of hulle dit nou opsetlik of onnadenkend doen, kom nie daarop aan nie.

Want wat sal gebeur as elkeen kan doen wat hy wil? Die kerk sal verval as daar by die prediking nie persoonlike vermanings, teregwysings en ander hulpmiddele van dié aard kom nie. Die leer moet daarmee in stand gehou en nie verontagsaam word nie.

Die tug is dus as 't ware die stang waardeur diegene wat teen die leer van Christus te kere gaan, in toom gehou en beheer word. Of dit is soos die prikkel, waardeur traak-my-nie-agtiges aangewakker word.

Partymaal is dit ook soos pa se lat. Daarmee word diegene wat dieper geval het op beheerste manier en in ooreenstemming met die sagmoedigheid van die Gees van Christus getug . . .

Daar moet ook met die nagmaal van die Here rekening gehou word. Dit moet nie voor die voet bedien en so ontheilig word nie.

Inst. IV, 12, 1 en 5

*Here, ons weet, as die boom nie gesnoei word nie, dra hy nie goeie vrugte nie.*

## 19 Oktober

*2 Kor. 2:5-11*

NOG MEER OOR DIE TUG

*Jy moet jou naaste vrymoedig berispe, sodat jy om sy ontwil geen sonde op jou laai nie. - Lev. 19:17*

Chrysostomus laat hom skerp uit teen die priesters wat bang is vir die mag van die grotes en gevolglik nie die moed het om iemand van die nagmaal weg te hou nie. "Die bloed," sê hy, "sal van julle hande geëis word. Indien julle vir die mense bang is, sal hy julle uitlag; maar indien julle God vrees, sal julle ook deur die mense self geëerbiedig word" ...

Wat die tug betref, daar moet nie oor die hoof gesien word nie dat dié soort strengheid by die kerk pas wat met die gees van sagmoedigheid gepaard gaan. Want, soos Paulus beveel (2 Kor. 2:7), moet 'n mens altyd op jou hoede wees dat hy wat gestraf word, nie deur droefheid verteer word nie. Want so sou uit die geneesmiddel die ondergang voortkom. Die doel van die tug bepaal die matigheid daarvan. Want met die uitbanning word beoog om die sondaar tot berou te beweeg en om die slegte voorbeelde uit die midde te verwyder. Dan sal die Naam van Christus nie gelaster word en ander nie aangemoedig word om dié voorbeelde na te volg nie. As ons hierop let, sal ons maklik kan uitmaak hoe ver die strengheid deurgevoer moet word. En wanneer dit moet ophou.

Wanneer die sondaar dus aan die kerk getuienis gee van sy berou en deur dié getuienis die ergelike daad - vir sover hy kan - uitwis, moet hy in geen opsig gedwing word om meer te doen nie. As daar sodanige aandrang is, oorskry dié strengheid reeds sy perke.

Inst. IV, 12, 5, en 8

*Ons bid om genade om in ons strengheid steeds ons wysheid te behou.*

## 20 Oktober

*Hand. 13:1-4*

OOR VAS EN GEBED

> *En toe ek hierdie woorde hoor, het ek gesit en ween en ek het dae lank getreur; en ek het gevas en gebid voor die aangesig van die God van die hemel... - Neh. 1:4*

Die heilige en wettige vas het drie doeleindes. Ons maak eerstens daarvan gebruik om die verdorwe natuur in toom te hou en te onderwerp, sodat dit nie losbandig word nie. Tweedens: om ons beter voor te berei vir gebede en heilige meditasies. Derdens: as getuienis van ons verootmoediging voor God, wanneer ons ons skuld voor Hom wil bely.

Die eerste doel het nie dikwels betrekking op die openbare vas nie. Want nie almal het dieselfde liggaamskragte en dieselfde gesondheid nie. Dit pas derhalwe meer by die private vas.

Die tweede doel geld vir beide die openbare en die private vas. Want die hele kerk het dieselfde voorbereiding vir gebede nodig as die individuele gelowiges.

Net so ook die derde doel. Want dit gebeur soms dat God 'n volk tref met oorlog of 'n epidemie of een of ander ramp. In hierdie gemeenskaplike tugtiging moet die hele volk die skuld aanvaar en sy skuld bely. En indien die hand van die Here 'n indiwidu tref, moet ook hy sy skuld bely - óf alleen of met sy huisgesin . . .

Dit sou nuttig wees om, so dikwels as daar tot God geroep moet word oor die een of ander belangrike saak, aan te kondig dat daar gebid én gevas moet word. Die gelowiges in Antiochië het gevas en gebid toe hulle Paulus en Barnabas die hande opgelê het. So het hulle vir hul bediening, wat baie gewigtig was, beter voorbidding gedoen (Hand. 13:3). So was Paulus en Barnabas ook later gewoond om te bid en te vas wanneer hulle dienaars vir die gemeentes aangewys het (Hand. 14:23).

Met hierdie soort vas het hulle niks anders beoog nie as om vuriger en beter voorberei te wees om te bid.

Inst. IV, 12, 15 en 16

*Ons bid om die genade om te vas en te bid wanneer dit ook al nodig is.*

## 21 Oktober

*Joel 2:12-17*

MEER OOR DIE BETEKENIS VAN DIE VAS

*Nee, as jy vas, versorg jou hare en was jou gesig sodat niemand kan sien dat jy vas nie ... - Matt. 6:17, 18*

Somtyds begin epidemies, hongersnood of oorlog woed. Of dit lyk of die een of ander ramp oor die land en volk hang. Ook dan is dit die herders se plig om die kerk op te wek om te vas, sodat gelowiges des te ootmoediger mag bid dat die Here sy toorn sal terughou . . .

Christus sê nie dat vas afgeskaf is nie. Maar Hy reserveer dit vir tye van rampspoed en verbind dit met beproewing (Matt. 9:15; Luk. 5: 34). . .

Om te vas beteken om onsself iets wat ons gewoonweg geniet vir 'n dag of vir 'n bepaalde tyd te ontsê . . .

Maar ons moet altyd wakker loop dat bygeloof nie insluip nie - soos wat vroeër tot groot skade van die kerk gebeur het. Want dit sou baie beter wees om glad nie te vas nie, as om dit ywerig te beoefen en intussen die prooi van vals en gevaarlike gedagtes te word. Hierin verval die mense van tyd tot tyd, indien die herders dit nie met die grootste oortuiging en wysheid voorkom nie.

Allereers moet altyd beklemtoon word wat Joel (2:13) leer. Hy sê naamlik dat die harte geskeur moet word en nie die klere nie. Dit wil sê die herders moet die volk waarsku dat vas op sigself nie deur God as van baie waarde geag word nie. Daarby moet 'n innerlike gesindheid van die hart kom. Daar moet 'n ware misnoeë wees oor die sonde, 'n ware verootmoediging en 'n ware droefheid uit godvresendheid.

Vir 'n tweede kwaad wat hiermee verband hou, moet 'n mens erg op jou hoede wees. Vas moet nie as 'n verdienstelike werk of 'n soort godsdiens beskou word nie.

Inst. IV, 12, 17, 18 en 19

*Here, leer ons bo alles om ons te onthou van die sonde en sy genietinge.*

## 22 Oktober

*Pred. 5:1-5*

OOR GELOFTES

> *Dit is vir die mens 'n strik dat hy onbedagsaam sê: Heilig! om dan eers na die geloftes te oorweeg. - Spr. 20:25*

Insake geloftes moet ons drie dinge oorweeg, naamlik: wie is Hy aan wie die gelofte gedoen word? Wie is ons wat die gelofte doen? En eindelik, met watter gesindheid doen ons die gelofte?

Met betrekking tot die eerste punt, moet ons daarop let dat ons met God te doen het. Ons gehoorsaamheid behaag Hom so veel dat Hy oor alle selfgemaakte godsdiens 'n vloek uitspreek (Kol. 2:23) - hoe mooi en voortreflik dit ook al in die oë van mense mag wees.

Alle selfgemaakte vorme van aanbidding, wat ons buite-om sy gebod uitdink, is vir God afskuwelik. Daaruit volg dat niks vir Hom aanneemlik kan wees nie, behalwe wat deur sy Woord goedgekeur word. Laat ons dus nie vir onsself soveel vrymoedigheid toe-eien dat ons dit waag om aan God iets te beloof as ons nie weet hoe Hy daaroor oordeel nie . . .

Die tweede punt kom hierop neer dat ons ons kragte nie moet oorskat en die vryheid - die weldaad wat God aan ons geskenk het -moet minag nie. Want wie beloof wat hy nie gestand kan doen nie, of wat met sy roeping in stryd is, is onverantwoordelik. En wie die weldadigheid van God minag waardeur hy tot heer oor alle dinge gestel word, is ondankbaar . . .

Maar sommige dinge is deur die goedheid van God aan ons gegee en ander word ons volgens sy regverdige bestel ontsê. Daarom moet iedereen, soos Paulus gebied (Rom. 12:3; 1 Kor. 12:11), let op die mate van genade wat aan hom gegee is. Ek wil hier dus niks anders sê nie as dat die gelofte bepaal word deur die mate van genade wat God jou persoonlik gee. Dan sal jy nie, wanneer jy verder waag as wat Hy jou toelaat, jouself te veel aanmatig en in die verderf beland nie.

Inst. IV, 13, 2 en 3

*Here, laat ons beskeie en verantwoord bly - ook in ons geloftes.*

## 23 Oktober

*Rig. 11:30-40*

MEER OOR GELOFTES

*Julle mag die HERE julle God nie versoek . . . nie. - Deut. 6:16*

Jefta het in onbesonne ywer 'n gelofte gedoen. En vir dié dwaasheid (Rig. 11:30) is hy gestraf.

Wat hierdie soort geloftes betref, oortref een al die ander. En dit is om 'n gelofte te doen dat jy nooit sal trou nie. Dit is waansinnige oormoedigheid! Want die priesters, monnike en nonne vergeet hulle eie swakheid en is vol vertroue dat hulle in die ongetroude staat sal kan volhard. Maar deur watter openbaringswoord is hulle geleer dat hulle hul ganse lewe lank die kuisheid sal bewaar?

Hulle hoor die Woord van God wat in die algemeen vir alle mense geld: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie" (Gen. 2:18). Hulle begryp - en ek hoop hulle het dit nie ondervind nie! - dat die sonde wat in ons woon nie 'n tekort het aan die skerpste prikkels nie. Deur watter oormoedigheid waag hulle dit om die algemene roeping vir die hele lewe van hulle af te skud? Die gawe van onthouding word immers meermale - na gelang van omstandighede - net vir 'n sekere tyd verleen. Wie eiesinnig is, moet God nie as helper verwag nie. Laat hulle liewer dink aan die woorde: "Julle moet die Here, julle God, nie versoek nie." Om God te versoek, is naamlik om in te gaan teen die natuur wat Hy ingeplant het, en sy aanwesige gawes te minag asof dit niks met ons te doen het nie . . .

Dat 'n mens niks moet beloof wat ons sou verhinder om ons roeping te vervul nie, is vanselfsprekend - soos wanneer 'n huisvader die gelofte doen dat hy sy vrou en kinders sal verlaat en ander laste op hom neem.

Inst. IV, 13, 3

*Here, laat ons u skeppingsorde nooit deur dweperigheid versteur nie.*

## 24 Oktober

*Ps. 116:12-19*

NOG MEER OOR GELOFTES

> *My geloftes aan die Here sal ek betaal in die teenwoordigheid van sy hele volk. - Ps. 116:14*

Nou kom ek by die derde punt. Dit is naamlik dat dit van groot belang is met watter gesindheid jy 'n gelofte doen - as jy verlang dat God dit sal aanvaar. . .

Daar is, vir sover ek kan oordeel, vier doeleindes waarop ons geloftes eintlik gerig moet word. Ter wille van die onderrig laat ek twee op die verlede slaan, en die orige twee op die toekoms . . . Dié geloftes waardeur ons ons dankbaarheid jeens God betuig vir weldade wat ons ontvang het, slaan op die verlede; ook dié waardeur ons onsself tug oor sonde wat ons begaan het.. . Slegs een voorbeeld wat laasgenoemde betref: indien iemand as gevolg van vraatsug in sonde val, sal daar geen beswaar teen wees dat hy - om sy onmatigheid te bestraf - hom 'n tydlank alle lekkernye ontsê nie. Dit doen hy dan deur 'n gelofte aan te wend om hom daardeur des te meer te bind.

Die geloftes wat betrekking het op die toekoms, het deels ten doel om ons versigtiger te maak, en deels om ons as 't ware deur sekere prikkels tot ons plig aan te wakker. Iemand bemerk dat hy so geneig is tot 'n sekere kwaad dat hy hom ten opsigte van 'n saak (wat origens nie sleg is nie) nie in toom kan hou nie. Hy val dadelik in sonde. Dit sal nie as onbesonne beskou word as hy hom die gebruik daarvan 'n tydlank deur 'n gelofte ontsê nie. Iemand merk byvoorbeeld op dat een of ander versiering van die liggaam gevare vir hom inhou; en dat hy tog, verlei deur begeerte, daarna smag. Wat sou hy dan beter kon doen as om homself te bedwing- oftewel homself die noodsaaklike onthouding op te lê, waardeur hy hom van alle weifeling kan bevry?

Inst. IV, 13, 4 en 5

*Here, beweeg ons harte tot offers van danksegging.*

## 25 Oktober

*Job 1:6-12*

BLY NUGTER

> *Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. - 1 Petr. 5:8*

Daar is 'n gelofte wat alle gelowiges by die doop afgelê het. Ons versterk dié gelofte en bekragtig dit as 't ware deur die katkisasie en die gebruik van die nagmaal. Want die sakramente is soos 'n kontrak. Daardeur skenk die Here aan ons sy barmhartigheid en sodoende die ewige lewe. En ons beloof Hom dat ons gehoorsaam sal wees. Die formule van die gelofte - of altans die hoofinhoud - is dat ons die Satan afsweer. Ons wy ons ook toe aan God vir diens: om sy heilige gebooie te gehoorsaam en nie aan die slegte begeertes van ons verdorwe natuur toe te gee nie... Niemand kom in hierdie lewe volmaak na wat die wet van God van ons eis nie. Maar dit staan nie in die weg daarvan om 'n gelofte te maak nie.

Oor die getal of die tyd waag ek dit nie om iets voor te skrywe nie. Tog sal iemand (as hy na my raad luister) na nugtere oorweging geloftes doen - maar dan net geloftes van 'n tydelike aard . . .

Dit is bekend watter groot bygeloof die wêreld reeds verskeie eeue oor hierdie saak het... Dit is byvoorbeeld as baie wys voorgehou om geloftes te doen om pelgrimtogte na heilige plekke te onderneem; soms selfs om die reis te voet of met halfnaakte liggaam af te lê. Die gedagte was dat uit die vermoeidheid soveel meer verdienste verwerf sou word.

Inst. IV, 13, 6 en 7

*Ons dank U dat ons meer as oorwinnaars is deur die geloof in Jesus Christus, ons Here.*

## 26 Oktober

*Miga 6:6-8*

JONGMENSE, GEEN ONBESONNE GELOFTES NIE!

> *En enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde. - Rom. 14:23*

Die diakonesse (1 Tim. 5:9) het hulle geloftes (van onthouding) nie aan die begin van hul puberteitsjare of in die bloei van hulle jare gemaak nie. Hulle sou dan te laat uit ondervinding leer in watter groot gevaar hulle hulself begeef het. Maar na hulle alle gevare klaarblyklik oorkom het, het hulle 'n gelofte afgelê wat net so veilig was as wat dit heilig was. .. Dit was ongeoorloof om vroue toe te laat om die gelofte van onthouding te doen voor hul sestigste jaar. Die apostel Paulus staan dit alleen toe aan vroue van sestig jaar en beveel die jongeres om te trou en kinders te hê . . . Dit kan hoegenaamd nie geduld word nie dat arme meisies, voordat hulle hulself vanweë hul leeftyd kan ken of enige ervaring van hulself kan hê, deur bedrog mislei word.

Dit gebeur soms dat onervare en vreesagtige gewetens - ook wanneer 'n gelofte hulle kwel en deur hulle afgekeur word - nogtans nie kan uitmaak of hulle daardeur gebind is of nie. Hulle worstel daarmee omdat hulle daarvoor terugdeins om terug te gaan op hul woord wat hulle aan God gegee het. En aan die anderkant is hulle bang dat hulle nog meer sal sondig deur die gelofte te hou. Hierdie mense moet voorgelig word ... En om meteens alle besware uit die weg te ruim, sê ek dat alle geloftes wat nie geoorloof is en nie behoorlik gedoen is nie, ongeldig moet wees. Immers, hulle het ook by God geen waarde nie... "En enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde" (Rom. 14:23) . . .

'n Mens kom tot die slotsom dat die geloftes wat uit dwaling en bygeloof ontstaan, by God geen gewig dra nie en deur ons gebreek moet word.

Inst. IV, 13, 19 en 20

*Here, ons bid vir die nugterheid van verstand en die warmte van vertroue wat altyd alle ware geloofsdade kenmerk.*

## 27 Oktober

*Matt. 13:31-35*

OOR DIE SAKRAMENTE

> *Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van geregtigheid, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee. - Rom. 14:17*

By die prediking van die evangelie is daar nog 'n ander hulpmiddel vir ons geloof - die sakramente... 'n Sakrament is 'n bewys van die genade van God jeens ons. Dit word deur 'n waarneembare teken bevestig, met betuiging van ons liefde vir Hom ... Dit verskil nie van Augustinus se omskrywing nie. Hy sê naamlik dat 'n sakrament 'n sigbare teken van 'n heilige saak is, of 'n sigbare voorstelling van die onsigbare genade.

Volgens die definisie wat ons gegee het, verstaan ons dat daar nooit 'n sakrament is sonder 'n voorafgaande belofte nie. Die sakrament word as 'n aanhangsel toegevoeg met die bedoeling dat dit die belofte self bevestig en die seël daarop druk. Die sakrament gee ons groter sekerheid ten opsigte van die belofte en bekragtig dit selfs in sekere sin. So voorsien God naamlik wat nodig is in die eerste plek weens ons onwetendheid en stompsinnigheid, ook ons swakheid. En tog, om dit presies te stel, dit gebeur nie soseer om krag te verleen aan die heilige Woord van God nie. Wel om óns gelóóf daaraan te versterk. Die waarheid van God is op sigself vas en seker genoeg, en kan nêrens anders 'n beter bevestiging ontvang nie as van homself.

Ons geloof is egter klein en swak. Dit word dadelik heen en weer geslinger en ondergrawe. Dit dreig selfs om ineen te stort indien dit nie aan alle kante gestut word nie ... En so pas die barmhartige God in sy onmeetlike goedheid by ons begripsvermoë aan . . .

As ons onliggaamlik was, sou God ons hierdie dinge onbedek en onliggaamlik gegee het, sê Chrysostomus. Maar omdat ons nou siele het wat in liggame woon, openbaar Hy ons die geestelike dinge deur sigbare voorwerpe.

Inst. IV, 14, 1 en 3

*Here, ons dank U dat U u kinders deur die sigbare tekens van die sakramente leer.*

## 28 Oktober

*1 Kor. 11:23-26*

WOORD EN SAKRAMENT

> *Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus. - Rom. 10:17*

'n Sakrament bestaan uit die Woord en die uiterlike teken. Onder Woord moet ons nie 'n woord verstaan wat sonder sin en geloof gefluister word nie. Dit is nie so dat dit werktuiglik - soos deur 'n towerformule - die krag sou hê om die teken van die sakrament te heilig nie. Dit is die Woord wat, wanneer dit verkondig word, ons laat begryp wat die bedoeling van die sigbare teken is ... Die Roomse het gemeen dit is genoeg dat die priester die wydingsformule prewei, terwyl die volk verstom gestaan het. Wat gebeur het, het hulle nie begryp nie . . .

Maar Augustinus leer heeltemal anders omtrent die sakramentele woord. "Laat die Woord", sê hy, "by die element kom. Dan sal dit 'n bondseël word. Want waarvandaan kry die water dié groot krag dat dit in aanraking met die liggaam kom en die hart afwas, tensy die Woord dit bewerkstellig? Dit gebeur nie omdat dit uitgespreek word nie, maar geglo word. Want ook in die Woord self is die verbygaande geluid iets anders as die blywende krag. Hierdie Woord is die boodskap van die geloof. En dit is wat ons verkondig, sê die apostel (Rom. 10:8). Daarom staan in die Handelinge van die Apostels (15:9): 'Hy het ook hulle harte deur die geloof gereinig.' En die apostel Petrus sê: 'Die doop is nie 'n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar 'n bede tot God om 'n skoon gewete. Dit is die Woord van die geloof wat ons verkondig, waardeur die Doop sonder twyfel geheilig word, sodat dit kan reinig.'" U sien: Augustinus eis die prediking waaruit die geloof gebore word. Laat ons dus, wanneer ons hoor dat oor die sakramentele woord gepraat word, dAäronder die belofte verstaan wat duidelik deur die bedienaar verkondig word.

Inst. IV. 14, 4

*Here, maak die sakrament vir ons 'n belewenis deur die Woord waaruit die geloof gebore word.*

## 29 Oktober

*1 Kor. 6:9-11*

GEES EN SAKRAMENT

> *"Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê." - Openb. 2:29*

Ek meen nie die versterking en vermeerdering van die geloof deur die sakramente is daaraan te danke dat daar voortdurend een of ander verborge krag in die sakramente skuil nie. Hulle self kan die geloof nie bevorder of versterk nie. Inteendeel, ek skryf aan hulle dié funksie toe, omdat hulle deur die Here ingestel is om die geloof te bevestig en te vermeerder.

Maar die sakramente beantwoord eers heeltemal aan hul funksie wanneer die inwendige Leermeester, die Gees, daarby kom. Deur sy krag alleen word die harte deurdring, die geneenthede oorgehaal en ons siele vir die sakramente oopgemaak. As Hy nie daar is nie, kan die sakramente nie meer aan ons harte doen nie as wanneer die son se glans op blinde oë skyn, of 'n stem op dowe ore val. . .

Die Gees toon aan dat dit God is wat in die sakramente met ons praat, sodat die Woord nie tevergeefs in ons ore sou klink en die sakramente nie tevergeefs aan ons bedien word nie. Dit is die Gees wat ons harde hart vernuwe en gehoorsaam maak aan die Woord van die Here - soos wat verskuldig is. Kortom, Hy herlei die uiterlike woorde en die sakramente van die ore na die siel toe.

Dus, beide die Woord en die sakramente versterk ons geloof, deurdat hulle die welwillendheid van die hemelse Vader jeens ons aan die lig bring. Ons geloof se vastigheid berus in die kennis van God. Dit geld ook die toename in geloof. Die Gees versterk ons geloof deurdat Hy hierdie sterking in ons harte ingraveer en dus doeltreffend maak.

Inst. IV, 9 en 10

*Ons dank U vir u Gees, wat die geestelike sin van die sakrament vir ons duidelik en vrugbaar maak.*

## 30 Oktober

*Matt. 13:18-23*

GOD WERK DEUR DIE WOORD EN DIE SAKRAMENTE

> *Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei. - 1 Kor. 3:7*

As die saadkorrel in 'n onbewerkte en verwaarloosde deel van die land val, kan dit nie anders as om te sterf nie. Maar as dit in 'n bewerkte en versorgde land gesaai is, sal dit die grootste moontlike oes lewer. So sal die Woord van God ook sonder goeie gevolge wees wanneer dit op 'n harde hart val. Net soos wanneer sand gegooi is. Maar wanneer dit 'n siel aantref wat deur die hand van die hemelse Gees bewerk is, sal dit baie vrugbaar wees.

Met die Woord gaan dit soos met die saad: die graan ontstaan uit die saad wat ontkiem en tot rypheid kom. Waarom sou ons dan nie ook sê dat die geloof uit die Woord sy begin, groeikrag en volkomenheid ontvang nie?

Beide sake lê Paulus op verskillende plekke baie goed uit. Want wanneer hy die Korintiërs daaraan wil herinner (1 Kor. 2:4) hoe kragdadig God van sy arbeid gebruik gemaak het, beroem hy hom daarop dat hy die bediening van die Gees het. Dit is asof hy wil sê dat die krag van die Heilige Gees onafskeidbaar met sy prediking verbind was om die harte te verlig en te beweeg. Maar wanneer hy elders (1 Kor. 3:6) daarop wil wys waartoe die Woord van God op sigself in staat is (wanneer dit deur 'n mens gepreek word) vergelyk hy die bedienaars met landbouers. As hulle die grond vlytig bewerk het, hoef hulle niks meer te doen nie . . .

Ons moet in niks van die geskape werklikheid, wat deur die welwillendheid en goedheid van God vir ons gebruik gegee is ... ons vertroue stel nie. Ons moet hulle nie bewonder en prys nie asof hulle die oorsake daarvan is dat dit met ons goed gaan. Net so mag ons vertroue ook nie gestel word in die sakramente en mag die eer van God ook nie op hulle oorgedra word nie.

Inst. IV, 14, 11 en 12

*Ons dank U dat Woord en sakramente gegee is om ons geloof in U te werk en te versterk.*

## 31 Oktober

*Ps. 66:1-7*

DIE TEKENS SELF IS SONDER KRAG

> *Om My ontwil, om My ontwil sal Ek dit doen - want ag hoe is my Naam ontheilig! - en Ek sal my eer aan geen ander gee nie. - Jes. 48:11*

Laat dit vas bly staan dat die rol van sakramente nie anders is as dié van die Woord van God nie: hulle hou Christus aan ons voor en daardeur ook die skatte van die hemelse genade. Maar hulle verleen en baat niks nie tensy hulle deur die geloof ontvang word. Dit is hiermee soos met wyn of olie of enige ander vloeistof wat - hoeveel jy ook al daarvan in 'n kan probeer ingooi - tog sal wegvloei en vermors word as die bek toe is. En die kan self sal sonder inhoud en leeg bly, hoewel dit oral uitgegiet is.

Bowendien moet ons oppas om nie in 'n ander dergelike dwaling te verval nie ..., ons moenie meen dat daar een of ander verborge krag aan die sakramente verbind en vasgeheg is nie, waardeur hulle op sigself die genadegawes van die heilige Gees sou verleen. Ons bedoel op dieselfde manier as die wyn wat in 'n glas aan ons gegee word. God het bepaal dat die sakramente die diens verrig om aan ons sy goedheid jeens ons te betuig en te bekragtig. Hulle is net van nut in soverre as wat die Heilige Gees daarby kom om ons verstand en hart te open en ons ontvanklik vir hierdie getuie te maak.

Intussen word dié versinsel verwerp: die oorsaak van die regverdiging en die krag van die Heilige Gees word gesien asof dit vanself in die tekens vervat is . . . Hier moet ook opgemerk word dat God innerlik volbring wat die bedienaar deur die uiterlike handeling afbeeld en betuig: aan 'n sterflike mens word dus nie toegeskryf wat God vir Homself opeis nie.

Inst. IV, 14, 17

*Here, verhoed dat ons aan mense, tekens of middels - ja selfs die genademiddels - die eer sal bewys wat U toekom.*

## 1 November

*1 Kor. 6:9-11*

**OOR DIE DOOP**

> *"Kom, laat jou doop en jou sondes afwas nadat jy sy Naam (die Naam van die Here) aangeroep het." - Hand. 22:16*

Die doop is 'n inlywingsteken waardeur ons tot die gemeenskap van die kerk toegelaat word. Derhalwe word ons, omdat ons reeds in Christus ingeënt is, onder die kinders van God gereken. Verder is dit deur God aan ons gegee... om eerstens te dien as 'n getuienis van ons geloof voor Hom, en tweedens as 'n belydenis voor mense . . .

Die doop dra drieërlei by tot ons geloof. . . eerstens is dit deur die Here ingestel om 'n teken en bewys te wees van ons reiniging. Of, om dit duideliker te stel, om te dien as 'n gewaarmerkte bewysstuk. Daardeur wil Hy ons verseker dat al ons sondes uitgedelg, bedek en uitgewis is. En wel so dat Hy nooit weer na hulle sal kyk nie, en dat hulle nie vermeld of toegereken sal word nie. Want Hy wil hê dat almal wat glo, gedoop sal word tot vergewing van sondes.

Diegene wat dus meen dat die doop niks anders is nie as 'n herkenningsteken of kenteken... waardeur ons voor die mense ons godsdiens bely, het die eerste oogmerk van die doop nie gesnap nie. En dit is dat die doop deur ons ontvang moet word met hierdie belofte: "Wie glo en gedoop is, sal gered word" (Mark. 16:16) . . .

Ja, die doop beloof ons geen ander reiniging nie as deur die besprenkeling van die bloed van Christus. En dit word deur die water voorgestel. Dit kan so gebeur vanweë die ooreenstemmende eienskap om skoon te maak en af te was ... Die doop self trek ons aandag af van die sigbare teken wat voor ons oë gestel word, sowel as van alle ander middele. Dit rig ons harte op Christus alleen.

Inst. IV, 15, 1 en 2

*Ons loof U vir die heilige doop as teken en seël van die vergewing van al ons sondes.*

## 2 November

*Rom. 6:1-6*

GEDOOP TOT 'N NUWE LEWE

> *... ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. - Gal. 2:19, 20*

Die doop dra 'n tweede vrug deurdat dit ons toon dat ons met Christus gesterwe het en dat ons die nuwe lewe in Hom het. Want, soos die apostel sê (Rom. 6:3): ons is in sy dood gedoop, met Hom begrawe in die dood, sodat ons 'n nuwe lewe kan lei. . .

Die laaste voordeel wat ons geloof uit die doop ontvang, is dat dit ons die versekering gee dat ons ten nouste by die dood en die lewe van Christus betrokke is. Dit verseker ons dat ons so met Christus self verenig is, dat ons deelgenote is van sy weldade . . .

Hierdie dinge wat ons sowel oor die dood as oor die afwassing gesê het, is in die volk van Israel afgebeeld. Vandaar dat die apostel sê dat Israel in die wolk en in die see gedoop is (1 Kor. 10:2). Die doodsgevaar is afgebeeld toe die Here hulle uit die hand van Farao en die wrede slawediens gered en die weg vir hulle deur die Rooi See gebaan het. Farao self én die Egiptiese vyande wat op hulle hakke was, het verdrink. Want op hierdie manier beloof Hy ons in die doop, en toon Hy aan ons deur die gegewe teken, dat ons deur sy krag uit die gevangenskap van Egipte gelei en verlos is. Dit wil sê: dat ons nie meer die sonde dien nie.

Die wolk was 'n teken van reiniging. Want die Here het hulle deur die begeleidende wolk bedek en koelte beskik, sodat hulle nie deur die versengende sonstrale sou beswyk en verskrompel nie. So weet ons dat ons in die doop deur die bloed van Christus bedek en beskerm is. Dan sal die strenge oordeel van God, wat waarlik 'n ondraaglike vlam is, nie op ons neerdaal nie.

Inst. IV, 15, 5, 6 en 9

*Here, ons dank U vir die verbond van genade wat ten grondslag van die doop lê.*

## 3 November

*Matt. 28:16-20*

NET AMPSDRAERS MAG DOOP

> *Niemand eien hom die eer van hoëpriester toe nie; hy word deur God daartoe geroep, net soos Aäron. - Hebr. 5:4*

'n Mens behoort ook te weet dat dit verkeerd is as private persone hulle aanmatig om die doop te bedien. Want sowel die bediening van die doop as van die nagmaal is 'n deel van die kerklike bediening. Christus het nie aan vroue of aan alle mense bevel gegee om te doop nie. Wel aan hulle wat Hy as apostels aangestel het . . .

Feit is dat dit vir baie eeue - selfs byna van die begin van die kerk af - die gebruik was dat ingeval van doodsgevaar leke gedoop het wanneer die bedienaar nie betyds daar kon wees nie. Ek sien egter nie op watter goeie grond dit verdedigbaar is nie . . .

Aangaande vroue is daar verder sonder enige uitsondering op die Konsilie van Carthago bepaal dat hulle glad nie mag doop nie. Maar, so word gesê, die gevaar bestaan dat hy wat siek is die genadegawe van die wedergeboorte sal ontbeer, indien hy sonder die doop sterf. Hoegenaamd nie! Wanneer God beloof dat Hy vir ons en vir ons nageslag 'n God sal wees, dan verklaar hy dat Hy ons kindertjies reeds vóór hul geboorte as sy kinders aanneem. In hierdie woord is hul saligheid vervat.

Wat die gebruik vóór Augustinus was, kan 'n mens van Tertullianus verneem. Hy sê dat dit nie vir die vrou geoorloof is om in die kerk te praat of om te onderrig, te doop ofte offer nie. Sy mag haar geen deel van enige manlike amp - om nie eens te praat van 'n priesterlike amp nie - aanmatig nie . . . Daar word swaar gesondig wanneer die doop deur vroue bedien word. Daardeur word die reël wat Christus gegee het, openlik verbreek.

Inst. IV, 15, 20, 21 en 22

*Here, U weet dat ons verlang om in gehoorsaamheid aan u Woord u wil te volbring.*

## 4 November

*Gen. 17:1-7*

DIE GENADEVERBOND

> *"Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep." - Hand. 2:39*

Die suigelinge wat uit hierdie lewe verhuis voordat hulle gedoop is, is nie uitgesluit uit die koninkryk van die hemel nie. Ons het reeds gesien dat God se verbond veronreg word as ons nie daarin berus nie - asof dit self swak is. Want die krag van die verbond hang nie af van die doop of van enige ander bykomende sake nie. Later kom die sakrament daarby as 'n seël. Maar dis nie om die belofte van God effektief te maak nie (asof dit self gebrekkig is), maar bloot om dit vir ons te bevestig.

Daaruit volg dat die kinders van gelowiges nie gedoop word met die doel om hulle . . . dan eers kinders van God te maak nie. Inteendeel. Hulle word deur 'n erkende teken in die sigbare kerk geregistreer, omdat hulle deur die weldade van die belofte reeds vantevore tot die liggaam van Christus behoort het. As die versuim om te doop dus nie te wyte is aan traak-my-nie-agtigheid, minagting of nalatigheid nie, is daar geen gevaar nie... Die genade is nie so onlosmaaklik verbind aan die sakramente dat ons dit nie deur die geloof uit die Woord van God kan verkry nie . . .

As die genadeverbond onwrikbaar vas staan, is dit nie nou minder van krag ten opsigte van Christene se kinders as wat dit onder die ou verbond betrekking gehad het op die kinders van die Jode nie. En as die kinders deel het aan die werklikheid wat deur die teken voorgestel word, waarom moet hulle van die teken weerhou word?

Inst. IV, 15, 22, en 16, 6

*Ons loof U dat die genadeverbond ook ons kindertjies insluit en dat ons hulle daarom ten doop kan bring.*

## 5 November

*Joh. 14:5-11*

DIE DOOP 'N DUIDELIKER VERSEKERING VAN DIE GENADE

> *Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God. - 1 Kor. 7:14*

Dit is baie duidelik dat die verbond wat die Here eenmaal met Abraham gesluit het, vandag nie minder vir die Christene geld as destyds vir die Joodse volk nie ... Anders moet ons aanvaar dat Christus deur sy koms die genade van die Vader verminder of ingekort het. En dit sou nie vry te pleit wees van gruwelike godslastering nie.

Die kinders van die Jode word 'n heilige nageslag genoem, omdat hulle erfgename van die verbond geword het en daardeur te onderskei is van die kinders van die goddeloses. Om dieselfde rede word ook die kinders van Christene nou nog as heilig beskou. Dit is die geval al is hulle uit ouers gebore van wie net een gelowig is. En volgens die getuienis van die apostel (1 Kor. 7:14) verskil hulle van die afgodedienaars se onrein nageslag. Onmiddellik na die sluiting van die verbond met Abraham, het die Here beveel dat dit in die suigelinge deur 'n uiterlike teken beseël word (Gen. 17:12). Watter rede sou die Christene dan kan aanvoer om die verbond vandag nog as bindend te aanvaar en die bondseël nie in die geval van hulle kinders te bedien nie? . . .

Nadat die besnydenis afgeskaf is, bly daar nog altyd dieselfde rede om die verbond te bevestig. Ons het net soos die Jode 'n behoefte daaraan . . . Die verbond bly dieselfde en die rede om die verbond te bevestig bly dieselfde. Alleen die manier van bevestiging is verskillend. Vir hulle was dit die besnydenis. In die plek daarvan het, wat ons betref, die doop gekom. Bowendien, gestel dat die getuienis waardeur die Jode van die saligheid van hulle nageslag verseker is, ons ontneem word. Dan sou dit deur die koms van Christus gebeur het dat die genade van God - wat vroeër aan die Jode gegee is - vir ons onduideliker en in 'n minder mate gewaarborg sou wees.

Inst. IV, 16, 6

*Ons dank U dat u genade in Christus, die Son van geregtigheid, helder skitter.*

## 6 November

*Luk. 18:15-17*

WIE TEEN DIE DOOP IS, IS OOK TEEN DIE BESNYDENIS

> *Maar Jesus het gesê: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle." - Matt. 19:14*

Die Here Jesus het eerder gekom om die goedheid van die Vader méér te verheerlik as om dit te beperk. Dit kan die wêreld leer verstaan as hulle daarop let hoe vriendelik Hy die kinders wat na Hom gebring is, omhels het. Intussen berispe Hy die dissipels wat probeer het om hulle te verhinder om nader te kom. Maar 'n mens sou kon sê: wat het die doop gemeen met hierdie omhelsing deur Christus? ... Indien dit reg was dat die kinders na Hom gebring is, waarom is dit dan nie ook reg dat hulle ontvang word om gedoop te word nie? Die doop is tog die teken van ons gemeenskap en deelgenootskap met Christus. Indien die koninkryk van die hemel aan hulle behoort, waarom sal die teken hulle dan ontsê word, waardeur die toegang tot die kerk as 't ware geopen word . . .?

Die teëstanders van die kinderdoop verbrei die gedagte onder die gewone mense dat baie jare na die opstanding van Christus verloop het waarin die kinderdoop onbekend was. Dit is egter 'n baie skandelike leuen. Want daar is geen skrywer, hoe oud al, wat die oorsprong daarvan nie met sekerheid na die tyd van die apostels terugvoer nie...

Wie die kinderdoop bespotlik voorstel, dryf ook die spot met die gebod van die besnydenis wat deur die Here gegee is. Want wat sal hulle aanvoer om die kinderdoop te bestry, wat nie ook van die besnydenis geld nie... ? Die teken van God wat aan die kind gegee word, bevestig - soos deur 'n ingedrukte seël - die belofte wat aan die vroom ouer gegee is. Die verbondseël verklaar dat dit seker is dat die Here nie net vir hom nie, maar ook vir sy nageslag 'n God sal wees.

Inst. IV, 16, 7, 8, en 9

*Hoe dankbaar is ons dat u genade ook ons kindertjies insluit.*

## 7 November

*Ps. 100*

SEËNINGE VAN DIE KINDERDOOP

> *Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Eunise gewoon het, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is. - 2 Tim. 1:5*

God se grote goedheid blyk uit die kinderdoop. Daarom verskaf dit in die eerste plek oorvloedige stof om sy eer te verkondig. Dit vul ook die vroom harte met buitengewone vreugde. Hierdeur word hulle tegelykertyd kragtiger aangevuur om aan so 'n liefdevolle Vader wederliefde te bewys. Hy brei naamlik sy sorg, om hulle ontwil, ook oor hul kinders uit.

Ek is nie beïndruk deur die beswaar dat die belofte genoeg behoort te wees om die saligheid van ons kinders te verseker nie. God dink anders daaroor waar Hy ons swakheid verstaan, is Hy bereid om in die verbond baie tegemoetkomend te wees. Dit gaan hier oor hulle wat dankbaar die belofte aanvaar omtrent die uitbreiding van God se genade oor hul kinders. Hulle moet oorweeg dat dit hulle plig is om die kinders ten doop te bring om die teken van genade te ontvang. So sal hulle hulself opwek tot 'n vaster vertroue. Met hul eie oë sien hulle dat die Here se verbond in die kinders se liggame ingegraveer word.

Aan die ander kant het die kinders ook deel aan die seëninge van die doop: terwyl hulle in die kerk as instituut opgeneem is, geniet hulle meer belangstelling van die ander lidmate. Bowendien, wanneer hulle volwasse geword het, word hulle deur die doop grootliks aangevuur tot 'n ernstige ywer om God te dien. Hy het hulle deur die plegtige teken as kinders aanvaar nog vóór hulle Hom as Vader kon erken omdat hulle te jonk was.

Ten slotte moet die waarskuwing ons afskrik dat God 'n wreker sal wees wanneer iemand minagtend versuim om die teken van die verbond aan sy kind te laat bedien. Deur die veragting word die genade wat aangebied is, afgewys . . .

Inst. IV, 16, 9

*Alles, alles is genade! Daarom loof ons U dat ons kindertjies gedoop mag word.*

## 8 November

*Hebr. 9:1 en 11-15*

BESNYDENIS ÉN DOOP IS TEKENS VAN DIE EWIGE GENADEVERBOND (1)

> *En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou. - Gen. 17:7*

Laat ons nou die argumente bespreek waarmee sommige geesdrywers hierdie heilige instelling van God onophoudelik aanval. Allereers besef hulle dat hulle deur die ooreenkoms tussen die doop en die besnydenis in 'n hoek gedryf word. Derhalwe doen hulle hul bes om die groot verskil tussen hierdie twee tekens aan te dui, sodat dit mag lyk of die een niks gemeen het met die ander nie.

Hulle sê dat verskillende sake voorgestel word: die verbond is heeltemal verskillend en die benaming *kinders* het nie dieselfde betekenis nie.

En wanneer hulle die eerste punt wil bewys, gee hulle voor dat die besnydenis 'n simboliese voorstelling was van die doding en nie van die doop nie. Dit gee ons hulle graag toe. En dit bevestig ons standpunt uitnemend. Ons maak ook van geen ander bewys gebruik as dit nie: dat die doop én die besnydenis tekens is van die doding. Hieruit maak ons die gevolgtrekking dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het om vir ons dieselfde af te beeld waarvan die besnydenis vroeër vir die Jode die teken was.

Met watter barbaarse oormoedigheid skeur hulle die Skrif nie uiteen en vervals hulle dit nie wanneer hulle die verskil tussen die ou en nuwe bedelings wil verdedig. En dit nie net op een plek nie, maar so dat hulle niks behoue en ongeskonde laat nie. Hulle skilder die Jode vir ons so vleeslik dat hulle meer na vee as na mense lyk. Hulle sê dat die verbond wat met hulle gesluit is, nie verder strek as die tydelike lewe nie... As dié sienswyse waar is, wat bly daar dan oor behalwe om te sê dat die Joodse volk vir 'n tyd lank met die weldaad van God versadig is, soos 'n mens 'n trop varke in 'n hok vetmaak? Uiteindelik sou hulle vir ewig vergaan.

Inst. IV, 16, 10

*Leer ons verstaan dat die wettiese verbond verbygaande was, maar die genadeverbond ewig is en deur Christus vervul is.*

## 9 November

*Ps. 105:1-8*

BESNYDENIS ÉN DOOP IS TEKENS VAN DIE EWIGE GENADEVERBOND (2)

> *Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. - Kol. 2:11*

Indien die besnydenis letterlik 'n teken was, moet daar inderdaad ook so oor die doop geoordeel word. Die apostel (Kol. 2:11) maak die een nie meer geestelik as die ander nie. Want hy sê dat ons in Christus besny is met 'n besnydenis wat nie met hande gedoen is nie. Christus neem die sondige natuur van die mens weg. Dit noem die apostel die besnydenis van Christus. Daarna verduidelik hy dat ons deur die doop met Christus begrawe is. Wat anders bedoel hy met dié woorde as dat die vervulling en waarheid van die doop terselfdertyd die vervulling en die waarheid van die besnydenis is? Hulle beeld tog een saak af! Want hy wil bewys dat die doop vir die Christene dieselfde is as wat die besnydenis vroeër vir die Jode was.

Met betrekking tot die woord *kinders* vind die andersdenkendes dié verskil: dat onder die ou bedeling Abraham se afstammelinge kinders genoem is. Maar nou word diegene so genoem wat sy gelóóf navolg. Hulle beweer dat die vleeslike kinders - wat deur die besnydenis in die gemeenskap van die verbond ingelyf is - gevolglik die geestelike kinders van die nuwe bedeling afgebeeld het. Dié geestelike kinders is deur die Woord van God weergebore tot die onsterflike lewe . . .

Maar indien hulle meen dat die geestelike seën nooit aan die vleeslike nageslag van Abraham beloof is nie, dan vergis hulle hul daarin grootliks . . .

Inst. IV, 16, 14

*Here, ons dank U dat in die genadeverbond die gawe van die geloof tel.*

## 10 November

*Rom. 9:6-16*

BESNYDENIS ÉN DOOP IS TEKENS VAN DIE EWIGE GENADEVERBOND (3)

> *As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie. - Rom. 11:29*

Paulus gee skynbaar te kenne dat die vleeslike verwantskap met Abraham van geen belang is nie. Maar daar moet meer indringend gelet word op wat die apostel hier sê . . .

Hy ontneem die Jode hulle ongegronde vertroue op hulle afkoms (Rom. 9). Aan die anderkant het hy duidelik ingesien dat die verbond wat God eenmaal met Abraham se nageslag gesluit het, hoegenaamd nie opsygeskuif kan word nie. Hy betoog in Rom. 11 dat die liggaamlike afstamming van Abraham nie van sy betekenis ontneem mag word nie. Deur hierdie weldaad, so leer hy, is die Jode die eerste en natuurlike erfgename van die evangelie - behalwe vir sover as hulle deur hul ondankbaarheid as onwaardiges verwerp is. Maar dit gebeur nogtans so dat die hemelse seën die Jode nie heeltemal verlaat het nie.

Daarom noem hy hulle (hoewel hulle koppige verbondsbrekers was) nietemin heilig. Soveel eer betoon hy aan die heilige geslag wat God sy heilige verbond waardig geag het.

Vir ons beskou hy - by wyse van vergelyking - as laat gebore, of ook as ontydig gebore kinders van Abraham. En dan wel deur aanneming, en nie van nature nie - soos 'n steggie wat van 'n boom afgebreek is en op 'n ander stam geënt is.

Om die Jode dus nie hul voorreg te ontsê nie, moes die evangelie eers aan hulle verkondig word. Want hulle is in God se huisgesin as 't ware die eersgeborenes ... Met hoeveel hardkoppigheid hulle ook al in hul stryd teen die evangelie volhard, mag ons hulle dus tog nie verag nie. Ons moet daaroor nadink dat die seën van God ter wille van die belofte ook nou nog op hulle rus. Die gawes en die roeping van God word nooit weer teruggetrek nie.

Inst. IV, 16, 14

*Here, maak u kerk meer bewus van sy roeping jeens u volk van ouds.*

## 11 November

*Hand. 3:22-26*

BESNYDENIS ÉN DOOP IS TEKENS VAN DIE EWIGE GENADEVERBOND (4)

> *... Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. - Ex. 20:6*

Ons twyfel nie daaraan nie dat alleen die verkiesing van God soewerein oor alles heers. Dit geld ook die skeiding van die erfgename van God se koninkryk van die onegtes en vreemdelinge. Maar ons merk terselfdertyd dat dit Hom behaag het om Abraham se nageslag in die besonder met sy barmhartigheid te seën. En met die doel om dit sterker te bevestig het Hy die seël van die besnydenis op hulle gedruk.

Met die Christelike kerk is dit presies so. Want net soos Paulus daar redeneer dat die Jode deur hul ouers geheilig word, leer hy elders (1 Kor. 7:14) dat die Christene se kinders dieselfde heiligmaking van hul ouers ontvang... Wie kan nou nog twyfel aan die algehele valsheid van die andersdenkendes se verdere bewerings. Hulle sê naamlik dat die kinders wat destyds besny is, slegs die geestelike kinders afgebeeld het wat deur die Woord van God wedergebore is.

Die apostel laat hom duidelik uit (Rom. 15:8) wanneer hy skryf dat Christus 'n dienaar van die besnydenis is om die beloftes te vervul wat aan die vaders gedoen is. Dit is asof Hy sê: aangesien die verbond wat met Abraham gesluit is, betrekking het op sy nageslag, het Christus gekom ter wille van die saligheid van die Joodse volk. Hy het naamlik gekom om die woord wat eenmaal deur die Vader gegee is, na te kom en gestand te doen. Merk jy op hoe die apostel oordeel dat ook na Christus se opstanding die belofte van die verbond nie slegs figuurlik gestand gedoen moes word nie? Dit moes ook letterlik aan die liggaamlike afstammelinge van Abraham vervul word. Daarop»slaan ook wat Petrus aan die Jode verkondig (Hand. 2:39). Hy skryf dat aan hulle en hul nageslag die genadeweldaad van die evangelie volgens die reg van die verbond toekom.

Inst. IV, 16, 15

*Ons dank U, verhoogde Heiland, dat U gekom het - ook ter wille van die Jode wat nog daagliks gered word.*

## 12 November

*Joh. 3:1-8*

**SUIGELINGE WORD WEDERGEBORE EN MAG DUS GEDOOP WORD**

> *"... en reeds van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees vervul wees." - Luk. 1:15*

Dit is volkome seker dat die heiligmaking van Israel se nageslag deur die teken van die besnydenis bewys word. Gevolglik is dit onbetwisbaar dat dit sonder onderskeid vir die heiliging van beide mans en vroue gegee is. Maar die teken is alleen by mans aangebring omdat hulle liggaamlik daarvoor geskik was. Dit moet egter so gesien word dat die vroue, in bepaalde sin, deur die mans deel aan die besnydenis gehad het.

Blykbaar meen die andersdenkendes dat hulle hul sterkste argument aanvoer waarom kinders van die doop weerhou moet word, wanneer hulle sê: die kinders is vanweë hul leeftyd nog nie geskik om die verborgenheid wat in die doop versinnebeeld word, te verstaan nie. Die geestelike wedergeboorte, so sê hulle, kan nie gedurende die prilste jeug plaasvind nie. Dus moet hulle bloot as kinders van Adam beskou word totdat hulle die ouderdom bereik het wat hulle ontvanklik maak vir die tweede geboorte.

Maar teen dit alles gaan die waarheid van God op alle plekke in. Want as hulle onder die kinders van Adam gereken moet word, word hulle in die dood gelaat: in Adam kan hulle niks anders doen as om te sterf nie. Daarenteen beveel Christus dat hulle na Hom gebring moet word. Waarom? Omdat Hy die lewe is . . .

Maar hoe, vra hulle, word die suigelinge - wat geen kennis dra van goed of kwaad nie - wederbaar? Ons antwoord dat die werk van God tog aanwesig is al gaan dit ons verstand te bowe. Bowendien, dit is baie duidelik dat die suigelinge wat gered word - soos sonder twyfel met sommige van dié ouderdom gebeur - vooraf deur die Here wederbaar word. Want as hulle die verdorwenheid wat hulle ingebore is uit die moederskoot met hulle saambring, moet hulle gereinig word voor hulle in die koninkryk van God toegelaat word. Hy het Johannes die Doper in sy moeder se skoot geheilig.

Inst. IV, 16, 16 en 17

*Here, U het ook vir ons kindertjies se ewige heil gesorg. Ons dank U daarvoor.*

## 13 November

*Ps. 103:1-8*

WAAROM AAN DIE KINDERTJIES GENADE ONTSÊ?

> *Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte, vir dié wat getrou bly aan sy verbond ... - Ps. 103:17, 18*

Maar, sê die andersdenkendes, die geloof kom deur die prediking wat ons hoor. En die kindertjies is daarvoor nog nie ontvanklik nie. Hulle is ook nie in staat om God te ken nie. Hulle besit immers, soos Moses sê (Deut. 1:39), nog nie die vermoë om goed en kwaad te onderskei nie. Maar hierdie mense let nie daarop nie dat wanneer die apostel sê die geloof ontstaan met die hoor van die Woord, hy alleen praat van die normale gang van sake. God maak dit oor die algemeen van toepassing wanneer Hy sy uitverkorenes roep. Die apostel lê geen blywende reël neer nie, want dit sou beteken dat God geen ander manier kan gebruik nie . . .

Daar is diegene vir wie die Here sy verkiesing waardig geag het. En nadat hulle die teken van die wedergeboorte ontvang het, verhuis hulle uit die teenswoordige lewe nog voordat hulle volwasse is. Vir hulle vernuwe Hy deur die onbegryplike krag van sy Gees, soos Hy alleen vooruit goedkeur . . .

Die andersdenkendes meen dit sou baie ongerymd wees indien aan die kindertjies enige kennis van God toegeskryf word. Moses het hulle tog die kennis van goed en kwaad ontsê. Laat hulle my hierop antwoord: watter gevaar sou daarin geleë wees as van sulke kindertjies gesê word dat hulle nóü reeds iets van dié genade ontvang, waarvan hulle die volle oorvloed 'n bietjie later sal geniet. . .

Die volheid van lewe bestaan in die volmaakte kennis van God. En nou word die kindertjies wat dadelik in hul prille jeug deur die dood weggeneem word en oorgaan in die ewige lewe, sekerlik bevoorreg om in die onmiddellike teenwoordigheid van God te wees. Waarom sou die Here dan vir hulle wat Hy met die volle glans van sy lig sal bestraal, ook nie nou (as dit Hom behaag) met 'n sprankie verlig nie ... ?

Inst. IV, 16, 19, 21

*Dankie, Here, verbondsgenade is wonderlik en onbeperk.*

## 14 November

*Jer. 4:1-4*

DIE SAAD VAN DIE GELOOF REEDS IN DIE VERBONDSKIND

> *En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe. - Deut. 30:6*

Om hul standpunt in dié opsig nog kragtiger tuis te bring, voeg die andersdenkendes by dat die doop 'n sakrament van die bekering en die geloof is. En nóg die bekering nog die geloof kom voor by babas. Daarom moet 'n mens, so sê hulle, oppas om die betekenis van die doop nie sinloos en van geen blywende waarde te maak nie. Dit sal dan nou gebeur wanneer dit aan kindertjies bedien word.

Hierdie pyle word egter meer teen God as teen ons gerig. Dit is tog deur baie getuienisse van die Skrif volkome duidelik dat ook die besnydenis 'n teken van die bekering was. Bowendien word dit deur Paulus (Rom. 4:11) 'n seël van die geregtigheid van die geloof genoem. Laat hulle dus aan God vra waarom Hy beveel het dat dit in die liggame van die kindertjies ingegraveer moes word. Want aangesien dit by die doop en die besnydenis om dieselfde saak gaan, kan hulle aan laasgenoemde niks toedig wat hulle nie ook aan eersgenoemde toedig nie.

Met ander woorde: terwyl God die besnydenis as 'n sakrament van die bekering en die geloof aan die suigelinge gegee het, sou dit nie ongerymd wees wanneer hulle nou gedoop word nie - tensy daar openlik teen die instelling van God te kere gegaan word . . .

Die kindertjies het op die oomblik waarop hulle besny is, nie begryp wat die bedoeling van die teken was nie. Tog is hulle waarlik besny met die doel om hul verdorwe en besoedelde natuur te dood. Later, wanneer hulle volwasse i^, moes hulle dan daaroor nadink. Kortom, die kindertjies word gedoop met die oog op die toekomstige bekering en geloof: want hoewel dit nog nie in hulle ontkiem het nie, lê die saad van die bekering en geloof tog reeds (deur die verborge werking van die Heilige Gees) latent in die kindertjies.

Inst. IV, 16, 20

*Here, ons dank U dat u heilswerk volmaak is, al is dit nog verborge.*

## 15 November

*2 Petr. 3:1-8*

DIE TYDSORDE BEPERK GOD NIE

*Maar U bly dieselfde, u jare het geen einde nie. - Ps. 102:28*

Daar is die kindertjies vir wie dit beskore is om groot te word tot die ouderdom waarop hulle in die waarheid van die doop onderrig kan word. Daardeur sal hulle besiel word om met meer ywer hulle lewe te vernuwe . . .

Ouer mense moet die teken ontvang eers nadat hulle die betekenis van die sakrament verstaan. Daar geld egter 'n ander reël vir kinders. Dit word aanstons verduidelik . . .

Geen ander gevolgtrekking kan gemaak word nie aangaande die gedeelte in 1 Petr. 3, waar die andersdenkendes meen om groot steun te vind. Daar sê Petrus dat die doop nie 'n afwassing is om die liggaam skoon te maak nie. Wel is dit 'n getuienis van 'n goeie gewete voor God deur die opstanding van Christus. Op grond hiervan beweer hulle dat daar niks anders van die kinderdoop oorbly as yl rook nie. Want dit lê ver verwyder van hierdie waarheid.

Maar hulle sondig elke keer deur die wanvoorstelling dat die werklike belewenis altyd voor die teken moet kom. Want ook die waarheid van die besnydenis was geleë in dieselfde ervaring van 'n goeie gewete. Indien dié belewenis noodwendig moes voorafgegaan het, sou die suigelinge nooit deur God se bevel besny gewees het nie. Maar Hy toon self aan dat die ervaring van 'n goeie gewete inbegrepe is by die waarheid van die besnydenis. Tegelykertyd beveel Hy dat die kindertjies besny moet word. Sodoende laat Hy voldoende blyk dat die besnydenis in hierdie opsig op die toekoms van toepassing is. Daarom moet 'n mens vir die teenswoordige nie meer in die kinderdoop verwag nie as dat dit die verbond wat die Here met hulle gesluit het, bevestig en bekragtig. Die verdere betekenis van hierdie sakrament sal later volg -op die tyd wat God vooraf weet.

Inst. IV, 16, 21

*Here, ons dank U dat u genadewerking nie aan die tyd gebonde is nie.*

## 16 November

*1 Kor. 12:12-18*

DIE VERBONDSKINDERS MOET DIE TEKEN ONTVANG

> *Maar Jesus het gesê: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle." - Matt. 19:14*

Die andersdenkendes voer aan dat die doop gegee is tot vergewing van sondes. As dit erken word, ondersteun dit ons mening baie sterk. Want aangesien ons as sondaars gebore is, het ons reeds van die moederskoot af vergewing en genade nodig. Bowendien, God sluit vir dié vroeë ouderdom nie die hoop op barmhartigheid uit nie. Hy bevestig dit eerder. Waarom sou ons dan die teken weerhou wat baie ver benede die vergiffenis self staan? Daarom gooi ons die spies wat hulle op ons rig, na hulle terug. En ons doen dit so: die kindertjies ontvang vergiffenis van sonde, en daarom mag hulle nie die teken ontsê word nie.

Hulle beroep hulle ook op die woorde uit die brief aan die Efesiërs (5:26), naamlik dat die kerk deur die Here gereinig is, "met die water en die woord". Om hul dwaling te weerlê, kon niks beters aangehaal word nie. Want daaraan ontleen ons 'n maklike bewys. Christus wil deur die doop die afwassing aandui waardeur Hy sy kerk reinig. Maar dan is dit nie billik dat die afwassing sy betekenis sou verloor vir die kindertjies wat met reg as deel van die kerk beskou word nie. Hulle word immers erfgename van die hemelse koninkryk genoem. Want Paulus sluit die hele kerk in wanneer hy sê dat dit met die water gereinig is. Elders (1 Kor. 12:13) sê hy dat ons deur die doop een liggaam van Christus geword het. Net so kom ons daaruit tot die slotsom dat die kindertjies wat Hy as lede byreken, gedoop moet word. Dan word hulle nie van sy liggaam afgeskeur nie.

Inst. IV, 16, 22

*Oortuig ons tog dat die teken nie weerhou mag word waar U reeds werklik die genade geskenk het nie.*

## 17 November

*Hand. 2:37*

ONDERSKEI TUSSEN ABRAHAM DIE BUITESTAANDER EN ISAK DIE VERBONDSKINDJIE

*.. Jou seuns en jou dogters... wat jy vir My gebaar het... - Eseg. 16:20*

Verder gaan die andersdenkendes terug na die praktyk en die gewoonte van die apostels se tyd. Toe was daar niemand wat tot die doop toegelaat is, tensy hy vooraf van sy geloof en bekering belydenis afgelê het nie. Want wanneer hulle wat in die hart getref is, aan Petrus vra (Hand. 2:37) wat hulle moet doen, raai hy hulle aan om eers berou te hê, en hulle dan tot vergewing van sondes te laat doop . . .

Daar is baie uitsprake in die Skrif, waarvan die betekenis van die betrokke omstandigheid afhang. Daarvan het 'n mens hier 'n voorbeeld. Want hulle aan wie Petrus en Filippus (Hand. 8:37) dit sê, is op 'n ouderdom waar hulle vir berou en geloof vatbaar is. Van sulke mense ontken ons beslis dat hulle gedoop mag word tensy daar blyke van hul bekering en geloof is. Dit wil sê, vir sover dit deur die oordeel van mense vasgestel kan word. Maar dat die suigelinge onder 'n ander groep val, is klaarblyklik. Want as iemand destyds vir hom by die godsdienstige gemeenskap van Israel aangesluit het, moes hy in die verbond van die Here onderrig word. En hy moes uit die wet geleer word, voordat hy die besnydenis ontvang het.

Maar waarom volg die sakrament in die geval van Abraham na die geloof? En waarom gaan dit in die geval van sy seun Isak aan alle insig vooraf? Omdat dit paslik is dat Abraham, wat eers op volwasse leeftyd in die gemeenskap van die verbond opgeneem is ... eers die voorwaardes daarvan grondig sou ken. Maar met die kind wat uit hom gebore is, was dit anders. Hy is kragtens die beloftewoord, deur erfreg, reeds van die moederskoot af in die verbond ingesluit.

Inst. IV, 16, 23 en 24

*Gee ons die wysheid en genade om te doen wat U van ons vra.*

## 18 November

*Ps. 32:8-11*

**DIE WOORD** VAN **GOD WORD DIKWELS UIT VERBAND GERUK**

> *... want die Here gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand... - Spr. 2:6*

Verder is dit duidelik dat die versinsel van hulle wat alle ongedooptes aan die ewige dood uitlewer, verwerp moet word. Laat ons nou argumentshalwe aanvaar dat (soos hulle eis) die doop alleen aan volwassenes bedien moet word. Wat sal dan volgens hulle met 'n kind gebeur wat in die grondslae van die vroomheid behoorlik en goed onderrig is, en toe die dag van die doop reeds naderkom onverwags deur 'n skielike dood weggeruk word? Die Here se belofte is duidelik: wie ook al in die Seun glo, sal die dood nie sien nie. Hy sal ook nie in die oordeel kom nie, maar het van die dood in die lewe oorgegaan. Nêrens lees 'n mens dat Hy iemand wat nog nie gedoop is nie, verdoem het.

Ek bedoel natuurlik nie dat dit so deur my opgevat word asof ek sou voorgee dat die doop ongestraf geminag kan word nie. Inteendeel. Ek handhaaf dat die verbond van die Here deur sodanige minagting geskend word . . .

Maar hulle beroem hulle daarop dat in die instelling van die doop hulle die allersterkste bolwerk het. Dit ontleen hulle aan die laaste hoofstuk van Mattheüs (vers 19) ... Dan knoop hulle uit die slothoofstuk van Markus (vers 16) ook dit daaraan vas: "Wie glo en gedoop is, sal gered word." Wat wil ons meer hê? vra hulle. Die woorde van die Here lui tog duidelik dat daar eers onderrig en dan gedoop moet word. Die doop kry altyd 'n plek na die geloof. Van hierdie orde het ook die Here Jesus in sy eie geval die voorbeeld gestel. Hy is eers op dertigjarige leeftyd gedoop. Maar op hoeveel maniere, o goeie God, loop hulle hul hier vas en verraai hulle hul onkunde!

Inst. IV, 16, 26, en 27

*Gee ons die wysheid om perspektief te behou - ook ten opsigte van die dinge van u koninkryk.*

## 19 November

*Mark. 16:15-20*

MARK 16:16 WIL NIKS TEEN DIE KINDERDOOP SÊ NIE

> *"Wie glo en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word." - Mark. 16:16*

Die andersdenkendes vergis hulle daarin reeds op meer as kinderagtige wyse wanneer hulle die eerste instelling van die doop uit hierdie Skrifplekke (Matt. 28:19; Mark. 16:16) vasstel. Christus het tog van die begin van sy prediking af sy apostels beveel om dit te bedien... Maar al vergeef ons hulle ook hierdie dwaling, watter krag het hulle bewysvoering dan nog ... ? Hulle dring met alle mag so aan op die orde van die woorde, dat hulle redeneer daar moet onderrig word vóórdat daar gedoop word. Jy moet ook glo vóórdat jy begeer om gedoop te word. Hulle betoog dat daar gesê word: Gaan, verkondig die evangelie en doop, en net so: wie glo en gedoop is . . . (Mark. 16:15, 16) Maar waarom sou ons dan nie op ons beurt mag aanvoer nie dat 'n mens moet doop vóórdat jy eis dat onderhou moet word wat Christus geleer het. Daar word tog gesê: "... doop hulle ... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt. 28:19).

Aangesien die waarheid beskerming genoeg geniet in eenvoud, wil ek nie deur dié soort oppervlakkige spitsvondighede 'n uitvlug soek nie. Laat hulle derhalwe 'n grondige antwoord ontvang. Hoofsaaklik word hier (in Mark. 16:15) deur Christus 'n bevel gegee aangaande die verkondiging van die evangelie. Hy voeg die bediening van die doop as 'n aanhangsel daaraan toe. Bowendien praat Hy oor die doop alleen in soverre as die bediening daarvan aan die leeramp ondergeskik is... Dit is seker dat hier alleen gepraat word van diegene wat in staat is om geleer te word. Van sodaniges sê Hy dan dat hulle - wanneer hulle onderrig is - gedoop moet word . . .

Inst. IV, 16, 27 en 28

*Ons bid om die genade om gehoorsaam te volg waar U deur u Woord lei.*

## 20 November

*2 Petr. 3:14-18*

VERKLAAR DIE SKRIF REG OOR DIE DOOP

> *In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. - 1 Petr. 3:15, 16*

Die apostel laat niemand toe om te eet nie tensy hy werk (2 Tess. 3:10). As iemand nou op grond hiervan beweer dat kindertjies geen kos moet kry nie, sou hy dan nie verdien om deur almal verag te word nie? Waarom? Omdat hy sonder onderskeid wat van 'n bepaalde soort mens en 'n bepaalde leeftyd gesê is, op almal van toepassing maak.

Die andersdenkendes se behendigheid met betrekking tot die saak waaroor dit nou gaan, is niks beter nie. Want wat elkeen slegs op volwassenes sou toepas, dra hulle op kinders oor . . .

Wat betref die voorbeeld van Christus: dit ondersteun hulle saak glad nie. Hy is nie voor sy dertigste jaar gedoop nie - dit is wel waar. Maar die rede lê voor die hand: Hy het toe besluit om deur sy prediking 'n vaste fondament vir die doop te lê (Luk. 3:23). Of liewer: Hy wou die fondament wat vantevore deur Johannes gele is, verstewig. Aangesien Hy dus die doop deur sy leer wou instel, het Hy die doop deur sy eie liggaam geheilig, om daardeur groter gesag aan sy instelling te verleen. En dit het Hy op die mees gepaste tydstip gedoen, naamlik by die aanvang van sy prediking.

Kortom, hulle sal niks anders kan bewys nie as dat die doop sy oorsprong en begin gehad het by die verkondiging van die evangelie.

As hulle klem op die dertigste jaar wil laat val, waarom hou hulle nie daaraan vas nie? Waarom laat hulle dan elkeen tot die doop toe wanneer hy volgens hul oordeel genoeg gevorder het?

Inst. IV, 16, 29

*Ons bid om wysheid, sagmoedigheid en vrees by die uitleg van u Woord.*

## 21 November

*Spr. 2:1-9*

DIE VERSKIL TUSSEN DIE DOOP EN DIE NAGMAAL

> *'n Os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie. - Jes. 1:3*

Eindelik voer hulle aan dat daar geen goeie rede is waarom kindertjies eerder tot die doop as tot die nagmaal toegelaat moet word nie. By laasgenoemde word hulle egter glad nie toegelaat nie. Asof die Skrif nie op alle maniere 'n groot verskil maak nie . . .

Die doop is as 't ware 'n ingang en inwyding, waardeur ons by die volk van God gevoeg word. Dit is 'n teken van ons geestelike wedergeboorte waardeur ons kinders van God word. Daarenteen word die nagmaal beperk tot hulle wat van ryper leeftyd is. Hier is sprake van mense wat die tere kinderjare ontgroei het en reeds geskik is vir vaste spyse. Hierdie onderskeid word baie duidelik in die Skrif gemaak. Want die Here maak in die Skrif, wat die doop betref, geen onderskeid in ouderdom nie. Maar die nagmaal bied Hy nie met die doel aan dat almal voor die voet daaraan deel sal hê nie. Alleen hulle wat kan besef dat dit die liggaam en bloed van die Here is, word toegelaat. Verder moet hulle hul eie gewete kan ondersoek, die dood van die Here kan verkondig en die krag daarvan kan verstaan. Wil ons iets duideliker hê as wat die apostel (in 1 Kor. 11:28) leer? Daar vermaan hy dat iedereen homself moet beproef en ondersoek en dan eet van die brood en drink uit die beker . . .

Hieroor, en hieroor alleen, gaan dit ongetwyfeld vir Satan wanneer hy die kinderdoop met soveel geweld aanval: die blyke van Gods genade moet uit die weg geruim word. Ook moet die belofte wat hom so aan ons oë vertoon, mettertyd verdwyn. Daaruit sal nie alleen 'n goddelose ondankbaarheid jeens die barmhartigheid van God posvat nie, maar ook 'n sekere laksheid om die kinders godvresend op te voed.

Inst. IV, 16, 30 en 32

*Here, hou ons steeds daarvan bewus dat Satan 'n baie sluwe vyand is.*

## 22 November

*1 Kor. 11:23-30*

OOR DIE NAGMAAL

> *Hy sê vir hulle: "Dit is my bloed, die bloed waar deur die verbond beseël word en wat vir baie mense vergiet word." - Mark. 14:24*

God neem ons nie in sy huisgesin as slawe op nie, maar as kinders. Soos 'n baie goeie huisvader wat oor sy kinders besorg is, onderneem Hy ook om hulle lewenslank te voed. Bowendien wou Hy ons deur 'n waarborg van hierdie voortdurende welwillendheid groter sekerheid gee.

Met die oog hierop het Hy deur die hand van sy enigste Seun 'n tweede sakrament aan sy kerk gegee. Dit is die geestelike maaltyd waarvan Christus, soos Hy getuig, die lewendmakende brood is (Joh. 6:51). Daarmee word ons siele vir die ware en salige onsterflikheid gevoed . . .

Die tekens is brood en wyn. Hulle versinnebeeld vir ons die onsigbare voedsel, wat ons uit die vlees en bloed van Christus ontvang. Die verborgenheid van die wonderlike vereniging van Christus met die vromes is van nature onbegryplik. Daarom laat Hy ons 'n sinnebeeld en afbeelding daarvan sien in sigbare tekens. Dit is baie geskik vir ons swak begripsvermoë... Die siele word net so met Christus gevoed soos die brood en die wyn die liggaamlike lewe onderhou . . .

So lui die beloftewoord: "Neem, dit is my liggaam, wat vir julle gegee word" (Matt. 26:26; Mark. 14:22, Luk. 22:19; 1 Kor. 11:24). Ons word dus gebied om die liggaam wat eenmaal vir ons saligheid geoffer is, te neem en te eet. So kan ons vir seker vasstel dat die krag van sy lewendmakende dood in ons werksaam sal wees. Dit gebeur terwyl ons sien dat ons daaraan deel kry. Daarom noem Christus ook die drinkbeker die verbond in sy bloed.

Want die verbond wat Hy eenmaal met sy bloed bekragtig het, vernuwe Hy in sekere sin. Of liewer: Hy sit dit - met die oog op die versterking van ons geloof - telkens voort wanneer Hy ons dié heilige bloed aanbied.

Inst. IV, 17, 1

*Here, dankie vir die lafenis wat U ons telkens uit u deurboorde hande te drinke gee.*

## 23 November

*Matt. 26:26-30*

CHRISTUS IS WAARLIK TEENWOORDIG

> *Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis." - Luk. 22:19*

Die vromes kan groot vertroue en vreugde uit hierdie sakrament put. Hulle het die versekering dat ons een liggaam met Christus geword het, sodat ons alles wat syne is, ons s'n kan noem.

Hieruit volg dat ons onsself gerus mag beloof dat die ewige lewe -waarvan Hy die erfgenaam is - aan ons behoort. Dit volg ook dat die koninkryk van die hemel - waar Hy reeds ingegaan het - net so min van ons as van Hom weggeneem kan word.

Verder, ons kan nie vir ons sonde veroordeel word nie. Hy het ons van die skuld daarvan verlos: dit was immers sy wil dat dit Hom moet toegereken word asof dit Syne was.

In sy oneindige goedheid het Hy 'n wonderbare uitruiling laat plaasvind: Hy het mét ons die Seun van die mens geword en het ons mét Hom kinders van God gemaak. Deur op die aarde neer te daal, het Hy dit vir ons moontlik gemaak om na die hemel op te klim. Hy het ons sterflikheid aanvaar en vir ons onsterflikheid geskenk. Deur ons armoede op Hom te neem, het Hy sy rykdom tot ons beskikking gestel. Deur die las van ons ongeregtigheid - waardeur ons neergedruk is - op Hom te neem, het Hy ons met sy geregtigheid beklee.

Van al hierdie dinge het ons in die sakrament 'n vasstaande bewys. Ons moet dit-seker ag dat dit waarlik aan ons gebied word - asof Christus self teenwoordig is, voor ons oë gestel en deur ons hande betas word . . .

En 'n mens moet daar goed op let dat die vernaamste en byna die hele krag van die sakrament in hierdie woorde geleë is: ". . . wat vir julle gegee word . . . wat vir julle vergiet word."

Inst. IV, 17, 2 en 3

*O Gees van God, maak Christus vir ons 'n groter werklikheid terwyl ons deelneem aan die nagmaal.*

## 24 November

*Joh. 6:47-51*

CHRISTUS, DIE EWIGE LEWE

> *Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon . . . - Ef. 3:16, 17*

Die vernaamste doel van die sakrament is nie dat dit maar net vir ons die liggaam van Christus sonder 'n dieper betekenis aanbied nie. Inteendeel. Dit beseël en bevestig die belofte. Ek bedoel die belofte dat sy liggaam waarlik spys en sy bloed waarlik drank is, waardeur ons tot die ewige lewe versterk word. Hierdeur verseker Hy ons ook dat Hy die brood van die lewe is, en dat wie daarvan eet, in ewigheid sal lewe.

En om die belofte te verwesenlik verwys die sakrament ons na die kruis van Christus, waar die belofte waarlik volbring en in alle opsigte vervul is. Want ons eet Christus slegs in die ware sin en tot redding as Gekruisigde, wanneer ons ons die kragtige werking van sy dood met 'n lewende besef toe-eien.

Toe Christus Hom die brood van die lewe genoem het, het Hy die benaming nie aan die sakrament ontleen nie. Sommige lê dit verkeerdelik so uit. Hy het Homself wel so genoem omdat Hy deur die Vader aan ons as die brood van die lewe gegee is. En Hy het Hom ook sodanig betoon, toe Hy ons menslike sterflikheid aanvaar het en ons deelgenote van sy Goddelike onsterflikheid gemaak het. Hy het Hom verder so betoon toe Hy Homself as 'n offerande aangebied het en ons vloek op Hom geneem het. So het Hy sy seën oorvloedig aan ons geskenk. Christus was die brood van die lewe toe Hy deur sy dood die dood vernietig en verswelg het. Hy was dit *toe* Hy in sy opstanding hierdie verderflike liggaam wat Hy aangeneem het, heerlik en onverderflik opgewek het. . .

Intussen erken ons dat die eet niks anders is as om met die geloof te eet. . . en nie met die mond nie.

Inst. IV, 17, .4, 5 en 6

*Ons aanbid U, verhoogde Heiland, wat vir ons deur u dood die ewige lewe verwerf het en is.*

## 25 November

*Ef. 4:11-16*

**DIE VERBORGE MISTIEKE EENHEID MET CHRISTUS, ONS HOOF**

*Weet julle nie dat julle liggaam deel is van Christus nie? - 1 Kor. 6:15*

Die liggaam van Christus is soos 'n oorvloedige en onuitputlike bron: uit die Godheid stroom die lewe deur Hom op ons. Wie sien nou nie dat die liggaam en bloed van Christus nodig is vir almal wat die hemelse lewe najaag nie? Hierop slaan al hierdie uitsprake van die apostel (Ef. 1:23; 4.15; 1 Kor. 6:15): dat die kerk die liggaam van Christus is en vervul is met Hom; dat Hy die Hoof is, uit wie die hele liggaam, wat goed saamgevoeg en tot 'n eenheid gemaak is deur die bindspiere, die groeikrag verkry; dat ons liggame die lede of deel van Christus is. En ons begryp dat dit alles nie anders kan gebeur nie as deur sy algehele verbintenis met ons na gees en liggaam.

Maar die baie nou verbintenis tussen ons en sy liggaam het die apostel met 'n nog voortrefliker uitspraak by ons tuisgebring. Hy het gesê dat ons lede van sy liggaam is (Ef. 5:30).

Met die oog daarop dat hierdie saak groter is as wat onder woorde gebring kan word, sluit hy af met die uitroep: "Hierin lê 'n diep geheimenis opgesluit!" Dit sou dus van die uiterste dwaasheid getuig om nie die gemeenskap van die gelowiges met die liggaam en bloed van die Here te erken nie. Daarvan verklaar die apostel dat dit so groot is dat hy dit eerder bewonder as uitlê.

Die hoofsaak is dat ons siele net so deur die liggaam en bloed van Christus gevoed word, as wat brood en wyn die tydelike lewe voed en in stand hou.

Inst. IV, 17, 9 en 10

*Here, ons kan maar net dankie sê. En, as die woorde ons ontbreek, in bewondering swyg.*

## 26 November

*Luk. 22:14-20*

CHRISTUS IS WAARLIK DEUR SY GEES TEENWOORDIG

> *"Dit is my liggaam; dit is vir júlle ... Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is." - 1 Kor. 11:24, 25*

Ons moet ons die teenwoordigheid van Christus in die sakrament allermins so voorstel... asof sy liggaam daar plaaslik aanwesig is ... Die liggaam van Christus is - as 'n menslike liggaam - beperk en in die hemel. Daar is dit eenmaal ontvang en sal dit bly totdat Hy weer kom om te oordeel... Paulus toon in Rom. 8 aan dat Christus op geen ander manier in ons woon as deur sy Gees nie. Maar daarmee skakel hy nie die gemeenskap van sy liggaam en sy bloed - waaroor ons nou praat -uit nie. Hy leer egter dat dit deur die Gees alleen bewerk word dat ons die hele Christus besit en blywend in ons het . . .

Daar is dié mense wat halsstarrig vashou aan die letterlike betekenis van die instellingswoorde. Aan hulle almal vra ek of Lukas en Paulus -wanneer hulle sê dat die drinkbeker die verbond in sy bloed is - nie in dieselfde trant praat as in die eerste deel waar hulle die brood die liggaam noem nie. Ongetwyfeld was hulle in die een deel van die sakrament net so noukeurig as in die ander een. En omdat bondigheid duister is, verklaar die breedvoeriger uitdrukking die sin beter. Hulle beweer op grond van een woord dat die brood die liggaam is. Net so beslis gee ek op grond van die breedvoeriger uitdrukking die paslike uitleg dat dit die verbond in sy liggaam is.

Moet 'n mens dan 'n getrouer of sekerder verklaarder soek as Paulus of Lukas? En tog is dit nie my bedoeling om van die deelhê aan Christus se liggaam, wat ek bely het, iets prys te gee nie... Op gesag van Paulus en Lukas verstaan ek dit so dat die brood die liggaam van Christus is, omdat dit die verbond in sy liggaam is.

Inst. IV, 17, 12 en 20

*O Gees van God, maak Christus met elke nagmaal vir my 'n groter werklikheid.*

## 27 November

*Jes. 9:1-6*

**CHRISTUS, DIE WONDERLIKE BROOD VAN DIE LEWE**

*U is die God wat wonderdade doen . . . - Ps. 77:15*

Ons opponente beweer dat ons so uitgelewer is aan die menslike rede dat ons aan die mag van God niks meer toeken as wat die natuurorde toelaat en die openbare mening voorskryf nie. Teen dié gemene laster beroep ek my op die leer wat ek voorgestaan het . . .

Ek via julle of ons uit die natuurlike dinge geleer het dat Christus ons siele nei so uit die hemel voed met sy liggaam as wat ons liggame met brood en wyn gevoed word? Vanwaar het 'n liggaam hierdie krag dat dit siele kan lewendig maak? Almal sal instem dat dit nie op natuurlike wyse gebeur nie. Ewe min sal dit met die menslike rede gevat word dat Christus se liggaam na ons deurdring om vir ons voedsel te wees. Kortom, iedereen wat ons leer enigsins verstaan, sal die verborge mag van God bewonder . . .

Ons sê dat Christus deur die uiterlike teken, asook deur sy Gees, na ons neerdaal om ons siele deur sy wesenlike vlees en bloed waarlik lewendig te maak: wie nie besef dat in hierdie paar woorde baie wonders geleë is nie, is meer as stompsinnig. Want daar is niks wat meer teennatuurlik is nie as dat siele die geestelike en hemelse lewe verkry van 'n liggaam wat sy oorsprong uit die aarde het en aan die dood onderworpe is. Ons het hier te make met sake wat ewe ver van mekaar verwyder lê as hemel en aarde. Nou is daar niks wat ongeloofliker is as dat hierdie sake - ten spyte van die groot afstand - nie alleen verbind nie, maar ook verenig word. Gevolglik ontvang die siele voedsel uit die liggaam van Christus. Laat dié aweregse mense ophou om deur hulle vuil laster haat teen ons te stook - asof ons kwaadwillig die onmeetlike mag van God enigsins wou beperk.

Inst. IV, 17, 24

*Here, U beskik vir ons waarheid en werklikheid deur u wonderdade.*

## 28 November

*Ps. 116:12-19*

AANBID HOM WAT DIÉ WONDER IS EN SING TOT SY EER

> *Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie! - Ps. 118:1*

Ons gryp nie onbeheers, blindweg en sonder onderskeid aan wat hom eerste aan ons gees voordoen nie. Maar na ernstige besinning aanvaar ons die betekenis wat die Gees van God ons ingee ... Ja, ons hou ons gedagtes gevange, sodat hulle selfs nie een woordjie durf teëspreek nie. Ons verneder hulle, sodat hulle dit nie mag waag om hulle te verhef nie. So het die uitleg van Christus se woorde, wat oral in die Skrif van die sakramente geld, ontstaan. Dit weet almal wat enigsins daarin geskool is. En ons meen dat dit ons toegelaat word om (volgens die voorbeeld van die heilige maagd (Luk. 1:34)) in 'n moeilike saak te ondersoek hoe so iets moontlik is . . .

Augustinus sê dat Christus op drie maniere teenwoordig is, naamlik deur sy majesteit, voorsienigheid en onuitspreeklike genade. Hieronder bring ek die wonderbare gemeenskap van sy liggaam en bloed tuis. Ons moet dit so verstaan dat dit gebeur deur die krag van die Heilige Gees en nie deur die gedagte dat die brood sy liggaam self is nie . . .

Verder, as iemand my sou vra omtrent die manier van sy teenwoordigheid, sal ek my nie skaam om te erken dat dit 'n verborgenheid is nie. Dit is te verhewe om óf deur my verstand begryp óf in woorde vertel te word ... En om dit onomwonde te sê: ek beleef dit meer as wat ek dit verstaan. Ek aanvaar dus hier sonder teëspraak die waarheid van God waarin ek veilig mag rus. Hy sê dat sy liggaam spys en sy bloed drank vir my siel is. Ek bied Hom my siel aan om met sodanige voedsel versterk te word.

Inst. IV, 17, 25, 26, 32

*Here, die wat na U kom, moet glo dat U bestaan en diegene beloon wat U soek.*

## 29 November

*1 Kor. 11:27-32*

NAGMAAL IS VIR DIE SONDAAR WAT BEROU HET

*U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God. - Ps. 51.19*

Ons merk dat die heilige brood van die Here se nagmaal 'n geestelike spys is. Dit is net so aangenaam en heerlik as wat dit vir die vromes wat God dien, heilsaam is. Deur daarvan te geniet, voel hulle dat Christus hul lewe is. Dit spoor hulle aan tot danksegging en wek hulle op tot onderlinge liefde. Dit verander egter in die skadelikste gif vir almal wie se geloof nie daardeur gevoed en versterk word nie, en vir wie dit nie aanvuur tot lofuiting en liefde nie. Dit gebeur nie vanweë 'n wesenlike gebrek daaraan nie, maar omdat niks vir die besoedeldes en ongelowiges rein is nie (Tit. 1:15).

Dit kom nie daarop aan hoe dit in ander gevalle deur die seën van die Here geheilig is nie. Soos Paulus sê (1 Kor. 11:29): "Want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself."

Die enigste en beste waardigheid wat ons na God kan bring, is om Hom as 't ware ons onwaardigheid aan te bied... Hoe sou ons wat arm is en sonder iets wat goed is, die liggaam van die Here waardiglik eet? Ons wat deur sondevlekke besoedel is, wat halfdood is! Ons sal liewer daaroor nadink dat ons soos armes kom na die welwillende Gewer. Ons kom soos siekes na die Geneesheer; ons kom soos sondaars na Hom uit wie die geregtigheid is, soos dooies na Hom wat lewendig maak . . .

Dit sou inderdaad van alte groot stompsinnigheid getuig - om nie te sê dwaasheid nie - om so 'n volkomenheid vir toelating tot die sakrament te eis wat die sakrament doelloos en oorbodig sou maak. Dit is nie vir volmaaktes ingestel nie, maar vir swakkes en kragteloses . . .

Inst. IV, 17, 40 en 42

*Here, ons dank U dat ook die verlore seun wat op pad huis toe is, by die nagmaalsdis mag aansit.*

## 30 November

*Ps. 84:1-5*

DIE ORDELIKE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL

*Alles moet egter gepas en ordelik geskied. - 1 Kor. 14:40*

Of die brood gesuur of ongesuur is, en of die wyn rooi of wit is, is om 't ewe - dit word aan die kerk oorgelaat... Aleksander, die biskop van Rome, was die eerste wat behae geskep het in ongesuurde brood. Sulke onbeduidende en toneelagtige nietighede dien geen ander doel nie as om die verbaasde gemeente se sintuie te bedrieg . . .

Na al die seremonies uit die weg geruim is, sou die nagmaal op die paslikste manier bedien kan word, wanneer dit baie dikwels en minstens een maal per week aan die gemeente voorgehou word.

Daar moet met gebed begin word. Dan moet die preek gelewer word. Daarna spreek die bedienaar die instellingswoorde van die nagmaal nadat die brood en die wyn op die tafel gesit is. Vervolgens verkondig hy die beloftes wat daarin aan ons gemaak is. Tegelykertyd sluit hy diegene uit die gemeenskap wat deur die Here se verbod van die nagmaal weggehou word. Daarna moet daar gebid word dat soos die Here deur sy goedgunstigheid ons die heilige voedsel gegee het, Hy ons ook mag onderrig en vorm om dit met die geloof en 'n dankbare hart te ontvang, asook dat Hy ons deur sy barmhartigheid so 'n maaltyd waardig mag maak, aangesien ons uit onsself onwaardig is. Dan word daar psalms gesing of daar word gelees en die gelowiges neem ordelik aan die heilige maaltyd deel. Intussen breek die bedienaars die brood en gee dit aan die gemeente.

Na die nagmaal moet die gemeente opgewek word tot 'n opregte geloof, tot belydenis van die geloof, en tot liefde en 'n lewe wat die Christene waardig is. Eindelik word daar gedank en die lof van God gesing. Na afloop daarvan moet die bedienaar die gemeente in vrede laat uiteengaan.

Inst. IV, 17, 43

*Versadig ons met die goeie van u huis, die heiligheid van u paleis.*

## 1 Desember

*Mark. 9:17-18*

ONS ROEPING IS OM DIKWELS NAGMAAL TE GEBRUIK

*"Ek glo . . . Help my waar ek nog ongelowig is."- Mark. 9:24*

Wat ons tot dusver oor die sakrament gesê het, toon oorvloedig aan dat dit nie ingestel is om eenmaal per jaar ontvang te word nie. Dit moet ook nie blote pligpleging - soos nou die gewoonte is - wees nie. Dit is bedoel om dikwels deur alle Christene gebruik te word, sodat hulle baiemaal oor die lyding van Christus kan nadink. So ondersteun en versterk hulle hul geloof. En so vuur hulle mekaar aan om die lof van God te bely, om te sing en om sy goedheid te verkondig. So voed hulle ook die onderlinge liefde en betoon dit aan mekaar. Hierdie onderlinge liefde kan gesien word in die eenheid van die liggaam van Christus.

Want so dikwels as ons deel kry aan die teken van Christus se liggaam, verbind ons onsself. Ons doen dit as 't ware deur 'n pand te gee en te ontvang. So verbind ons onsself wederkerig tot alle liefdespligte. Op dié manier voorkom ons dat iemand van ons iets doen waardeur hy sy broer seermaak. Ons laat ook niks na waar 'n mens sy broer sou kon help nie . . . Die apostoliese kerk had so 'n gebruik, meld Lukas in Hand. 2:42. Daar sê hy dat die gelowiges hulle heelhartig toegelê het op die leer van die apostels, die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltye en die gebede.

So moet dit altyd gebeur dat geen samekoms van die gemeente gehou word sonder die Woord, gebede, die nagmaal en mededeelsaamheid nie.

Dat hierdie orde ook by die Korintiërs gegeld het, kan wel deeglik uit Paulus se woorde afgelei word. En dit staan vas dat dit daarna vir baie eeue die gebruik was.

Inst. IV, 17, 44

*Ons dank U vir die instelling van die nagmaal waar U steeds gereed staan om ons swak geloof te versterk.*

## 2 Desember

*Hebr. 10:10-18*

CHRISTUS IS DIE EENMALIGE OFFER VIR ALLE EEUE

*Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus. - 1 Kor. 5:7*

Wat die Roomse mis betref, is dit heeltemal seker dat die kruis van Christus omgetrek word sodra 'n altaar opgerig word. Hy het Homself aan die kruis as 'n offerande aangebied om ons vir ewig te heilig en 'n ewige verlossing vir ons tot stand te bring (Hebr. 9:12). Gevolglik bly die krag en die uitwerking van sy offerande sonder twyfel eindeloos voortduur.

Anders sou ons nie met meer eer oor Christus kon dink nie as oor koeie en kalwers wat onder die wet geoffer is. So 'n offer op die altaar was kragteloos en swak. Hulle moes dit immers meermale herhaal. Daarom moet ons die volgende aanvaar: of dit het Christus se offer -wat aan die kruis volbring is - ontbreek aan die krag om vir ewig te reinig, of Christus het een offerande eenmaal vir alle eeue gebring.

Dit is wat die apostel sê, naamlik dat hierdie Hoëpriester, Christus, net een keer - op die tyd wat God bepaal het - verskyn het om deur sy offer die sonde weg te neem. So ook dat ons deur Gods wil vir Hom afgesonder is deur die offer van Christus se liggaam - eens en vir altyd. Ook dat Christus deur een offer dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volmaak gemaak het (Hebr. 9:25, 10:10 en 14). En hy voeg by dié treffende uitspraak by: waar die sondes vergewe is, is geen offer meer daarvoor nodig nie (Hebr. 10:18). Dit het Christus ook met sy laaste asemtog te kenne gegee toe Hy gesê het: "Dit is volbring!" (Joh. 19:30). Ons is daaraan gewoond om te let op die laaste woorde van sterwendes asof dit van God kom. Christus het sterwende getuig dat alles wat tot ons saligheid gedien het, deur sy enigste offer vervul en voltooi is.

Inst. IV, 18, 3

*Ons dank U vir die volkome offer van 'n volmaakte Verlosser.*

## 3 Desember

*Rom. 12:1-8*

EK GEE MYSELF AAN GOD

> *Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditus ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. - Filip. 4:18*

Dankoffers sluit alle pligte van die liefde in. Wanneer ons sy lede hiermee eer, eer ons die Here self op dié manier. Dit sluit ook in ons gebede, lof- en dankseggings en alles wat in diens van God deur ons gedoen word.

En dit alles hang per slot van rekening af van 'n groter offer waardeur ons met liggaam en siel aan die Here as 'n heilige tempel gewy word. Maar dit is nie genoeg dat ons uiterlike dade strook met gehoorsaamheid aan Hom nie. Ons moet eers onsself en daarna alles wat aan ons behoort, aan Hom wy en oorgee. So sal alles wat in ons is, sy eer soek en daarna streef om dit groter te maak.

Hierdie soort offerandes dien nie om die toorn van God te stil nie, nie om vergewing van sonde te bewerk nie, en nie om geregtigheid te verdien nie. Hulle het slegs ten doel om God te verheerlik en groot te maak. Want hulle kan vir God nie aangenaam en aanneemlik wees nie, tensy hulle kom van mense wat reeds vergewing van sondes ontvang het. Ek bedoel hulle wat om 'n ander rede met Hom versoen is en daarom van skuld vrygespreek is.

Sulke dankoffers is vir die kerk noodsaaklik ... So gebied Paulus (Rom. 12:1) dat ons onsself moet gee as 'n lewende, heilige offer wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat ons moet beoefen. Hy het baie duidelik gepraat, waar hy bygevoeg het dat dit die wesenlike van ons godsdiens is. Want daaronder het hy verstaan die geestelike manier om God te dien; hy het dit by implikasie teenoor die dierlike offerandes van die Mosaïese wet gestel... So is alle goeie werke van die gelowiges geestelike offers.

Inst. IV, 18, 16

*Here, ek wy my met al wat ek is en besit, aan U.*

## 4 Desember

*Hebr. 1:1-4*

**CHRISTUS DIE FINALE OPENBARING**

*In die verlede het God baie keer en op baie maniere tot ons voorvaders gespreek deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy tot ons gespreek deur die Seun. - Hebr. 1:1*

Christus, in wie al die skatte van kennis en van wysheid verborge is, is aan ons geopenbaar. Die openbaring is oorvloedig en allesomvattend. Om te hoop ofte verlang dat daar enige nuwe toevoeging by dié skatte moet kom, sou eintlik beteken om ons God se gramskap op die hals te haal en Hom te terg. Ons moet alleen na Christus hunker, Hom soek, op Hom hoop, van Hom leer, en Hom grondig leer ken. So moet dit wees totdat die groot dag kom, waarop die Here die heerlikheid van sy koninkryk ten volle sal openbaar, en Hom aan ons sal toon soos Hy werklik is (1 Joh. 3:2). Om hierdie rede word die tye waarin ons leef die laaste uur genoem, die laaste dae, die eindtyd (1 Joh. 2:18; 1 Petr. 1:20). Dit is sodat niemand hom deur die denkbeeldige verwagting van enige nuwe leer of openbaring moet bedrieg nie. Want dikwels en op baie maniere het die hemelse Vader vantevore deur die profete gepraat, maar in hierdie laaste dae het Hy deur sy geliefde Seun gepraat (Hebr. 1:1). Net Hy kan die Vader bekend maak (Luk. 10:22). En Hy het Hom inderdaad ten volle bekend gemaak, vir sover as dit vir ons van belang is. In hierdie bedeling sien ons immers nog altyd 'n dowwe spieëlbeeld van Hom (1 Kor. 13:12).

Verder is dit die mens ontsê om nuwe sakramente in die kerk van God in te voer. Net so moet daar van die mens se kant so min as moontlik by die sakramente gevoeg word.

Inst. IV, 18, 20

*Here Jesus, ons dank U dat U vir ons ook die volkome Openbaringsmiddelaar is.*

## 5 Desember

*Rom. 13:1-7*

DIE RYK VAN GOD STAAN NIE TEENOOR DIE STAAT NIE

> *Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser. - 1 Petr. 2:17*

Die geestelike ryk van Christus en die burgerlike regering is sake wat baie ver van mekaar af lê ... En tog strek die verskil nie so ver dat ons sou meen dat die hele burgerlike bestel iets vuils is wat die Christen nie aangaan nie. Dweepsieke mense wat behae skep in ongebreidelde losbandigheid, verhef hulle stem en hulleself. Hulle sê: "Ons is deur Christus dood vir die dinge van hierdie wêreld. Ons is oorgebring en sit onder die hemelinge. Dus is dit nou vir ons onwaardig en ver benede ons verhewenheid om ons met onheilige en vuil dinge besig te hou -sake wat nie by 'n Christen pas nie. Watter sin," sê hulle, "het wette sonder regspraak en regbanke? En wat het 'n Christen met regspraak te make?'

Ons het wel so pas daarop gewys dat die burgerlike regering verskil van die geestelike en innerlike ryk van Christus. Maar ons moet ook onthou dat hulle in geen opsig teenoor mekaar staan nie . . .

Die burgerlike regering se roeping is om- solank as ons onder mense lewe - die openbare godsdiens in stand te hou en te beskerm. Dit moet ook die gesonde leer en die bestaansreg van die kerk verdedig. Dit moet verder ons lewe laat inpas by die samelewing, ons sedes vorm volgens die burgerlike geregtigheid, ons laat saamstaan en die openbare vrede en rus bevorder . . .

Dit is Gods wil dat ons, terwyl ons op pad is na die ware vaderland, as vreemdelinge op aarde moet vertoef. En dat ons onderweg ondersteuning nodig het. Maar waar dit so is, ontneem diegene wat nie aan die mens die nodige steun wil gee nie, die mens sy mens-wees.

Inst. IV, 20, 1 en 2

*Ons dank U dat die staat 'n instelling van U is om die kwaad te beteuel.*

## 6 Desember

*Joh. 19:10-16*

DIE HOË ROEPING VAN DIE REGTERS

> *. . . God is die regter! - Ps. 75:8*

Hoe sal die regters dit waag om 'n onregverdige oordeel uit te spreek? Dieselfde mond is immers bestem om 'n spreekbuis van die Goddelike waarheid te wees. Hoe sal hulle gewete hulle toelaat om goddelose besluite te onderteken? Dieselfde hand is bestem om die handelings van God neer te skryf. Kortom, as hulle daaraan dink dat hulle plaasvervangers van God is, moet hulle met alle sorg, gedienstigheid en vlyt optree. Hulle moet toesien dat hulle vir die mense 'n voorbeeld is van die Goddelike voorsienigheid, bewaring, goedheid, welwillendheid en regverdigheid.

En voortdurend moet hulle in gedagte hou (Jer. 48:10) dat almal vervloek word wat God se wraakgerig kastig uitoefen, maar opsetlike bedrog pleeg. Daar sal inderdaad op diegene wat in 'n eerbare roeping bedrieglik optree, 'n baie swaarder vloek rus.

Toe Moses en Josafat hul regters op hul plig wou wys, het hulle geen kragtiger motivering gehad as wat in Deut. 1:16 en 2 Kron. 19:6 opgeteken is nie: "Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mens nie, maar vir die Here; en, Hy is by julle in die regspraak. Mag die skrik vir die Here dan nou op julle wees; handel nougeset, want by die *Here* onse God is geen onreg nie . . ."

Indien die regters iets verkeerds doen, is hulle nie alleen onregverdig teenoor die mense wat hulle wederregtelik krenk nie; hulle verag ook God self. Want dit is sy heilige regspraak wat hulle besoedel.

Aan die anderkant het hulle ook 'n voortreflike bron van vertroosting. Hulle moet daaroor nadink dat hulle nie besig is met onheilige praktyke wat vreemd aan 'n dienskneg van God is nie. Inteendeel, hulle staan in 'n baie heilige amp waar hulle die opdragte van God uitvoer.

Inst. IV, 20, 6

*Here, ons bid dat U hulle wat die reg spreek, deur u genade sal dra.*

## 7 Desember

*Rigt. 5:7-13*

DIE DEFENSIEWE OORLOG GEREGVERDIG

> *Geloof sy die Here, Hy is my rots. Hy leer my hande om oorlog te maak, my vingers om te veg. - Ps. 144:1*

Op twee sake moet die burgerlike hoogwaardigheidsbekleër let: om nie deur oormatige strengheid méér te wond as wat hy genees nie. Hy moet ook nie deur 'n bygelowige inskiklikheid in die wreedste mensliewendheid verval nie. Ek bedoel: wanneer hy hom skuldig maak aan 'n ruggraatlose en swak toegeeflikheid tot ondergang van baie mense. Want dit is destyds onder die regering van keiser Nerva ook nie sonder rede nie gesê dat dit weliswaar erg is om te leef onder 'n vors wat niks toelaat nie. Maar dit is baie erger om onder 'n vors te leef wat alles toelaat.

Dit is soms nodig vir konings en state om die wapen op te neem om in die openbaar te straf. Gevolglik is oorloë wat om dié rede onderneem word, geoorloof... As die owerhede tereg misdadigers straf wie se streke net 'n paar mense benadeel, sal hulle dan die hele land deur plundertogte laat teister en verwoes, sonder om dit te straf? Trouens dit maak nie saak of dit 'n koning of 'n gewone burger is, wat 'n ander land (waar hy geen reg het) inval en verwoesting saai nie. Almal moet voor die voet as rowers beskou en gestraf word.

Dus, die natuurlike billikheid en die eie-aard van die owerhede se amp leer dat hulle gewapen is sodat hulle die misdade van die enkeling deur regstappe kan bedwing. Maar dit leer die owerhede ook om die onderdane wat aan hul sorg toevertrou is, deur krygvoering te beskerm - as hulle aangeval word. Die Heilige Gees verklaar deur baie getuienisse dat sulke oorloë wettig is.

Inst. IV, 20, 10 en 11

*Ons bid om genade en moed om ons steeds teen die Bose en sy volgelinge te verdedig.*

## 8 Desember

*Ps. 140:1-5*

OORLOG MOET DIE LAASTE UITWEG WEES

*En God wat vrede gee, sal met julle wees. - Filip. 4:9*

Daar word aangevoer dat daar in die Nuwe Testament nie 'n enkele getuienis of voorbeeld is wat leer dat oorlog vir Christene geoorloof is nie. Daarop antwoord ek in die eerste plek dat die rede wat daar vroeër vir oorlogvoering was, nou nog bestaan. Daar is ook geen rede om die owerheid daarvan te weerhou om sy onderdane te beskerm nie. Ek wys ook daarop dat 'n mens in die geskrifte van die apostels geen opsetlike uiteensetting van dié sake moet soek nie. Dit is naamlik nie hulle bedoeling om 'n burgerlike regering te omskryf nie. Wel om die geestelike koninkryk toe te lig.

Bowendien word ook in die Nuwe Testament terloops aangedui dat Christus deur sy koms niks in dié opsig verander het nie. Want indien die Christelike leer (om die woorde van Augustinus te gebruik) alle oorloë veroordeel, sou Johannes aan die soldate wat hom om raad omtrent hulle saligheid gevra het, eerder gesê het hulle moet hulle wapens neerlê. En dat hulle hul heeltemal aan die krygsdiens moet onttrek. Maar hy sê aan hulle: "Moet van niemand deur geweld of valse aanklag geld afpers nie, maar wees tevrede met julle besoldiging" (Luk. 3:14). Hy het diegene wat hy beveel het om tevrede te wees met hul verdienste, sekerlik nie verbied om krygsdiens te doen nie.

Maar alle owerhede moet hier uiters versigtig wees om nie in die minste aan hul emosies toe te gee nie. As daar straf uitgedeel moet word, moet hulle hul nie deur oorhaastige driftigheid laat wegvoer nie. Hulle moet hul nie deur haat laat meesleur en nie brand van onversoenlike strengheid nie . . .

Alles moet eers geprobeer word, voordat die saak met wapens beslis word ... Deur verdrae moet die magte verenig word om die mensdom se gemeenskaplike vyand te weerstaan.

Inst. IV, 20, 12

*Laat ons, as daar geveg moet word, ook daardeur na vrede en bestendigheid strewe.*

## 9 Desember

*Matt. 22:34-40*

HANDHAAF DIE BEGINSEL VAN DIE LIEFDE IN DIE WETGEWING

*Wie sy medemens liefhet, vervul die wet. - Rom. 13:8*

Die sedewet word onder twee hoofde saamgevat. Die een beveel eenvoudig dat God met 'n opregte geloof en opregte vroomheid gedien moet word. Die ander beveel dat die mens met 'n opregte liefde bejeën moet word. So is die ware en ewige reël van geregtigheid voorgeskryf vir mense van alle volke en alle tye wat verlang om hulle lewe na Gods wil in te rig. Dit is sy ewige en onveranderlike wil dat Hy deur ons almal geëer moet word. En dat ons mekaar onderling moet liefhê.

Die seremoniële wet was 'n kinderlike onderwysing van die Jode waardeur die Here as 't ware die Joodse volk in sy kinderskoene wou oefen totdat die volheid van die tyd sou kom. Dan sou Hy sy wysheid ten volle aan die wêreld openbaar en die waarheid aantoon van die dinge wat (in die ou bedeling) afgeskadu is.

Die wet wat aan hulle gegee is om die staat te orden, het sekere bepalings van billikheid en geregtigheid gehad. En daardeur kon hulle onskuldig en rustig saamleef . . .

Die seremonies kon afgeskaf word sonder om afbreuk te doen aan die vroomheid. So kan ook die pligte en gebooie altyd bly voortbestaan nadat dié tydelike wetsbepalings opgehef is. As dit waar is, is ongetwyfeld aan elke afsonderlike volk die vryheid gelaat om sodanige wette te maak wat volgens hul oordeel vir hulself goed sal wees. Hierdie wette moet egter aan die ewige norm van die liefde beantwoord, sodat hulle wel in vorm mag verskil, maar die beginsel handhaaf.

Inst. IV, 20, 15

*Leer ons om te verstaan dat die geregtigheid en die liefde nooit bots nie, omdat hulle in U verenig is.*

## 10 Desember

*Hand. 22:23-29*

JOU REG MET LIEFDE HANDHAAF

*Moenie self wraak neem nie, geliefdes ... - Rom. 12:19*

Daar is baie mense wat so 'n brandende begeerte het om 'n saak aanhangig te maak, dat hulle nooit self rus het nie, tensy hulle met ander twis. Hulle hofsake voer hulle met 'n dodelike en bittere haat. En hulle het 'n waansinnige begeerte om hulle te wreek en mense te benadeel. Hulle volhard daarin met 'n onverbiddelike hardnekkigheid totdat hulle hul teëstander uitgeroei het.

Om intussen nie daarvan verdink te word dat hulle iets anders doen as om volgens die reg op te tree nie, verberg hulle hul wangedrag onder die dekmantel van regspraak. Maar al is dit ook geoorloof om met jou broer volgens die reg te handel, mag jy hom nog nie haat, hom bitsig skade berokken en aanhoudend vervolg nie. Die eiser moet liewer bereid wees om van sy reg afstand te doen en alles te verdra, as om deur 'n vyandige gesindheid jeens sy teëstander voortgedryf te word.

Dié mense wat egter alle regsgedinge summier veroordeel, moet verstaan dat hulle tegelykertyd die heilige ordinansie van God weerspreek. Hulle wys ook dié soort gawes van God af wat vir die reines rein kan wees. Of hulle moet Paulus - wat die valse aantygings van sy aanklaers weerlê het en ook hulle listigheid en deurtraptheid aan die kaak gestel het - van 'n misdaad wil beskuldig. Hulle sal hom ook moet veroordeel omdat hy op die voorreg aanspraak gemaak het wat sy Romeinse burgerskap hom in geregtelike ondersoeke besorg het. Ook omdat hy die onregverdige goewerneur verbygegaan het en hom op die regterstoel van die keiser beroep het (Hand. 22:1; 24:12; 25:10). Dit is nie strydig daarmee nie dat alle Christene verbied word om wraak te neem . . . (Matt. 5:39; Deut. 32:35; Rom. 12:9)

Inst. IV, 20, 17, 18 en 19

*Ons dank U dat ons ons reg mag handhaaf, maar gee dat dit die liefde in ons nie in haat verander nie.*

## 11 Desember

*Jak. 3:13-18*

DIE WYSHEID VAN BO

*. . . want die HERE gee wysheid ... - Spr. 2:6*

Ons betwis nie Christus se woorde in Matt. 5:39 nie. Daar verbied Hy ons om kwaad in gelyke munt terug te betaal. Hy beveel ons: "As iemand jou op die regterwang slaan, draai ook die ander na hom toe." En Hy gebied jou om ook jou boklere aan hom te gee wat jou onderklere vat. Hy wil sy kinders se harte afkerig van vergelding maak. Hulle moet dit eerder verdra dat die onreg teenoor hulle verdubbel word, as om te probeer om dit te vergeld.

En ook ons raai hulle nie daarvan af om geduldig te wees nie. Want 'n Christen moet waarlik 'n soort mens wees wat gebore is om beledigings en onreg te verdra. Hulle is blootgestel aan die gemeenheid, bedrog en spot van die slegste mense. En nie alleen dit nie: hulle moet al dié slegte dinge verdra. Hulle moet so met hulle hele hart ingestel wees dat hulle hulle voorberei vir nog een, nadat hulle een aanstoot ervaar het.

Hulle moet hulself niks anders beloof nie as om die kruis voortdurend te dra. Intussen moet hulle goed doen aan diegene wat hulle onreg aandoen en diegene seën wat hulle vervloek. Hul oorwinning is daarin geleë dat hulle hul bes doen om die kwaad deur die goeie te oorwin. (Rom. 12:21; Matt. 5:39). . .

Maar tog moet dié mooi houding en dié ewewigtigheid nie verhinder om die hulp van die owerheid in te roep tot beskerming van hulle goed nie. Dit moet nie hul vriendelikheid jeens hul vyande enigsins aantas nie. Dit moet ook nie verhoed dat in openbare belang geëis word dat 'n skuldige en verderflike mens gestraf moet word nie.

Inst. IV, 20, 20

*Here, ons bid om daardie wysheid en genade wat net U ons kan gee.*

## 12 Desember

*1 Kor. 6:1-7*

PAULUS VEROORDEEL NIE ALLE HOFSAKE NIE

*. . . ons sal in liefde by die waarheid bly . . .- Ef. 4:15*

Dit is ook verkeerd om te beweer dat regsgedinge in die algemeen deur Paulus veroordeel is. Uit sy woorde (1 Kor. 6:1 e.v.) kan 'n mens maklik begryp dat daar in die gemeente van die Korintiërs 'n abnormale tendens was om regsgedinge aanhangig te maak. Dit was so erg dat hulle die evangelie van Christus en die hele godsdiens wat hulle bely het, blootgestel het aan die spot en laster van die goddelose.

Waaroor Paulus hulle in die eerste plek berispe, is dat hulle deur hul onenighede te oordryf, die evangelie by die ongelowiges bespotlik gemaak het. En verder ook dat broers met broers op dié manier getwis het. Want hulle was so onwillig om onreg te dra dat hulle begerig geloer het op mekaar se besittings. Hulle het mekaar bowendien gevloek en skade berokken. Dus, teen dié dwase drang om te prosedeer laat Paulus hom uit, en nie maar teen alle moontlike regsake sonder onderskeid nie . . .

Christene moet hulle sekerlik daarop toelê om liewer altyd van hulle reg afstand te doen as om na die regbank te hardloop. Hulle kan beswaarlik van die hof af kom sonder groter ontsteltenis en sonder dat haat teen hul broers aangeblaas is.

Maar dit kan vir iemand duidelik wees dat hy groot skade sal ly as hy nie sy saak verdedig nie. Indien hy dit dan wel doen sonder om die liefde in te boet, sondig hy nie teen Paulus se uitspraak nie.

Kortom, soos ons aan die begin gesê het: die liefde sal iedereen die beste raad gee. Alle gedinge wat sonder die liefde gevoer word en die perke daarvan oorskry, beskou ons onbetwisbaar as onregverdig en goddeloos.

Inst. IV, 20, 21

*Here, hoe wonderlik om te weet dat die liefde die ware Christen raad gee.*

## 13 Desember

*Rom. 13:1-7*

DIE GESAG VAN DIE OWERHEID IS VOL MAJESTEIT MAAR NIE ABSOLUUT NIE

> *In die eerste plek dring ek daarop aan dat met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en eerbaarheid. - 1 Tim. 2:1, 2*

Ons moet uiters versigtig wees om nie die gesag van die owerhede te verag ofte skend nie. Dié gesag is vol van eerbiedwaardige majesteit en is deur God met baie ernstige gebooie bekragtig. Ons mag dié gesag nie verag of skend nie - al is dit ook in baie onwaardige mense gevestig -mense wat dit soveel as wat hulle kan deur hulle gemeenheid besoedel.

Al is die wraak van die Here die teregwysing van teuellose tirannie, moet ons nie regstreeks daarvan aflei dat dit aan ons opgedra is om wraak te neem nie. Aan ons is geen ander opdrag gegee as om te gehoorsaam en te ly nie. Ek praat nog steeds van private persone.

Want indien daar volksowerhede is wat grondwetlik aangestel is om die willekeur van konings aan bande te lê, is dit verre van my om hulle te verbied om *ampshalwe* die ongebondenheid van die konings teë te staan. (Ek praat hier van volksowerhede wat vergelykbaar is met die hoogwaardigheidsbekleërs wat destyds toesig gehou het oor die konings van die Spartane; of van die volkstribune ten opsigte van die Romeinse konsuls; of van die distriksowerhede ten opsigte van die Atheners se raad...) Ek sou eerder handhaaf dat indien die volksowerhede die oë sluit wanneer die konings die burgers tiranniseer en beledig, hul huigelary nie vry is van gruwelike troueloosheid nie. So verraai hulle bedrieglik die vryheid van die volk. En hulle weet dat hulle volgens die ordinansie van God aangestel is as die bewakers daarvan.

Inst. IV, 20, 31

*Here, seën ons owerheid, hou hulle op die weë van geregtigheid en bewaak ons vryheid.*

## 14 Desember

*Dan. 6:22-28*

GEHOORSAAM DIE OWERHEID WAT GOD GEHOORSAAM

> *"'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!"* - Hand. 5:29

Ons het vasgestel dat 'n mens die bevele van die owerhede moet gehoorsaam. Maar daar moet altyd hierdie uitsondering gemaak word, of liewer: daar moet veral hierop gelet word dat hierdie gehoorsaamheid ons nie daarvan mag weerhou om gehoorsaam te wees aan God nie. Aan sy wil moet alle konings se wense onderworpe wees. Voor die besluite van God moet hulle bevele wyk en voor sy majesteit moet hulle septers buig. En waarlik, hoe verkeerd sou dit nie wees nie dat jy, in 'n poging om mense te behaag, Hom - ter wille van wie jy die mense gehoorsaam - sou beledig!

Die Here is die Koning van die konings: wanneer Hy sy heilige mond oopgemaak het, moet bowenal na Hom geluister word. Ons is onderworpe aan die mense wat oor ons gestel is. Maar alleen omdat ons aan die Here behoort. Indien hulle iets beveel wat teen Hom ingaan, moet daar hoegenaamd nie op ag geslaan word nie. Ons moet ons ook nie laat beïndruk deur al die waardigheid waarmee die owerhede beklee is nie. Hierdie waardigheid word nie aangetas wanneer dit beperk word deur die besondere en waarlik hoogste mag van God nie.

Ooreenkomstig hiermee ontken Daniël (6:22) dat hy in enige opsig teen die koning gesondig het toe hy nie gehoor gegee het aan sy goddelose bevel nie. Want die koning het sy perke oorskry. Hy het nie alleen mense veronreg nie, maar ook - deur die horing teen God op te lig - self sy eie mag vernietig... Laat ons ons met dié gedagte troos dat wanneer ons liewers enigiets verduur as om die pad van vroomheid te verlaat, ons God se eis van gehoorsaamheid nakom. AAN GOD DIE LOF.

Inst. IV, 20, 32

*Here, gee dat die onderrig van die hervormer Calvyn ons steeds sal laat hervorm as u Woord dit eis.*

## 15 Desember

*1 Kor. 13:8-13*

DIE BUITENGEWONE GAWES

> *Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. - Rom. 12:3*

In Mark. 6:13 lees ons: "en hulle het baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak". Jakobus het dit in die oog gehad toe hy beveel het dat die ouderlinge geroep moet word om die siekes te salf. In sulke seremonies is geen dieper verborgenheid geleë nie. Dit sal hulle maklik raaksien wat opmerk met hoeveel vryheid sowel die Here as sy apostels in hierdie uiterlike dinge te werk gegaan het.

Toe die Here besig was om die blinde die gesig terug te gee, het Hy van grond en spoeg klei gemaak. Ander het Hy deur aanraking genees en ander deur sy woord. Op hierdie manier het die apostels sommige siektes genees deur die woord alleen, ander deur aanraking en ander deur salwing.

Maar dit is onwaarskynlik dat die salwing (net soos al die ander dinge) ligsinnig aangewend is. So word altans betoog. Ek erken dit, maar nie dat hulle geneesmiddels was nie. Hulle was alleen tekens om die onkundiges te herinner waar so 'n groot krag vandaan gekom het. Op dié manier is die eer nie aan die apostels gegee nie. Dat die Heilige Gees en sy gawes deur olie aangedui word, kom algemeen voor.

Maar die gawe van gesondmaking het verdwyn - net so ook die ander wonders. Die Here wou dit 'n tyd lank laat plaasvind om die nuwe prediking van die evangelie vir ewig wonderbaarlik te maak. Aan ons is die bediening van die kragte nie toevertrou nie. Inst. IV, 19, 18

Ons lees dat die apostels, deur hul hande op te lê, sigbare gawes van die Gees oorgedra het (Hand. 19:6). Maar die ervaring toon dat dit 'n tydelike gawe was. Ja, die oudste skrywers getuig selfs dat dit onmiddellik na die dood van die apostels verdwyn het.

Artikels van die Fakulteit van Parys met weerlegging. Opera Omnia, ed. Baum c.s. vol VII, col. 21.

*Ons dank U dat waar die buitengewone gawes verdwyn het, U die belangriker gawes van geloof, hoop en liefde gegee het.*

## 16 Desember

*Mark. 16:15-20*

MEER OOR BUITENGEWONE GAWES EN TEKENS

> *Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil. - 1 Kor. 12:11*

"Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo ..." (Mark. 16:17). Terwyl die Here nog by hulle in die wêreld was, het Hy deur wonders dit makliker gemaak om die evangelie te glo. Nou het Hy dieselfde krag ook in die toekoms verleen, sodat sy dissipels nie sou meen dat die krag aan sy liggaamlike teenwoordigheid verbind was nie. Want dit was van die uiterste belang dat Christus se Goddelike krag onder gelowiges sou voortduur sodat dit onomstootlik vas sou staan dat Hy uit die dood opgestaan het. So sou sy leer ook na sy heengaan gehandhaaf bly, en sy Naam onsterflik wees.

Wanneer Hy sê dat gelowiges met hierdie gawe toegerus sal word, moet dit nie uitgelê word asof dit op elkeen van hulle van toepassing was nie. Ons weet dat die gawes verskillend uitgedeel is, sodat die krag om wonders te doen net aan enkeles gegee is. Maar nou was wat aan 'n paar verleen is, eintlik vir die hele kerk bedoel omdat die wonders wat deur een verrig is, gedien het om almal sekerder te maak. Daarom gebruik Christus die woord *gelowiges* in 'n onbepaalde sin . . .

Christus verklaar nie uitdruklik of dit sy bedoeling is dat hierdie gawe tydelik is, en of dit bestem is om voortdurend in sy kerk te bly nie. Nogtans is dit waarskynliker dat wonders net vir 'n tyd beloof is met die doel om aan die evangelie luister te verleen terwyl dit nog nuut en onbekend was. Dit is wel moontlik dat die wêreld dié eer ontsê is omdat hy skuldig is aan ondankbaarheid. Maar ek meen dat die eintlike bedoeling met wonders was dat daar aan die begin niks sou ontbreek om die evangelie te bevestig nie.

Kommentaar op Mark. 16:17, Opera, XLV, col 824 s

*Here, ons dank U vir die beloofde leiding van u Gees deur u Woord oor baie eeue heen.*

## 17 Desember

*Matt. 24:23-28*

BUITENGEWONE TEKENS EN VALSE TEKENS

> *Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande valse tekens en wonders . . . - 2 Tess. 2:9*

En sonder twyfel merk ons dat dié buitengewone tekens nie lank na die aanvang van die Christelike kerk verdwyn het. Of dat die voorbeelde daarvan ten minste so selde voorgekom het dat daaruit afgelei kan word dat hulle nie so algemeen in alle tye sou wees nie.

Tog was dit aanleiding daartoe dat diegene wat die eerste gelowiges opgevolg het, deur hebsug of eersug vir hulself valse tekens versin het. Dit was sodat nie sou blyk dat hulle glad nie wonderwerke kon doen nie. So is die deur geopen vir die liste van Satan om oëverblindery in die plek van die waarheid te laat kom. Ook is onder die voorwendsel van tekens die ware geloof van die eenvoudiges weggehou... Dit is die rede waarom Christus elders (Matt. 24:24) voorspel het dat die heerskappy van die Antichris oorvol van tekens van die leuen sal wees.

Met die oog daarop dat ons geloof na behore deur wonderwerke bevestig kan word, moet ons verstand dus beheers word deur die nugterheid waarvan ek gepraat het. Daaruit volg ook dat diegene wat beweer dat ons leer deur wonderwerke gestut móét word, ons veragtelik belaster. Asof dit nie dieselfde leer is wat Christus reeds vroeër meer as genoeg bekragtig het nie!

Kommentaar op Mark. 16:17. Opera XLV, col. 825

Met Augustinus besluit ons dat die Here ons op ons hoede gestel het teen die wonderdoeners (so noem hy hulle), wat onder voorwendsel van tekens die mense wegtrek van die eenheid van die geloof... Satan mislei mense deur baie bedrieërye. En God laat ook toe dat baie tekens verrig word om mense vir hulle ondankbaarheid te straf, soos Paulus getuig (2 Tess. 2:9). Artikels van die Fakulteit van Parys met weerlegging, XI. Opera, VII, col. 22

*Here, leer ons deur die Heilige Gees en deur u Woord om die valse van die ware te onderskei.*

## 18 Desember

*Deut. 18:9-14*

GEEN WAARSÊERY OF TOWERY NIE

*Daar mag niemand by jou gevind word wat... met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie ... - Deut. 18:10*

Omdat mense se nuuskierigheid onversadigbaar is, let hulle nie op wat vir hulle nuttig is nie. Maar na die voorbeeld van Adam begeer hulle om "soos gode" te wees en om sonder uitsondering alle dinge te weet. Wanneer God nie al hierdie onbehoorlike begeertes toestaan nie, wend hulle hul tot die duiwel, die vader van die leuen . . .

Voortekens sowel as ligsinnige waarneming van sterre word" hier veroordeel. Dis naamlik wanneer nuuskierige mense, wat agterstevoor is, alle dinge afhanklik maak van die sterre... Raadpleging van dié wat dood is, word ook hier veroordeel - d.w.s. die bedrieglike en misleidende wyse van voorspelling op grond van antwoorde van "die dooies".

Laat ons uit hierdie Skrifgedeelte leer met watter leuenagtige en belaglike tekens Satan die bejammerenswaardige mense bekoor, so dikwels as God die ketting waarmee hy gebind is, laat skiet. En laat ons leer watter groot mag om te bedrieg die vader van die leuen ontvang met die doel om die ongelowiges te verblind. Dit is kragtens die regverdige vergelding van God.

Met betrekking tot voorspellings is dit onnodig om uit te pluis hoe Satan verborge dinge vooruit kan weet... Dit is oorbodig, indien ons in gedagte hou dat die duiwels 'n sekere vermoë om te voorspel gekry het om die ongelowiges al hoe meer mee om die bos te lei . . .

Ons het reeds gemerk hoe Farao se towenaars deur hul wondertekens met Moses gewedywer het. Derhalwe hoef ons nie verbaas te wees as Satan, met God se toestemming, die natuur versteur of die verworpenes met siekte of ander rampe teister nie, of aan hulle spookgestaltes voortower. Vandaar dat ons God des te ernstiger moet smeek om 'n vyand, wat met soveel verderflike kunste teen ons toegerus is, in bedwang te hou.

Kommentaar op Deut. 18:9-11. Opera XXIV, col. 265 s.s.

*Here, leer ons om vir tyd en ewigheid alleen op U te vertrou.*

## 19 Desember

*Hand. 19:11-17*

DUIWELUITDRYWING

> *Nadat Jesus huis toe gegaan het, toe hulle alleen was, het sy dissipels Hom gevra: "Waarom kon ons die gees nie uitdrywe nie?" Hy het vir hulle gesê: "Hierdie soort goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie." - Mark. 9:28, 29*

Ek twyfel nie daaraan nie dat hierdie amp van duiweluitdrywing uit dwase na-apery ontstaan het. God het sy mag gewoonlik op verskillende maniere uitgeoefen. Vroeër het Hy die profete as dienaars gebruik om duiwels uit te dryf. Onder voorwendsel hiervan het die besweerders duiweluitdrywing versin. En hieruit het 'n buitengewone amp op eie gesag en sonder opdrag van God ontstaan . . .

Onder die nuwe bedeling het sondige ambisie gelei tot stryd tussen Christene en Jode. Want duiwelbesweerders is in die lewe geroep volgens die wil van mense. Daarna wou die pous - bygeloof word altyd erger! - hierdie amp verleen aan al sy geestelikes wat 'n hoër rang beklee. "Ons besweer julle in die Naam van Jesus" (Hand. 19:13) . . . Hierdie beswering was in twee opsigte verkeerd. Eerstens: terwyl hulle die leer van Paulus nie aanvaar het nie, het hulle dit sonder geloof, misbruik - as 't ware vir towerformules. Tweedens: hulle het vir hulleself- sonder die roeping van God - toegeëien wat nie in die hand van mense is nie. Die geoorloofde aanroeping van die Naam van God en Christus word deur die geloof bepaal en oorskry nie die perke van die mens se roeping nie.

Ons word dus deur hierdie voorbeeld gewaarsku om niks te probeer doen, tensy ons voorgelig word deur die Woord van God nie - anders sal ons 'n dergelike strafte beurt val. Die Here self het ons beveel om te bid. Wie ook al nie die gawe besit om wonders te doen nie, moet binne hierdie perke bly. Want toe die apostels die onrein geeste deur 'n bevel gedwing het om uit te gaan, het hulle dit op gesag van God gedoen. En die apostels het geweet hulle het die bediening wat Hy aan hulle opgedra het, getrou volbring.

Kommentaar op Hand. 19:13. Opera, XLVIII, col. 445 s.s.

*Here, leer ons om ons roeping met groot ootmoed alleen op u bevel te volbring.*

## 20 Desember

*Matt. 5:1-5*

DIE SAGMOEDIGE ERF DIE NUWE AARDE

> *"Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang." - Matt. 5:5*

God het ons na sy beeld geskep. Elkeen sien dus sy eie beeld in sy naaste - ons behoort almal aan die menslike geslag. Al verskil die gesigte en die geeste ook soveel, kan ons allermins hierdie eenheid uitwis wat God onder ons tot stand gebring het. As dit maar in ons geheues ingeprent gebly het, sou elkeen in vrede met sy naaste geleef het. Dit sou dan hier soos 'n aardse paradys gewees het.

Maar die teendeel is waar: ons sien hoe iedereen sy eie belange en voordeel soek. Elkeen wil heers, en bowendien is dit die ene hoogmoed. Ons is almal moeilik: so gou as iemand ons kwaad maak, kom die gif. Daar is by ons net hardheid, selfs wreedheid ... Daar is wraaksug wat alles omkrap . . . Kortom, ons sien dat as ons baie beledigings moet verduur, 'n mens die oorsaak nie baie ver hoef te soek nie: die mense tempteer mekaar! Weliswaar sal elkeen met sy verontskuldigings kom: hy wil van sy kant wel toegeeflik en toegeneë wees en almal geduldig verdra met wie hy onenigheid het. Maar dit is onmoontlik, so voer hy aan, om kalm te bly as ons ons onder soveel huilende wolwe bevind... Intussen is almal egter vol bitterheid, aanmatiging en hooghartigheid. En die een kan niks van die ander verdra nie.

Daarom moet ons des te meer die les in gedagte hou wat ons hier deur die Seun van God gegee word. Ons mag meen dat ons aan die kortste end trek wanneer ons sleg behandel word sonder dat ons weerwraak neem. Maar Hy verkondig dat die sagmoediges en dié wat in vrede lewe die nuwe aarde ontvang.

Preek oor Matt. 5:5. Opera XLVI, col. 783 s.s.

*Laat ons onsself en ons naaste altyd in die lig van u Woord sien.*

## 21 Desember

*Matt. 5:6-10*

BARMHARTIGHEID VIR DIE BARMHARTIGES

> *"Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word."- Matt. 5:7*

Barmhartigheid is niks anders nie as 'n smart wat ons ervaar weens die droefheid van 'n ander ... Wanneer 'n mens sy naaste sien ly, mag hy nie ongevoelig bly nie. Hy moet medelye met hom hê. Hy moet 'n deel van sy las dra en dit vir hom makliker maak. Dit is barmhartigheid. Daar is byvoorbeeld die woord aalmoes, soos ons dit noem. Maar dié woord word nie reg verstaan nie. Want as gepraat word van aalmoes gee, is dit sonder enige meegevoel. So sal iets aan 'n arme gegee word, maar dan in die gesindheid dat dit móét gebeur. Of dit is soos belasting wat afgepers word. Dit spyt jou eintlik dat jy dit moet gee, ten koste van jouself. Want daar is geen sprake van nie dat die ryke wat van sy goed gee, daaroor nadink en sê: "Hier is 'n lid van die liggaam van Christus: ons is almal saam een."

Ons moet besef dat ons dié wat ons hulp nodig het, nie help nie as ons die verkeerde innerlike gesindheid in ons harte het. Ons moet ook sélf iets van die lyding beleef wat deur die kwaad veroorsaak word. Ons moet weet dat waar God ons verenig het, niemand vir homself en selftevrede mag bestaan nie . . .

Ons sien sommige wat siek is, ander wat arm en sonder enige besittings is: Ander verkeer weer na liggaam en gees in allerhande ellende en nood. Dan moet ons dink: dit is een van ons liggaam. En dan moet ons ook deur die daad toon dat ons barmhartig is . . .

Ons sal dus barmhartigheid by God vind as ons medelye het met almal wat gesondig het en wat uit swakheid gestruikel het.

Preek oor Matt. 5:5-7. Opera XLVI, col. 791 s.s.

*Laat u beeld al hoe meer in my gestalte kry sodat ek saam met ander kan ly.*

## 22 Desember

*Ps. 15*

DIE OPREGTES SAL GOD SIEN

*"Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien. "-Matt. 5:8*

Iedereen sal erken: die vernaamste deug wat daar by ons moet wees, is reinheid van hart en opregtheid. Want daarsonder is dit seker dat al wat goed is en hoog geag word, niks anders voor God is nie as rook en damp. So sal iedereen ook regskapenheid prys. Maar die jammerte is dat niemand daarvolgens wil handel nie . . .

Oppervlakkig beskou, maak ons Here Jesus Christus hier 'n gewone uitspraak. Dit is naamlik dat diegene wat rein en suiwer van hart is, geseënd is. Maar as ons die optrede en lewenswyse van mense betrag, sal ons vind dat daar rede voor is: Hy wil sy dissipels na opregtheid en regskapenheid terugbring. Mense verheug hulle selfs in hul skelmstreke en loop altyd ompaaie en kronkelweë.

Nou voeg Christus by die seën van opregtheid by dat die ware gelowiges God sal sien. En Hy sê dit omdat dié wat in hul harte onopreg is, alles in hul vermoë doen om dit nie te laat blyk nie. Hulle is selfs daarop uit om ander te mislei ... En dit skyn of hul rein harte het.

Dit lyk wel of die gelowiges nie halfpad so goed weet wat vir hulle voordelig is nie. Feit is egter dat hulle hul nie met bedrog ophou nie ...

Wanneer die wêreld spot met ons eenvoudigheid en dit lyk of hulle ons al hoe groter skade berokken, gee ons Here Jesus ons hierdie boodskap: "Wees tevrede met 'n groter loon: julle sal God sien . . ." Ons sal naamlik sy teenwoordigheid geniet.

Preek oor Matt. 5:8-10. Opera XLVI, col. 797 s.s.

*O Here, ons weet dat die ganse wêreld nie opweeg teen die beloftewoord dat die opregtes U sal sien nie.*

## 23 Desember

*Jes. 52:7-12*

**DIE VREDEMAKERS IS GESEËND**

*"Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word." - Matt. 5:9*

Die Griekse woord vir vredemakers is oor die algemeen sleg verstaan. Dit is as vredeliewend opgevat, maar dit beteken baie meer. 'n Mens kan vredeliewend wees sonder om vreedsaam te wees. Dit wil sê dat hy nie sorg vir vrede tussen ander nie ... Maar laat ons daaraan dink dat ons by onsself moet begin. Want hoe sal iemand vrede maak en onenighede en twiste opklaar, sonder om self die voorbeeld te stel? . . .

God vervloek almal wat rusies en vyandskap onder mense saai -almal wat kwaad stook en deur hulle praatjies veroorsaak dat diegene wat eers vriende was, mekaar haat. Of: as daar grond voor is dat een die ander verdink, dan kom daar mense tussenin met die doel om sake te vererger. Dit is soos met 'n wond: pleks van om 'n goeie salf daarop te smeer om dit te genees, plaas hulle gif daarop om dit erger te maak en te laat ontsteek... Laat ons dus verstaan dat ons so goed as uit ons Here Jesus Christus se skool en kerk verban is wanneer ons twis en vyandskap onder die mense aanblaas.

Om daarenteen sy volgelinge te wees, is dit nodig dat iedereen vreedsaam in sy eie kring optree. Ons moet ook - vir sover ons kan - probeer om alle vyandskap te verbreek en omver te werp . . .

Om dit by ons in te skerp, sê ons Here Jesus Christus dat diegene wat die vrede bevorder, kinders van God genoem sal word. Is daar iets wat begeerliker is as om geken en erken te word as kinders van God ? Asook dat ons Hom as ons Vader kan aanroep?

Preek op Matt. 5:8-10 Opera XLVI, col. 801 s.s.

*Here, maak ons vredemakers, omdat U vir ons vrede by God gemaak het.*

## 24 Desember

*7 Petr. 3:1-7*

OOR ONS KLEREDRAG

> *'n Vrou mag geen mansklere dra nie, en 'n man mag geen vrouensklere aantrek nie; want almal wat dit doen is vir die HERE jou God 'n gruwel. - Deut. 22:5*

God verklaar hier dat elkeen hom so moet aantrek dat daar onderskeid tussen mans en vrouens bestaan. Ons sien dan ook inderdaad die gevare wanneer die mans hulle onbetaamlik aantrek en God daardeur onteer word. Daarom is dit nie sonder rede nie dat hierdie gebod afgekondig is. Daar is dié wat behae daarin skep om hulle te vermom. Dit wil sê, die vrouens trek hulle soos mans aan en die mans trek hulle soos vrouens aan. So vertoorn hulle God.

In die eerste plek behoort hier opgemerk te word dat mans so gekleed moet wees dat hulle nie verwyf is nie. Dit sien 'n mens soms by diegene wat hulle soos bruide versier. Wanneer hulle so lyk, is dit asof hulle spyt is dat God hulle nie soos vrouens gemaak het nie. En dit is asof hulle hul geslag wil verloën. Dit is 'n skandelike saak. En dit geld ook van vroue wat soos manlike soldate aantrek . . . Dit is teennatuurlik en moet deur ons verfoei word.

God wil dat ons in ons kleding op die nut en die eerbaarheid moet let ... As ek praat van die nut, dan is die bedoeling dat ons tevrede moet wees om klere te dra wat ons teen koue of hitte beskerm. En ten opsigte van eerbaarheid: jy moet op so 'n manier bedek en geklee wees dat jy jou nie vermom... met die doel om die oë van die mense op jou te vestig nie. As ons voldoende gekleed is en origens binne perke bly - sodat ons nie die openbare orde omverwerp nie - volg ons die reël wat God sal goedkeur.

Uit 'n preek oor Deut. 22:5-8 Opera XXVIII, col 18 s.

*Here, ons bid om die ewewig van iemand in wie U u beeld herstel het.*

## 25 Desember

*1 Tim. 2:1-7*

GOD MET ONS

> *Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem. - Jes. 7:14*

Dit is vir ons van groot belang dat Hy wat ons Middelaar sou wees, ware God en ware mens sou wees ... Ons kon nie na Hom opklim nie. Daarom was die saak ongetwyfeld hopeloos as die majesteit van God nie na ons afgekom het nie. So moes die Seun van God vir ons Immanuel word. Dit is: God met ons . . .

Die werk wat die Middelaar moes doen, was iets heel besonders. Hy moes ons herstel in die genade van God. En Hy moes dit so doen dat Hy uit kinders van mense, kinders van God maak. Uit erfgename van die hel moes Hy erfgename van die hemelse koninkryk maak. Wie sou dit kon doen, behalwe die Seun van God wat ook Seun van die mens geword het? Hy het wat ons s'n is, so aangeneem dat Hy wat syne is, op ons oorgedra het. Wat van nature syne was, het Hy deur genade ons s'n gemaak. Waar ons op hierdie waarborg staatmaak, vertrou ons dat ons kinders van God is: die natuurlike Seun van God het 'n liggaam van ons liggaam, vlees van ons vlees, been van ons been aangeneem, om dieselfde as ons te mag wees. Hy het geen beswaar gemaak om te aanvaar wat eie aan ons was nie. So is weer wat aan hom eie was, op ons betrek. En so sou Hy gemeenskaplik met ons Seun van God én Seun van die mens wees . . .

Hy moes die dood verslind. Wie sou dit kon doen behalwe Hy wat die lewe is? Hy moes die sonde oorwin. Wie sou dit kon doen behalwe Hy wat die geregtigheid self is? Hy moes die magte van die wêreld en die lug te gronde rig. Wie sou dit kon doen behalwe Hy ... ?

Inst. II, 12, 1 en 2

*Die liefde wat U beweeg het om mens te word om vir ons te sterf, is self bomenslik!*

## 26 Desember

*Jak. 4:7-12*

MOENIE KWAAD PRAAT NIE

*Moenie van mekaar kwaad praat nie, broers. - Jak. 4:11*

Ons merk hoeveel moeite Jakobus doen om die sterk neiging tot kwaadpraat te genees . . . Ons verhef onsself so graag deur van ander kwaad te praat.

Daar is ook 'n ander kwaal wat in die menslike natuur ingebore is, naamlik dat elkeen wil hê dat alle ander mense moet leef volgens sy opinie. Ek bedoel dat ons dit waag om ons lewensreëls aan ons medemense op te lê. Dié dwaasheid striem Jakobus treffend in hierdie gedeelte.

Hy gebruik die woord kwaadpratery so dat dit alle laster en verkeerde woorde insluit wat uit 'n kwaadwillige en verwronge oordeel voortvloei. Die euwel van beswaddering dek 'n wye veld. Maar hier bepaal hy hom tereg by die een soort beswaddering wat ek genoem het. Hy het dit daaroor dat ons uit die hoogte ander mense se dade en woorde beoordeel - asof ons eiesinnigheid vir hulle wet is, wanneer ons selfversekerd alles veroordeel wat nie goed in ons oë is nie . . .

Paulus stel byna dieselfde argument in Rom. 14, hoewel in 'n ander situasie. Bygeloof het sommige by die keuse van vleis vasgevang. Wat hulle as ontoelaatbaar vir hulleself geag het, het hulle toe ook by ander mense veroordeel. Hy het hulle derhalwe vermaan dat Een die Here is. Volgens sy goeddunke staan of val ons almal. En voor sy regterstoel moet ons almal verskyn. Hieruit lei Paulus af dat hy wat sy medemense volgens eie insigte oordeel, homself iets aanmatig wat God alleen toekom.

Jakobus betig hier diegene wat die roem van heiligheid inoes terwyl hulle hul naaste veroordeel. Sodoende stel hulle hul eiesinnigheid in die plek van die Wet van God.

Kommentaar op Jak. 4:11. Opera LV col. 419

*Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê.*

## 27 Desember

*Eseg. 33:7-11*

DIE REDDING VAN SIELE

> *... weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat 'n menigte sondes vergewe word. - Jak. 5:20*

Daar is niks beter of begeerliker as om 'n siel van die ewige dood te red nie. Dit doen hy wat 'n dwalende broer teruglei na die regte pad. So 'n voortreflike werk moet dus allermins verwaarloos word. Ons weet hoe hoog Christus dit ag om kos aan die hongeriges en iets om te drink aan die dorstiges te gee. Maar Hy het die saligheid van die siel baie kosbaarder geag as die lewe van die liggaam.

Ons moet derhalwe oppas dat siele wat deur Christus verlos is, nie verlore gaan omdat ons traag is nie. In sekere sin lê God hulle saligheid in ons hande. Nie dat ons die saligheid aan hulle kan gee nie, maar sodat God deur ons diens diegene kan bevry en red wat andersins lyk of hulle naby hulle ondergang is . . .

Met die woorde: En 'n menigte sondes sal vergewe word (Jak. 5:20) verwys hy meer na 'n uitspraak van Salomo as om hom aan te haal. Salomo sê dat liefde sonde bedek, net soos haat dit openbaar maak (Spr. 10:12). Hulle wat haat, brand om mekaar verdag te maak. En hulle wat liefhet, skeld mekaar graag baie dinge kwyt. Wat mense betref, begrawe liefde derhalwe die sondes. Jakobus leer hier egter iets hoërs, naamlik dat die sondes waarlik voor God uitgedelg is. Dit is asof hy gesê het: "Salomo het openlik as die gevolg van die liefde bekend gemaak dat dit die sondes bedek. Maar daar is geen beter of doeltreffender manier om dit te bedek as wanneer dit geheel en al voor God uitgewis is nie." En dit gebeur wanneer die sondaar deur ons vermaning na die pad teruggebring word. Hierop behoort ons ons dus besonderlik en met meer ywer toe te lê.

Kommentaar op Jak. 5:20. Opera LV, col. 434 s.s.

*O Here, gee my die vreugde - al is dit net om één afgedwaalde terug te bring huis toe.*

## 28 Desember

*1 Joh. 5:10-15*

BID VOLGENS DIE WIL VAN GOD

> *En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. - 1 Joh. 5:14*

"Volgens sy wil." Met hierdie uitdrukking het Johannes bedoel om ons terloops daaraan te herinner wat die ware maatstaf vir die gebed is: mense moet hulle wense aan God onderwerp, want al het God beloof om te doen wat sy kinders van Hom vra, laat Hy hulle nie 'n bandelose vryheid toe om te vra net wat by hulle mag opkom nie.

Hy het terselfdertyd 'n reël aan hulle voorgeskryf waarvolgens hulle na behore moet bid. En inderdaad is niks vir ons beter as hierdie beperking nie. As dit aan elkeen van ons toegestaan sou word om te vra net wat ons begeer, sou daar baie swak na ons omgesien word. Dit sou ook die geval wees as God aan ons wense sou toegee. Want ons weet nie wat vir ons goed is nie. Inteendeel, ons brand van slegte en verderflike begeertes.

Maar God voorsien twee middels, sodat ons nie anders sal bid as volgens die voorskrif van sy wil nie. Hy leer ons uit sy Woord wat Hy wil hê ons moet vra. Hy het ook sy Gees as Leidsman en Bestierder oor ons aangestel. Die Gees bedwing ons gevoelens sodat Hy hulle nie toelaat om hul perke te oorskry nie. Paulus sê ons weet nie wat of hoe ons moet bid nie, maar dat die Gees ons swakhede te hulp kom. Hy wek in ons onuitspreeklike versugtinge (Rom. 8:26).

Ons behoort ook die Here te vra om ons gebede deur sy Woord te rig. In sy beloftes het God, soos gesê is, die regte manier om te bid vir ons bepaal.

Kommentaar op 1 Joh. 5:14. Opera LV, col. 370

*Leer ons u wil ken deur u Woord getrou te lees en daarna te luister.*

## 29 Desember

*2 Petr. 3:1-9*

SPOTTERS

> *Ver al moet julle weet dat daar in die laas te dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. - 2 Petr. 3:3*

Soos gebruiklik is in die Skrif noem Petrus diegene spotters wat probeer om skerpsinnig te wees deur God te verag en op godslasterlike wyse hoogmoedig is. Dit is bowendien die uiterste vorm van sonde as mense hulle veroorloof om die groot Naam van God te bespot. So praat die eerste psalm van die sitplek van die spotters. Net so kla Dawid in Ps. 119:51 dat hy deur die hoogmoediges uitgelag is, omdat hy hom in die Wet van God verdiep het. So maak Jesaja ook van hulle gewag (Jes. 28) en beskryf dan hulle wankelende sekerheid en stompsinnigheid. Laat ons derhalwe onthou dat niks meer gevrees moet word nie as om met spotters te wedywer. Die Heilige Gees het egter voorspel dat hulle sou kom. Hy het ons ook 'n skild gegee waarmee ons onsself kan verdedig. Daarom is daar geen verskoning waarom ons hulle nie moedig sal teëstaan nie - watter slimmighede hulle ook al prakseer.

"En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms" (2 Petr. 3:4). Dit was 'n gevaarlike spotterny toe hulle twyfel saai oor die laaste opstanding. As dit prysgegee word, is daar geen evangelie meer oor nie. Dan word die krag van Christus geloën en van die ganse godheid bly daar niks meer oor nie. Satan mik reguit op die keel van die kerk wanneer hy geloof in die wederkoms van Christus ondergrawe. Want waarom het Christus gesterwe en weer opgestaan? Ongetwyfeld om eenmaal diegene wat van die dood verlos is, by Homself te vergader en om aan hulle die ewige lewe te gee. Alle godsdiens is geheel en al verwoes, tensy geloof in die opstanding onwrikbaar bly. Daarom val Satan ons op hierdie gebied die hewigste aan.

Kommentaar op 2 Petr. 3:3 en 4 Opera LV, col. 473

*Gee ons die moed om steeds diegene wat u Naam bespot, te weerstaan.*

## 30 Desember

*Lev. 24:10-16*

TWEE BRIEWE VAN CALVYN AAN SY VRIEND FAREL

> *En wie die Naam van die HERE laster, moet sekerlik gedood word. . . - Lev. 24:16*

Dit is soos jy sê, liewe Farel. Ons word deur baie storms op verskillende maniere rondgegooi. Maar daar is geen rede om ons deur vrees of afkeer te laat oorweldig nie. Immers, die skip waarop ons vaar, het 'n kaptein wat selfs in geval van skipbreuk ons nie sal laat vergaan nie.

Ons het opnuut moeilikhede met Servet. Skynbaar wou hy net hier deurreis. Dit is nog onbekend met watter doel hy gekom het. Toe hulle hom herken het, het ek geoordeel dat hy aangehou moet word. Nikolas (Calvyn se sekretaris - F.P.) ... het die volgende dag veertig beskuldigings skriftelik teen hom ingedien.

Aanvanklik het Servet uitvlugte probeer soek. Toe is ons ingeroep. Hy het heftig op my geskei asof ek aan hom onderhorig sou wees. Ek het hom teëgestaan, soos hy verdien het. Uiteindelik het die raad bevind dat al die beskuldigings gegrond was . . .

Oor die man se onbeskaamdheid wil ek nie praat nie. Maar sy waansin was so erg dat hy nie geaarsel het nie om te sê dat die goddelikheid ook in die duiwels aanwesig is. Hy het selfs beweer dat daar in elke duiwel meer gode woon, omdat die godheid wesenlik een geword het met sowel hulle as met hout en klip.

Ek vertrou dat hy die doodstraf (veral weens godslastering - F.P.) sal ontvang. Maar dit is my wens dat die afskuwelikheid van die straf (dit wil sê die brandstapel - F.P.) uitgeskakel sal word (Epistola 1772. 20 Aug. 1553 Opera, vol. XIV).

Wat die manier betref waarop sy vonnis more voltrek sal word, het ons tevergeefs probeer om dit verander te kry. Epistola 1839. 26 Okt. 1553. Opera XIV.

*Here, laat u Naam geheilig word volgens die eis van die ware liefde.*

## 31 Desember

*Ps. 150*

CALVYN SE TESTAMENT

> *As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. - Rom. 14:8*

In die Naam van God . . .

Allereers dank ek God dat Hy met my, sy arme skepsel, medelye gehad het. En dat Hy my uit die afgrond van afgodediens getrek het waarin ek weggesink gele het. Hy wou my bring na sy duidelike evangelie en my deel laat hê aan die leer van die saligheid, wat ek maar alte onwaardig was. Hy het sy barmhartigheid ook verder aan my bewys en my met al my gebreke en swakhede gedra. Hulle was sodanig dat ek verdien het om honderdduisend maal deur Hom verstoot te word. Maar meer nog: Hy het sy genade jeens my so ver uitgebrei dat Hy my arbeid wou gebruik om die waarheid van sy evangelie uit te dra en te verkondig.

Ek verklaar dat ek wil leef en sterf in die geloof wat Hy my gegee het. Ek verklaar ook om geen ander hoop of toevlug te hê nie behalwe dat Hy my uit genade as kind aangeneem het. Daarop is my hele saligheid gegrond. Ek aanvaar van harte die genade wat Hy my in ons Here Jesus Christus bewys het. Ek eien my die verdienste van sy dood en lyding toe, sodat al my sonde daardeur begrawe kan word . . .

Ook verklaar ek dat ek na die mate van die genade wat Hy my gegee het, geprobeer het om sy Woord in prediking en geskrif suiwer te leer en die Heilige Skrif getrou uit te lê. In alle debatte wat ek met die vyand van die waarheid gevoer het, het ek nooit van sluheid en drogredenasies gebruik gemaak nie. Maar ek het steeds eerlik te werk gegaan in die verdediging van sy saak . . .

Epistola 4103. Opera, vol. XX

*Laat ook my lewe en sterwe tot eer van u Naam wees!*

## Register van onderwerpe

**barmhartigheid** 21 Des.

**beeld** moenie van God gemaak word, 9 Jan.

**beeld van God** skitter in die siel, 25 Sept.

**beproewing** 3-6 Junie.

**berou** 19-21, 25 Apr.

**blydskap** 14, 15 Jun.

**buitengewone gawes** 15-17 Des.

**Bybel** 'n bril, 5 Jan.

**Calvyn se testament** 31 Des.

**Christelike lewe** 3-18 Mei; 22 Jun.; 10-12 Jul.

**Christus** Middelaar, 1, 2 Mrt.; geen ander naam, 7 Mrt.; onskuldig veroordeel, 10 Mrt.; genoegdoening deur sy kruisdood, 11 Mrt.; het gesterf en is begrawe, 12 Mrt.; sy opstanding, 13 Mrt., 17 Jun., sy hemelvaart, 14 Mrt.; aan die regterhand van God, 15 Mrt.; sy wederkoms, 16 Mrt.; sy volheid, 17 Mrt.; gereinig deur sy bloed, 19 Mrt.; ons deel deur die Gees, 20 Mrt.; beloftes in Hom ja en amen, 9 Apr.; die fondament, 6 Jul.; Openbaring in Hom finaal, 16 Okt., **4** Des.

**Doop** 1-21 Nov.

**Drie-eenheid** 10 Jan.

**duiwel** 12, 13 Jan.; as ruiter van die wil, 31 Jan.

**duiweluitdrywing** 19 Des.

**engele** 11 Jan.

**gebed** 13 Jul.; waarom ons moet bid, 14,15 Jul.; en God se voorsienigheid, 16 Jul.; persoonlike en gesamentlike, 17-19 Jul.; van die Here, 21 Jul. - 5 Aug.; vaste gebedstye, 6 Aug.; aanhou bid, 7 Aug.; en vas, 20, 21 Okt.; volgens Gods wil, 28 Des.

**Gees** sy getuienis, 6 Jan.; sy Name, 21, 22 Mrt.; Hy sluit skatte oop, 23 Mrt.; sonde teen, 22, 23, 24 Apr.

**geldgierigheid** 18 Jun.

**geloftes** 22-26 Okt.

**geloof** nog onvolkome, 24 Mrt.; twyfel die groot fout, 27 Mrt.; blywend, 29 Mrt.; soos 'n mosterdsaad, 1 Apr.; sterf nooit, 3 Apr.; gegrond op die evangelie, 6 Apr.; 'n spesiale ga we, 10 Apr.; 'n saak van die hart, 11 en 13 Apr.; gee gemoedsrus, 28 Mrt. en 12 Apr.; en hoop, 14 Apr.

**gelukkiges** net die seën van die Here maak gelukkig, 19 Mei; 20-23 Des.

**genade** 30 Jan.

**God** ons hoogste goed, 20 Sept.; verewig weg van Hom af, 1 Okt.; het geen behae in die dood van sondaars nie, 7 Okt.; met ons, 25 Des.

**heerlikheid** verskillende grade van, 30 Sept.

**heiligmaking** 16-18 Apr.

**hoop** en geloof, 14 Apr.; 20 Sept.

**kennis** van God, **2** Jan.

**kerk** rus op die rots van die eeue, 3 Mrt.; ons moeder, 2 Okt.; sigbare en onsigbare, 3 Okt.; kenmerke van, 4 Okt.; van Rome 'n bouval, 8 Okt.; God regeer sy kerk deur mense, 9 Okt.; nie gegrond op Petrus, 12, 13 Okt.; aan die Woord onderworpe, 15 Okt.

**kerklike tug** 5 Okt.; 18, 19 Okt.

**kinderdoop** 4-21 Nov.

**kleredrag** 24 Des.

**kruisdra** 23-27 Mei; 2 Jun.

**kwaadpraat** 26 Des.

**liefde** en reg, 9, 10 Des.

**liggaam** deur God geskape, 27 Sept.; word verheerlik, 28 Sept.

**mens** beelddraer van God, 15 Jan.; 25 Sept.; niks sonder God, 4 Apr.; alle mense na Gods beeld geskape en dus 'n eenheid, 20 Des.

**naamchristene** 4 Mei.

**nagmaal** 22-30 Nov.; 1-3 Des.

**oorlog** defensiewe geregverdig, 7 Des.; die laaste uitweg, 8 Des.

**ootmoed** 29 Jan.

**opstanding** 21-24 Sept.

**owerheid** reg van verset teen, 13 Des.; gehoorsaam, as hy God gehoorsaam, 14 Des.

**perfeksionisme** afgewys, 2 Jul.

**predestinasie** 12-31 Aug.; 1-19 Sept.

**regters** hulle hoë roeping, 6 Des.

**regsgedinge** as sodanig nie veroordeel, 12 Des.

**regverdiging** 26-30 Jun.; 7 Jul.

**sakramente** 27-31 Okt.

**Satan** sy liste, 1 Jan.

**Servet** 30 Des.

**siel** Gods beeld skitter daarin, 25 Sept; bestaan selfbewus voort, 26 Sept.; redding van, 27 Des.

**sing** voor God en sy engele, 20 Jul.; 28 Nov.

**Skrif** het sy geloofwaardigheid in homself, 6 Jan.; mag nie aan redenering onderwerp word nie, 6 Jan.; het 'n eie majesteit, 6 Jan.; word deur die Gees beseël, 6 Jan.; geen dooie letter, 7,8 Jan.; ons gids, 19 Jun.; die skool van die Heilige Gees, 10 Aug.; die herder se wapen, 17 Okt.; in sekere sin deur die Gees gedikteer, 17 Okt.

**sondebelydenis** 26-30 Apr.

**spotters** 29 Des.

**staat** staan nie teenoor die ryk van God, 5 Des.

**towery** ongeoorloof, 18 Des.

**tugtiging** 30, 31 Mei; 8 Jun.

**uitverkiesing** kyk *predestinasie*

**vas** en bid, 20, 21 Okt.

**vergewing** deur die bloed van Christus, 8 Jul.; 6 Okt.

**versoening** 6, 18 Mrt.; 1, 2 Mei.

**verwerping** kyk *predestinasie*

**voorsienigheid** 14, 16-25 Jan.

**vryheid** 10-12 Julie

**waarsêery** ongeoorloof, 18 Des.

**wêreld** gaan verby, 4 Mrt.

**wet** 3-8 Feb.; Tien Gebooie, 10-26 Feb.

**Woord van God** geen verdere ondersoek as God sy mond sluit, 10 Aug.; rigsnoer vir die kerk, 16 Okt.; sy majesteit, 17 Okt.

**wysheid van** Bo 11 Des.